



Danielskuil: 'n Skatkis vol Stories

Prof Doreen Atkinson

KAROO DEVELOPMENT FOUNDATION
NATIONAL HERITAGE COUNCIL

Opgedra aan die inwoners van Danielskuil

Hersiene en uitgebreide uitgawe: April 2024

©Karoo Development Foundation
www.karofoundation.co.za





INHOUDSOPGawe

VOORWOORD	4
DIE STORIE VAN DIE DORP DANIELSKUIL	6
DIE GEHEIME VAN DANIELSKUIL.....	7
IN ANTEKE TYE.....	9
DANIELSKUIL ONDER ANDRIES EN NIKLAAS WATERBOER	13
STADIGE VOORUITGANG IN DANIELSKUIL.....	17
UITMERGELING: OORLOGSJARE 1899-1902, EN HERSTEL DAARNA	27
DIE VERSKUIWING VAN DIE BRUIN EN SWART GEMEENSKAP	33
BOPLAAS	39
DIE GROOTWORD VAN DANIELSKUIL.....	41
DANIELSKUIL NA 1950: 'N GESKEURDE LAPPIESKOMBERS.....	44
DEMOKRASIE IN DANIELSKUIL: BLYDSKAP EN TRANE	49
OPSTANDE EN GEWELD.....	52
DONKER SKADUWEES OOR DANIELSKUIL	58
VERWARRING EN KONFLIK	60
NUWE HOOP OP DANIELSKUIL.....	63
KINDERS VAN DIE KUIL	64
INLEIDING: 'N SKATKIS VOL MENSE-STORIES	64
DIE HAAI FAMILIE	68
JACOBA VAN ASWEGEN EN DIE LOOTS-FAMILIE.....	77
VAN GUJARAT NA DANIELSKUIL: DIE SULLIMAN FAMILIE	83
DIE AFSTAMMELINGE VAN JAN MOSES EN ANNA SLAMBERT	87
CORNELIS PIENAAR SE FAMILIE – 'N FAMILIE MET 'N ANTEKE OORSPRONG	90
DIE BAADJIES (OF BAAIERS) FAMILIE: "RUS IN VREDE, GRIEKWA-PRINSES"	96
DIE LOTTERINGS.....	98
DIE LOUW FAMILIE: PSALM 8 EN DIE STUKKIES BREEKGEOED.....	100
DIE HERINNERINGE VAN OUMA RACHEL KOK	102
SENATOR DAVID HERMANUS VAN ZYL – POLITIKUS EN SKRYWER.....	105
DIE GERS FAMILIE, LEIERSFIGURE VAN PAPKUIL.....	110
DIE VRIENDELIKE GOEIEMAN-FAMILIE	118
ANDRIES VRIES EN FLORENCE MOUERS – OP DIE GRIEKWA LYN	121
HARRY OLIPHANT – 'N LEWE IN KONSTRUKSIE.....	123
ROSINA LOUW EN DIE "WATERMEID" VAN BOPLAAS.....	127
JANSEN – DIE MAN WAT VANNE VIR MENSE GESEE HET	129
FAMILIE VAN DIE KAPTEIN? DIE SPORE VAN BAREN BAREND.....	136
DIE FORMIDABELE JENNEKE BROERS	142
DIE HARTSEER TREK VAN ELLA KORTEN	148
WILLIE STEYN, STEEDS HARTSEER OOR DIE FAMILIE-PLAAS.....	151
DIE GROOT VLOED VAN 1974	154
JAMES TETEME: TUSSEN DIE OUPAS GROOTGEWORD	156
DIE VERMEULENS	157
BAREN EN JOHANNES VERMEULEN – 'N KYKIE IN DIE VERRE VERLEDE	160
SUSAN SMOOK EN DIE MOCKE VOOROUERS.....	163
DIE GOUE OUES.....	168
SKRYF JOU EIE FAMILIE-GESKIEDENIS!	176
DANIELSKUIL EN DIE OORLOGSJARE 1899-1902	178
DIE KRISIS-JARE, 1899-1902	179
DIE AANLOOP TOT DIE REBELLIE	179
DANIELSKUILERS EN DIE GEVEGTE IN GRIEKWALAND-WES	181
SLOT	197



Die Kuil van Danielskuil¹



¹ Foto: Bart de Graaff. Voorbladfoto (die Congregational Church): Emily Ingle. Agterbladfotos: Emily Ingle.



Voorwoord

Hierdie boek het begin met 'n belangstelling in die grafte in Kuilsville – veral die grafte wat nie grafstene het nie. Wie lê waar? Ek wat is hulle stories? Wie is hulle nasate in Danielskuil? Wat weet die moderne mense nog oor hulle voorouers?

Die Nasional Heritage Council (NHC) was gewillig om so 'n studie te befonds.

Toe ontdek ons “stories binne die stories” – die mense se stories is verweef binne die storie van die dorp self. Die mense en die dorp skep mekaar – al vir 200 jaar lank. Min mense onthou dat Danielskuil eintlik begin bestaan het in 1820, to Barend Barends daar opgedaag het met sy volgelinge.

Die uitdaging is dat die storie van Danielskuil geskryf moet word vanuit 'n klomp invalshoek. Oor die dekades heen het mense die dorp op verskillende maniere ervaar en beleef. Daar is nie net een “hoofstorie” nie. Daarom beskryf Deel 1 na die geskiedenis van die dorp self, terwyl Deel 2 die stories van verskeie families benader. Deel 3 gaan oor die Anglo-Boereoorlog – seker die mees verdeelde en traumatiese tydperk van hierdie dorp se geskiedenis.

Daar was al baie transe en hartseer in Danielskuil, maar blydskap en vooruitgang ook. Vandag is die dorp 'n vooruitstrewende nedersetting. En daar is nog baie stories om op te skryf! Hierdie boek is eintlik maar 'n oefenpoging ... en ook 'n uitnodiging aan ander families om hulle eie stories op te skryf, en as hulle graag wil, met ons te skakel, en ook te werk aan 'n volgende uitgawe.

Is dit nie tyd dat Danielskuil sy twee eeue vier nie? Ons hoop hierdie boekie 'n bydrae sal maak.

Hierdie navorsingstaak is in 2019 aangepak. Baie mense het 'n besondere bydrae gemaak tot hierdie boek. Dr Bart de Graaff van Middelburg, Nederland, het sy kundigheid en sensitiwiteit verleen aan verskeie onderhoude.² Ds Linda Cornelissen van URCSA en Ds Thozamile Sedimo van die NGKA het baie inligting verskaf, veral doopsertifikate en lidmaatlyste. Daarmee het ons 'n groot data-basis opgestel wat in die toekoms verder gebruik kan word. En dankie ook aan Ds Johannes Stuurman van die Moffat Mission vir sy ondersteuning.



Baie Danielskuilers het ons bygestaan. Ons heel eerste kontak was met Bennie Vermeulen (en Tannie Ogies) en Willie Cloete, wat vir ons die Kuil gaan wys het, sowel as Martha Vermeulen se graf. Ons het ook die koppie uitgeklim om by die Fort te kom.

Willie Cloete en sy getroue ryding

² Dr Bart de Graaff was verantwoordelik vir die navorsing oor verskeie families: Haai, Sulliman, Moses, De Vries, Mouers, Jansen, Barends, Jenneke, Korten, Teteme, en Vermeulen.



Die huidige burgemeester, Raadslid Ireen Williams, het ons altyd ondersteun. Die Danielskuilers, Rosina Neels, Fritz Steenkamp, Annelize Baaiers, Cornelis Pienaar, en Silvia Edwards was altyd behulpsaam. Keitumetse Oliphant en Katlego Serati het gehelp met onderhoude en fotos. Daar was ook 'n groepie jong matrikulante wat gehelp het om onderhoude te reël: Leemor Strauss, Rudene Lottering, Alzeen Neels en Abreyne Aasvoëls. Drie ander veldwerkers het ook kom help: Marelize Maritz, Estelle Noordman en Theresa Erasmus.

**Katlego, Bart, Doreen en Keítu gaan soek na
'n versteekte grot buite Danielskuil**



Ons is ook baie dankbaar aan Heidi Fivaz en Jan Engelbrecht van Ubique Heritage Consultants wat vir ons 'n opname gedoen het van al die erfenis in Danielskuil. Daardie boek word nou ook geloods.³

**Die gesprek by die
Hoërskool Kuilsrivier:
Heidi Fivaz van Ubique
Heritage Consultants
bespreek hulle
bevindinge**



Baie mense het wonderlike gasvryheid aan ons getoon – veral Jaco Rademeyer van Yarona Gastehuis en die Mynhuis Restaurant, Theresa Steyn van Serendipity Gastehuis, en Marijke van Milky Queens Coffee Shop.

Ons is veral baie dankbaar aan al die families wat hulle stories met ons gedeel het!

Ons moet ook dank betuig aan PHR Snyman, vir sy boek *Danielskuil: Van Griekwa-buitepos tot Dienssentrum*, 1988. Hy was 'n seun van Griekwaland-Wes, en het boeke ook geskryf oor Kuruman, Olifantshoek en Postmasburg. Snyman het vir al die gemeenskappe omgeggee, en hulle geskiedenis op 'n waardige, deeglike, simpatieke en inklusiewe manier opgeskryf. Hy is al lankal oorlede, maar die impak van sy werk leef voort.

Prof Doreen Atkinson, KDF Trustee
doreenkaroo@gmail.com




³ Heidi Fivaz en Jan Engelbrecht, *Danielskuil: Phase 1 Heritage Inventory and Assessment*, 2021. Hierdie ongepubliseerde verslag is beskikbaar op www.karofoundation.co.za in PDF formaat.



DEEL 1:

Die Storie van die dorp Danielskuil





DIE GEHEIME VAN DANIELSKUIL

Die kultuurerfenis van Danielskuil bestaan natuurlik nie net uit geboue nie. Die Kuil maak ook deel uit van hierdie erfenis - nes die begraafplase, en die mense se stories.

Danielskuil is in baie opsigte 'n ietwat eienaardige plek. Daar is 'n pan, wat vir honderd jaar nie water in gehad het nie; en toe ewe skielik word dit 'n meer, sonder dat dit gereën het! Die grond bestaan uit dolomitiese rotse, wat neergelê is toe die aarde nog jonk was. Die dolomietgrond is 'n geheimsinnige struktuur met menigte grotte en onderaardse water, so diep dat mens nie die onderkant kan bereik nie.

Die grond is bedek met gras, maar die watterryke dolomietplato het 'n tekort aan fosfaat, sodat die beeste nie kon floreer nie – tot moderne landboutegnieke uitgevind is.

Die dorp is vernoem – of miskien nie – na 'n Bybelse karakter, Daniel, wat vir 'n tyd in 'n leekuil deurgebring het. Of was die dorp vernoem na Daniel Pienaar, die Griekwa? Ons weet nie eintlik nie. Miskien het die twee Daniel stories by Danielskuil inmekaar gevleg geraak. Die mite verdwyn soos mis voor die oggendson, al probeer ons dit ontleed en verstaan.

Die seTswana naam vir die plek – Tlhakalatlou – verwys na 'n olifant wat tussen die riete doodgemaak is; of het die olifant vasgeval en self doodgegaan? Hierdie weet ons ook nie. En in elk geval, wie vernoem 'n dorp na 'n dooie olifant?

Daar is ook eienaardige gravures en tekeninge op die rotse in die omstreke, wat mens laat wonder oor wie hier gebly het in die vroeë dae van die nedersetting.⁴





Die Kuil van Danielskuil bly 'n geheimsinnige holte, vandag toegespan met lemmetjiesdraad, sonder enige bewys dat die mense van Danielskuil omgee oor hierdie natuurlike verskynsel – behalwe deur vae stories dat daar eens slange in was en wettelose mense miskien daarin gevange gehou was. Dis alles in elk geval heel moontlik 'n mite. So wat beteken die Kuil vir die moderne inwoners van Danielskuil? Dit blyk tans heel vergete te wees.

Danielskuil is inderdaad 'n plek vol teenstrydighede en ongewone verskynsels. Die skoolkoshuis is gebou bo-op 'n ou begraafplaas; die ou woonbuurt Marantheng bestaan nog, maar is besig om te verbrokkel tussen die nywerhede en nuwe township-huise.

Daar was ses Boere-oorlog forte waarvan vyf blykbaar spoorloos verdwyn het. Ons weet nie waar hulle was nie. Op die pan van Danielskuil is die eensame graf van 'n boeremeisie, doodgeskiet deur soldate. En in Boplaas is 'n fontein waar die "watermeid" tot onlangs, volgens plaaslike oorlewering, met jong meisies gesels het. In Parkstraat is 'n klein begraafplaas waarvan feitlik niemand meer iets weet nie.

Baie van Kuilsville en Tlhakalatlou se begrafnisregisters is verbrand in 'n onlangse openbare protes teen munisipale dienslewering. Sal mens ooit weet wie al die afgestorwenes was?



In Kuilsville se begraafplaas is menigte grafte met geen grafstene, kruise of name op nie – wie weet wie lê waar?
En wat was hulle stories?

Danielskuil is 'n plek van eggo's en drome, van half-vergete mites en fragmente van stories.

Agter die bedrywigheid van 'n moderne myndorp, met sy besige strate en flukse mense wat die minerale van die aarde ontgin, agter die winkels en groeiende gasvryheidsbedryf, is baie geheime opgesluit.

Ons moet gaan soek na hierdie stories, voordat hulle heeltemal verdwyn. Die mense van Danielskuil verdien om hulle geskiedenis te onthou – of ten minste om te weet waar die geheime en misterie van hierdie besondere dorp mag lê.

Danielskuilers verdien om te loer binne die verborge hart en siel van hulle unieke dorp. Hierdie skatkis vol stories staan half-oop. Kom loer bietjie.



IN ANTIKE TYE

Danielskuil is nie 'n baie ou dorp nie, maar wel 'n baie ou nedersetting. Eers in 1892 kry die plekkie 'n eie dorpsraad, maar in die 1700's het hier alreeds Tswanas en Khoe-Khoen gebly. Die Tswanas het dit Thlakalatlou genoem, of "olifantsriet"; so sê die storie, dat hulle hier eendag 'n olifant gekry het wat vasgevang was in die riete by die groot pan.

Danielskuil is geleë op 'n plato, wat uitstyg bo die omliggende plat landskap waarop Kimberley en Douglas staan. Die Ghaap Plato bestaan grootliks uit dolomiet en kalksteen, 'n oer-oue kliplaag wat neergelê is omtrent 3 miljoen jaar gelede, as deel van die wêreld se eerste kontinent, wat ons vandag die Kaapvaal Kraton noem. Die dolomiet bestaan uit die oorblyfsels van miljoene jare se klein bakterieë wat op die vlak seebodem neergesif het.

In die dolomietsteen is baie water vasgevang, wat die plato eintlik ryk aan ondergrondse water maak. Daarom dat daar soveel grotte en sinkgate is in Danielskuil se kontrei. Baie mense sal die groot sinkgat onthou wat in 2017 op die Danielskuil-Kuruman pad ontstaan het. Maar voor boorgate ontwikkel is, kon die boere nie by die water uitkom nie – so hulle moes uitmergelende droogtes deurmaak.




*Danielskuil, geleë tussen twee ander geskiedkundige dorpe,
Griekwastad in die suide en Kuruman in die noorde*

Die Khoe-Khoen (of Khoi) se naam vir die plato was Ghaap of Ghaap, wat vertaal kan word as "oop vlakte".



Die dolomiet het ook Danielskuil se "kuil" geskep - die bekende sinkgat wat in Danielskuil se naam opgeneem is. Daarom ook dat daar belangrike kalkmyne in die distrik is, soos Idwala Myn in Danielskuil en PPC Lime in Lime Acres. Dit verklaar ook hoekom die streek se grondpaaie spierwit is - baie opvallend vir besoekers wat so iets nog nooit gesien het nie.

Verskeie kultuurgroepe het vertoeft weaar die dorp tans staan, as gevolg van die sterk fonteine. Die oudste inwoners was die San (of !Xam), wat al duisende jaar hier oorgebly het, en op omliggende plase het hulle rotstekeninge gelaat. Die Korana het ook vanaf die 1700s in hierdie streek gewoon, en later het twee Tswana stamme (die Tlharo en Tlhaping) van die noorde ook deur die streek beweeg. Daarom dat die ou naam, Tlhaka-la-Tlou, steeds bestaan, as die naam van die swart mense se woongebied in Danielskuil.



Die fonteine tussen Livingstonestraat en Hoofstraat ("Main Road").

Die ou watervore is in blou aangedui.⁵

Omstreeks 1805 het die Griekwa-mense onder Barend Barends by Griekwastad gewoon (of "Klaarwater", soos dit toe genoem was). Barends was bewus van die mooi fontein by Danielskuil, en in 1816 het Barends 'n groep sendelinge hierdie plek kom wys. Die sendeling, James Read, het Danielskuil se pan beskryf as "fifteen fountains emptying themselves into a lake, but which could be led out and used to great advantage".⁶ Hy het natuurlik landbouontwikkeling in gedagte gehad.

⁵ Ubique Heritage Consultants, *Danielskuil: Phase 1 Heritage Inventory and Assessment*, 2021.

⁶ PHR Snyman, *Danielskuil: Van Griekwa-buitepos tot Dienssentrum*, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1988, bl. 9.



Die fonteine in die vleiland langs Hoofweg (Main Road)

Voordat enige nedersetting by Danielskuil ontstaan het, was die nabye Kramersfontein alreeds 'n sendingstasie, geleei deur twee bruin sendelinge, Jan Kars en Jan Hendrik. Vanaf 1816 het hulle daar 'n gemeente gestig bestaande uit die plaaslike San (of !Xam) bevolking. Hulle het landerye ontwikkel, en volop koring geproduseer. Hulle het selfs produkte verkoop aan die Kolonie, wat markte gehou het naby die huide dorp Beaufort-Wes. Beide hierdie sendelinge het later baie belangrike Christen-werk gedoen in die hele Ghaap streek.

Dit was die Griekwa-kaptein, Barend Barends, wat besluit het om Danielskuil se fonteine behoorlik te benut. In 1820 het hy en sy volgelinge getrek vanaf Griekwastad, deels sodat Barends se manne steeds kon deelneem aan olifant-jag in die Kalahari, en deels om weg te kom van die sending-beheerde Griekwastad. (Op dieselfde tydstip het die Griekwa-kaptein, Cornelius Kok, ook padgegee uit Griekwastad, en met sy volgelinge gaan bly op Campbell).

Barends se mense het Danielskuil sy naam gegee. Die groot, diep crater of kuil was op die plaas van Barends se onderkaptein, Daniel Pienaar, en dis moontlik dat dit "Daniel Pienaar se Kuil" genoem was.⁷ Mettertyd sou die woord "Pienaar" uitval, en so het "Danielskuil" die naam van die dorpie geword. Die Bybelse idee van "Daniel en die leeukuil" het natuurlik gehelp om hierdie interessante naam in die volksmond vas te lê. Maar hierdie geskiedenis bly maar ietwat in duister gehul.

Vandag dink mense aan Danielskuil as 'n groot en besige dorp, maar dit het begin as 'n klein gehuggie. In 1904 was daar net 505 mense, en dit het stadig gegroei na omtrent 2 000 in 1960.⁸ Daarna het die dorp vinniger begin groei, tot omtrent 5 000 mense in 1980 en amper 1400 in 2011. Die vinnige mynbou het die hele karakter van Danielskuil verander.

⁷ Persoonlike inligting, Kaptein Chris Pienaar, Vryburg 3 November 2019; onderhoud gevoer deur Dr Bart de Graaff.

⁸ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 3.



Die eienaardige jonasklip (dolomiet) by die Kuil van Danielskuil⁹

Daarom is dit baiekeer moeilik om onsself voor te stel hoe die nedersetting lank terug gelyk het. Maar daar is darem brokkies inligting wat ons kan help.

Ons weet, byvoorbeeld, dat Barends sy sendingwerk voortgesit het, en 'n veelvolkige groep volgelinge gelei het by Danielskuil. Daar was Griekwa, San, Tswana, Khoi en selfs Damara mense wat almal saamgebly het. Die Griekwa was gasvrye mense, en sendelinge het baiemaal daar vertoef. In 1820 het Ds John Campbell van die Londense Sending vir Barends beskryf as 'n "koning, vader en priester vir sy mense ... hy leer sy mense oor die Christenskap, hy lei hulle kerkdienste, en preek nikks behalwe vrede en welwillendheid aan alle mense".

Teen 1821 het die Kolonie Kapteyn Barend Barends se gesag in Danielskuil erken.¹⁰ Barends het ook die sendelinge in Kuruman in 1823 te hulp gesnel toe hulle bedreig was deur die "Mantatees" ('n groot groep Phuting, Hlakwana en Fokeng, uit die noorde). Met 100 manne op perde en gewapen met gewere, het die Griekwas die Mantatees verslaan net noord van Kuruman. Dit het Barends se vriendskap met die sendeling Robert Moffat van Kuruman verstewig, sowel as die Tswana groepe.

Barends se mense het net tot 1827 in Danielskuil gebly. As gevolg van droogtes, en om meer onafhanklik te bly van die Waterboer regering in Griekwastad, het Barends met die meeste van sy mense getrek na Boetsap, omtrent 100 km oos, waar die weiding beter was. Barends was steeds 'n sterk leier, maar hy het 'n bitter nederlaag gely in 1831 teen die Ndebele van Msilikazi. Die oorblyfsels van Barends se Griekwas het toe Vrystaat toe getrek, en Barends self is in 1839 oorlede, heel moontlik in die oos-Vrystaat.

Boetsap is nou 'n beesplaas. is oor van die Griekwa nedersetting by Boetsap nie.

Toe Barends wegtrek van Danielskuil, het party van sy volgelinge daar agtergebley. Jan Kars het voortgegaan met sy sendingwerk in Kramersfontein, en ook weer bande gebou met die Londense Sending. Na Barends se nederlaag het sekere van die Boetsap Griekwas, soos die Jood en Fortuin families, teruggetrek Danielskuil toe.¹¹

⁹ Foto: Emily Ingle.

¹⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 13.

¹¹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 17-19.



In 1834 het die reisiger Andrew Smith vir die Griekwas by Boetsap besoek, en gevind dat hulle steeds hulle verhouding in stand gehou het met Danielskuil, want die water en grond daar is beter vir akkerbou as by Boetsap.¹² Die twee Griekwa gemeenskappe het handel gedryf met mekaar.

DANIELSKUIL ONDER ANDRIES EN NIKLAAS WATERBOER

Andries Waterboer van Griekwastad het mettertyd beheer gekry oor Danielskuil. Die erge droogte in die 1830s het beteken dat Danielskuil se fonteine al belangriker geword het. In 1835 het Waterboer vir Barends £90 betaal het om vir Danielskuil oor te neem. Danielskuil het toe 'n buitepos van die Griekwastadse staat geword.

Die Londense Sending het weer sterk ingetree. Teen 1835 was die Sendingkerk alreeds 100 mense, want mense het ook getrek vanaf Griekwastad waar die droogte baie erg was. Die Sending het selfs die geld voorgeskiet aan Waterboer om vir Danielskuil te koop, en in ruil daarvoor het die Sending verskeie erwe gekry in die dorp. Van hierdie erwe is deesdae nog in die besit van die Congregational Church.



Griekwa trekboere

Teen 1838 was die droogte gebreek, en mense het meer vee en voedsel gehad. Die Griekwa van Danielskuil het baie deelgeneem aan jagtgotte en het handel gedryf met die Kolonie en die Tswana in die noorde.

Die klein nedersetting het bestaan uit verspreide huisies en matjieshuise. Die Kuil was daar naby - 'n oop gat in die dolomiet. Volgens James Backhouse in September 1839 was die gat omtrent tien meter diep en drie meter oop by die ingang, dor en droog as gevolg van die droogte, en met 'n swerm duwe wat hulself in die Kuil tuis gemaak het.¹³

¹² Andrew Smith, *Journal of his expedition to the interior*, AA Balkema, Kaapstad, 1975, bl 160.

¹³ James Backhouse, *A Narrative of a Visit to The Mauritius and South Africa*, Hamilton, Adams and Co, Londen, 1844, bl. 450.



Die jare 1845-1850 was die hoogtepunt van Danielskuil as Griekwa-buitepos, toe sowat 150 van Waterboer se onderdane daar gewoon het. Hulle het goeie oeste van koring, mielies, sorghum, groente en vrugte opgelewer.

Maar die Griekwa-bevolking het begin teespoed ervaar. Die gereelde droogtes het akkerbou moeilik gemaak, en meer en meer Griekwa het gekonsentreer op veeteelt. Maar die dolomietgrond was ongesond vir vee as gevolg van die lae fosfaatvlakte. Daar was ook lamsiekte en longsiekte, sowel as veediefstalle gepleeg deur !Xam gemeenskappe. Teen 1854 was daar net 15 families oor, en die groot droogte van 1862-3 het die gemeenskap verder laat kwyn.¹⁴ Die Londense Sending het ook sy aktiwiteite afgeskaal in hierdie streek. Die mense van Danielskuil het al meer onder die geestelike leierskap van die sending in Kuruman gestaan.

Die afsterwe van Andries Waterboer in 1853 het ook die Danielskuil gemeenskap geknou, want die Kolonie het nie die verdrag met Waterboer se opvolger, Niklaas Waterboer, hernu nie. Kaptein Niklaas Waterboer het begin om grond te verkoop aan blanke boere wat in die streek ingetrek het.

Kaptein Niklaas Waterboer
en sy seuns,
omstreeks 1875



In 1877 het Sir Charles Warren vir Danielskuil besoek. By Ouplaa, suid van Danielskuil, was 'n pragtige fontein wat uit die dolomietsteen geborrel het. Mnr Chapman, die eienaar van die plaas, het alreeds a duisend wingerdbome en baie vrugtebome geplant. Hulle het saam die fonteine van Danielskuil besoek, en die moontlikhede van uitgebreide landbou bespreek.

Hulle het ook 'n Mnr Burness ontmoet, 'n handelaar wat ook diens gedoen het as veldkornet (later meer oor die Burnesse). Burness het grond gehuur by Mnr Jood, 'n Griekwa, en hom betaal met die opbrengs van sy oeste. Burness, sy vrou en sy broer het in 'n klein opslaanhuisie gebly op Boplaas, noord van Danielskuil.¹⁵ Burness het sy kommer uitgespreek oor die getal blanke boere wat ingetrek het in die streek, en die grond van die plaaslike Griekwa-mense begin opkoop het.

Vanaf 1867, toe diamante naby Kimberley ontdek is, het die Kolonie se burgers ook begin belangstel in Griekwaland-Wes, en al meer mense het ingetrek.

¹⁴ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 21.

¹⁵ Sir Charles Warren, *On the Veldt in the Seventies*, Isbister and Co, London, 1902, bl. 348. Hierdie drie mense was later vermoor.



In 1871 het Niklaas Waterboer vir die Kolonie gevra om sy gebied te annekeer, sodat dit teen indringers beskerm kon word. Die Kolonie het dit gedoen, maar agterna het Waterboer laat blyk dat hy bedoel het dat net die diamantgebiede geannekeer moet wees, en nie die hele Griekwaland-Wes nie.

Maar toe is die koeël deur die kerk: Griekwaland-Wes was onder Britse beheer.



Regs:
'n Tipiese Griqua boer,
met sy geweer

Links: Die Griekwaland-Wes
posseël, 1874 –
simbool van Koloniale beheer



Voortaan het Griekwaland-Wes onder die Barkly-Wes magistraat gevval. Daar was alreeds bedrywige diamantdelwerye aan die gang.

Teen 1876 was die grondkwessie in Griekwaland-Wes al 'n groot kopseer, want baie blanke boere en Griekwa boere het aanspraak gemaak op dieselfde plase. Partymaal het Waterboer plase verkoop aan blanke boere sonder dat die plaaslike Griekwa daarvan geweet het; of spekulante het dieselfde plaas verkoop aan verskillende kopers.

Die Kolonie het toe 'n kommissie onder Advokaat Stockenström aangestel om die grondkwessie te ondersoek. Stockenström het met die idee vorendag gekom dat die Griekwakapteins nie beheer oor *grond as sulks* gehad het nie, maar net *oor hulle mense*. Daarom het Stockenström die meeste plase aan blankes toegeken. Waar die Griekwa hulle plase verloor het, kon hulle nie die duur regsprosesse bekostig om dit teë te staan nie.

Die Griekwas was baie ongelukkig hiermee, en dit het uitgeloop op die rebellie van 1878. Wanorde en geweld het geheers, tot Kolonel Charles Warren dit in Julie 1878 in 'n reeks veldslae naby Kuruman onderdruk het. Daarna het selfs meer Griekwas hulle grond verloor.

Verder het Warren meer Tswana mense by Danielskuil gevestig, terwyl baie Griekwas uitgewyk het na die diamantvelde om 'n inkomste te probeer kry. Die Griekwavolk is dus erg geknou deur die rebellie.¹⁶


Net 'n paar Griekwa het plase om Danielskuil gekry. Vir die Griekwa wat nie plase gekry het nie, het die Kolonie aanbeveel dat hulle in landboudorppe of "lokasies" moet gaan woon – soos Danielskuil en Blinkklip (later Postmasburg), met dorpserven, landbouhoeves, en meentgrond, wat hulle sou huur (en nie besit nie).

¹⁶

PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 31.



Nadat al die phasen opgemeet is, het omtrent 163 00 hektaar (51%) aan blanke boere behoort, omtrent 122 000 hektaar (39%) aan Griekwa boere behoort, en is omtrent 32 600 hektaar (10%) aan dorpe ("lokasies") toegeken.¹⁷



Griekwaland-Wes, 1871, in pienk gemerk op die kaart


Die volgende phasen is aan Griekwamense toegeken: Papkuil¹⁸ (Gert August), Schietfontein (Jan Jood), Jacobsfontein (Lambert Jansz), Kalkfontein (Isaac Haai), Vlakfontein (Cobus Haai), Doornvlei en Jakkalsfontein (Frans Jood), Rotterdam (H. Jood), Khais en Weiveld (Catharina Moos, suster van Niklaas Waterboer), Hartebeesput (Petrus Goeijman), Rietfontein en Olyvenhoutfontein (Mieta Klaasen), Kramersfontein (Piet Kars), en Jonasbank (Anne Bezuidenhout, ook 'n suster van Niklaas Waterboer).

Vir die blankes, was onder andere, Ouplaas (toegeken aan John Chapman van Kuruman), Gordons Hope (Charles Emslie), Koopmansfontein (Robert Stewart), Vlakpan, Vaalpan, Smitshoop en Chavonne (almal John Campbell), Ariesfontein (I Johnson), Tevrede en Weymouth (T en JW Sephton), en Glen Ross (Richard Southey, luitenant-goewerneur van Griekwaland-Wes).¹⁹

¹⁷ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 28.

¹⁸ Die woord "papkuil" verwys na 'n soort riet of "bulrush" (in Engels).

¹⁹ Ouplaas Titelakte: Department Landelike Ontwikkeling en Grondsake, <http://csg.drdlr.gov.za/>.



Gert August se
oorspronklike titelakte vir
die plaas Papkuil, 1878²⁰

STADIGE VOORUITGANG IN DANIELSKUIL


Die blankes wat plase gekry het was meestal van Engelse afkoms, en baie het handelsbelange gehad. Dit het beteken dat hulle nie net uit die landbou gelewe het nie, maar ook ander bronne van inkomste gehad het, meestal uit handel met die Kimberley mark.

Oor die jare het die etniese basis van Danielskuil as dorp en distrik geweldig verander. In die tydperk 1877-1890 was Danielskuil gesien as 'n "lokasie" vir bruin en swart mense. Die blankes het omliggende plase bekom. Verreweg die meeste van die vroeë blankes was van Engelse afkoms, as spekulante, handelaars en staatsamptenare van die kroonkolonie Griekwaland-Wes. Daar was ook 'n paar Hollandse boere.²¹

Die inwoners van die blanke dorp, wat langs die "lokasie" ontwikkel het, was meestal van Engelse afkoms. Hulle was handelaars soos Beadle en Barker, Cook en MacPherson, EJ Pavey, die Burness broers (John en James), en een Hollander, JJ Roux. Ander Engelssprekendes was J Fraser, Crosbie, Pierce, WB Frames, en HC Fraser.

²⁰ Bron: Department Landelike Ontwikkeling en Grondsake, <http://csg.drdlr.gov.za/>.

²¹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 141.



Nadat wet en orde verbeter is in 1879, en meer formele dorpstigting begin het, het meer boere van Hollandse afkoms na die dorp getrek, veral na 1890.²² Hierdie mense kan as die vroeë formele dorpstigters gesien word, alhoewel die "lokasie-bewoners" alreeds hier gewoon het. Hierdie "lokasie" sou later verskuif word na Marantheng en later Kuilsville.

Ten spyte van beloftes dat al die Griekwas gratis erwe sou kry, het net Waterboer se susters in 1885 gratis erwe gekry. Hulle was Annie Bezuidenhout, Catharina Moos, Gertruida Kok, Betta Kruger en Mieta Klaasen.

²² Hulle was JJ Roux, SR Kruger, RJW du Plooy, C Grobbelaar, KJH Grobbelaar, PA Hanekom, JF de Lange, WL Ochse, AL du Plooy, JH Hanekom, DJI Kotze, WSP Lubbe, JJ Grove, JJ Scholtz, SR Kruger jnr, PS de Witt, JJ Maritz, MP Ludick, HJJ Gerber en DS de Villiers (Snyman bl. 141). Johannes Roux (veldkornet tussen 1880 en 1906) was 'n belangrike gemeenskapsleier; hy het ook as lokasie-inspekteur diens gedoen (1979-1896).



Slegs drie Griekwa kon erwe bekostig; dit was Isaac Haai, Esau Jansz en Samuel Haai. Verreweg die meeste Griekwa was te arm om erwe te koop.

Die Londense Sendinggenootskap het ook 'n erf gekry.

Baie van die Griekwa het wegbeweeg delwerye toe. Ander het in Danielskuil gebly, maar hulle getalle het al minder geraak. Teen 1875 was die Tswana die meerderheid in Danielskuil, maar hulle het ook uitgevind dat Danielskuil nie 'n gesonde plek vir vee is nie. Baie Tswana het ook weggetrek, en 1882 was daar net 172 mense op Danielskuil. Vanaf 1879 moes al die inwoners hut-belasting betaal.²³ Die wat in Danielskuil agtergebleef het, het 'n armoedige bestaan gemaak uit akkerbou, hout verkope aan die myne in Kimberley, en 'n paar vee op die meentgronde.

*Een van die eerste winkeltjies in
Danielskuil,
tans deel van die OK Bazaars-
kompleks.*



In 1883 is erwe opgemeet in Danielskuil, en al meer erwe is verkoop aan blanke intrekkers. Nuwe winkels is gestig, soos Beadle en Barker. Daar is steeds 'n "Beadlestraat" in Danielskuil, vernoem na William Beadle, en "Barkerstraat", waar die eerste poskantoor (vandag die "Old Post" Gastehuis) en winkel gestaan het, was vernoem na William Barker. Ander besigheidsmanne was Cook en MacPherson, Edward Pavey en Joseph Mattison.

*Die ou polisiestasie, op die
Kuruman deurpad, was in
1886 gebou.²⁴*



²³ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 32.

²⁴ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 35. Fotos geneem in 2021.



Langs die polisiestasie was die ou magistraatkantoor, vandag bouvallig, in Rhodes-straat.



Daar was ook 'n mate van samewerking tussen die vooraanstaande inwoners van Danielskuil. Agt grondeienaars het die regering in 1891 gevra om damme en vore te bou om besproeiing te vergemaklik. Hierdie groep was Edward Pavey, DJ Fraser, J Fraser, NJW du Plooy, Isaac Haai, Esau Jansz, Samuel Haai en Gert Phera (namens die Londense Sending).²⁵ Hierdie vore het vanaf die fonteine aan die westekant van die dorp afgeloop na die "water-erwe" toe. Die dorp moes 'n lening uitneem om die damme en vore te bou.

Net voor die nuwe eeu aangebreek het, is Griekwaland-Wes in 'n nuwe krisis gedompel – die Tswana se Langberg-rebellie van 1897. Dit was direk as gevolg van die rinderpes-epidemie, toe die regering van Griekwaland-Wes huisende beeste geskiet het om die infeksie te probeer keer. Die rebellie het oorgewaai vanaf Taung.



**'n
Burgerkommando
tydens die
1897 rebellie²⁶**

Die Danielskuilers het inderhaas 'n fort gebou en poslieieversterkings, wapens en ammunisie aangevra. Die boere by Papkuil het 'n "Papkuil Mounted Rifle Club" gestig, onder bevel van Kaptein Leslie Pringle. By Olifantshoek was die rebelle onder die Tswana Kaptein Luka Jantjie uiteindelik verslaan.²⁷

²⁵ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 37. Van die ander lede van hierdie kontingent was WJF Swartz, HL Aucamp, JG Vermeulen, AJ van der Merwe en PJ Wessels.

²⁶ Foto: PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 27. Oorspronklike foto: Kaapstad Argief.

²⁷ Sien Kevin Shillington, *Luka Jantjie: Resistance Hero of the South African Frontier*, Aldridge Press, 2011.



Dit was 'n tragiese episode, omdat die rebelle se griewe nooit aangespreek was nie. Luka Jantjie was 'n besadigde en verantwoordelike leier, wat in die maalstroom van geweld beland het, en 'n dapper verset in die Langberg gelei het. Hy was tydens hierdie veldtog doodgeskiet.



Inwoners van Danielskuil, voor HB Williams se winkel, omstreeks 1895²⁸



Toneel voor die winkel van HB Williams, einde 1800s, met gebaalde wol sigbaar.
Die gebou het ook as poskantoor gedien.²⁹

²⁸ Foto: PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 47.


²⁹ PHR Snyman, *Danielskuil*: bl. 50. Foto: Poskantoor museum, Pretoria.



Die Old Post Gaste huis, vandag, in Barkerstraat – dieselfde gebou as Williams se winkel, en met 'n klein klip geboutjie daarlangs



Intussen het Danielskuil stadig gegroei. In 1895 was daar 223 lokasiebewoners, in vergelyking met 25 belasting-betalers (meestal blankes). Die "lokasie" was teen die Poedingkop, wes van die ou Boereoorlog Fort (wat natuurlik eers later gebou was, tydens die oorlog). Die kaart hieronder dateer van omtrent 1918.



Hierdie kaart, geskets deur Kapt Sydney Graves in 1917, duï aan die "present location", wat op hoër grond geleë was, naby die huidige water reservoir van Danielskuil. Dit kaart duï ook aan waar die Anglo-Boereoorlog "blockhouse" is, sowel as die NG Kerk se pastorie, en die skooltjie (nou die kleuterskool).



Die rooi lyn duï aan waar die ou lokasie moes gewees het (Poedingkop).
Daar is geen fisiese oorblyfsels van die huise nie.



Ou

Voorwerpe gevind op Poedingkop:³⁰
Dit kan dateer uit die "lokasie-tyd", of die Anglo-Boereoorlog

³⁰

Fotos: Ubique Heritage Resources, Danielskuil.



Die blanke inwoners het sedert 1891 by die regering gepleit vir 'n erf om 'n NG Kerkgebou op te rig, en in 1896 is hierdie droom verwesenlik. Reeds in 1894 het gemeentelede 'n stewige klipkerk opgerig, maar tydens nagmaalsgeleenthede was dit te klein.³¹ Die gemeente het in daardie jare hoofsaaklik uit boere bestaan wat as lede van die kerk uit Transvaal, Oranje-Vrystaat en ander dele van die Kolonie hierheen getrek het.



Die eerste NG Kerk, omstreeks 1895, net na die kerkgebou opgerig is³²



Dieselde kerkie, vandag, met die halfmaan-venstertjie.



Die klein NG gemeente is in 1913 gestig, met sowat 600 lidmate, wat die dorp ingesluit het, sowel as Blikfontein en Koopmansfontein (die twee "buitenkerkplaatzes"). Die gemeente het bestaan uit dele van dié uitgestrekte gemeentes van Klein Boetsap en Griekwastad. Ds. JJ Wessels van Griekwastad was die eerste konsulent.

Ds MB Brink was die eerste leeraar, vanaf 1915.

³¹

<https://www.gemeentegeskiedenis.co.za/ng-gemeente-danielskuil/>

³²

https://af.wikipedia.org/wiki/NG_gemeente_Dani%C3%ABlskuil



Die gemeente het met toewyding die pastorie gebou, en hulle moes self die boumateriaal per wa van Kimberley aanry. Vir die kerkboufonds is 'n tiende van alle inkomste uit lammers en wol aan die kerk afgestaan, en verskeie kerkbasaars is gehou.³³

Die tweede NG
Kerkgebou, opgerig in
1924, nadat die
Danielskuil gemeente
afgestig het van
Griekwastad



'n Baie belangrike geboutjie is die kerkie van die Congregational Church (vandag baiekeer genoem die "Conkerk"). Hierdie kerk is die afstammeling van die London Missionary Society, wat alreeds in 1801 in Suid-Afrika gestig is. Die plaaslike LMS lede het die kerkie in 1898 gebou, met die hulp van evangelis S.S. Loabile. Die kerk was later gebruik as 'n skool vir kinders in die gemeente, en daar is nog steeds lede van die gemeenskap wat daardie dae helder onthou.

Die gebou het 'n steenfondasie, en bestaan uit gepleisterde kleistene. Die oorspronklike houtraamwerk van die dak bestaan nog, met 'n sinkplaatdak daarbo.³⁴

Die
"Conkerk"
in Elbow-
straat.




³³ Snyman bl 117.

³⁴ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 49; Ubique Heritage Consultants, *Danielskuil*. Foto: Emily Ingle.



Dis nogal moeilik vir mense vandag om die destydse padstelsel te verstaan. Die kaart hieronder, wat dateer van 1900, wys waar die hoofpaaie geloop het: Oos na Barkly-Wes en Kimberley, en wes na Postmasburg.³⁵ Dis natuurlik lank voor die moderne R31 pad gebou is.



Kaart bo: "Krama Fontein" (Kramersfontein), en die plaas "Joodfontein", was besit deur die Jood familie. Hulle was Griekwas. Deur hierdie benamings kan ons die oorblyfsels van die oorspronklike Griekwa-kultuur nog raaksien.

In 1892 het Danielskuil 'n dorpsbestuursgebied geword. Van toe af was die dorp onder blanke bestuur, sonder dat stemreg aan die "lokasiebewoners" gegee is. Die "rinderpest" in 1896, 'n gevreesde siekte onder die beeste, was 'n groot terugslag vir die hele land. In September 1896 is sowat 400 beeste in Danielskuil doodgeskiet, onder meer die diere van "lokasiebewoners" sowel as die maatskappy Beadle en Barker. Teen 1897 het baie Danielskuilers hongersnood in die gesig gestaan. Die regering het meel rantsoene uitgedeel aan families wat desperaat was.

Blanke mense soos WJ van Rensburg, JH van Staden, JL Booysen, JM Benade, C Nel en P Loots het brood en mieliemeel gratis ontvang. In die "lokasie" het Plaatjie Haai, Piet Arnoster, Kaatjie Koopman, Eva Leven ('n Griekwa) en Kwagga ('n Tlhaping) ook daagliks broodmeel gekry. Baie mense het op die delwerye gaan werk.³⁶

³⁵


Bron: Universiteit Kaapstad, <https://digitalcollections.lib.uct.ac.za/military-maps?display=list>

³⁶

PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 46.



Die kortste pad tussen Danielskuil en Kimberley was via Papkuil en Schmidtsdrift.³⁷ Daar was 'n direkte pad tussen Papkuil en Danielskuil, want Lime Acres en die R31 hoofweg het nog nie bestaan nie.



Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was Danielskuil nie 'n voordeelige situasie was nie. Die mense was verontwaardig oor die hantering van die rinderpest, en rasseverhouding het 'n knou gekry tydens die geweld en onstabiliteit van die Tswana rebellie. Die dorp en streek was arm.

Hierdie faktore sou beteken dat die Afrikaans-sprekendes sou kant kies teen die Kolonie en hulleself by die Boererepublieke skaar. Dit sou nog 'n vlaag geweld, konflik, verwydering en verarming tot gevolg hê.

UITMERGELING: OORLOGSJARE 1899–1902, EN HERSTEL DAARNA

Die Anglo-Boereoorlog het baie verwoesting na Danielskuil gebring – nie net as gevolg van militiere aksie nie, maar ook die vertroebeling van plaaslike verhoudinge. Baie plaaslike Afrikaners het aangesluit by die Vrystaat en Transvaal se poging om hulle onafhanklikheid te behou. Omdat Danielskuil in die Kolonie geleë was, was hierdie Danielskuilers dan uiteraard rebelle teen die Britse owerhede. (Sien Deel 3 vir meer hieroor).

Die Boeremagte het vroeg in die oorlog die Kaapkolonie binnegeval om te voorkom dat die Britse magte 'n bedreiging vir die Republieke kan word. Baie plaaslike rebelle het aangesluit by die Republikeinse magte (Op 25 November 1899 is die Vrystaatse vlag in Danielskuil gehys en is Griekwaland-Wes geannekseer as deel van die Vrystaatse Republiek. Die Kaapse Polisie is deur 'n Boerepolisiemag van plaaslike inwoners vervang. Die Engelssprekende besigheidsmanne was geïsoleer en kon niets doen nie.

³⁷ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 63.




Tydens die oorlog het menigte skermutselings en 'n paar veldslae plaasgevind in Griekwaland-Wes. Die belangrikste effek van hierdie uitmergelende oorlog is dat verhoudings tussen Engels- en Afrikaanssprekendes fundamenteel ondermy is. Baie bruin en swart mense het hulle geskaar by die Kolonie, d.w.s. die Engelse komponent van die samelewing, en dit het verdere wrywing met Afrikaanse mense veroorsaak.

Die oorlog was 'n tragedie vir menseverhoudings in Suid-Afrika, en so ook, in Griekwaland-Wes en Danielskuil.

Die dorp het swaargekry tydens die oorlog. Kos was baie skaars; en die Britte het baie perde en vee weggevoer. Laat in 1901 was daar 'n ernstige masel-epidemie, en daar was 25 sterftes. Plaaswinkels is gesluit, en die Britte het enige akkerbou buite die dorp verbied, sodat die Boere nie kon kos kry nie. Rinderpes het weer uitgebreek, en die regering het beperkings op reis en kommunikasie. Daar was 505 inwoners in Danielskuil in 1904, waarvan die oorgrote meerderheid Tswana en Griekwas was.

Na die Anglo-Boereoorlog het baie Afrikaans-sprekende blankes, sowel as bruin en swart mense, getrek na Danielskuil, soos die ekonomie geleidelik ontwikkel het. Die Engels-sprekendes het spoedig 'n minderheid geword.

Die blanke dorp Danielskuil het as landbou dorp om die natuurlike pan op die meent ontwikkel. Die middedorp van Danielskuil was destyds nog klein. Die sakesentrum en openbare geboue, soos die polisiestasie, poskantoor en magistraatskantoor (in Rhodes-straat, op pad na Kuruman) was op die "bou-erwe". Hier was die Commercial Hotel (tans die d'Olive Rose Hotel) en die besigheid van Adolph Gers.



Die oorspronklike blanke dorp: Beadlestraat in die suide, Barkerstraat in die weste (besigheidsgebied), Elbowstraat in die noorde, en Garden Straat in die ooste.



Die erwe om die pan was "water-erwe"; hulle het water gekry van die fonteine aan die westekant van die dorp. Die water is met vore gelei.



Daar is nog oorblyfsels van die watervore. Dit kan as 'n belangrike deel van Danielskuil se erfenis beskou kan word.

Na baie jare is 'n skooltjie gestig vir blanke kinders. In 1907 is Martha Hutcheson aangestel as die eerste onderwyseres. In 1913 is die eerste skoolgeboutjie opgerig, en dit word steeds gebruik as Kardoefie Kleuterskool.



Kardoefie
Kleuterskool
vandag. Die ou
dolomietstene is
nog
indrukwekkend.

Die skool was spoedig te klein. Maar dit was moeilik vir arm plaaskinders om die skool by te woon omdat losies op die dorp skaars en duur was. Die NG Kerk het in 1919 'n koshuis geopen vir arm kinders, en van klere verskaf. Teen 1925 was daar 140 leerlinge, tot by Standerd Agt. In 1930 is die nuwe skool betrek – die klipgebou aan die agterkant van Danielskuil Hoerskool.

'n Groot mylpaal was die stigting van Danielskuil se eerste NG Kerk gemeente, in 1913.



Die eerste Kerkraad,
1913³⁸

Voor: MVP Claassen, EJ
Visser, Ds JJ Wessels, JW
Human, JM Meyer
Agter: N vd Merwe, JP van
Niekerk, J Nel, PN Maritz



Vir bruin en swart kinders was daar al lankal informele opvoeding, verskaf deur die Londense Sending. Die Eerwaarde Bart Haai, 'n seun van Danielskuil, het in 1918 die plaaslike leraar geword, en die Londen Sending se posisie in Danielskuil versterk.

Eerw. Bart Haai
Leeraar op Danielskuil tussen 1918 and 1963³⁹



Die skool langs die "Conkerk" (ou Londense Sending): 'n oop spasie met 'n vloer is al wat van die skool oorbly.

Vanaf 1905 het die regering die salarisse van onderwysers van sendingskole ondersteun. Die sendeling van Kuruman, Rev J Tom Brown, het baie bygedra tot die opening van 'n skool. Plaaslike leiers soos Isaac Haai, Andries Kruger, Lambert Jansen (Jansz) en J Khatlane het saamgewerk en 'n sendingskool in 1907 geopen. Die onderwyser was Mnr CB Majara. Met 45 leerlinge was die sendingskool aanvanklik groter as die blanke skool.

³⁸ NG Gemeente Danielskuil, *Vyf-en-Sewentig Jaar van Genade, November 1913-November 1988*.

³⁹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 116.



Later het Mnrr NM Jenneke die skool bedryf, sodat die leerlinggetal gegroei het vanaf 45 in 1926 tot 128 in 1931, en drie onderwysers is aangestel.⁴⁰ Die skool het net tot Standerd Ses gegaan.

Amper almal in die dorp en kontrei was baie arm na die Anglo-Boereoorlog. Die handelaars het baie skade gely in die oorlog. Heelwat boere het hulle grond en dorpserwe verloor. Die boere het ook gesukkel met droogtes en veesiektes. Party plaaslike mense het hout aangery na Kimberley toe, of vrugte en groente verkoop, of wolskape aangehou om te oorleef.

Mense het nuwe hoop gekry toe verskeie asbesmyne in 1915 naby Danielskuil oopgemaak het.

Die asbesbedryf het alreeds in die laat 1890s in die Noord-Kaap begin, veral onder die leiding van die Cape Asbestos Company Ltd ("Cape Company").⁴¹ Die eerste myn in die streek was by Koegas. Dit was maar 'n primitiewe soort werk. Die erts was per hand uit die rots gekap, en dan was die rots van die erts met hamers afgekap. Die erts was dan verpak en gestuur na fabrieke in Engeland en Europa, waar die vesel geweef was in materiaal wat nie vlambaar was nie.

'n Vrou kap die rots van die asbes⁴²



Baie swart en bruin mense het aangesluit by hierdie bedryf. Meeste van die maatskappye het growwe asbes gekoop van onafhanklike persone wat as myners gewerk het. Die werkers het soveel sakke as moontlik elke maand aan die maatskappye verkoop. Baiekeer het 'n gesin as 'n eenheid saamgewerk; die mans het die asbes ontgin, terwyl die vroue en kinders die vesel gesorteer het. Blanke boere het ook hieraan deelgeneem. Dit het die kostes laag gehou, want die myne het nie self salarisste gedra of toesighouers aangestel nie.

In die vroeë tye was die omstandighede by Noord-Kaap myne uiters moeilik. Water was skaars. Alle vesel was met waens vervoer oor rowwe paaie. Voor 1900 was De Aar die naaste stasie, waarvandaan dit na Port Elizabeth vervoer was. Teen 1905 was die spoorlyn darem by Prieska.

⁴⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 119.

⁴¹ PA Van Zyl, A History of Asbestos Mining in South Africa, bl. 7, <https://asbestostrust.co.za/>.

⁴² PA van Zyl, Asbestos Mining, bl. 23.



Met die asbestosgeld kon baie arm mense darem bietjie geld verdien, om bokke, donkies, en waens te koop. Dis moontlik dat omtrent 10 000 mense – mans, vrouens en kinders – 'n bestaan kon maak uit asbes.

Die belangrikste myne was Gillanders & Campbell (naby Gathlhouse), en Northern Asbestos Company, op Warrendale, Owendale, Kramersfontein en Wonderwerk. Daar was ook 'n asbesmyn op die meetgronde, waar plaaslike swart en bruin mense werk gekry het.⁴³ Na 1927 was Dominion Blue Asbestos die grootste asbesmyn in die omgewing, met delwerye op plase soos Hurley, Klipvlei, Maipeng en Mansfield.

*Asbesmyn met koekepan,
Ouplaas myn buite
Danielskuil (regs)*

*'n Oopgroefmyn en mynhoop
op Klipvlei (onder)⁴⁴*



Oor die volgende dertig jaar het die asbesbedryf in die distrik 'n paar insinkings gehad, maar altyd herstel en ekonomiese voordele gebring. Dit het ook beteken dat swart en bruinmense nie net op plaaswerk staatgemaak het nie. Al was dit later duidelik dat asbes wel groot gesondheidsprobleme ingehou het, het dit vir omtrent vyftig jaar 'n inkomste gebied vir arm mense.

⁴³ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 70.

⁴⁴ Fotos: PA van Zyl, *Asbestos Mining*, bl. 30.



DIE VERSKUIWING VAN DIE BRUIN EN SWART GEMEENSKAP

Tot 1920 het die swart en bruin gemeenskap teen Poedingkop gebly naby die Fort wat tydens die Anglo-boereoorlog gebou is. Die bruin en swart woongebied (die "lokasie") was geleë tussen die Fortkoppie en die huidige Danielskuil Hoërskoolperseel.

Vanaf 1917 is Danielskuil op 'n meer streng rassegrondslag beplan. Die Dorpsraad het besluit dat alle bruin en swart mense wat nie eiendom besit het nie, nie meer in die blanke dorp kon by nie. Hulle is na die lokasie verskuif. Jan Joseph is aangestel as hoofman in die lokasie om hutbelasting te versamel. Die getal vee wat die mense kon aanhou was verminder vanaf vyftien grootvee na twaalf, en van 50 kleinvee na 25.⁴⁵ Die vee was op die meentgronde aangehou.

Bart Haai se opname van die "Lokasie", 1920

In November 1920 het MnR BJ Haai, voorsitter van die Danielskuil "Lokatie Komissie" 'n opname van huise en huisbewoners in die ou lokasie gedoen. Sewe gesinne het in kliphuise gebly: Andries Kruger, Nicolaas Kruger, David Koopman, Kort Jan, Adam Haai, Police Pholo en Sebusho Jonathane.

Vyftien gesinne het in houthuise ("paal huizen") gewoon: Andries Magatle, Jan Mosesane, ou Mev Pholo ('n weduwee), Jan Mere, Jacob Rathele, Katrina Langeveld ('n weduwee), Piet Haai, Jan Setlhogo, Kotsedi Pharasi, Pieter Setlhoo, Klaas Rathele, Ou Rathele (wat fisies ongesik was), Jacob Kasper, Jan Jonathane, en Pogisho Jonathane.

Daar was verskeie vroue en gestremde mense: Katrina Langeveld, Ou Mev Pholo, Pogisho Jonatane, Ou Mev Seogiloe, Tametsi Jonatane, Ou Mev Ntlhaletsane, Mev Mosesane, Elizabeth Kruger, en Hanna Koopman. Twee ander verswakte mense was ou Rathele en Kort Jan.

Die mense van Poedingkop⁴⁶


Omdat die mense naby die oop vore gebly het, het die water maklik besoedeld geraak.⁴⁷ In 1916 het ingewandekoors tot die dood van nege mense gelei. Die Dorpsraad geglo dat die lokasie se vullis na die fonteine afspoel tydens reenbuie. (Dis onwaarskynlik dat die lokasie enige sanitasiegeriewe gehad het).

Die lokasie-gemeenskap was ook nie heeltemal oortuig dat hulle nedersetting probleme kon skep vir die waterfonteine nie. MnR BJ Haai het uitgewys dat die afstand van die fontein tot die naaste huise omtrent 650 meter was. Die regering se mediese ondersoekbeampte het gevind dat die lokasie "decidedly the cleanest part of the area" was. So was die sanitasie-argument maar net 'n verskoning om die bruin mense verder van die blanke area te verwijder? Ons weet nie.

⁴⁵ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 89.

⁴⁶ Kaapstad Argiewe: Barkly West Division: Danielskuil Village Management Board: Removal of Location and Cemetery Sites, PAS vol 2/578, System 04, Ref L8B/C/1, Kaapstad Argiewe.

⁴⁷ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 87.



Skets van beplande verskuiwing deur Kapt Sydney Graves van die plaaslike polisie⁴⁸

Die lokasie-bewoners het beswaar gemaak teen die verskuiwing. Die inwoners van die ou lokasie het op 10 November 1917 vir die Dorpsraad geskryf, en ge pleit om te bly op hulle ou persele, want verskeie families het klipgeboue opgerig, en het bome geplant. Die inwoners van Poedingkop het 'n brief geskryf aan die Dorpsraad: "In view of the urgent need for economy during war time, this will be a heavy task for us to face. Every building material is expensive and the majority of us have nothing but live from hand to mouth."

⁴⁸ Kaapstad Argiewe: Léer: PAS 4.26, volume 2/578, Ref L8B/C/1. Barkly West Division. Danielskuil Village Management Board. Removal of location and cemetery sites. 1916-1920.



In view of the urgent need for economy during war time, this will be a heavy task for us to face. Every building material is expensive and the majority of us have nothing but live from hand to mouth.

Die brief was onderteken deur Jan Joseph (Hoofman), Andrie Kruger, Nicolaas Kruger, Kort Jan Adam Haai, David Koopman, Klaas Rathel, Jacob Kasper, Johannes Moreetsi, Willem Langeveld, Police Pholo, Jan Pholo, Olihile Jonathan, Jim Pholo, Amos Jonathan, Klein Jonathan, Jacob Rathel, Jan Moccoachoe, Jan Ntlhaletsane, Andries Mogatle, Jan Mosesane, Kaffer Haai, Koorkie Mogoeng, Daeman Mosetlhe, Mokgothu Tlhoiloe, Jacob Janse, Lambert Janse, en Hendrik Janse.

Die "Naturellekommissaris" (Native Commissioner) het erken dat die inwoners gegrief was; en die Magistraat het wel erken dat die lokasie en begraafplaas 'n gesondheidsrisiko was, maar dat die inwoners waarde plaas op hulle strukture.

Correspondensie
van die Magistraat
en Sersant
Proctor, 1918⁴⁹

Magistrate:

"The owners of which are not prepared to remove their houses, as they state that the ground was granted them by the Govt for building on. They are not owners of ground but pay hut tax 10/- per annum" (Magistrate).

Sergeant Edward Proctor, (Commanding Troop A, Squad 5th Regiment, Barkly West):

"The owners [of the houses] state they are not agreed to removal, on the grounds that the site was given to them by the government for building on, about the time of the Griqua War and the site was selected by a Government official."

Maar Mnr Donovan van die Dorpsraad het aangedring: "The site we have selected is in every way suitable to their requirements, water for themselves and their stock is available near the site". Die Dorpsraad het 17 hektaar grond suid-wes van die blanke dorp gekry; dit sou "Marantheng" heet (wat "flenter" beteken). Die Dorpsraad sou die kostes van die opmeet van die erwe in die nuwe lokasie dra, en titel tot hierdie grond sou aan die nuwe inwoners oorhandig word.⁵⁰ Ten spyte van die inwoners se protes, het die groot verskuiwing het tussen 1918 en 1920 plaasgevind.

⁴⁹ Argiewe, Kaapstad. Lêer: PAS 4.26, volume 2/578, Ref L8B/C/1.

⁵⁰ Notules van die Dorpsbestuursraad; Brief can die Plaaslike Regeringsinspekteur aan die Departement Grondsake, 4 April 1918. Argiewe, Kaapstad. Lêer: PAS 4.26, volume 2/578, Ref L8B/C/1.



Toe die mense verskuif is, het die Dorpsraad 'n Adviserende Komitee gestig om die swart en bruin mense te verteenwoordig. Die voorsitter was Eerwaarde Bart Haai, wat pas begin werk het vir die Londense Sending op Danielskuil. Hy het kompensasie gevra vir die wonings, sowel as hulp aan die oues en armes, maar die Dorpsraad het geweier. Slegs 'n lening van £10 is beskikbaar gemaak om 'n watersloot te grawe.

Daar was daarna 'n stryd oor die lokasiebewoners se getal vee. In 1921 het die Dorpsraad hulle vee beperk tot agt grootvee en 15 kleinvee. Dit het die mense verder verarm. Gelukkig het die Sulliman en Haai families nog grond besit in die blanke dorp, en kon daarom op die Dorpsraad dien. In 1924 is Ahmed Sulliman tot die raad verkies. Hy het gesorg dat elke lokasiebewoner weer tot 10 grootvee en 25 kleinvee kon aanhou. Op hierdie stadium kon blankes 'n onbeperkte getal vee aanhou. (Die feit dat Sulliman deur blankes verkies was, getuig van sy groot aansien in die Afrikaanse gemeenskap. Dit was juis omdat hy bereid was om teen die Engelse winkeleinenaars op die Raad op te tree).⁵¹

Hierdie maatreels wys hoe ver die oorspronklike konsep van Danielskuil as 'n landbou-nedersetting vir bruin en swart mense, wat in 1870 daargestel is, verander het na 'n blanke dorp met 'n swart en bruin werkersklas. In 1936 was swart en bruin mense verbied om eiendom in die blanke woongebied te koop.⁵²

Huis in Rubystraat in
Marantheng dateer
vanaf omstreeks
1930s



Die Dorpsraad was ook bekommerd oor die twee begraafphase. Die ou blanke begraafplaas was geleë in Parkstraat, en die bruin mense se begraafplaas was geleë waar Danielskuil Hoërskool se koshuis nou staan. Beide hierdie begraafphase was reg bokant die fonteine, en daarom het die Dorpsraad besluit om twee nuwe begraafphase te skep: Die "blanke begraafplaas" (wat deesdae nie meer uitsluitlik vir blankes is nie) aan die noord-oostekant van die dorp, en die Kuilsville begraafplaas.

⁵¹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 89.

⁵² PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 108.



Daar was baie frustrasie in Marantheng, die nuwe lokasie. Daar was 'n hoë belasting op hout, en die mense het ernstige grieve gehad omdat hulle volkome van hout as brandstof afhanklik was. Eerwaarde Haai het hierdie saak opgeneem en na menigte vertoë aan die Raad is weduwees van die belasting vrygestel. Eers in 1934 het die Raad gratis houtpermitte toegestaan, mits hutbelasting vooruitbetaal was.⁵³ Uiteindelik, in 1930, het die Dorpsraad aandag gegee aan water en sanitasie.

Op hierdie stadium het al die swart en bruin mense in dieselfde lokasie gewoon. Die lokasie was in 1928 formeel geproklameer. Daar was 68 huise, maar die persele van Marantheng was nie spesifiek afgebaken nie. Vir watervoorsiening was daar net een put, aan die noordwestekant van die woongebied. In 1939 het 289 inwoners in Marantheng in slegs 44 kleihuisies gewoon.⁵⁴ Van die ou geboue van Marantheng staan steeds. Daar was slegs vier puttoilette.

Die depressie van 1929-1933 het baie agteruitgang gebring vir al die inwoners van Danielskuil. Die mense van Marantheng was so arm dat hulle nie meer belasting kon betaal nie, en dit is ietwat verlaag. Die kos was skaars en mense het selfs donkies geëet.

Die hele dorp was bitter arm. Siektes het uitgebreek as gevolg van die oop watervore. Die droogte, stofstorms, brommer- en luisplae, griep en bosluiskoors het 'n atmosfeer van neerslagtigheid op Danielskuil geskep.⁵⁵ Daar was nie 'n plaaslike dokter nie, en eers van 1935 was daar 'n distriksgeneesheer. Maar hy moes die hele gebied ook bedien en was baiekeer weg van die dorp af.

Huis in
Scanlenstraat
in
Marantheng⁵⁶



Die meeste huise het nie voldoen aan die minimum gesondheidsvereistes nie. Sanitasie het bestaan uit putlatrines, maar dit was nie wenslik nie as gevolg van sterk onderaardse waterstrome. Die Dorpsbestuur het twaalf enkel emmerlatrines uit eie fondse aangebring, maar dit was glad nie voldoende vir die bevolking van omstreng 500 nie.⁵⁷

⁵³ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 92.

⁵⁴ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 122.

⁵⁵ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 123.

⁵⁶ Fotos: Ubique Heritage Consultants, *Danielskuil*.

⁵⁷ Kaapstad Argief: Bron 1/PBG, Vol. 20, Ref N9/15/3/2. Establishment and variation of locations, townships and other residential areas. Location Danielskuil.




In die lokasie het longontsteking, masels en skarlakenkoors gelei tot sterftes. Dr Smyth was die eerste geneesheer in die gebied wat in 1942 die voorkoms van asbestose onder die aandag van die regering gebring het, maar nijs is daaraan gedoen nie. Meer as 50 jaar later, in 2003, het 'n uitgerekte hofgeding uiteindelik gelei tot 'n skikking om mense wat ly aan asbestose te vergoed. In 2007 is 'n Asbestos Verligtingsfonds (Asbestos Relief Trust) geskep toe Gefco en ander maatskappye 'n bedrag van R460 miljoen geskep het om siekes te kompenseer. Verder het Cape PLC die Kgalagadi Relief Trust geskep, met R97 miljoen, om mynwerkers in Kuruman en Danielskuil te vergoed.⁵⁸

Teen 1949 was daar omtrent 500 mense in 68 huise in Marantheng. Vir sanitasie het die mense net twaalf emmerlatrines gehad. Die begraafplaas van Marantheng was nie omhein nie, maar die dorpsbestuur was voorinemens "om dit binnekort te doen".⁵⁹

Marantheng het net 'n adviserende komitee gehad, wat baie wankelrig was. Maar daar was darem 'n Nie-Blanke Belastingbetalersvereniging, gestig in 1952, onder leiding van Mr AL Botma en Mr Charlie McCarthy. Die Vereniging was deur die blanke Dorpsraad goedgekeur.

In 1957 het Mev Abrahams, die Sekretaresse van die Vereniging 'n lang brief gestuur na die Kaapse Provinciale Regering.

Mev Abrahams:
Kampvegter vir
dienste in Kuilsville



Sy het beklemtoon dat meer as 40% van die plaaslike belastingbetalers nie-blankes was.

Mev Abrahams het die hartseer toestand van die begraafplaas volledig beskryf: "Dit is 'n oop perseel. Dis nie omhein. Diere wei tussen die graftes. Die atmosfeer aldaar getuig van verwaarloosig, verlatenheid en 'n gebrek aan belangstelling. Bossies en onkruid groei na willekeur. As jy sowat 'n honderd-en-twintig tree van die perseel is weet jy nie eens dat jy nou gewyde grond gaan betree".⁶⁰ (Vandag lyk Kuilsville se begraafplaas nie veel beter nie).

Mev Abrahams se brief het verwys na gerealde pleidooie na die Dorpsraad, maar as gevolg van beperkte fondse het die Dorpsraad nijs gedoen nie. Die Dorpsraad was ook geneig om te beweer dat die omheining 'n funksie van die Departement Naturellesake was.

⁵⁸ *Mail and Guardian*, 27 April 2007. Accessed on www.pressreader.com.

⁵⁹ Anonieme skrywer, "Report of Location in Danielskuil, 23 August 1949", Kaapse Argiefbewaarplek, 1/PBG, Reference N9/15/3/2, Part 1, Dorpsbestuur Danielskuil 1949-1963.

⁶⁰ Kaapse Argief: File AA251/52/31. Verw 6/5/53-26/4/61.



Gemeenskapsleiers soos Lambert Jansen en die skoolhoof, NM Jenneke, het hard gewerk om twaalf emmertoilette in 1943 opgerig te kry. Selfs in 1963 – toe daar alreeds 1 404 mense in Marantheng gebly het – was dit nie beter nie. Daar was 24 emmers by die gemeenskaplike latrines; daar was geen opsigter om te kyk na die begraafplaas nie, geen instandhouding is gedoen nie, en daar was nie eens begrafnisregisters nie.⁶¹

Maar die Londense Sendingskool het uitgebrei. Teen 1940 was daar 135 leerlinge en vier onderwysers. Die twee kerksale was heeltemal te min. Mnr DH van Loon het Mnr Jenneke in 1948 as skoolhoof opgevolg. Onder aansporing van Eerwaarde Haai Het Mnr van Loon 'n ouervereniging gestig en self klaskamers opgerig.



Swart mense het steeds geen skole op Danielskuil gehad nie, en sowat 40 swart leerlinge het die "kleurlingskool" bygewoon. In 1952 het die Wesleyaanse (Metodiste) Kerk 'n skool vir swart kinders gebou, tot Standerd Ses. Daar was 44 leerlinge met Mnr J Mofokeng as skoolhoof.

Lambert Jansen, 'n Griekwa afstammeling en gemeenskapsleier in die 1930s en 1940s.⁶²



BOPLAAS

Die klein gehuggie noord van Danielskuil het altyd 'n eiesoortige karakter gehad. Dit was altyd 'n plek waar mense van verskillende kulture vernoef het. Daar is eienaardige gravures naby Boplaas, wat 'n mens laat wonder oor wie al hier 'n draai gemaak het.

Name en datums uitgekrap in die rotse van Boplaas⁶³
Ons weet nie wie hulle was nie.

⁶¹ Kaapse Argief: HC Swanepoel, "Report on Danielskuil submitted to the Department of Bantu Administration and Development, 12 March 1963, 1/PBG, Reference N9/15/3/2, Part 1, Dorpsbestuur Danielskuil.

⁶² PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 94. Mnr RG Fortuin was ook beskou as Griekwa-hoof in Danielskuil.

⁶³ Fotos: Ubique Heritage Consultants, *Danielskuil*.



Verskeie swart en bruinmense, soos Piet Kgatlane, Piet Joseph en Aaron Korton het tot lank na 1948 nog erwe in Boplaas besit. Die mense het hulle oor die dekades maar min aan die dorpsbestuur gesteur, en partykeer sommer geweier om die munisipaliteit se opdragte na te kom.⁶⁴

Die oudste woonhuís in Danielskuil vandag is op Boplaas, net buitekant die dorp; dit is gebou in die 1880's.⁶⁵



Boplaas beskik oor landbou- en watererwe. Die grondwater in die dolomietgrond lê baie na aan die oppervlakte.



Mense beweer dat hulle al die "Watermeíd" by Boplaas se fontein gesien het.
As jy mooi kyk, sal jy haar miskien sien!⁶⁶

⁶⁴ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 91.

⁶⁵ Ubique Heritage Consultants, "Danielskuil. Phase 1 Heritage inventory and assessment of the town of Danielskuil, Kgateleopele Local Municipality, ZF Mgawu District Municipality, Northern Cape", September 2021, Version 1, bls. 22, 26, 49-50, 61, 63. Die LMS kerk is later die Konkerk genoem (Congregational Church).

⁶⁶ Foto: Emily Ingle.



DIE GROOTWORD VAN DANIELSKUIL

Na die Anglo-Boereoorlog was die dorpie nog baie klein.



Dorpsuitleg omtrent 1925,
insluitende Marantheng.

Die groen lyn duی die
dorpsarea aan: Waar daar tans
'n waterpan was, was destyds
erwe.

Die depressie van 1929 het die asbesbedryf in die kiem gesmoor, en Dominion Blue Asbestos het in 1932 gesluit. Die droogte van 1932 en 1933 het mense nog meer arm gemaak.

Na 1933 was daar 'n verbetering. Die droogte is uiteindelik gebreek, en die boere kon weer asem skep. Die asbesbedryf het ook herstel. Dominion Blue is oorgeneem deur Cape Blue Mines, en het verskeie nuwe myne geopen. Die Griqualand Exploration and Finance Company (Gefco) was ook aktief in die distrik. Tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) was asbestos benodig vir krygstuig. Die aanvraag en prys van asbesvesel het dramaties gestyg.⁶⁷

Die naaste spoorwegstasie was by Silver Streams, 23 km vanaf Danielskuil. Die spoorwegstelsel het meer kans gegee vir plaaslike mense om werk buite Danielskuil te gaan soek.

Die jaar 1933 was ook die jaar dat die dorpsraad 'n stadsaal gebou het. As gevolg van die depressie het die inwoners van Danielskuil baie swaargekry. Die Departement van Arbeid het 'n skenking aan die Dorpsraad gemaak, vir 'n werkskeppingsprogram. Hierdie merkwaardige gebou het gewels aan die voorkant, met geometriese puntjies.

⁶⁷ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 74.



Die pragtige "art deco"-styl stadsaal⁶⁸

Geleidelik het die asbesmyne hulle werksprosedures verander. In plaas daarvan om asbesvesel te koop van plaaslike mense en hulle gesinne, het al meer asbesmyne self die werkers in diens geneem. Werkers het nou lone gekry, en is baiemaal in hostelle gevestig.

'n Belangrike innovasie was gelei deur die Danielskuil NG Kerk, wat in 1938 kragopwekkers aangekoop, en krag aan die dorp voorsien. Dit was tot 1949 bedryf deur die kerk, waarna Eskom dit oorgeneem het.⁶⁹

In die 1950s het die Northern Lime Company die nuwe kalkmyn en fabriek op Lime Acres gestig. Die nuwe Finch diamantmyn is in 1960 oopgestel, en in 1963 deur De Beers Maatskappy gekoop. Hierdie myne het baie mense werk gegee, veral swart en bruin mense van Danielskuil.

Dit het 'n nuwe era begin vir Danielskuil. Van die 1960s is Danielskuil 'n dienssentrum vir die myne, sowel as die plaasboere. Daar was baie meer geld in omloop. Die R31 hoofweg tussen Kimberley en Postmasburg is in 1970 voltooi; dit loop halfpad tussen Danielskuil en Lime Acres. Almal ken vandag hierdie hoofpad, en min mense kan onthou dat die pad na Kimberley eers deur Papkuil en Schmidtsdrift geloop het!

Danielskuil se bevolking het nou vinnig gegroeи, omdat mense ingetrok het om by die myne te werk. Die swart en bruin bevolking het ook gestyg omdat nedersettings soos Groenwater en Gatlhose in die 1960s geskuif is. Die bevolkingsgroei in die dorp het beteken dat toestande in Marantheng baie agteruitgegaan het. Al die huise was oorbewoon, veral toe die asbesmyne in 1951 gesluit het. In 1960 was daar 112 swart gesinne en 76 bruin gesinne in Marantheng.⁷⁰

⁶⁸ Fotos en inligting: Ubique Heritage Consultants, *Danielskuil*.

⁶⁹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 93.

⁷⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 96.



Baie maatreels is toegepas om die lokasiebewoners te dwing om werk te soek. Slegs die mense met werk in die dorp was toegelaat om in die lokasie te bly. Houtmaak op die meent is in 1950 verbied, en vanaf 1956 kon die lokasiemense geen vee op die meent aanhou nie.

Op Ouplaas, suid van Danielskuil, het die Union Lime Company Ltd 'n kalkmyn en fabriek in 1973 opgerig. Dit het Danielskuil se ekonomiese geweldig versterk. Die bevolking het met meer as 'n duisend mense tussen 1970 en 1980 gegroei. Baie nuwe huise moes gebou word. Ander nywerhede is gestig, soos ingenieurswerke, betonwerke, 'n steenmakery, en konstruksie. Die getal besighede het baie toegeneem, en die Dorpsraad het meer handelslisensies toegestaan.

Tussen 1976 en 1985 is baie swartmense verskuif van Marantheng na 'n nuwe woonbuurt, Thlakalatlou, en het die bruinmense hul eie woonbuurt gekry: Kuilsville.

In die 1970s was die Commercial Hotel in Rhodesstraat die sakekern. (Hierdie hotel was voorheen die Gers hotel, en vandag is dit die D'Olive Rose Hotel). Maar as gevolg van 'n gebrek aan ruimte by die hotel is die drankwinkel na die onderdorp in Hoofstraat verskuif. Baie klandisie het toe soontoe gegaan, en die sakeswaartepunt het daarnatoe verskuif. Die apteek, 'n kafee, slaghuis en Transoranje Ko-operasie het na die onderdorp verskuif, so dit het die boere se koopkrag getrek.

Die ekonomiese van Danielskuil het in die laat 1970s vinnig gegroei. Die burgemeesters SJJ Venter en EH Bredenkamp het nuwe projekte aangepak. 'n Nuwe reservoir op Fortkoppie is opgerig in 1978, en die waterprobleme grootliks opgelos. 'n Nuwe burgersentrum met kliniek en biblioteek is in 1982 geopen. Sakepersele en woonerwe het drasties vermeerder. Nuwe nywerheidpersele is uitgelê. Die NG Kerk het te groot geraak vir die ou geboutjie, en 'n nuwe kerk is in 1964 ingewy. Teen 1978 was daar 1 500 lidmate, met veertien wyke.⁷¹



Mnr Gustav von Mollendorf, destydse stadsklerk van Danielskuil, by die dorpswapen. Die simboliek sluit in 'n olifant en water (heel bo).

Die leuse, "Nobis Habitatio Felix" beteken "Gelukkige woonplek vir ons".

⁷¹

PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 126-127.



Maar die resessie van die vroeë 1980s het die ekonomie weer geknou. Die mynbou was swaar getref. Baie werkgeleenthede het verlore gegaan. Die asbesbedryf het ook begin afskaal as gevolg van die veldtog oor die gesondheidsimplikasies van hierdie mineraal. Danielskuil het darem behoue gebly as gevolg van die bestendige kalksteenmyn (nou Idwala). Die resessie het tot omstrent 1987 aangehou. Dit het ook saamgeval met ’n ernstige droogte wat die boere geknou het. Tog kon die meeste boere oorleef as gevolg van beter boerderymetodes, staatsbystand, en die hulp van die landbou-unie.⁷²

Toe die jong burgemeester, Julius Gers, verkies word, moes die dorpsraad skulde van omstrent R1 miljoen (destyds baie geld!) terugbetaal. Die munisipaliteit moes nuwe belastings hef en poste sny. Nogtans was daar vooruitgang: Die Piet Human Karavaanpark was gestig (wat tans nie meer bestaan nie), strate is opgeknap, en sportfasiliteite is gebou in Kuilsville.⁷³

Teen die 1980s was Danielskuil se ekonomie sterker as ooit tevore, as ’n mynboudorp sowel as ’n landbou-dienssentrum en munisipale kern. Maar met die groeiende politieke krisis in Suid-Afrika het daar ook groot uitdagings voorgelê vir Danielskuil. Die apartheidssisteem het, oor ’n tydperk van dertig jaar, alle gemeenskappe versnipper in verskillende woonbuurte en politieke stelsels. Teen die middel-1980s het die vakbonde en die United Democratic Front (UDF) in opstand gekom. Om hierdie groeiende konflik te verstaan, moet ons gaan kyk na Danielskuil se lappieskombers van gemeenskappe, en hoe die lappies oor drie dekades uitmekaar geskeur is.

DANIELSKUIL NA 1950: ‘N GESKEURDE LAPPIESKOMBERS

Voor die Nasionale Party se regering in 1948, was daar vir dekades lank sosiale kontak tussen blankes en bruin mense. Mense soos Eerwaarde Bart Haai, die onderwyser NM Jenneke, en die handelaar Ahmed Sulliman het die respek en waardering van baie van die blanke inwoners geniet.


Blankes het gereeld bruin mense se skoolkonserte bygewoon, en die bruin skoolkoor onder leiding van NM Jenneke het soms op blanke troues opgetree. Mnr Jenneke het ’n toespraak gelewer tydens die Voortrekkerviering in 1938.⁷⁴ Senator DH van Zyl het ’n groot belangstelling gehad in die Griekwakultuur, en het selfs ’n boek daaroor geskryf: *‘n Griekwa Letsigheid*.

Na 1948 is apartheidmaatreels orals toegepas. Die Groepsgebiedewet van 1950 was ’n belangrike gebeurtenis in Suid-Afrika. Die regering het himself beywer om elke rassegroep in ’n ander woongebied te huisves. Die sentrale sakekern sou in blanke hande bly. Dit het beteken dat die dorp uit verskillende fragmente bestaan het: Die blanke, bruin en swart woonbuurte, en die sakekern waar net blankes kon handel dryf. Almal moes “apart ontwikkel”. Dit was soos ’n lappieskombers, met verskillende kleure lappies, en waar die nate tussen die lappies begin los gaan het.

⁷² PHR Snyman, *Danielskuil*, b. 86.

⁷³ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 103.

⁷⁴ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 109.



Danielskuil en Kuilsville, aan die westekant van die hoofweg, en Thlakalatlou aan die oostekant ... stukkies van Danielskuil se lappieskombers.

Hoe oorleef 'n dorp sulke fragmentasie?

Die nasionale regering se Groepsgebiederaad het in alle dorpe betrokke geraak om raad te gee oor die segregasie van die rassegroepe. In Danielskuil, byvoorbeeld, het die Raad aangeraai:

“Daar is 'n mate van deurmekaarwonery tussen Blank en Gekleurde, en hoewel die persele so groot is, en daar so 'n groot aantal vakante persele oor die gebied verspreid is, dat die genoemde deurmekaar okkupasie nie huis as hinderlik beskou kan word nie.

“Nogtans is die Komitee van mening dat die instelling vangroepsgebiede op Danielskuil wenslik is. Dit sal veral die groot voordeel hê dat die Gekleurde gemeenskap daardeur in 'n kompakte gebied gekonsentreer kan word en baie makliker van die nodige dienste, geriewe, skole ens voorsien kan word”...⁷⁵

In 1949 het vyf bruin en swart gesinne nog in die blanke woongebied gewoon. Die Haai familie, die Sullimans, Aaron Korton, Piet Kgatlane, Piet Joseph, Klaas Hoffman en Ben Hoorn het erwe daar besit. Ander gesinne het nog daar huise gehuur.

Die eerste prioriteit vir die regering was die skuwing van die bruin mense. Sowat 70 gesinne het in Marantheng saam met swart mense gebly, en omtrent 45 het in die blanke gebied gebly. Toe hierdie bruin gesinne uit die blanke gebied moes trek na Kuilsville toe, het die Griekwa-hoof, RG Forster, beswaar gemaak en gevra dat 'n deel van die blanke gebied in bruin besit moes bly.

Maar geleidelik was die apartheid beleid toegepas, en mense moes trek.

⁷⁵ Brief van die Raad op Groepsgebiede aan die stadsklerk, Danielskuil, 25 Maart 1965. Kaapse Argief: Leer no. 1/38, Verwysing 5/2/1/F1, Sekretaris van Kleurlingbetrekkinge: Woongebiede.



Die Dorpsraad het deurgaans regulasies aanvaar wat die swart en bruin mense se inkomste verminder het. Hierdie gemeenskappe het baiemaal die grootste bydrae tot die munisipale inkomste gelewer, terwyl hulle veegetalle telkens verminder is. PHR Snyman voer aan dat "Die rol wat plaaslike owerhede in Suid-Afrika gespeel het in die verarming van lokasie-bewoners en vervreemding tussen die onderskeie bevolkingsgroepe is trouens nog nie behoorlik ondersoek nie".⁷⁶

Daar was darem ook 'n mate van samewerking tussen die rassegroepe. In 1967 het Danielskuil het sy 75-jarige verjaardag gevier. Die datum van Danielskuil se oorsprong was bepaal as 1892, toe die eerste dorpsbestuur gestig het (dus nie 1820, toe Barend Barends getrek het Danielskuil toe nie). Die feesprogram, op 12 Oktober, het Senator DH van Zyl ingesluit as hoofspreker. Daar was ook Boeresport, vuurwerke, 'n Basuto oorlogsdans, 'n Setsuana program en 'n "Kleurling program".⁷⁷

Hierdie samewerking het bewys dat daar toe nog redelik sterk bande tussen die gemeenskappe was. (Vyf-en-twintig jaar later, in 1992, is Danielskuil se 100-jaar viering gereel; toe was daar geen deelname van bruin en swart mense op die program nie⁷⁸).

Die regering se volgehou druk na volledige segregasie het voortgegaan. Die bruin mense se woonbuurt, Kuilsville, is in 1973 geproklameer. Teen 1975 was dit dig bewoon. Na 1976 het geen bruin mense meer stemreg gehad in die blanke stadsraad nie. In 1978 het Kuilsville sy eie bestuurskomitee gekry. Daar was ses lede, met net adviserende funksies. Hulle was nie verkies deur die gemeenskap nie. Twee lede was deur die Minister benoem (WA Jenneke, voorstitter, en Charlie McCarthy); twee lede was benoem deur die Proviniale Administrateur (PC Stevens en RW Strong); en twee lede was aangewys deur die blanke stadsraad (MA Sulliman en G de Koker). Hierdie komiteelede was baiemaal gefrustreerd in hulle interaksies met die Stadsraad.⁷⁹

Party kerke het steeds 'n belangrike rol gespeel om steeds uit te reik na die bruin en swart gemeenskappe – al was al die kerkdienste in hierdie tye op rassegordonslag gebaseer.

'n Belangrike fondament van die swart en bruin gemeenskappe was altyd die Sendingkerk. Die legendariese Eerwaarde Bart Haai het in 1963 afgetree, toe hy 80 jaar oud was. Hy het vir 45 jaar in diens van die Londense Sending op Danielskuil gewerk, baiemaal onder moeilike omstandighede. Voordat die gemeente in 1930 vir hom 'n motor gekoop het, was hy soms vir etlike maande te perd of donkiekar op reis. Hy is op Danielskuil deur Eerwaarde Sias Arends opgevolg. Eerwaarde Haai is oorlede in 1967, dieselfde jaar wat die Londense Sending deel geword het van die Congregational Church.⁸⁰

⁷⁶ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 99-104.

⁷⁷ Program beskikbaar by die Africana Museum, Kimberley.

⁷⁸ Die fees het 'n oggendtee in die burgersentrum ingesluit, 'n atletiekbyeenkoms by die Hoerskool Danielskuil, 'n straatmark, 'n optog van sierwaens, 'n maskerbalk, en 'n erediens (*Die Volksblad*, "Danielskuil vier eeu met vol feesprogram", 29 September 1992).

⁷⁹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 101.

⁸⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 131.



In 1964 is gemeentes van die NG Sendingkerk (vir bruin mense) en NG Kerk in Afrika (vir swart mense) in Danielskuil gestig. Die jong Dominee Christo Albertyn was vir jare lank die leraar by die NG Sendingkerk, en beide gemeentes was ondersteun deur die blanke moedergemeente. Ds Albertyn was in 1979 'n stigterslid van die Noord-Kaap NG Kerk Sinode, en het die opdrag van sending en diens van barmhartigheid aangeneem.

Die Rooms-Katolieke Kerk van Postmasburg het na 1966 uitgereik na buitestasies soos Danielskuil, Lime Acres en Fisch. 'n Kerkgebou is in 1964 in die ou lokasie (Marantheng) opgerig. Vanaf 1975 het verskeie katekte hier diens gedoen – Ben Ntoeba, Ronnie Kgosedintsi, Adam Rooiland en H. Henry.

Die Gereformeerde Kerk het ook 'n gemeente gestig in Danielskuil, in samewerking met gemeentes in Olifantshoek, Postmasburg of Delportshoop. Die kerk het ook sendingwerk gedoen vanaf 1968, met sendinghelper Joseph George in die Thakalatlou-gemeente.

Die skrywer PHR Snyman het dit opgesom: "Ten opsigte van godsdiens het hierdie opheffingswerk 'n lang tradisie wat strek van 1816 af toe Jan Kars en Jan Hendriks, in diens van die LSG, onder die San begin arbei het".⁸¹ Later het baie nuwe kerke na Danielskuil gekom, insluitende die Sewendedag Adventiste, die AGS, die New Apostolic Church, en die Church of Christ Mission.

Intussen het die maatskaplike omstandighede vererger, as gevolg van die groeiende behuisingsnood. Kuilsville het vinnig oorbevolk geraak, weens die groei in die bruin bevolking. Baie plaasarbeiders het na die dorp getrek, en baie mense is ook vanaf Gatlhose verskuif na Danielskuil.

Teen 1977 was 264 vertrekke benodig in Kuilsville, en dit het toegeneem tot 406 in 1986. Kuilsville het toe 89 private huise gehad, sowel as 34 mynhuise, 304 sub-ekonomiese huise, en 282 plakkershuisies. Nog 86 sub-ekonomiese huise is aangebou, maar dit was steeds nie genoeg nie.⁸²

Vanaf 1974 is die nuwe swart woonbuurt, Thakalatlou, ontwikkel. Amper driehonderd huise is opgerig. Die swart gemeenskap het tussen 1976 en 1985 daarheen getrek, meestal vanaf Marantheng. Party mense onthou nog dat hulle nie gretig was om te trek nie, maar dat die swart skool in Marantheng sommer gesloop is, en toe moes hulle trek.

Daar was toe 2 130 inwoners van die woongebied. Hierdie woongebied was die eerste swart woonbuurt in die Noord-Kaap wat elektrisiteit in elke huis gekry het. In 1986 het Thakalatlou munisipale status gekry, onder die burgemeester, Gert Nyosi. Die stelsel van swart bestuursrade was al meer betwiss gedurende die 1980s, soos die United Democratic Front al meer georganiseer het.

Thakalatlou het meer behuising gehad, maar teen 1986 was daar al oorbewoning, met net 294 huise vir 2 130 inwoners.

⁸¹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 137.

⁸² PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 135.



Die bruin en swart gemeenskappe het begin om hulle eie organisasies te stig, om hulle belangte verdedig.

Met die hulp van Mnr Sonny Leon van die Arbeidersparty (AP) is 'n deel van die bruin gemeenskap nie verskuif nie. In 1969 is 'n tak van die AP in Danielskuil gestig, onder leiding van Charlie McCarthy (voorsitter), Leslie Jenneke en Barney Strong. Later is Leslie Jenneke, werkzaam by Union Lime en die voorsitter van die Danielskuilse AP-tak, vir die eerste verkiesing van die nuwe (bruin) Raad van Verteenwoordigers in 1984 as AP-kandidaat vir die Noord-Kaap aangewys. Jenneke het 'n groot oorwinning behaal.⁸³

Sedert die ampsperiode van Senator DH van Zyl in die 1930s was mnr Jenneke die eerste Danielskuiler wat tot op parlementsvlak gevorder het. Danielskuil het toe prominent geword in die "Kleurlingpolitiek", en verskeie ministers van die Raad van Verteenwoordigers het die dorp besoek. In hierdie tye het die Danielskuil se Dorpsraad, onder die leiding van burgemeester Julius Gers, baie gedoen om dorpsfasilitete beskikbaar te maak vir bruin mense.

Maar swart mense was steeds op die agtergrond geskuif, omdat die amptelike regeringsbeleid was dat hulle politieke regte in die huislande moes geniet. Die enigste organisasies wat swart mense se belang in Danielskuil bevorder het was die vakbonde, onder leiers soos Joseph Tsatshene en Johnson Gopolang.

Tlhakalatlou woongebied het ook uitgebrei. In 1997 het De Beers 'n stuk grond met 'n waarde van R1,2 miljoen aan Danielskuil se munisipaliteit geskenk. Die grond het bestaan uit 47 ontwikkelde persele, 58 onontwikkelde persele, en drie skouhuise. Weens die afname van die diamantmark het Finsch myn nie meer soveel werkers nodig gehad nie, en daarom kon die grond geskenk word.⁸⁴

Tydens die burgemeesterskap van Mnr Julius Gers het hy verhoudings gebou met die bruin en swart gemeenskappe.



Gemeenskapsleiers 1987: Julius Gers (Burgemeester), met LJ Jenneke LP,
J de Koker, E Damoense en WA Jenneke

⁸³ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 111-114.

⁸⁴ Noordkaap, "De Beers skenk grond vir huise", 16 Julie 1997.



Teen die einde van die 1980s het die situasie in Suid-Afrika al meer plofbaar geword. Die “Driekamer Parlement”, wat aparte verteenwoordiging gegee het aan blankes, bruin mense in Indiërs, was verwerp deur die meeste organisasies in die bruin en swart woongebiede. Die stelsel van “aparte plaaslike regerings” was ook al meer onaanvaarbaar.

Dit sou 'n tydperk van mobilisering en geweld in meeste dorpe bring – insluitende Daniëlskuil.

DEMOKRASIE IN DANIELSKUIL: BLYDSKAP EN TRANE

Die politieke omwenteling van 1990 het elke gemeenskap tot in sy diepste nate geraak.

Die tydperk tussen die ontbanning van die ANC in 1990 en die aanvaarding van die interim Grondwet in 1993 was 'n periode van verreikende politieke verandering. Nuwe rolspelers het begin organiseer. Jare se frustrasie het uiting gevind in mobilisering.

In Tlhakalatlou het die gemeenskap sekere dienste geboikot om hulle grieve te lig. Een van die leiersfigure van die Tlhakalatlou Youth Cultural Movement was Mnr Jonah Willie.⁸⁵ Dit het uitgeloop op massa-optogte.

Mqolisi Gilbert (“Schoolboy”) Bosman, 28 jaar oud, was deur die polisie geskiet en verwond n 'n konfkontrasie tussen die polisie en die gemeenskap in April 1990, tydens 'n verbruikersboikot.⁸⁶ 'n Baie hartseer voorval was die dood van die sewearige Bolletjie de Wee op Sondag 15 April 1990. Sy was doodgeskiet deur die Danielskuil polisiemag. 'n Nie-winsgewende ligmaam, die Anti-Repression Committee (ARC) het 'n interdik teen die polisie aangevra.⁸⁷

**Sterftes in die Struggle:
'n Herdenkingsmuur in Tlhakalatlou**



Die interim Grondwet was in 1993 aanvaar, en die grootste verkiesing ooit in Suid-Afrika was op 27 April 1994 gehou – die eerste keer dat al die inwoners op gelyke voet 'n stem uitgebring het. Dit het groot opwinding, afwagting, en ook trepidasie en angs veroorsaak. Die demokratiese era het 'n tydperk van chaotiese politieke kompetisie in Danielskuil ingelui.

⁸⁵ DFA, 27 Maart 1990. Sien “DFA 25 years ago”, 27 Maart 2015.

⁸⁶ Truth and Reconciliation Commission: Final Report, vol. 7, bl. 37, <https://www.justice.gov.za/trc/report/index.htm>.

⁸⁷ DFA, 15 April 1990. Sien “DFA 25 years ago”, DFA 15 April 2015.



Die finale Grondwet was aanvaar in 1996. Intussen het daar 'n belangrike gebeurtenis plaasgevind – die munisipale verkiesing van 1995. Hierdie was gesien as 'n "oorgangsverkiesing", omdat sekere blanke voorregte nog verskans was in die kies-stelsel. Die blanke en bruin woongebiede het saam 50% van die finale setels getel, terwyl die swart woongebiede getel het vir die ander 50% van die setels.

Tussen 1995 en 2000 het elke dorp dus 'n Plaaslike Oorgangsraad gehad. Vir die eerste keer sedert die 1970s was blank, bruin en swart almal opgeneem in dieselfde munisipaliteit. Dit was 'n baie belangrike oomblik in die geskiedenis van Suid-Afrika, want vir die eerste keer was mense se identiteit as dorpenaars belangriker as hulle rasste-groepering. Hierdie was ook 'n belangrike verkiesing, want die twee groot opposisiepartye – die ANC en Nasionale Party – kon nou in dieselfde dorpe teen mekaar meeding.⁸⁸

Danielskuil en Lime Acres het saam 'n plaaslike raad gevorm, onder die tydelik naam "Dan-Lime". In Danielskuil was die Tlhakalatlou Swart Plaaslike Owerheid afgeskaf, en saam met Kuilsville het hierdie woongebiede deel geword van die nuwe "Dan-Lime" Dorpsraad. In hierdie verkiesing het die ANC ses setels gewen, die Nasionale Party twee, en die Konserwatiewe Party een setel.



**Mnr B Maseng,
Burgemeester, 1998⁸⁹**

Danielskuil se eerste inklusiewe Dorpsraad

Burgemeester: JT Louw

Onderburgemeester: Me E Blom

Raadslede: WB Maseng, A Matthews, GP McCarthy, Me SK Molao, GJHW Nieuwoudt, EM Sekang.

Stadsklerk: GW von Möllendorf

Stadstesourier: PJ Maass

Stadsekretaris: J Botha

Bibliotekaris: Me H Coetzer

Rekenmeesters: J Morebodi en M Kruger.



**Mnr G Lategan,
Waarnemende Stadsklerk, 1998**

⁸⁸ Verder het die landelike gebiede (die landboudistrikte) hulle eie landelike rade gehad, waar die blanke grondeienaars baie meer invloed gehad het as die bruin en swart plaaswerkers. Daar was twee landelike rade in Danielskuil se distrik.. Blinkklip Landelike Raad het drie Nasionale Party-setels opgelewer, met geen ANC setels nie. In die Lime Acres Landelike Raad het die ANC twee gewen, en 'n plaaslike organisasie een setel. (Inligting verskaf deur die SABC in 2000, vir interne doeleindes).

⁸⁹ Inligting en fotos: Gaffneys Group, *Official South African Local Government Yearbook 1997-1998*, bl. 391.



Na 1995 het die onderliggende krag van die ANC na vore gekom in Danielskuil. In die 1999 algemene verkiesing het die ANC 67% in Danielskuil (en die omliggende distrik) gekry; die Nuwe Nasionale Party maar net 17%; en die Demokratiese Party het nou verskyn met 6% van die stemme. Die enigste ander partye was Azapo met 45 en die IFP met amper 1%.⁹⁰

Die nuwe plaaslike regeringstel het nuwe uitdagings aan plaaslike verhoudinge gebring deur die hele Suid-Afrika. In verreweg die meeste gevalle was die senior amptenare in die munisipaliteit (soos die Stadsklerke) blankes, gewoonlik met toepaslike kwalifikasies en jare se ondervinding. Die nuwe munisipale rade was oorwegend swart of bruin mense, baiekeer met weinig of geen munisipale ervaring. Dit was partymaal moeilik om samehorighed te kry tussen hierdie rolspelers want hulle verwagtinge was heel uiteenlopend.

In 1997 het 'n verslag oor Danielskuil bevind dat net 'n klein persentasie van inwoners vir hulle munisipale dienste betaal, en dit het finansiële druk op die munisipaliteit geplaas. Samewerking tussen die raadslede was oor die algemeen goed, maar die raadslede het baie keer nie die volle aard en omvang van munisipale probleme verstaan nie. Dit was veral die geval rakende finansies en wetgewing.⁹¹

Die raadslede het ook gereeld hulle besluite verander, soos hulle nuwe inligting bekom het, of dat besluite volgens sekere raadslede se voorkeure geneem is.

'n Groot probleem was dat die verhouding tussen die raadslede en die stadsklerk versuur het. Die Dan-Lime Raad het begin om instruksies direk aan die amptenare te gee, wat die gesag van die stadsklerk ondermy het. Die raadslede wou ook nie staatmaak op die tegniese en finansiële advies van die stadsklerk nie.

In die jaar 2000 het die nuwe munisipaliteite vir die eerste keer verkiesings gehou. Danielskuil en Tlhakalatlou was nou verenig in die Kgatelopele Plaaslike Munisipaliteit. Dit sou die politieke verhoudings dramaties verander, want nou het blankes en bruin mense hulle verskanste 50% setels verloor. Mense van alle rassegroepe sou nou op dieselfde basis stem kompeteer.

Na die verbrokkeling van die eens magtige Nasionale Party, het die Demokratiese Alliansie (DA) na vore getree as die sterkste opposisie vir die ANC. In die 2000 munisipale verkiesing het die ANC 'n stewige meerderheid stemme gekry (62%) teenoor die DA se 29%. Die enigste ander kompeteerder was die Azanian People's Organisation (AZAPO) met sowat 10% van die stemme.⁹²

In die berekening van die setels het die ANC toe vyf setels gekry, die DA twee, en AZAPO een. Die ANC het al vier wyke gewen. As gevolg van die Proporsionele Verteenwoordiger (PV) sisteem, het minderheidspartye darem 'n totaal van drie setels uit die totaal van agt gekry.⁹³

⁹⁰ Syfers afgerond; verskaf deur die SABC in 2000, ongepubliseer.

⁹¹ RF Botha, "Institutional Appraisal: Danielskuil Transitional local Council", 1997, ongepubliseerde verslag vir die Afbakeningsraad.

⁹² Inligting verkry van www.elections.org.za, die regering se amptelike verkiesingskommissie.

⁹³ In elke Raad word 60% van die setels op 'n wyksbasis toegeken, en die ander 40% word saamgestel uit proporsionele verteenwoordiging (PV) van alle partye. Dit gee minderheidspartye 'n kans om darem 'n paar setels te kry.



In 2006 het die prentjie bietjie verander. Die ANC se meerderheid het vergroot (na 73% van die stemme). Die DA s'n het verminder na 9%. Die Onafhanklike Demokrate van Patricia de Lille het sterk vertoon teen omtrent 15%. AZAPO, wat 'n swart bewussyn-organisasie is, het glad nie meer in Danielskuil na vore gekom nie, en sy plek is ingeneem deur die baie meer gematigde African Christian Democratic Party (ACDP), met sowat 2%.

In die nuwe raad was die ANC sterker as tevore, met ses uit die agt setels. Die Onafhanklike Demokrate en DA het elk een setel gekry, weereens as gevolg van die PV stelsel. Die ANC het al die wyke gewen.

Maar probleme het opgedui op die Raad. Die klagtes het gegaan oor die stadige pas van behuisingsprojekte, swak finansiele bestuur, en korruksie. Die leier van die aksie was Gerald McCarthy, voorsitter van die Veterans in Danielskuil.⁹⁴ Alle pogings om die probleme te bespreek geignoreer was deur die Provinciale Premier. Teen November 2009 was daar soveel frustrasie met die Raad dat die gemeenskap beplan het om die hoofpad tussen Kuruman en Kimberley met brandende bande te blokkeer.

OPSTANDE EN GEWELD

Kgatelopele Munisipaliteit se politieke profiel het begin verander in 2011, toe minderheidspartye sterker na vore gekom het. In 2011 het die ANC se stemme verminder na 67% (vanaf 73% op sy hoogtepunt in 2006). Die DA se stempersentasie het dramaties verhoog na 22%. Die nuutgestigte Congress of the People (COPE) het sowat 5% van die stemme gekry. Die Raad se agt setels is toe as volg geallokeer: ANC het vyf gekry, die DA twee, en COPE een. Weereens het die ANC al die wyke se setels verower, en die minderheidspartye het staatgemaak op die Proporsionele Verteenwoordiging (PV) setels. Weereens is dit opvallend dat beide die DA en COPE redelik gematigde partye is.

Maar die verkiesing het erge konflik gebring. In 2011 het Danielskuil 'n vlaag gemeenskapsgeweld gesien, net toe die nuwe Raad begin funksioneer het.

Op 18 Junie 2011 was dit duidelik dat die gemoedere hoog geloop het. Een van die grootste brandpunte was die aanstelling van die nuwe Burgemeester van Kgatelopele Plaaslike Raad. Sy was Me Gloria Kgoronyane van Lime Acres. Sy het alreeds vyf jaar ervaring gehad as raadslid, waar sy vir Lime Acres verteenwoordig het. Sy was deur die ANC provinsiale leiers benoem as Burgemeester. Die Provinciale ANC het gewoonlik sulke strategiese besluite geneem, en hulle wou huis dat meer vroue leiersrol speel.⁹⁵

Maar daar was 'n sterk groep in Danielskuil wat gekant was teen Me Kgoronyane. Hulle het gevoel dat Kgatelopele Munisipaliteit baie min ontwikkeling gekry het in die 17 jaar van ANC regering, en dat daar korruksie was – veral by die toekenning van staatsbehuisings.⁹⁶

⁹⁴ DFA, "Illegal protest to block the road to Kuruman", 4 November 2009. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.

⁹⁵ DFA, "Mayor on the run", 20 Julie 2011.

⁹⁶ Die raadslid in Wyk 2 was verwyder nadat plaaslike mense die provinsiale ANC verwittig het dat hy besig was om staatshuise te verkoop, en dat hy 'n geskiedenis van diefstal gehad het. DFA, "ANC branch threatens to join opposition", 20 May 2011. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.



Sommige van Danielskuil se leiers het beweer dat Me Kgoronyane, wat van Lime Acres kom, glad nie die ervaring gehad het om 'n dorp soos Danielskuil te bestuur nie. Hulle het geglo dat die ANC sou voortgaan met korruksie omdat Me Kgoronyane nie bevoeg was om korruksie te stop nie. Die plaaslike ANC tak het Mnr Gerald McCarthy ondersteun as 'n beter kandidaat vir die burgemeesterspos.

Die plaaslike mense se eintlike frustrasie was dat die ANC se provinsiale strukture die besluit geneem het rakende ANC burgemeesters, en dat hulle die plaaslike mense se gevoelens misken het.⁹⁷ Die konflik was dus binne ANC geledere – tussen die plaaslike en provinsiale leiers. In hierdie moeilike tye het die Burgemeester van Danielskuil met lang tye net weggebly van die kantoor af.

'n Nuwe organisasie, die Kgatelopele Community Forum (KCF), was gestig deur Mnr Norman Prince en ander gemeenskapsleiers. Die ANC-tak het beweer dat die KCF net 'n ANC faksie was, en dat hulle gefrustreerd was dat hulle nie genomineer was as kandidate nie. Maar volgens Prince was die KCF oop vir lede van alle politieke partye, sowel as mense wat nie aan politieke partye behoort het nie Die Danielskuil Belastingbetalers Vereniging en die plaaslike Sakekamer het ook in daardie stadium behoort aan die KCF.⁹⁸

Mnr Norman Prince



Dit het dus geblyk dat die KCF binne-in die ANC gebore was, maar gou ontwikkel het na 'n meer outonome organisasie.

Toe nasionale en provinsiale ANC leiers in Danielskuil opdaag om die nuwe ANC Raad, onder Burgemeester Gloria Kgoronyane, geluk te wens, het hulle hulself in 'n penarie bevind. Die protesteerders het probeer om die besoekers te oortuig dat die hulle glad nie die nuwe Burgemeester sou aanvaar nie, want sy was nie van Danielskuil nie. Die besoekers was nie bereid om na hierdie vertoe te luister nie, en die situasie het vlamaar geraak. Die Minister het inderhaas weggegaan nadat protesteurs motors met klippe bestook het. Intussen was die provinsiale Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vasgekeer in 'n gemeenskapsaal met die ANC leier daarin vasgekeer. Uiteindelik moes sy, sowel as die nuutverkose Burgemeester en raadslede, onder swaar polisiegeleiding weggelei word.⁹⁹

Op 22 Junie 2011 het 'n plaaslike ANC-groepering die munisipale gebou en gemeenskapsaal aangevuur.¹⁰⁰ Toe een persoon gearresteer is, het die protesteerders gedreig dat hulle die polisiestasie sou afbrand as die persoon nie vrygelaat word nie. Agt mense is gearresteer.

⁹⁷ DFA, "A mayor on the run", 20 Julie 2011. Verslag deur Sarah Evans en Lizell Muller.

⁹⁸ DFA, "A new political power", 20 Julie 2011.

⁹⁹ *The Mercury*, "MEC dives for cover in heat of protest", 20 June 2011, written by Michael Mokoena.

¹⁰⁰ DFA, "Protesters set alight municipal buildings", 23 June 2011. Verslag deur Michael Mokoena.



Nog 'n rumoerige protesoptog het op 11 Julie 2011 plaasgevind. 'n Municipale voertuig en kantore was aan die brand gesteek. Ses mense is gearresteer, en het in die hof in Lime Acres verskyn. 'n Groep mense het buite die hof opgedaag om die aangeklaagdes te ondersteun, terwyl 'n helikopter bo die gebou gepatrolleer het.¹⁰¹

Intussen het die munisipaliteit verduidelik waarom sy dienste so swak was. Onder Burgemeester Gloria Kgoronyane se bestuur was verskeie vakatures nie gevul nie, so daar was 'n tekort aan bestuurders en werkers. Maar terselfdertyd was daar gerugte dat die Municipale Bestuurder, Poppy Rodriguez, haar eie salaris drasties opgestoot het – 'n bewering wat die raadslede verwerp het.¹⁰²

Op 29 Julie 2011 is die ANC se kantore met petrolbomme bestook, nadat die gemeenskap geweier het om 'n verslag te aanvaar wat 'n ANC taakspan opgestel het oor beweerde korruksie en maladministrasie by die munisipaliteit.¹⁰³ Die atmosfeer van geweld en intimidasie het vererger toe 'n petrolbom die ANC se kantore verwoes het. Die gemeenskapsleiers het hulle self daarvan gedistansieer.¹⁰⁴



Danielskuil, Augustus
2011:
Burgemeester Gloria
Kgoronyane en ander
amptenare besigtig die
skade aan die ANC
kantoor.

Teen einde Julie 2011 het die ANC in die Noord-Kaap besef dat daar wel legitieme grieve was in die Danielskuil gemeenskap. Hulle was toe bereid om met die plaaslike mense te kom praat. Volgens die Danielskuil gemeenskapsleier, Norman Prince, was dit presies waarvoor die plaaslike mense heeltyd voor betoog het. Prince het beklemtoon dat daar 'n voorwaarde was – die nuutgekose Burgemeester, Gloria Kgoronyane, en die municipale bestuurder, Me Poppy Rodriguez, moes afgedank word.¹⁰⁵ Die municipale amptenare het beweer dat die onrus gedryf was deur mense wat posisies in die munisipaliteit wou kry, en dat die Burgemeester nog nie 'n kans gehad het om haarself te bewys nie.¹⁰⁶

¹⁰¹ DFA, "NC protesters appear in court", 13 Julie 2011. Verslag deur Michael Mokoena.

¹⁰² DFA, "Council denies meeting over manager", 1 Julie 2011. Verslag deur M Mokoena.

¹⁰³ DFA, "No arrests made over bombing of ANC offices", 23 November 2011, Verslag deur M Mokoena.

¹⁰⁴ DFA, "ANC offices bombed", 1 Augustus 2011. Verslag deur M Mokoena.

¹⁰⁵ DFA, "Party leaders set to meet angry residents", 28 Julie 2011. Verslag deur M Mokoena.

¹⁰⁶ DFA, "Service delivery down to the bare essentials", 20 Julie 2011.



Die gemeenskap het steeds gemobiliseer teen die aanstelling van die burgemeester en munisipale bestuurder van buite die plaaslike gemeenskap. Op 4 Oktober 2011 is die munisipale kantore en raadsaal met petrolbomme beskadig.

Kort daarna, op 24 Oktober, het die KCF 'n stuk grond oorgeneem om dosyne huisies te bou. Die inwoners was uiters gefrustreerd omdat hulle moes huur in agterplase, terwyl daar wel grond beskikbaar was om hulle eie huise te bou.¹⁰⁷

Nog 'n openbare protes is gehou op 4 November 2011. Op 7 November 2011 het sowat 80 lede van die Kgateleopele Forum na die Noord-Kaapse Wetgewer gestap. Hulle het 'n petitie oorhandig om die Provincie gevra om die leiers van Kgateleopele Munisipaliteit te verwys.¹⁰⁸

7 Nov 2011: KCF
se opmars in
Kimberley



Die waarnemende munisipale bestuurder van Kgateleopele Munisipaliteit, Mr Gilbert Lategan, het aangedui dat dit ten minste drie maande sou neem om die munisipaliteit in 'n positiewe rigting te stuur. Hulle was van plan om die begroting te stabiliseer, die munisipale rekeninge uit te sorteer, dienslewering te verbeter, en die ontwikkelingsplan saam te stel.¹⁰⁹

Teen 2012 was die situasie by Kgateleopele Raad so benard dat die munisipale werkers nie hulle salaris geëkry het nie. Hulle het nie net gestaak nie, maar hulle het ook gedreig om die munisipale geboue te beskadig. Die KCF onder Norman Prince het die werkers ondersteun.¹¹⁰

Die KCF het self interne konflik ervaar. 'n Groep lede het Mr Norman Prince se voorsitterskap verwerp. Na 'n demokratiese verkiesing binne die KCF is Prince weer herkies. Die ander komiteelede was Zodwa Ngesi (ondervoorsitter,) Irene Franse (sekretaries), Simon Setlogelo (onder-sekretaris), en Frans Matthews.

Die KCF het steeds beklemtoon dat hulle die burgemeester, Me Kgoronyane, en die munisipale bestuurder, Me Rodriguez, se aanstellings verwerp. Die KCF het gedreig om met "rolling mass protests" voort te gaan.¹¹¹

¹⁰⁷ DFA, "Residents take over council land", 24 Oktober 2011. Verslag deur Michael Mokoena.

¹⁰⁸ DFA, "Town forum calls on Legislature to step in", 7 November 2011. Verslag deur Michael Mokoena.

¹⁰⁹ DFA, "Work to rebuild town begins", 25 April 2012. Verslag deur Michael Mokoena.

¹¹⁰ DFA, "Council fails to pay workers", 13 April 2012. Verslag deur Michael Mokoena.

¹¹¹ DFA, "Prince regains control of Community Forum", 14 Februarie 2012. Verslag deur Michael Mokoena.



Twee maande later het die Raad die Municipale Bestuurder, Me Rodriguez, inderdaad uit haar pos onthef. Terselfdertyd het die Finansiële Bestuurder ook haar bedanking ingedien. Daar was vrae oor haar rol in die R8 miljoen wat bestee is aan watermeters wat nooit geinstalleer was nie. 'n Amptenaar van die Siyanda Distriksmunisipaliteit, Mnr Gilbert Lategan, was toe aangestel as interim municipale bestuurder.¹¹²

Teen 2013 het die krisis in Kgatelopele Munisipaliteit vererger. Die Nasionale Tesourie het oorbetalings aan Kgatelopele se Raad opgeskort as gevolg van wanbestuur van gelde.¹¹³ Hulle het ook nie hulle jaarlikse finansiële state aan die regering oorgehandig nie.

Verskeie raadslede het die burgemeester, Me Kgoronyane, gekritiseer oor die wankelrige bestuur, veral nadat die kantoor van die Ouditeur-Generaal nie 'n audit-opinie kon uitspreek nie, as gevolg van die munisipaliteit se gebrekkige finansiële dokumentasie.¹¹⁴ Een van die brandpunte was die verhoogde salaris van die nuut-aangestelde municipale bestuurder, Morgan Motswana; 'n ander saak was die swak bestuur van die watermeter projek.

Mnr Norman Prince het voortgegaan met gemeenskapsmobilisering teen die Burgemeester.¹¹⁵ Wedersydse beskuldigings het oor en weer gevlieg tusssen Prince en die munisipale amptenare.

In Julie 2013 het die situasie 'n krisispunt bereik toe ontstoke inwoners die R31 deurpad afgesper het met klippe en brandende bande. Hulle het die skorsing van die Burgemeester en die munisipale bestuurder ge-eis. Volgens Mnr Prince was die mense woedend omdat mense van buite Danielskuil aangestel is. Die munisipaliteit het telkens nuwe bestuurders aangestel, wat nie plaaslike probleme verstaan nie.¹¹⁶

Twee dae later moes die polisie optree toe die protesteerders op loop gegaan het. Mnr Norman Prince was bedrywig as leier van die oproerige mense. Hy het gedreig dat die inwoners die munisipale gebou sou beset, en dat hulle die amptenare uit die dorp sou dryf.¹¹⁷ 'n Paar dae later het die oproeriges wel 'n munisipale kantoor afgebrand.¹¹⁸ Die polisie het rubber koeëls gebruik om woedende inwoners uitmekaar te jaag.

In Maart 2015 het die gemeenskap 'n opmars beplan teen beweerde swak dienslewering, nepotisme en korruksie by die munisipaliteit. Weereens was Norman Prince 'n leiersfiguur. Maar die opmars kon nie plaasvind nie want die polisie het dit gekeer. Die gemeenskap het alreeds 'n lys met griewe aan die munisipaliteit oorhandig.

Intussen het die munisipaliteit verskeie projekte aangepak, soos opgradering van waterwerke, stormwaterpype, strate en straatligte. In 2010 het Danielskuil se munisipaliteit die gesogte Blue Drop status gekry – die enigste munisipaliteit in die hele Noord-Kaap om dit reg te kry.

¹¹² DFA, "ANC downplays firing manager – forum", 24 April 2012. Verslag deur Michael Mokoena.

¹¹³ *Sunday Independent*, "Treasury penalises municipal bodies to the tune of millions", 27 Januarie 2013. Verslag deur Sibusiso Nkomo.

¹¹⁴ DFA, "Councillors turn on NC mayor", 18 Julie 2013. Verslag deur M Mokoena.

¹¹⁵ DFA, "'Coloured cabal' eyes council, says officials", 10 Julie 2013. Verslag deur M Mokoena.

¹¹⁶ DFA, "Town wants mayor's blood", 2 Julie 2013. Verslag deur M Mokoena.

¹¹⁷ DFA, "Leave our town if you want to live – residents warn mayor", 8 Julie 2013. Verslag deur M Mokoena.

¹¹⁸ DFA, "Residents burn municipal offices", 9 Julie 2013. Verslag deur M Mokoena.



Landwyd was Kgateleopele een van net 38 water-owerhede (uit 'n totaal van 787) om Blue Drop erkenning te kry.¹¹⁹ Vyf jaar later, in 2016, was Danielskuil een van die dorpe wat voordeel getrek het uit die massiewe Vaal Gamagara Waterskema opgradering, met 'n 430-km pyllyn vanaf Delportshoop op die Vaalrivier na Kathu in die noorde.¹²⁰

Maar die gemeenskap was ongelukkig met die terugvoering.¹²¹ Die konflik was steeds nie ontlont nie.

In April 2015 was daar weer geweld, toe die municipale kantore met 'n petrolbom beskadig was. Aangesien Danielskuil geen brandweer gehad het nie, het Idwala Lime en Petra Diamantmyn gehelp met brandbestryding.¹²² Dit was alreeds die derde gewelddadige incident sedert 2014. Alle municipale dienste was eensklaps onderbreek. Die Kgateleopele Community Forum, geleei deur Norman Prince, het hulself van die incident gedistansieer.¹²³

In Augustus 2015 het die KCF 'n "Swart Vrydag" massa-aksie en wegblly-aksie beplan, sowel as 'n opmars na die Danielskuil municipale kantore. Die grootste grief was oor hoë elektrisiteitsrekening, sowel as die aftrekking van agterstallige dienstegelde van elektrisiteit-aankope. Mnr Norman Prince, het hierdie maatreels beskryf as "onwettig, onkonstitusioneel, nie gebaseer op konsensus nie, en nie verpligtend nie". Die KCF het ook geglo dat die kontrakteur wat kragbokse sou vervang, gekoppel was aan die ANC.

Die Kgateleopele municipale bestuurder, Mnr Motswana, het verduidelik dat kredietbeheer toegepas moes word omdat die municipaliteit ernstige finansiële probleme gehad het. Die kontrakteur was aangestel deur die versekeringsmaatskappy om die beskadigde municipale gebou te herstel.¹²⁴ Maar weereens het die KCF gewaarsku dat die municipale bestuurder moet bedank indien die saak nie reggestel word nie, en het voortgegaan om 'n massa-optog te beplan.¹²⁵



Die gemeenskaps-verteenwoordigers vergader met die Kgateleopele Raad, Maart 2015.

¹¹⁹ DFA, "Sol water drinkable but can still be improved", 22 April 2010.

¹²⁰ DFA, "Construction of massive water scheme kicks off", 24 Oktober 2016.

¹²¹ DFA, "March halted as town gives feedback", 2 Maart 2015. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.

¹²² DFA, "Municipal offices petrol-bombed", 14 April 2015. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.

¹²³ DFA, 17 April 2015.

¹²⁴ DFA "Forum sees red over deductions", 25 Augustus 2015. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.

¹²⁵ DFA, "Community march will go ahead", 27 Augustus 2015.



Teen 2016 was dit alweer verkiesingstyd. Voor die verkiesing het gemoedere hoog geloop. Daar was gerugte dat die ANC miskien sy meerderheid sou verloor in Kimberley, Upington en Danielskuil, en mense het gewaarsku teen moontlike geweld.¹²⁶

In die 2016 verkiesing het die ANC se stempersentasie vir die eerste keer gedaal tot minder as 50%, toe die party omtrent 43% van die stemme gekry het. Die DA het sy totaal opgestoot na 28% (vanaf 22% in die vorige verkiesing). Die Kgatelepele Community Forum (KCF) was kort op die DA se hakke met amper 22%.¹²⁷

Vir die eerste keer het die ANC wyke afgestaan – een aan die DA en een aan die KCF. Op die Raad (nou sewe setels) het die ANC 'n totaal van drie setels gehad, teenoor die twee van die DA en twee van die KCF. Dit het beteken dat die Raad nou nie 'n duidelike oorwinnaar gehad het nie.

Hierdie politieke krisis in Danielskuil het 'n moorddadige nadraai gehad.

DONKER SKADUWEES OOR DANIELSKUIL

Klein dorpies is nie altyd rustig en vreedsaam nie. Hulle kan vreesaanjaende maalkolke van geweld en konflik word.

Net na die 2016 munisipale verkiesing is een van die suksesvolle kandidate, Mnr Johannes Baadjies, koelbloedig vermoor. Op 17 Augustus 2017, die dag net voor Mnr Baadjies ingesweer sou word as 'n Raadslid in die Kgatelepele Plaaslike Raad, is hy en sy vriend, Shuping Nouse, deur 'n groep politieke opponente gelok na 'n verlate plek op die pad tussen Groenwater en Postmasburg. Daar is hulle doodgeskiet. Mnr Baadjies is op slag oorlede en die jong Mnr Nouse is later in die hospitaal oorlede. Mnr Baadjies se hande en voete was met draad vasgebind.¹²⁸

Mnr Johannes Baadjies, wat sy lewe verloor het in sy demokratiese strewe



Die tragedie het die gemeenskap van Danielskuil geruk. Die incident was ook veroordeel deur die nasionale ANC.¹²⁹

¹²⁶ DFA, "Violence will not be tolerated", 3 Augustus 2016.

¹²⁷ Ander minderheidspartye was die Vryheidsfront Plus (VF+), die Patriotic Alliance (PA), die Economic Freedom Fighters (EFF) en AZAPO. Inligtingsbron: www.elections.org.za. Persentasies afgerond.

¹²⁸ DFA, "Executed", 19 Augustus 2016.

¹²⁹ Weekend Argus, "Killers of councillor must pay – Mantashe", 11 September 2016. Verslag deur B Ndaba.



Na 'n hofstaak het die Regter-president van die Noord-Kaap Hooggereghof die uitspraak gegee waarin vyf beskuldiges skuldig bevind is. Hy het genoem dat Baatjies gerespekteer en gewild was in die Danielskuil gemeenskap. Daarom wou sy politieke opponente hom verwyder, sodat hulle steeds toegang tot tenders kon kry.¹³⁰ Hierdie koelbloedige moord het getoon hoe diep Danielskuil in 'n geweldskringloop gedompel was.¹³¹

Na die moord het die DA bevestig dat Mnr Baadjies doodsdreigemente gekry het na sy oorwinning in die munisipale verkiesings. Die twee DA raadslede en twee KFC raadslede sou 'n koalisie gevorm het om die munisipaliteit uit die ANC se beheer te kry.

Hierdie verskriklike moord herinner ons aan 'n vorige dramatiese moord in Danielskuil se geskiedenis – die Burness moorde op Bo-plaas.¹³²

Die Burness-moorde in Boplaas : 1878

Teen 1878 het die Tswana en Griekwa begin agterkom hoeveel grond hulle sou verloor met die Koloniale oornname van Griekwaland-Wes. Hulle het in opstand gekom.

John Burness, sy vrou Mary, en sy broer, James, het in 'n klein opslaanhuisie in Boplaas gebly waar hulle ook handel gedryf het. Die blankes in Danielskuil het begin gerugte hoor dat hulle lewens in gevaar mag wees, maar hulle het dit nie geglo nie. Op 25 Mei 1878 is die Burness broers se huis omsingel. Gewapende mans het op hulle losgebrand, en al drie is doodgeskiet. Hulle huis en winkel is beroof, en die moordenaars het na die Langeberg gevlug.

Die Burness familie was geken as vredeliewende mense. Mary het 'n klein skooltjie bedryf. Maar die aanstellings van die twee broers as veldkorнет (wat gehelp het met landmeterbakens vir grondaankope) en skutmeester het hulle miskien teikens gemaak het vir die rebelle.

'n Jong veewagter, Abram Bloemberg, het ander potensiele slagoffers gewaarsku, soos Mev Roux en haar ses kindertjies, en John Chapman van Ouplaas. Abram se dapper optrede het hom die held van die treurspel gemaak.

Twee Tswana mans is skuldig bevind en ter dood veroordeel, maar dis later versag na lewenslange tronkstraf. Die Burness slagoffers is in Boplaas begrawe.

Die tragiese ironie is dat Mnr Baadjies – en die Burness slagoffers - baie progressiewe en hulpvaardige mense was, en gewerk het die Danielskuil gemeenskap te bevorder.

¹³⁰ DFA, 15 May 2020.

¹³¹ News24, "DA Councillor's murder a cold-blooded assassination", 18 August 2016. Mnr Baaitjies was getroud met drie seuns. Mnr Nouse het 'n ma en 'n gestremde kind agtergelaat. Die beskuldigdes was die ANC taksekretaris in Danielskuil, Zonisele Magawu (29), 'n kandidaat in Wyk 1; die wyk was verower deur die KCF (Cape Times, "ANC official appears in connection with DA Councillor assassination", 23 Augustus 2016). Magawu was alreeds aangekla van diefstal van wapens in 'n vorige incident (DFA, "Fingerprint links ANC man to murder", 29 Augustus 2016). Die ander beskuldigdes was Matthews Legodu, 'n plaaslike sakeman met belang in konstruksie, en betrokke by vorige behuisingtenders; Charles Mpondonisa; en Richard Hasana.

¹³² PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 29.




In Mei 2020 het is al vyf van die ander beskuldiges wel skuldig bevind in die Baadjiesmoordsaak.¹³³

Die dood van Mnr Baadjies het 'n 'n dooiepunt op die Raad veroorsaak, omdat geen party nou 'n meerderheid gehad het nie. Die ANC het drie raadslede gehad, en die DA/KCF koalisie het saam drie gehad (na die afsterwe van Mnr Baadjies). Om die dooiepunt op te los en 'n burgemeester te kies, was 'n muntstuk loot gebruik.

Norman Prince het die loot gewen en die nuwe Burgemeester geword. Hy was steeds die voorsitter van die Kgatelepele Community Forum (KCF), en het met die Demokratiese Alliansie saamgewerk. Mnr Prince het groot planne vir Danielskuil se infrastruktuur voorgestel.¹³⁴

Die dood van Mnr Baadjies het ook beteken dat Wyk 2 'n tussenverkiesing moes hou, wat die DA toe klinkklaar gewen het. Die nuwe Raadslid was Mnr Ebrahim Sulliman, van die bekende Sulliman familie in Danielskuil. Hy was tevore 'n lid van die Noord-Kaap Provinciale Wetgewer, en 'n lid van die Parlement. In sy loopbaan was hy ook die skoolhoof by Kuilsrivier Hoerskool, en was baie betrokke by gemeenskapsake en boerdery.

Die suksesvolle DA-kandidaat, Mnr Ebrahim Sulliman (regs), met die nasionale DA-leier, Mmusi Maimane, na die verkiesing¹³⁵



VERWARRING EN KONFLIK

Mnr Norman Prince se rol in Danielskuil se politiek was nie sonder konflik nie. Binne 'n jaar het die KCF geskeur, met sekere leiers wat vir Prince beskuldig het van wangedrag en oneerlikheid. Hy was summier uit die organisasie ontslaan – en Prince het dit in die hof beveg.¹³⁶

¹³³ DFA, "Accused found guilty of DA man's murder", 15 Mei 2020, verslag deur Sandi Kwon Hoo.

¹³⁴ DFA, "The toss of a coin picks new Kgatelepele mayor", 6 September 2016.

¹³⁵ DFA, "Landslide win for DA in slain man's ward", 11 November 2016.

¹³⁶ DFA, "Application to remove forum head postponed", 2 Junie 2017. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.



’n Maand later het die opponente van Prince ’n optog beplan om hom uit sy burgemeesters-amp te lig.¹³⁷ Die KCF lede het hom aangeval oor beweerde gebrek aan dienslewering, en dat hy sy eie magsbasis gebou het binne die munisipaliteit. Maar Prince het sy opponente beskuldig dat hulle net tenders wou kry.

’n Jaar later was daar ’n mosie van wantroue in Mnr Prince.¹³⁸ Sekere sake het kommer geskep by die raadslede. Daar was die onwettige vergroting van die sanitasie tender, en die onwettige aanstelling van vriende by die munisipaliteit. Raadslede het beweer dat dienslewering verswak het, en dat die munisipaliteit nog nie ’n ontwikkelingsplan ontwikkel het nie. Mnr Prince het die aantygings verwerp. ’n Maand na die mosie van wantroue het Prince steeds beweer dat hy die burgemeester is, al het die KCF geskors.

In 2018 is ’n nuwe ANC raadslid, Mnr Rodney Lessing, deur die ANC benoem as die nuwe raadslid in die plek van Paulus Mgcerwa, een van die beskuldigdes in die Baadjies moordsaak.¹³⁹ ’n Struweling het toe ontstaan tussen die ANC op plaaslike vlak en op provinsiale vlak. Die provinsiale ANC wou Mnr Lessing ontslaan, en Mnr Mgcerwa weer terug in die Raad kry. Die saak teen Mnr Mgcerwa was teruggetrek deur die Vervolgingsgesag. Hy was dus nie skuldig bevind nie – maar ook nie klinkklaar onskuldig bevind nie. Die opposisiepartye het gewaarsku dat enige poging om Mnr Mgcerwa weer in die Raad aan te stel sal lei tot gemeenskapsproteste.¹⁴⁰ Mgcerwa het nie weer sy raadsetel gekry nie, maar is in 2020 verkies tot die pos van burgemeester in die ZF Mgcau Distrikstraad.¹⁴¹

Teen 2021 het die verhouding tussen die KCF en die DA versuur. Die KCF het toe sy steun aan die ANC gegee. Die KCF was ontwrig deur interne konflik, en sy vooruitsigte voor die 2021 verkiesing was nie rooskleurig nie.¹⁴²

Intussen het sosiale probleme in Danielskuil vergroot.

Die bevolking van Danielskuil het skerp gegroeи tussen 1980 en 2010. In 1985 was daar omstreng 7 500 mense in Danielskuil; tien jaar later, in 1995, was daar omstreng 10 000 – ’n toename van feitlik 33%.¹⁴³ Teen die jaar 2000 was daar ’n verdere duisend mense, wat die bevolking op 11 000 gebring het.¹⁴⁴ Teen 2011 was daar 13 600 mense in Danielskuil.¹⁴⁵

Gelukkig het die plaaslike ekonomie ook gegroeи: In 1998 was daar darem 40 besighede, vier ligte nywerhede en vier swaar nywerhede. Maar al hierdie werkers moes blyplek kry – en dit was die kern van die probleem.

¹³⁷ DFA, “March aims to oust NC Mayor”, 18 Julie 2017. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.

¹³⁸ DFA, “Motion of no confidence in ‘missing’ Kgatelopele mayor”, 14 September 2017.

¹³⁹ Mnr Mgcerwa was ’n proporsionele verteenwoordiger (PV) raadslid, en daarom was ’n wyksverkiesing nie nodig nie.

¹⁴⁰ DFA, “ANC orders reversal of NC councillor’s removal”, 20 Julie 2018. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.

¹⁴¹ DFA, “Ex-murder accused elected as mayor”, 12 Maart 2020, verslag deur Sandi Kwon Hoo.

¹⁴² Daily Maverick, “The key parties in local elections”, 2 Okt 2021. Verslag: W Sussman en K Mafolo.

¹⁴³ Gaffney Group, *Official South African Local Government Yearbook*, bl. 704.

¹⁴⁴ Gaffney Group, *Local Government in South Africa 2000/1, 2002*, bl. T214.

¹⁴⁵ <https://www.statssa.gov.za/>.



Enige nuwe woonbuurt neem 'n lang tyd om te beplan. Die grond moet baiekeer gekoop word van privaat eienaars, dan moet infrastruktuur beplan, befonds en voorsien word. Daarna moet geld gekry word om die huise te bou. Dit neem baie keer jare om alles te doen – maar die munisipaliteit was onder erge druk om dit vinniger af te handel.

Nog 'n probleem is dat soveel van Danielskuil se oppervlakte op dolomiet-rots rus, en daarom heel onveilig is om huise daar op te rig. Daar kan enige tyd sinkgate voorkom, wat huise kan laat opbrek en selfs lewens in gevaar kan stel. Jare later, in 2019, het die Kgatelopele Ruimtelike Plan aangedui hoe moeilik dit is om veilige areas te identifiseer vir behuising.¹⁴⁶

Vanaf 2011 het mense onwettig grond beset om huise te bou, en die Munisipaliteit moes dit keer met 'n hofbevel.¹⁴⁷ Die behuisingsnood was ook beklemtoon toe ongeveer 500 mense in 2019 onwettige strukture opgerig het in die ou gholfbaan. Die munisipale bestuurder, Mn Monde January, het aangedui dat die dorpsraad huis hier wou huise bou, al het plaaslike inwoners gewaarsku dat daar 'n risiko van vloede en sinkgate is.¹⁴⁸

Die mense wat
die munisipale
grond
binnegevaar het



Daar was ook maatskaplike probleme. Meer as 35% van die hoofde van huishoudings was vrouens – 'n situasie waar daar die jeug baiekeer nie in goeie omstandighede grootword nie. In Maart 2019 is twee hoërskool leerlinge in in Danielskuil met messe doodgesteek in 'n rusie. Bende-geweld en dwelmmiddels was buite beheer.¹⁴⁹

In 2019 was Kgatelopele Plaaslike Raad een van die Noord-Kaap rade wat so swak presteer het dat die Provinciale Regring moes ingryp.¹⁵⁰ Kgatelopele Plaaslike Raad was een van ses munisipaliteit in 2020 waaroer daar net nie genoeg behoorlike dokumentasie was vir die ouditeure om 'n mening te gee nie. Dit het aangedui dat die rekenkundige stelsels van die munisipaliteit baie swak was.¹⁵¹

¹⁴⁶ Kgatelopele Local Municipality, *Spatial Development Framework*, 2019. <https://kgatelopele.gov.za>

¹⁴⁷ DFA, "No arrests made over bombing of ANC offices", 23 November 2011. Verslag: Michael Mokoena.

¹⁴⁸ DFA, "Land invaders flock to town", 7 Oktober 2019. Verslag deur Norma Wildenboer.

¹⁴⁹ DFA, "Two pupils killed as gang violence spirals, 1 Maart 2019. Verslag deur Sandi Kwon Hoo.

¹⁵⁰ DFA, "Overspending threatens NC's future, says MEC", 11 September 2019

¹⁵¹ DFA, "'Horrific' AG report on municipalities", 26 Junie 2020.



NUWE HOOP OP DANIELSKUIL

In die 2021 munisipale verkiesing het die KCF glad nie gestaan vir die verkiesing nie. Die ANC het vyf uit die agt wyksetels verower (daar was altesaam 14 setels). Die opposisie het bestaan uit die DA (wat twee setels gekry het), die Patriotic Alliance (met twee setels), die Vryheidsfront Plus (met een setel), en die EFF (met een setel).¹⁵²

Die ANC het 47% van die stemme gekry – baie na aan 'n algemene meerderheid. Die DA het teruggesak tot 17%, en die Patriotic Alliance het ook net meer as 17% gekry. Die PA het dus 'n groot deel van die DA se steun weggelok.

In die Noord-Kaap was daar verskeie plaaslike rade sonder 'n duidelike meerderheid.¹⁵³ Kgatelopele het dieselfde ervaar. In baie van die rade het die ANC 'n koalisie gevorm met plaaslike sosiale organisasies; dit was ook die geval in Kgatelopele. Maar die ANC het 'n alliansie gevorm, met die Patriotic Alliance. En weer beheer geneem oor die Raad.



Links: Die nuwe Burgemeester van Kgatelopele Raad:
Rdl Irene Williams, 'n Beskeie persoon met sterk
persoonlikheid¹⁵⁴

Burgemeester Williams het nuwe bestendigheid aan die Kgatelopele Raad en munisipaliteit gegee.

Daar is nou hoop vir gemeenskapsontwikkeling en vooruitgang.



¹⁵² www.elections.org.za.

¹⁵³ Dit het tien plaaslike rade ingesluit: Siyancuma (Douglas/Griekwastad/Campbell) en !Kheis (Grobblershoop), Gamagara (Kathu/Olifantshoek/Deben), Hantam (Calvinia), Karoo-Hoogland (Williston/Sutherland/Fraserburg), Kareeberg (Carnarvon/Vanwyksvlei), Thembelihle (Hopetown/Strydenburg), en Siyathemba (Prieska)

¹⁵⁴ Foto: Twitter.



DEEL 2: Kinders van die Kuil





INLEIDING: 'N SKATKIS VOL MENSE-STORIES

Danielskuil is nie 'n baie ou dorp nie, maar wel 'n baie ou nedersetting.

Maar die kultuurerfenis van Danielskuil bestaan natuurlik nie net uit geboue nie. Die Kuil maak ook deel uit van hierdie erfenis, nes die begraafphase.¹⁵⁵ En mense se stories.

'n Mens kan die begraafphase van Danielskuil lees soos 'n geskiedenisboek... 'n boek wat byna tweehonderd jaar teruggaan.



Op die voormalige "blanke begraafplaas" in Parkstraat is die graf van Margaretha Olwage, gebore op 5 Julie 1838, toe die dorp nog 'n Griekwakapteïnskap was.¹⁵⁶



In die Kuilsville begraafplaas is die grafte van al die groot bruin en Griekwa families van Danielskuil: die Haais, die Koks, die Louws, die Jennekes en die Van Wyks.

Daar is ook ongemerkte grafte en grafte met net 'n nommer op. En omdat die munisipale begrafnisregisters nie volledig is, is dit nie altyd bekend wie lê waar nie.

Natuurlik is nie almal wat gebore is op Danielskuil ook hier begrawe nie. Baie mense het weggetrek van die dorp. En dan is daar families wat al vir generasies op Danielskuil bly maar nie hier begrawe wil word nie. Soos die Sulliman familie, wat grafte het in die Moslem begraafplaas in Kimberley.

¹⁵⁵ Begraafphase is "kulturele landskappe"; die kenmerk van 'n kulturele landskap is dat dit deur mense beheer word. Sien L. Rabe: Grave Matters: cemeteries as cultural landscapes – the German cemetery in Philippi, *South African Journal of Cultural History* 30(1), July 2016, pp. 23-41

¹⁵⁶ Barend Barends het sy regte op Danielskuil in die 1830's verkoop aan Andries Waterboer, wat in Desember 1852 opgevolg is as kaptein deur sy seun, Nicolaas Waterboer. Foto: eGGSA Library, https://graves-at-eggsa.org/main.php?g2_itemId=1027681.



Links: Graf 5642, Kuilsville begraafplaas.

Onder: In die noordelike begraafplaas, sowel as Tlhakalatlou se begraafplaas, is daar baie moderne grafstene.



Die enigste tasbare herinnering aan kaptein Barend Barends en sy tyd is die Kuil, die natuurlike krater in die kalksteenformasie op wat op Daniel Pienaar se plaas was. Dit is tans skaars ses meter diep, omdat die grond ingeval het. Dit was egter vroeër veel dieper, na bewering selfs meer as twintig meter.¹⁵⁷ Die Kuil is deesdae oorgroei deur bossies en afgekamp met lemmetjiesdraad.



Dit moet toeganklik en skoongemaak word, want die Kuil is van groot kultuurhistoriese betekenis vir Danielskuil. In die 1980's het dit gelyk of dit tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar sou word, maar dit het toe nooit gebeur nie.¹⁵⁸

Junie 2021: Gemeenskapswerkers maak Kuilsville se begraafplaas skoon

¹⁵⁷ PHR Snyman, "Danielskuil – die tronk-mite", in: *Contree: Tydskrif vir Suid-Afrikaanse stedelike streekgeschiedenis* 17 (Januarie 1985), bls. 21-24, 21.

¹⁵⁸ PHR Snyman, "Danielskuil – die tronk-mite", bl. 24.



Die ander kultuurskat van Danielskuil is die *ontasbare* herinneringe van mense - die stories wat hulle kan vertel oor die geskiedenis van die dorp. Party van die "grootmense" (oues van dae) onthou nog die oorspronklike dorp, en ken nog die ou mites en tradisies van die inwoners.

Hier word die stories vertel van mense wat lang jare op Danielskuil gebly het. Party van hulle is hier gebore, ander het van die plase af dorp toe gekom. Ons sien stukkies en brokkies geskiedenis van die laaste vyftig jaar deur die oë van hierdie mense, aangevul met inligting oor hul families wat gevind kan word in die argiewe.

Dit was, terloops, nie by al die families moontlik nie. Party families is onvindbaar in die argiewe.

Hierdie boek is nie net 'n geskiedenisboek nie. Dit gaan ook oor hoe die mense die verlede ervaar het - oor die lekkerkry en seerkry in die ou dae, die stories wat hulle gehoor het by hul grootouers en wat hulle oorvertel aan hulle kleinkinders, soos die verhaal van die Kuil, want party mense dink dat Kaptein Andries Waterboer dit in die 1800's gebruik as 'n tronk. Dan is daar die storie van die stamvader van die Sulliman familie, wat as 'n slaaf Suid-Afrika toe gekom het. En dan is daar die storie van die "watermeid" en die waterslang wat al vir eeue deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse kultuur. Sy het verskyn in die fonteine om Danielskuil.

Ons moedig inwoners (en ander lesers) om hulle eie familiestories op te skryf. Op bladsy 182 beskryf ons die baie nuttige hulpbron, www.familysearch.org. Ons het daardie bron gebruik om die Danielskuil families in Deel 2 te verryk.

Baie dankie aan die mense van Danielskuil wat ons te woord gestaan het, en inligting gedeel het! So bring ons hulde aan die mense wat voor ons die lewenspad gestap het.





DIE HAAI FAMILIE

Maria Catherine Malouly en Bartholomew Isaac Haai het vier dogters gehad – Zenobia van Wyk, Juliana Companie, Shirley Lottering en Rachel Jansen. Die vier susters, wat die nooiensvan Haai deel, was kleindogters van Maria Francina Koopman en Bartholomeus Jacobus Haai, wat van 1918 tot 1963 gewerk het as predikant van die Londense Sendinggenootskap op Danielskuil.

Die groot-groot-oupa van Zenobia en haar susters was Cobus Haai, getroud met Martha Koopman.¹⁵⁹ Cobus is omtrent 1830 gebore in Griekwastad en het afgesterwe op 23 Februarie 1880 op sy plaas Vlakfontein, oos van Griekwastad en net noord van Schmidtsdrif. Hy het die plaas besit, en hy het gedien in die Kapteinsraad van Niklaas Waterboer.¹⁶⁰

Bart Haai se familie kan tot die middel 1800s nagespeur word:

Cobus Haai Gelewe in Griekwastad 1830 tot 1880	Getroud met	Martha Koopman
Isaac Jacobus Haai Gebore Griekwastad 9 Jan 1854 Oorlede Danielskuil 24 Des 1935 Tuinboer	Getroud met	Catharina Maria Koopman Gebore Carnarvon, Des 1859 Oorlede anielkskuil 16 April 1928 Tuinboer
Bartholomeus Jacobus Haai Gebore 5 September 1883 Oorlede 8 Oktober 1967 Predikant & Tuinman (Foto: Moffat Mission)	Getroud met (1)	Maria Wilhelmina Fransina Koopman Gebore Danielskuil, 1883 of 1884 Oorlede 28 Feb 1937
	Getroud met (2)	Rachel Wilhelmina van Wyk, 1911 - 1989
Bartholomeus Isaac Haai 1923 – 2013	Getroud met	Maria Catherine Malouly 1933 - 2010
Dogters: (1) Zenobia (gebore 1965)	Getroud met	Van Wyk
(2) Juliana (gebore 1969)	Getroud met	Companie
(3) Shirley (gebore 1973)	Getroud met	Lottering
(4) Rachel (Gebore 1976)	Getroud met	Jansen

¹⁵⁹ Net soos Bart ook met 'n nooi Koopman sou trou.

¹⁶⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 23 en 28. Isaac Haai en Lambert Janse het albei gedien in die kapteinsraad van Niklaas Waterboer.



High Court,
Griqualand West.

DEATH NOTICE,

Pursuant to the Provisions contained in Section 9, Ordinance 104.

1.—Name of the Deceased. *Cobus Haai*

2.—Birth-place of the Deceased. *Griquatown*

3.—Names of the Parents of the Deceased. — *not known*

4.—Age of the Deceased. *about 50 years*

5.—Condition in life. *Griqua farmer*

6.—Married or Unmarried, Widower or Widow. *Married to
Martha Koepman (survivor)
about 1865*

7.—The day of the decease.

8.—At what House, or where the Person died. *Griquatown*

9.—Names of the Children of Deceased, and whether
Minors or Majors.

<i>Rachel Haai</i>	<i>Moya</i>
<i>Samuel Haai</i>	"
<i>Maria Haai</i>	"
<i>Lena Haai</i>	"
<i>Jet Haai</i>	"
<i>Isaac Haai</i>	"

10.—Whether Deceased has left any Property, and of
what kind.

Now 1880 *Farm Vlakfontein*
Isaac Haai son of deceased

Cobus se sterfkennis, wat aandui dat hy omtrent 50 jaar oud was toe hy afgesterv het. Hy en Martha het in omtrent 1865 getrou. Dit is nie bekend waar Cobus Haai begrawe was nie – heel moontlik op sy plaas Vlakfontein.



Isaac en Katrina se seun Bartholomeus Jacobus Haai was as eksekuteur aangestel.¹⁶¹ (Katrina Maria Koopman is op 2 Desember 1859 gebore in Carnarvon). Isaac se graf is die Kuilsville begraafplaas in Danielskuil. En 'n mens kan dit nie miskyk nie.

Die grafskrif lui:
*Tot minsame gedachtenis van
 Isaac Jacobus Haai
 Geb 9 Jan 1854 Oor 24 Des
 1924*
 Isaac Haai was die vader van
 Eerwaarde Bartholomeus Haai



Wat hierdie graf besonders maak, is die swastika op die grafsteen, in 'n krans van rooi en wit klippertjies wat lyk soos blomme. Die haakkruis laat moderne mense laat dink aan die Duitse Nazis in die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945). Maar Isaac is gebore in 1924, 'n paar jaar voor die Nazis aan bewind gekom het. Eintlik was die haakkruis altyd gebruik as 'n teken van geluk, voorspoed en die soektog na waarheid. In Amerika, byvoorbeeld, is die swastika gebruik deur Coca Cola, Carlsberg bier en selfs die Boy Scouts.¹⁶²

Isaac Haai het ses kinders gehad: Bartholomeus Jacobus Haai (later prediker vir die LMS; Magdalena Majara, Juliana Kruger, Jacobus Johannes Haai, Willem Isaac Haai, en Maria Rosina Jenneke, soos aangedui op sy sterfkennis hieronder:¹⁶³

¹⁶¹ South Africa, Cape Province, Kimberley, Probate Records of the Supreme Court, 1871-1937, image 1161 of 1486, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C91Q-DQSQ-D?i=1160&cc=2521616&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AQ2HT-5WC1>.

¹⁶² MJ Campion, "How the world loved the swastika – until Hitler stole it", <https://www.bbc.com/news/magazine-29644591>.

¹⁶³ <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C91Q-DQQV-D?i=1166&cc=2521616&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AQ2HT-5HWD>, beeld 1167 van 1586.



Vryheid M.H.G. T.
24 AUG 1934
Folio 157A

STERFKENNIS.

Volgens die Voorskrifte vervat in die Boedelwet, 1913.

1. Naam van die Oorledene. Isaac Jacobus Haai
also written Isaac Haai Jacobus' son

2. Geboortepleas en Nasionaliteit van Oorledene. Griquatown K.P. Kleurling.
 Vader: Jacobus (Koos) Haai
 Moeder: Martha (Koopman) Haai

3. Naam en Adres van die Ouers van die Oorledene. Griquatown Hay K.P.
 Moeder: Danielskuil Dist., Barkly West K.P.

4. Ouderdom van Oorledene (85 1/4) 70 jaar (9^{de} Januarie) 11 1/2 maande.

5. Beroep van die Oorledene of, as sy 'n vrou was, van haar egenoot Tuinboer

6. Gewone woonplaas van die Oorledene of, as sy 'n vrou was, van haar egenoot } Danielskuil Barkley West K.P.

7. Gehoud of ongehoud, wewenaar of wewens. G. getroud oorlede 24^{de} Desember 1924.
 (a) Naam van oorblywende egenoot, en of in gemeenskap van goedere gehou of nie. Natrina Maria (Koopman) Haai
 in gemeenskap van goedere getroud 1915/8

(b) Naam of naam en, so na moontlik, die dag van oorblywende voorhele egenoot of egenotes } Kuruman K.P.

(c) Plek van laaste lewens. op 24^{de} Desember 1924.

8. Sterfdag: Huis, Erf No. 74.

9. Sterfplek. Dorp of Plaas Danielskuil
 Distrik Barkley West

10. Name van kinders van oorledene en of hulle meerderjarig of minderjarig is. 1. Bartholomeus Jacobus Haai 11. Jacobus Johannes Haai
2. Magdalena (Haai) Majara 3. Willem Isaac Haai
4. Julianus (Haai) Kruger 6. Maria Rosina (Haai) Je
Almal meerderjariges

Geskeel word die name op van die kinders wat uit die vryheidlike lewe is, en vermail die geslachtsdag van elk kinderjarig. Aanstaan moet volgt geslyp word. Wanneer daar geen kinders is dan is dit en om die hande van die vroue van die huus en suster van die Oorledene.

11. Het die Oorledene losse goedere nagelaat? Ja, Los goed is nagelaat.

12. Het die Oorledene vaste goedere nagelaat? Ja, was goed is nagelaat.

13. Is die boedel na skattung meer as R200 word? Nee, minder as die honderd pond.

14. Het die Oorledene 'n testament nagelaat? Ja, in testament nagelaat

Gedateer op Danielskuil: Dit is oorhandig aan die meester. Kimbe
 hierdie 26^{de} dag van Augustus 1912 (Handtekening) Bartholomeus Jacobus Haai
Etrekkuilens.

Tegetoer by: John G. G. G.
 (Vermeld vir uitsterk beeldbaarheid en of omrede
 op of by die dierplassie.)

Van al die Haais wat in die 20^e eeu op Danielskuil gebly het, is Bartholomeus Jacobus (Bart) die mees bekend. Bart Haai is gebore op 5 September 1883 en het in sy jong jare gewerk in 'n kroeg, by die myne, as 'n transportryer en as 'n tuinman. In 1909 is hy getroud met Maria Koopman, toe hy 26 jaar oud was, en sy 25. Hulle was in die LMS kerkie in Danielskuil getroud.¹⁶⁴

¹⁶⁴ South Africa, Civil Marriages Records, 1840-1973, <https://familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C9BT-6WTW-P?cc=2821281>.



DUPLICATE ORIGINAL REGISTER.								(M.L.) 4081	
1909. Marriage solemnised at (1) Danielskuil, in the Parish of Barkly West, in the District of Highland West. 19.8.1909.									
No.	When Married.	Name and Surname.	Age Last Baptismal.	Born.	Condition.	Rank or Profession.	Residence at the time of Marriage.	After Name or License.	Conceded by whom given, or Judge's Order.
319	August 29 th 1909	Bart Haai Maria Koopman	26 25	Single Single	Bachelor Spinster	Gardener	Danielskuil Danielskuil	Baron Parents	
<p>Married in (1) L.M.S. Church, at (1) Danielskuil, forenoon, after (1) service, by me This Marriage was solemnised between us,</p> <p>In the presence of us,</p> <p>James H. Cullen Minister L.M.S. Francis Koopman Magdalena Haai</p> <p>Examined with the Original Register by me, and found to be correct.</p> <p>If exact age cannot be stated please enter approximate age, using thence the abbreviation "approx." (1) Name of Town. (2) Name or other description of Church or Chapel. (3) Enter "Unknown" or "Unknown" as the case may be. (4) Officiating Minister to sign in full space allotted (3).</p> <p>(1) James H. Cullen</p>									

Huweliksertifikaat van Bart Haai en Maria Koopman (1883-1937), 1909

Op sy beurt was Bart, die LSG-predikant, die pa van 'n groot familie, met agt kinders. (Hy was twee maal getroud). Die meeste van die kinders het weggetrek, sê sy kleindogter Juliana, en bly nie meer op Danielskuil nie.

No	Name of Child	Sex	Name of Father	Name of Mother	Declarer Date of Birth	Where Born	Date of Baptism	By whom Baptized
301	Magdalena Eva	girl	Bartholomew Bartholomew Jacobus Haai	Maria Fransina (nee Koopman)	1932 Jan 21 st	Danielskuil	1932 Apr 3	Rev. W.E. Jenny

Bart en Maria Haai se dogter, Magdalena, se doopinskrywing,
Moffat Mission argiewe

In 1914 gaan hy na Tiekloof Kollege (naby Vryburg) om opgelei te word as 'n predikant.¹⁶⁵ In 1918 het hy begin arbei onder die (bruin) lidmate van die Londense Sendinggenootskap (LSG) in die "suidewyk" – Kuruman, Danielskuil en die omliggende gebiede. Eers 45 jaar later het hy afgetree. Die LSG het Haai maar net 'n "uiters karige salaris" betaal, seker omdat die kerk se fondse so beperk was.¹⁶⁶

¹⁶⁵ Tiekloof is in 1905 gestig deur die Londense Sendinggenootskap as 'n hoërskool, 'n onderwys kollege, 'n handelsskool en 'n Bybel kollege.

¹⁶⁶ William J. Jenneke, "Dankbetuiging ...", p. 5, 6.



Bart Haai het meer as dertig buiteposte vir die LSG gestig en homself baie sterk beywer vir goeie onderwys. Hy het die gemeenskap van Danielskuil opvoedingsbewus gemaak en 'n ouervereniging gestig wat self klaskamers opgerig het.¹⁶⁷

Bart en sy gesin moes baie spaarsaam lewe. Gelukkig het hulle hul eie tuine gehad, waarmee hulle gedeeltelik in hul behoeftes kon voorsien.¹⁶⁸ Haai het vanuit sy eie tuine vars melk uit die kraal aangery na die skole om in die behoefte van honger mense te voorsien. By geleentheid van sy agt-en-sewentigste verjaardag, het gemeenskapsleier en onderwyser William Jenneke in Oktober 1961 in 'n toespraak gesê:

"U het u beroep aanvaar op 'n tydstip wanneer armoed en agterlikheid destyds nog 'n blywende eienskap was. (Maar nou) het 'n nuwe tydperk aangebreek. Die ongeletterdheid het plek gemaak vir boekvaardigheid. Talle onderwysers en onderwyseresse het gekwalificeer en die peil, geestelik sowel as sosiaal en kultureel, het hoër geskuiwe. Alles te danke aan die onvermoeide en heldhaftige pogings van die seun van Danielskuil."¹⁶⁹

Na Maria se afsterwe in 1937, is Haai getroud met Ragel van Wyk (1908-1989) van Upington, met wie hy nog twee kinders gehad het.¹⁷⁰

DUPLICATE ORIGINAL MARRIAGE REGISTER.										
Race : { Husband: Coloured Wife: Coloured		Marriage solemnized at: Upington		District: Gordonia Province: Cape		B.M.D. 3a				
Date of Marriage	Full Name of Person Married	Age	Country of Birth	Present Status	Occupation	Date of Issue of Marriage	Date of First Registration	Date in Which Registered	With or without Acknowledgment of Death	Remarks
22/8/39	Bartholomeus Jacobus Haai	55	C.P. S.Africa	Widower	Minister of Religion	Danielskuil				155
	Ragel van Wyk	21	C.P. S.Africa	Spinster Household	Upington					Documents as required by law in respect of Widower in order
This Marriage was solemnized by me on this the Twenty second day of August 1939 in the presence of the undersigned Witnesses: 1. Frau Kri 2. J. van Wyk										
S. Danan Minister Congregational Magistrate										
This Marriage was contracted by me B. J. Haai A. van Wyk										
AFTDRUK GEMOND										

Huweliksertifikaat van Bart Haai en Ragel van Wyk, 1939¹⁷¹

¹⁶⁷ Snyman, *Danielskuil*, p. 124

¹⁶⁸ Anon, *Sy Roeping ...*, p.3.

¹⁶⁹ William J. Jenneke, "Dankbetuiging adres aan Eerwaarde Bartholomeus J. Haai namens Londense Sendinggenootskap". Handskrif, Danielskuil 22 Oktober 1961.


¹⁷⁰ South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C9BT-6WTW-P?cc=2821281&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3A6ZHR-B9RQ>.

"South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:81YF-TKN2> : Sun Mar 10 07:25:50 UTC 2024), Entry for Bartholomeus Jacobus Haai and Ragel Van Wyk, 22 Aug 1939.



Bart Haai het in 1963 afgetree as predikant.¹⁷² By sy afsterwe in 1967 was daar nie 'n predikant om hom te begrawe nie. Die leiers en sendelinge van die LSG was almal by die stigtingsvergadering van die United Congregational Church of South Africa.¹⁷³ Volgens Zenobia en Juliana, kleindogters van Bart Haai, was dit " 'n Groot hartseer vir die familie dat die pa wat so baie vir die gemeenskap, vir die skole, vir die kerk beteken het, toe hy die dag sterf, toe's daar niemand om hom te begrawe nie."

Eerw. Bart Haai,
1883-1967,
begrawe in Kuilsville



Daar word gesê Bart Haai het "groot aansien" in die wit gemeenskap geniet, en dat hy ook "welbekend en bemind" was onder blankes, maar die Haai familie het dit nie altyd só ervaar nie.¹⁷⁴ Eers baie later, in September 2004, het dié seun van Danielskuil erkenning gekry vir die baanbrekerswerk wat hy gedoen het vir kerk en skool, toe die Congregational Church in Postmasburg hernoem is na die BJ Haai Memorial Congregational Church.

In 'n boek oor die Congregational Church is Eerw. Haai geprys vir sy besondere vaardigheid en diep geestelike lewe. Met verwysing na Eerw. Mphakela Lekalake en Bart Haai, word geskryf:

"They were men of courage and faith, 'Fathers in God' to their people, and loyal colleagues to the three generations of missionaries with whom they worked. The churches of the Kuruman and Danielskuil districts, strong, self-supporting and enterprising, are living memorials to their faithful preaching and devoted pastoral care".¹⁷⁵

¹⁷² Jenneke, "Dankbetuiging"... Ook: Anon, "Sy Roeping. Eerw. Bart Haai (1833-1967)", p 3. <https://www.inflationtool.com/south-african-rand>.

¹⁷³ United Congregation Church of Southern Africa, *Over 200 years of Seeking Justice*, <http://www.uccsa.co.za/history.html>. Die stigtingsvergadering was op 3 Oktober in Durban; Bart Haai het afgesterwe op 8 Oktober in Danielskuil.

¹⁷⁴ PHR Snyman, p. 103, W Jenneke, p. 7. Anon, p.3. Mondelinge inligting verskaf deur Juliana Companie-Haai, 19 Julie 2021.

¹⁷⁵ D Roy Briggs en Joseph Wing, *The Harvest and the Hope: The Story of Congregationalism in Southern Africa*, The United Congregational Church of South Africa, Johannesburg, bl. 179.



Daar is natuurlik meer mense wat genoem moet word in 'n stukkie oor die Haais van die Noord-Kaap. Soos Cecilia Haai, wat ingetroud is in die Sulliman familie – algemene Handelaars in Danielskuil – en begrawe lê op die Moslem begraafplaas in Kimberley. Dan is daar Mietjie Haai, wat glo 112 jare oud geword het tot griep en ouerdom in 1954 vir haar te veel geword het. En ook Maria Haai, 'n onderwyseres en suster van eerw. Bart Haai, wat in 1931 trou met Nicholas Jenneke en so twee van die groot onderwysfamilies van Danielskuil bymekaar bring.

Juliana Companie, kleindogter van eerwaarde Bart Haai, sê sy is trots op haar oupa, haar familie en haar nooiensvan. Sy onthou hoe haar pa vir haar en haar sisters vertel het oor wat oupa gedoen het. "Maar dit was normaal, want dit was soos Daddy ook was. So, dit was vir ons hoe dit moet wees. Maar oupa was eintlik 'n uitsonderlike man gewees."

Sy en haar sisters is ook trots ook op hulle pa, Bartholomeus Isaac Haai, 'n kerkmens, gemeenskapsleier en onderwyser wat tot sy 70^{ste} jaar skoolgehou het in Olierivier, Marianette, Glosam, Postmasburg en Danielskuil – waar hy afgetree het. Sy eerste aanstelling as 'n onderwyser was aan die plaasskool op Lynput, suid-wes van Griekwastad, van 1946 tot 1949. Later, van 1965 tot 1968, was hy weer – nou as hoof – aan hierdie skool verbonde.

Dit moet 'n skok gewees het vir Bartholomeus Haai toe die plaaseienaar, mnr. Hannes Claassen, in 1968 die Onderwysdepartement laat weet dat hy nie langer die skool op Lynput kon akkomodeer nie. Haai, wat sy hele lewe aan die onderwys gewy het, het 'n pamflet geskryf waarin hy kortliks die geskiedenis van die skooltjie op Lynput skets en wat hy afsluit met hierdie bittere woorde:

Dit bring ons aan die einde van 'n era van opvoeding van arbeiders se kinders op die omliggende plase. En so sluit mnr. Hannes Claassen die plaasskool te Lynput vir altyd.¹⁷⁶

Daar is 'n Haaistraat in Danielskuil. Is dit 'n genoegsame erkenning van die werk wat die Haai familie in Danielskuil gedoen het?

Dan is daar 'n ander vraag. Waar het die Haai familie hulle tuinbouery gedoen in Danielskuil? Kan ons dit opspoor?

Volgens die kaarte en argief-inligting oor Danielskuil, kan ons aflei dat Isaac Jacobus Haai 'n erf in die dorp besit het, geregistreer op 2 Maart 1903 (erf MM9). Daar was ook 'n Samuel Haai wat 'n erf geregistreer het op 29 Desember 1902 (Erf MM10).


7 Samuel Haai son	22 January 1894
8 Isaac Haai son	" 1
9 Isaac Haai son	2

¹⁷⁶ BI Haai, "Heil die leser", s.p, s.j. Pamflet in besit van me Juliana Companie-Haai.



Twee erwe besit deur Haai eienaars: Tussen Merrimanstraat (nou genoem Leeudoring Straat) en Leonardstraat

Hierdie Google-kaart
dui aan waar die Haai-
erwe was





Dan was daar drie ander relevante erwe. Isaac Haai en sy seun het Erf 008 en 009 geregistreer op 22 Januarie 1894. Samuel Haai en seun het Erf 007 op dieselfde datum geregistreer. Ons moet onthou dat Danielskuil toe oorwegend 'n swart en bruin landboudorp ("lokasie") was.

Aardie erwe was waar die Kuilsville Hoërskool nou is.



Die uitleg van die dorp Danielskuil het geweldig verander sedert 1900s. Ons moet ons verbeelding gebruik om die Haai-familie se landbou-erwe in ons geestesoog te sien. Maar dit was wel daar ... en dit het 'n waardevolle bydrae gemaak tot Danielskuil se gemeenskap.



JACOBA VAN ASWEGEN EN DIE LOOTS-FAMILIE

Partymaal is 'n navorser baie gelukkig.

Ons het 'n begrafenisbrief ontdek, wat deur 'n lid van die gemeenskap aan ons gewys is (regs).





Jacoba Hendrika ("Kotie") van Aswegen (nooiensvan Benade), was gebore op 13 September 1938, en oorlede op 13 Oktober 2010. Sy was begrawe uit die Gereformeerde Kerk, Danielskuil, op 23 Oktober 2010. Kotie se ma was Hannie Benade, getroud met Oupa Tollie Loots.

Kotie se broer, Sollie Loots, het 'n geskiedenis van Ouma Hannie opgeskryf. Dit is 'n nuttige opsomming van haar lewe, wat gestrek het oor 76 jaar. As hierdie nie opgeskryf was nie, sou die kennis heel moontlik verlore gegaan het. Ons kan nou Sollie Loots se geskiedenis uitbrei deur te gaan snuffel op die webwerf www.familysearch.org.

Kotie se ma was Hannie (Johanna) Benade, en haar pa was Johannes Hendrik (Tollie) Loots. Beide is gebore in 1895. Hier is hulle huweliksertifikaat:¹⁷⁷

No.	When Married.	Name.	Condition.	Occupation or Calling.	Age last Birthday. +	Race.	Residence.	Consent.—By whom given, or by Judge's Order.
193	Twenty six days of October, 1916.	Johannes Henrik Bachelor		Farmer	20 Years European Elford Dist. of Kumanian			Publication of Notice of Marriage
	October 1916	Gloria Cecilia Spensler		-	21 Years European Elford Dist. Kumanian			
	1916	Schonelle Brundt						
Witnesses to the								
Marriage								
<p>I, the undersigned, do hereby certify that the above Marriage was contracted by the Parties thereto, on the <u>Twenty six</u> day of <u>October</u>, 1916, in my presence, and in the presence of the Persons who have signed their Names as Witnesses, under and by virtue of the Marriage Act, 1860.</p> <p>Dated at <u>Kumanian</u>, this <u>26th</u> day of <u>October</u>, 1916.</p>								

So hoe het Hannie vir Tollie ontmoet? Hannie se ma¹⁷⁸ het gesterf toe Hannie nog klein was. Hannie was een van vier kinders – twee broers en twee susters. Hulle is toe gestuur na verskillende mense, en het kontak met mekaar verloor. Hannie het by haar oom Kootjie van der Westhuizen (haar ma se broer) gaan bly, en het vir ander mense huiswerk gedoen – onder andere vir die Waldecks op 'n plaas naby Deben. Daar het sy vir Tollie Loots ontmoet, en hulle het in 1916 in die NG Kerk in Kuruman getrou. Beide was 21 jaar oud.

Tollie het altyd geboer. Hulle gesin het later 'n naweekhuisie in Kuurman gehad, waarvandaan Kotie en haar broers Sollie en Calie in Seodin (die buurt noord van Kuruman waar Moffat Mission geleë is) skoolgegaan. Sollie het later nog onthou hoe skaars kommoditeite soos rys en suiker was tydens die Tweede Wêreldoorlog. Maar Hannie het altyd 'n ekstratjie by die Jood Solomon se winkel gekry.

¹⁷⁷ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", , *FamilySearch* (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZHZ-5KMDV> : Sat Mar 09 01:36:20 UTC 2024), Entry for Johannes Hendrik Loots and Johanna Cornelia Petronella Benade, 26 Oct 1916.

Hannie se pa was Johannes Matthys Benade, en haar ma was 'n nooi Van der Westhuizen.



Tollie se pa was David Johannes Loots. Hy was getroud met Jannie (Janliena Hendrika Lodewika Möller), in 1894 in Griekwastad. Hieronder is hulle huweliksertifikaat.¹⁷⁹

Toe Dawid en Janlina trou was David 22 jaar oud, en Janlina 16 jaar. Hy was van die plaas Tweefontein naby Griekwastad, en sy van Grootfontein.

DUPLICAAT ORIGINEEL REGISTER.								
1894		Huwelijk berelydigd te Griekwastad in die Parochie van Griekwastad in het District van Haz						1894
No.	Wanneer Getrouwd.	Namens en Voornamen.	Ouderdom.	Staat.	Rang of Beroep.	Woonplaats tydens het Huwelijk.	Na. Huweliksgeboorte, of naer Licentie.	Toestemming, doce wien ingevoer of op onder den Register.
45	December 17 1894	David Johannes Loots, Janlina Hendrika Lodewika Möller	22 16	Jonkman Daugdochte	Veeboer	Tweefontein Grootfontein	1½ gebore van H. L. Möller Vader	

*Getroou in die Ned. Gref. Kerk te Griekwastad voorstell. na huweliksgelyktoeden der mnr.
P.M. Negev. Kdm. Predikant
de Ned. Gerefom. Kerk*

*Dit Huwelik is voltrekken tussen ons: { O. J. Loots
J. H. L. Möller } In de tegenwoordigheid van ons: { J. M. Negev
G. C. Negev*


David was 'n legendariese figuur. Op 'n keer het hy die regering gevloek, en daarvoor moes hy verskyn voor 'n magistraat. Hy was toe 'n boete van vier pond opgelê. Sommer net daar stuur hy sy hoed deur die hofsaal, en het sommer onmiddelik die vier pond ingesamel!

David was ook baie lief vir sy snertsie by die kroeg. Een keer het hy met sy perd in die kroeg ingery, sodat sy perd ook iets te drinke kon kry!

David is op 13 September 1939 oorlede, op die plaas Doornbult naby Schweizer-Reneke, op die ouderdom van 66 jaar. Sy sterfkennis is hieronder aangegee, wat wys dat sy oudste seun, Tollie, se werklike name "Johannes Hendrik" was.

Doornbult,
noord-oos van Schweizer-Reneke

+



¹⁷⁹ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:8TKV-2TT2> : Fri Mar 08 15:36:46 UTC 2024), Entry for David Johannes Loots and Janlina Hendrika Lodewika Möller, 17 Dec 1894.



STERFKENNIS.
VOLGENS DIE VOORSKRIFTE VERVAT IN DIE BOEKDRIEWEET, 1913.

1. *Naam van die oorledene* DAVID JOHANNES LOOTS *23-12-1938*

2. *Geboorteplek en Nasionaliteit van oorledene*

3. *Name en Adresse van die Ouars van die oorledene*

Vader	oorlede.
Moeder	oorlede. ✓

4. *Ouderdom van oorledene* 66 jaar 1 maande

5. *Beroep van die oorledene, of indien 'n vrou, van haar egensoot* Boer.

6. *Gewone woonplek van die oorledene, of indien 'n vrou, van haar egensoot* { Doornbult, distr. Schwaizer Renske

7. *Gehuud of ongehuud, wenneara of weduwee* Gehuud.

(a) *Naam van moedervrou se egensoot (indien eniggaat), so os dit gesamentlik van goedere gevrees of nie* { JANLINA HENDRIKA LOOTWIKA
(Geb. Moller). 2

(b) *Naam of name en so sa momentlik, die dag van sterre van voorvaders egensoot of egensoote* { -----

(c) *Plek van laaste bewon. Grijswaard.* ✓

8. *Sterfdag*: Op 13 September 1938. ✓
Huis Woonhuis.

9. *Sterfpiek* { Dorp of Plaas Doornbult. ✓
Distr. Schwaizer Renske. ✓

10. *Name van kinders van oorledene en hulle meerderjarig of minderjarig is* {
 1. JOHANNES HENDRIK LOOTS.
 DAVID JOHANNES LOOTS. ✓
 3. WILHELMINA HENDRIKA LOOTS, getroud in gemeenskap met Jan Hendrik Loots. ✓
 4. CATHARINA MARIA BURGER getroud in gemeenskap met Willem Petrus Burger. ✓
 5. ESTHER JACOBA JORDAAN getroud in gemeenskap met Andries A. Jordaan. ✓
 6. JOHANNA CORNELIA PETRONELLA VAN DER MERWE, getroud in gemeenskap met Gerhardus Dirk van der Merwe. ✓

Vertel die name op van die uit die verhullende houers en verwoerd die geskrewe handtekeninge. Nekin sou ek weet. Waarver daar nie so veel of soveel is nie, so net soveel as ek kan dat die naam en die letters en wortels van

David Loots se sterfkennis¹⁸⁰

Volgens Oom Sollie Loots se herinneringe, was David se pa een Johannes Hendrik Loots, getroud met 'n nooi De Villiers. Hulle op die plaas Grootfontein in die Postmasburg omgewing gebly, en later na die plaas Vengrove naby Kuruman getrek. Hierdie was die plaas waar David se ma, Janliena, grootgeword het. En inderdaad – op Familysearch kry ons die huweliksertikaat van Johannes en Wilhelmina Hendrika de Villiers:¹⁸¹

¹⁸⁰ "South Africa, Transvaal, Probate Records from the Master of the Supreme Court, 1869-1958", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:QPZN-H9Z8> : Sat Mar 09 08:12:45 UTC 2024), Entry for David Johannes Loots, 13 Sep 1938.

¹⁸¹ "South Africa, Dutch Reformed Church Registers (Cape Town Archives), 1660-1970 ", FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:68PD-8QBD> : Sat Mar 09 14:11:09 UTC 2024), Entry for Wilhelmina Hendrika Loots and Wilhelmina Hendrika De Villiers, 21 Jan 1875.



ORIGINEEL REGISTER.

Huwelik bevestigd te Victoria (West), in de Parochie van Victoria (West), in het Distrik van Victoria (West), 1870								
No.	Wanneer Getrouwd.	Naam en Toesluiten.	Onder-don.	Staat.	Rang of Berop.	Woonplaats tydens het Huwelik.	Na Huweliks-geden, of omt Locoita.	Toestemming doen wie gegeven, of op teken van die Regter.
148	Maart Johannes, Hendrik Loots, een jongen Soek 29	Hendrik, Soek, een jongen Soek	Middelwater	Na	Peter Hendrik, Johannes Soek			
1870	Wilhelmina, Hendrikus Maria Jozef de Selleers	Jozef de Selleers	Middelwater	Huwelikh.	Geboda			

*Getrouwied in de Nederduitsche Gereformeerde Kerk te Victoria (West), voormeld na Huweliks Geboden door my H.C. Loots,
P. den.*

*Dit Huwelik is
voltrekken tus-
schen ons. S. H. Loots H. Loots*

*In de tegenwoordigheid van N. van Heerden,
van s'gah si velsens*

Hieruit leer ons dat hulle in 1870 in Victoria-Wes getrou het. Sy was meerderjarig (seker so 18 jaar oud), en dus miskien gebore in 1852. Hy was minderjarig (miskien so 17 jaar oud), dus miskien gebore in 1853. Hulle was beide van die plaas Middelwater naby Victoria-Wes.

Dit beteken dat hulle mettertyd vanaf Victoria-Wes na Griekwastad distrik getrek het, na die plaas Grootfontein, net suid van Postmasburg.




Wilhelmina is oorlede in 1884, op die plaas Driefontein, noord van Victoria-Wes.¹⁸²

Met die hulp van Familysearch kan ons nog verder terug gaan in die Loots familie se geskiedenis.

¹⁸² Volgens Wilhelmina se doodsertifikaat. "South Africa, Cape Province, Probate Records of the Master of the High Court, 1834-1989", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:QP39-CJHQ> : Sat Feb 24 04:27:58 UTC 2024), Entry for Hendrik Johannes Loots



Op Johannes en Wilhelmina se trousertikaat gee dit Johannes se vader aan as Hendrik Johannes Loots. En inderwaarheid, ons kry dan ook 'n huweliksertikaat vir Hendrik Johannes Loots en Catharina Magdalena (ook 'n nooi Loots!), in 1849 in die NG kerkswyk van Richmond – wat destyds die Victoria-Wes area ingesluit het. Hulle adres word in elk geval aangedui as "Victoria" (vandag "Victoria-Wes"). Die bruid en bruidegom was albei minderjarig.¹⁸³



Hendrik en Catharina Loots se huweliksertikaat, 1849. Let op die mooi handtekeninge.

Hendrik en Catharina se trousertikaat dui ook Hendrik se vader aan – weereens Johannes Hendrik Loots (dieselde familienaam het deur die geslagte verskyn). So hier is weereens 'n leidraad wat die familiegeskiedenis nog verder terug in die verlede kan neem ...



¹⁸³ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZH5-QSJ4> : Sat Mar 09 12:05:38 UTC 2024), Entry for Hendrik Johannes Loots and Catharina Magdalena Loots, 6 Aug 1849.



VAN GUJARAT NA DANIELSKUIL: DIE SULLIMAN FAMILIE

Alie Mohammad Sulliman se oupa was 'n slaaf. Hy het meer as honderd jaar gelede van Gujarat (Indië) af Suid-Afrika toe gekom, as 'n kontrakarbeider, om op die suikerplantasies in KwaZulu-Natal te werk. Ali se oupa – Sulliman Ahmed Mia – en ander werkers het moeilike werksomstandighede gehad. Hulle het selde rantsoene gekry, daar was swak behuising vir hulle en moes hulle 12-15 uur per dag werk.¹⁸⁴ Hoewel die koloniale regering slawerny alreeds in 1834 het afgeskaf, was hierdie kontrakarbeid niks anders as 'n "nuwe soort slawerny" nie.

Na 'n paar jaar het Sulliman Ahmed Mia homself vrygekoop en 'n smous geword – 'n rondtrekkende handelaar. Hy vestig homself in Delportshoop, verander sy van na Sulliman, en trou in 1907 met Cecilia Haai.¹⁸⁵ Daarna kom bly hy in Danielskuil, waar hy 'n winkel oopmaak waar mense omtrent alles – van spykers tot aartappels – kan koop.

MARRIAGE REGISTER.							
St.	When Married.	Name.	Condition.	Clergyman or Clerks.	Age.	Residence.	Comment.—By whom given, or by Judge's Order.
3/07	Juenty- first February 1907	Ahmed Sulliman Bachelor general dealer Cecilia Haai spinster			full	Baptist Church Barkly West Danielskuil Barkly West	✓
					full		
I, the undersigned, do hereby certify that the above Marriage was contracted by the Parties thereto, on the <u>Twenty first</u> day of <u>February</u> <u>1907</u> , in my presence, and in the presence of the Persons who have signed their Names as Witnesses, under and by virtue of the Marriage Act, 1860. Dated at <u>Barkly West</u> , this <u>21st</u> day of <u>February</u> <u>1907</u> . <u>J. M. Rawlinson</u> Acting Resident Magistrate.							

Huweliksertifikaat Ahmad Sulman en Cecilia Haai, 21 Februarie 1907.¹⁸⁶

Alie Sulliman wonder of sy ouma dalk 'n suster van eerwaarde Bart Haai was. Volgens FamilySearch het Bart Haai het drie sisters gehad – Magdalena, Juliana en Maria. Maar miskien was Cecilia verlangse familie van Ds Haai.

Dit is nie bekend wanneer Ahmed Sulliman, die stamvader, Suid-Afrika toe gekom het nie. Wat ons wel weet is dat hy omtrent 1882 gebore is en oorlede in 1951. Hy was toe 'n wewenaar; sy vrou Cecilia het vier jaar tevore, in 1947, afgesterwe. Hulle is albei begrawe op die Moslem begraafplaas in Kimberley.

¹⁸⁴ H Giliomee en B Mbenga (red), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad 2007), bls. 149.

¹⁸⁵ Sy was dalk 'n dogter van Samuel Haai, sien: <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33S7-95VL-YR2?i=98&cc=1779109&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AW81D-VB3Z>.

¹⁸⁶ South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C91S-89ZY-1?cc=2821281>.



G.P.-4.7624-2942-50-100 1000 3

B.M.D. 2

FORM OF INFORMATION OF A DEATH.
AANGIFTE VAN 'N STERFGEVAL.

(Act No. 17 of 1923.—W.A. Act. 17 van 1923.)

WARNING.—The penalties for false statements wilfully made are the same as those for perjury.
WAARSUWING.—Die straf vir willekeurige verklarings wat opset, is dieselfde as in die geval van meineed.

DECEASED.—OORLEDENE.

1. Christian names and surname.	<u>Ahmed SULLIMAN</u>	
Voornaam en familienaam		
2. (a) Name of parent or guardian (if deceased was under the age of ten).		
(a) Naam van ouer of voog (as oorledene onder die ouderdom van tien jaar was)		
(b) Place of residence of mother*		
(b) Woonplek van moeder*		
3. Sex <u>Male</u>	4. Age <u>64 years</u>	5. Race <u>Indian</u>
Geslag	Ouderdom	Ras
6. Birthplace <u>India</u>	7. Whether single, married, divorced, widower, or widow <u>Widower</u>	
Geboreplek	Ongetroud, getroud, geskei, wewensuur of weduwee	
8. Occupation <u>General Worker</u>		
Beroep		
9. Pensioner or dependent of pensioner.		
Gepensioneerde of afhanklik van gepensioneerde		
10. Date of death <u>Twenty ninth August, 1954</u>		
Datum van afsterwa		
11. Place of death <u>Kimberley Hospital, Kimberley</u>		
Flek waar oorlede		
12. Usual place of residence <u>Danielskuil, district Port Elizabeth</u>		
Gewone woonplek		
13. Intended place of burial <u>Mabu Cemetery, Kimberley</u>		
Voorgenome begraafplek		
14. Causes of death <u>Coronary Thrombosis. Contributing cause Degeneration</u>		
Oorsake van dood		
<u>Hypostatic Pneumonia Hypertension Myocardial</u>		
(In cases of the death of a mother when giving birth to a child, the words "the child" or "not the child" must be inserted.) (In die geval van die dood van 'n moeder by die geboorte van 'n kind, moet die woorde „die kind“ of „nie die kind nie“ ingesê word.)		
15. Duration of disease or of last illness <u>5 years</u>		
Duur van kwaal of laaste siekte		
16. Name of medical practitioner <u>B.W. Franklin-Bishop</u>		
Naam van geneeskundige praatlyk		
INFORMANT.—BERIGGEWER.		
17. Original signature (or mark). <u>Hussain H. Sulliman</u>		
Eie handtekening (of merk)		
18. Qualification <u>Person causing burial</u>		
Hoeklankheid		
19. Residence <u>Campbell street, Barkly West</u>		
Woonplek		

To be filled in when the form is signed before a Justice of the Peace or Police Officer.
Moet ingevul word wanneer die vorm voor 'n vrederegtiger of politieregtiger geteken word.

Signed before me at Kimberley on this the 29th
Geteken voor my te J. de Bruyn op bedre die

day of August, 1954.

Justice of the Peace or Police Officer.—Vrederegtiger of Politieregtiger.

This must be left blank for binding purposes.—Hierdie ruimte moet uitgeblaaif word vir inkbanding.

Ahmed Sulliman se doodsertifikaat¹⁸⁷

Oupa Sulliman het nooit teruggegaan Indië toe nie. Hy het ook nooit Gujarati, sy moederstaal, gepraat met sy kinders nie.

187 South Africa, Cape Province, Civil Records, 1840-1972, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33SQ-G5DT-Q2MP?i=869&cc=1779109&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AWT3H-Q9N2> en South Africa, Cape Province, Civil Records, 1840-1972, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33S7-95FZ-9XHV?i=844&cc=1779109&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3A4GZH-JD6Z>.



Sulliman het diep spore getrap in Danielskuil. In 1915 het hy aansoek gedoen vir 'n handelslisensie in Danielskuil. Die blanke handelaars, veral die Engelse besigheidsmanne, William Barker en Charles Edelstein, het dit teengestaan want hy sou kompeteer teen hulle besighede. (Interessant genoeg, J Vermeulen, nog 'n raadslid, het die aansoek ondersteun omdat hy nie 'n handelaar was nie). Sulliman het toe sy aansoek na 'n groentewinkel-lisensie verander, en toe is dit goedgekeur.

Twee jaar later, in 1917, het die meerderheid inwoners Sulliman se aansoek vir 'n algemene handelaarslisensie ondersteun, en dit is uiteindelik goedgekeur. Dit het steeds nie maklik vir hom gegaan nie. Plaaslike handelaars FC Donovan en Charles Edelstein het beweer dat Sulliman 'n lid van die dorpsbestuur omgekoop het om sy lisensie te kry. In 1918 het Donovan beswaar gemaak oor beweerde onhygiëniese toestande in Sulliman se winkel.

Maar Sulliman se winkel het gefloreer.



Die Sulliman winkel, wat in 1987 afgebrand het¹⁸⁸

Die Sullimans het op die "wit dorp" gebly, nes sy seun Mohamed ná hom. Maar, vertel Alie:

Een dag kom 'n ou wat sê my pa is 'n bruinman, moet uitgaan, uitgaan lokasie toe. Pa sê okay, geen probleem nie, ek het tien kinders gemaak op hierdie plek, ek soek sentimental waarde, ek soek R 150 000 en dan soek ek net so'n huis en so 'n winkel, dan vat ek my baadjie en loop ek.

Op die ou einde moes die Sullimans maar trek. Later, toe die beampete weer kom, sien hy Alie se ma vir die eerste keer raak.¹⁸⁹ En dink hy sy is 'n witvrou:

Hier kom hierdie outjie weer en sien my ma, wat die wasgoed doen. Sy het 'n kappie gedra. En die wit ou sê: tannie, wat maak tannie hier? Tannie kan nie sommer tussen die swart mense gaan bly nie?

Sy ma en sy pa was baie streng met hul kinders, sê Alie. Maar tog was dit "lekker jare gewees", want "ons het almal geken" en baie van die dorp se kinders het saam by die Kuil gespeel. Dit was in die ou dae, toe "apartheid nie so erg was in Danielskuil nie".

¹⁸⁸ Foto en inligting: PHR Snymans, *Danielskuil*, bl. 75.


¹⁸⁹ Ayesha Sulliman was die dogter van Thomas Abbott, 'n wit veeboer wat oorlede is in 1916. South Africa, Cape Province, Civil Records, 1840-1927, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33S7-95XQ-48R?i=743&cc=1779109&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3A7J8K-N4N2>. Dit is nie bekend wie haar ma was nie. Ayesha het haar (Moslem) naam gekry toe sy trou met Mohamed Sulliman.



Die Sullimans is steeds Moslems, soos hul stamvader Sulliman Ahmed Mia. Maar hulle is lankal al Suid-Afrikaners en Danielskuilers. Die familie bly alreeds vir vier generasies op hierdie dorp.

Alie Mohammad Sulliman

Alie Mohammad Sulliman (gebore 1948) was getroud met Dorea Peacock, wat in 1972 oorlede is. Hy het hertrou met Piaternella Tolmay. Hy is pa van sewe kinders en sê die Sullimans gaan nie padgee van Danielskuil af nie. Hulle is hier om te bly: "My seun het 'n plaas. Die ander seun het ook 'n plot. Hulle het 'n income."



*Centenary Review 2019
Honderd jaar van die Sulliman-familie se geskiedenis*



DIE AFSTAMMELINGE VAN JAN MOSES EN ANNA SLAMBERT

Jan Moses was omtrent veertig jaar oud toe hy vir die eerste keer trou. Hy was twee jaar ouer as sy bruid, Anna Slambert. Op 3 Junie 1929 het hulle mekaar in Postmasburg die ja-woord gegee. Hulle was taamlik oud vir 'n eerste huwelik, maar die trousertifikaat wys dat hulle alreeds saamgebleek het "as husband & wife".¹⁹⁰ Jan was 'n arbeider. Nie hy of Anna kon hulle name skryf nie.

Teen 1929 het Jan en Anna al 'n klompie kinders gehad. In totaal sou hulle agtien kinders kry: Rebecca, Gert, Catherine, Lewies, Henry, Izak, Anna, Petrus, Johanna, Slambert, Jan, Rudolf, Rachel, Louis, Sarah, Willem, Dawid en Dorothy.

"Fredk" (Frederik) van "Gnaadendale" (Genadendal) is die eerste Suid-Afrikaanse Slambert wat vermeld word in die argiewe. "Fredk", gebore omtrent 1800, was in 1823 'n soldaat in die Engelse leër.¹⁹¹

Anna Moses se pa was Slambert Slambert, maar dis nie bekend of hy dalk familie was van "Fredk" nie. Haar ma was Rachel Abrahams van Petrusville. Anna Slambert is op 22 Junie 1892 gebore. Toe sy op 23 September 1975 in Danielskuil afsterwe, het al haar kinders nog gelewe.¹⁹²

Maar nou, in 2022, is Dorothy Moses die enigste een wat oorbly. Haar tien broers en sewe susters is almal oorlede. Sy is 95 jaar oud en mense noem haar *ouma Trooi*. Haar broerskind, Lydia Malgas, kyk na haar. Een van ouma Trooi se dogters, 'n afgetrede onderwyseres wat op Klerksdorp bly, bel elke dag met Lydia om te hoor hoe gaan dit met haar ma.

Ouma Trooi se ouers was die eerste geslag Mosesse op Danielskuil. Hulle lê albei begrawe hier. Jan Moses se graf het 'n grafsteen op. Op Jan se doodsertifikaat word sy naam as "John Solomon Moses" aangegee. Hy is op 3 Mei 1959 oorlede, op die rype ouderdom van 86 jaar.¹⁹³



¹⁹⁰ South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C9BY-199X-S?cc=2821281&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3A6ZH5-VHLP>, besoek 5 April 2022

¹⁹¹ Great Britain, War Office Registers, 1772-1935, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:ZWLS-ZRT2>, besoek 5 April 2022.

¹⁹² Fotostaat van Sterfkennis Anna Moses (gebore Slambert), Postmasburg, 23 September 1975, in besit van me Katlanie-Moses. Die Sterfkennis self kon nie op www.familysearch.org opgespoor word nie.

¹⁹³ "South Africa, Civil Death Registration, 1955-1966", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6C1G-2VWJ> : Sat Mar 09 01:29:55 UTC 2024), Entry for John Solomon Moses, 3 May 1959.



FORM OF INFORMATION OF A DEATH.

AANGIFTE VAN 'N STERFGEVAL.

(Act No. 17 of 1923.—Wet No. 17 van 1923.)

WARNING.—The penalties for false statements wilfully made are the same as those for perjury.
WAARSKUWING.—Die straf vir opsetlike valse verklarings is dieselfde as in die geval van meineed.

Instructions as to the filling in of this form appear on the reverse side hereof.
Voorskrifte vir die invul van hierdie vorm verskyn op die keersy hiervan.

N.B.—This form must be used for all races with the exception of Natives.
Let Wel.—Hierdie vorm moet vir alle rasse met uitsondering van Naturelle gebruik word.

DECEASED.—OORLEDENE.

1. Identity Number 102/819810
2. Surname Moses
3. First names John Solomon
4. Date of Death 22 Mei 1959
5. Sex Manlike
6. Place of Death Danielskuil
7. Race Kleurlooier
8. Age and Date of Birth 86
9. Single, Married, Divorced, Widower or Widow Getroud
10. Occupation Pensionaris
11. Pensioner or Recipient of Maintenance Allowance or Dependent of Pensioner or Recipient of Maintenance Gepensioeneerde of ontvanger van onderhoudstoelaag of afhanklike van gepensioeneerde of ontvanger van Allowance Ouderdoms Pensioen
12. Causes of Death Stroke
- (In the case of the death of a mother when giving birth to her first child, this should be stated by inserting the words "First Child".)
 (In die geval van die dood van 'n moeder by die geboorte van haar eerste kind, moet dit aangedui word deur die woorde „Eerste Kind“ in te vul.)
13. Duration of Disease or of Last Illness Ongewis 7. Jaar
14. Name of Medical Practitioner Dr. S. Becken
15. Place of Birth Kraapfontein
16. Residential Address 10. Diagonal Street Danielskuil
17. Intended Place of Burial Danielskuil bestek Postmasburg
18. (a) Name of Parent or Guardian (if deceased was under the age of ten years)
 Naam van ouer of voog (indien oorledene onder die ouderdom van tien jaar was)

(b) Place of residence of mother*
 Woonplek van moeder*

INFORMANT.—BERIGGEWER.

19. Original Signature (or Mark) X sy Neuk geb Moses.
20. Qualification Volwassene bladhouer want teenwoordig by die ontvanger
21. Residential Address 10. Diagonal Street Danielskuil

For the use of Assistant District Registrar or Justice of the Peace or Police Officer and District Registrar only.
 Net vir gebruik van Assistent-distrikregistrateur of Vrederegtiger of Politiebeampte en Distrikregistrateur.

Date of Receipt 13 JULY 1959
 Datum van ontvangst

1959

Place
Plek

Danielskuil

St. L. m. S. L.

(signature) _____
 (handtekening) _____ Assistant District Registrar, Justice of the Peace or
 Police Officer.

Assistant-distrikregistrateur, Vrederegtiger of Politiebeampte.

POSTMASBURG

Date of Registration 13 JULY 1959
 Datum van registrasie

19

District
Distrik

69/59.

(signature)
 (handtekening)

*District Registrars.
 Distrik registrateur.*



Die familie sou graag wil weet waar die graf van Anna Slambert is, maar die munisipale begrafnisboeke is omtrent tien jaar gelede verlore toe die kantore aangebrand is. Dit is nou onmoontlik om te sê wie lê in watter ongemerkte grafte in Danielskuil se ou begraafplaas.

Ouma Trooi is die weduwee van Johannes Katlanie. Sy en haar man het vir jare in Worcester gewerk. Sy was 'n fabriekwerkster en hy was 'n winkelbediende. Maar hulle is op Danielskuil gebore, waar Johannes se pa, Piet Katlanie, een van die laaste Tswanas was wat nog 'n erf op Boplaas gehad het.¹⁹⁴



Identiteitsboek van Dorothy Hilda (Trooi) Katlanie, gebore Moses.

Die Mosesse was 'n hegte familie, die broers en susters het baie vir mekaar gekuier. Van hulle het op "ou Marantheng" gebly. Tot hulle Kuilsville toe geskuif is omdat dit glo gevaarlik was om huise te bou in dié lokasie. "Op dolemiet kan jy nie bou nie," sê Lydia, "want daar kry jy sinkgate." Sy verstaan darem nie hoekom die munisipaliteit nou weer water en elektrisiteit daar lewer nie. Sy wonder of daar nou *tog* gebou gaan word op die dolemiet van ou Marantheng

Estheren ("Essy") Moses, een van Jan en Anna se agterkleindogters en niggie van Lydia Malgas, sê haar familie is soos 'n *Rainbow Nation*, "want daar's alles, is Muslims, is wit, is swartes ...". Ouma Trooi was self getroud met 'n Tswana man. Maar hulle het glo net Afrikaans met mekaar gepraat, want ouma sê sy kan glad nie Tswana praat nie.

Die Mosesse was 'n baie godsdienstige familie. Hulle het nie aan die "London kerk" behoort nie, maar aan die Methodiste of aan die Christengemeente.¹⁹⁵ Essy voeg by, "Maar baie mense het nou uitgebreek en hulle eie kerk gestig. Elke dag sien jy daar's 'n nuwe kerk." Estheren sê wat baie mense dink: Danielskuil het oorgenoeg kerkgenootskappe. Party mense sê daar's meer as vyftig van hulle.

¹⁹⁴ Die van word ook geskryf as Kgatlane, Khatlane of Katlane.

¹⁹⁵ Die London kerk was die Londense Sendinggenootskap. Die Methodiste het voortgespruit uit die Wesleyaanse Sendinggenootskap wat al vroeg in die 1800's aktief was in Suid-Afrika.



Anna Moses-Slambert het in 1975 afgesterwe. Estheren is gebore in 1980 en het haar oumagrootjie nooit geken nie. Maar sy ken die familiestories. Sy weet die meeste van ouma Trooi se broers was skrynwerkers en timmermans: "Daai manne het kabinette gedoen en dakke geslaan." Essy weet ook dat ouma Anna die kleinkinders opgepas het, saam met haar jongste dogter, Katie. "Hulle klomp het almal in daai huis gebly. Al die kleinkinders het daar groot geword. Hulle ouers het gewerk en Katie moes so na almal kyk. Katie moes ook na haar ma kyk, want haar ma was blind."¹⁹⁶

Ouma Anna het haar huis "met 'n ysterhand regeer". Essy vertel:

"Selfs in haar blindheid het sy nog afval geskraap en skottelgoed gewas en elke aand huisgodsdiens gehou. Daar word nie geslaap voor daar gebid en Bybel gelees is nie. Elke kind het 'n beurt gekry om uit die Bybel te lees en te bid. En as van die kinders met mekaar baklei: die son gaan nie onder voor daar vrede is nie."

Anna Moses, gebore Slambert, ma van 18 kinders, moet 'n formidabele vrou gewees het.



CORNELIS PIENAAR SE FAMILIE – 'N FAMILIE MET 'N ANTIEKE OORSPRONG

Die eerste Pienaar in die Kaapkolonie was 'n Fransman, Jacques Pinard. Hy is gebore in omrent 1664, en was in Nantes in 1666 gedoop. Hy was 'n blikslaer ("tinsmith"). In 1688 het hy met die skip *Voorschoten* na Kaapstad gevaaar, op die ouderdom van 22 jaar. In 1694 het hy regte gekry op die plaas "Lustig-aan", langs die Bergrivier. Hy het alreeds met Ester Fouche getrou in Delft, Nederland, in 1687. Na 'n jaar in die Kaap het sy gesterf in Franschhoek, en Jacques het toe met Marthe le Febre getrou.¹⁹⁷

Ons kon nie inligting vind dat 'n Pinard/Pienaar ooit met 'n slaaf getroud is nie, maar dis moontlik dat een of meer van die kinders van hierdie oorspronklike egpaar wel kinders gehad het met 'n slaaf of Khoi persoon. Dit sou miskien waarskynlik gebeur het op 'n plaas in die binneland.

¹⁹⁶ Katie (Catherine) was die jongste kind van Jan en Anna Moses, en Estheren se ouma.

¹⁹⁷ JA Heese en GISA, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters*, Stellenbosch 2002, Vol. 8, bl. 14, 15, 32 en 45. Die inligting oor die vroeë Pienars/Pinards verwys na Persone b2, c3, d4, c5 en d7.



Een moontlikheid is een van die seuns Jacques Pinard. Hy was ook Jacques, gebore 1691 en oorlede omtrent 1750. Hy het in 'n noord-oostelike rigting getrek, en het weidingsregte gekry langs die Agter-Bokkeveld in 1739. Hy het met Louisa Cordier, van 'n Hugenote-gesin, getrou in 1714.

Jacques Pinard Jnr's se seun was Jacob Pinard, gedoopt in Paarl in 1718. Hy het weidingsregte in die Roggeveld gekry in 1757, en is in 1787 oorlede in Tulbagh. Teen die volgende geslag was die van geskryf as "Pienaar". Een van Jacob Pinard se seuns was Petrus Pienaar, gedoopt in Tulbagh in 1750. Hy was 'n boer, 'n olifantjagter en 'n avonturier, en het in die distrik Calvinia gewoon, op die plaas "Groot Doornberg" – ver in die binneland in.

In Maart 1796 is hy en sy vrou vermoor deur Titus en Jager Afrikaner. (Sy vrou was Jacoba Margaretha Theron, gedoopt in 1755, en in die huwelik bevestig in 1771). Jager Afrikaner sou daarna 'n gedugte rower word langs die Oranjerivier.

Nog 'n vroeë Pinard/Pienaar wat na die grensdistrikte getrek het was Johannes Pienaar, gedoopt in Paarl in 1722. Tussen 1739 en 1780 het hy weidingsregte gehad by Verkeerdevlei in die Warm Bokkeveld, oos van Ceres. Teen 1747 was hy by Hottentotskraal en Ongeluksrivier in die Roggeveld. Hy is in Tulbagh in 1783 oorlede. Sy vrou was Anna Sophia Burger, gedoopt in 1723, en sy het in 1798 gesterf.

Nog 'n Pienaar in die binneland was Barend Pienaar, gedoopt in Tulbagh in 1762. Hy het weidingsregte gekry in die Bokkeveld, in 1785 vir die plaas Verkeerde Vallei; in 1793 vir Beste Weg and Cabeda; and in 1823 vir Schaape Rivier. Hy was eers getroud met Hester van der Merwe, toe met Anna van Heerden, en later met Elsie van der Merwe.

Was een van hierdie Pienaaars die voorouer van die bruin Pienaar families? Mens wonder veral oor Barend Pienaar – is dit die naam wat met Barend Barends (of Bêrend Bêrends) in Griekwaland-Wes ingekom het?

Een van die vroegste bronne wat ons het is die doopregisters van die Londense Sending in Griekwastad, na omtrent 1808. Verskeie Pienaaars is daar gelys, onder meer Abel Daniel (gedoopt 1808), Anna (gebore 1809), Klaas (getroud 1812 met Anna Frij), Kupido, Lena en Nicolaas.

Baie interessant is dat daar ook 'n "Berent Pienaar" was, gebore in 1803 en gedoopt in 1808, die seun van Klaas Pienaar en Anna Frij. Hier sien ons hoe die naam "Berent" (of "Barends") voorkom in Griekwa-geledere.

Die Pienaaars was ingetrou met verskeie van die ander groot Griekwa-families, soos die Koks en Cloetes. Vandag is daar steeds Pienaaars in Danielskuil.

Ons het gesels met Mn'r Cornelis Pienaar van Kuilsville. Hy is gebore op 26 Mei 1951, op die plaas Karreeput, en was in 1972 in Danielskuil gedoopt in die VG Kerk. Sy vader was Gert Pienaar, en sy Moeder was Sara Witbooi. Hy het op die plaas Karreeput (of Karreeputs) gewoon tot hy omtrent tien jaar oud was – sien die kaart hieronder.



Die Pienaar, Kok en Baadjies-families kom almal van die plaas Mazelsfontein, naby Douglas. Hierdie plaas is nou weer aan Griekwa-families oorgedra as deel van die grond restitusie-program.

Links: Die plaas Karreeputs, noord-oos van Danielskuil



Die plaas Mazelsfontein naby Douglas is die plek van oorsprong van die Pienaar, Baadjies, Rooibaadjie en Kok families.

Cornelis het met Marie Visagie getrou. Haar familie kom van Kuruman en Douglas. Hulle het vyf kinders: Sarie Cecilia Pienaar (gebore 1977), Vinia Ansie Pienaar, getrouwe van Blouw, Pieter Pienaar, Gerrit Pienaar, Luald Pienaar, en Marisna Pienaar. Cornelis en Marie is geseen met verskeie kleinkinders.

Cornelis is op die plaas Mazelsfontein gebore. Toe het hy op die plaas Laughing Waters gaan woon, suid van Danielskuil en naby Lime Acres. Sy ouers en twee ander families het daar gebly. Die eienaar was Guy Emslie. Dit is nou 'n grondrestitusie-projek. Nadat hy skool verlaat het, het Corneels daar aangebly. Hy het pleisterwerk en konstruksie gedoen. Hy het in verskeie dorpe gaan werk – Warrenton, Christiana, Bloemhof, Wolmaransstad, Potchefstroom en Klerksdorp.

Sy vrou, Maria Visagie, is van Kimberley.

Sy broers en susters is Petrus (gebore 1955), Anna (1957), en Lettie (1958) - hulle is almal omstreng 1974 aangeneem in die VG Kerk.¹⁹⁸ Dan was daar Lena, Niklaas, Ellie, Gert en Abel.

¹⁹⁸ Doopregisters, VGK, Danielskuil. Dit word plaaslik gehou by die Kerk, en daar is ook afskrifte by die NG Kerk se Kerkargief, Stellenbosch.



Prof Abel Pienaar is werkzaam by die Noord-Wes Universiteit in die Gesondheidswetenskappe, met besondere klem op gemeenskapsdienste vir die breër bevolking. Hy stel ook baie belang in inheemse kennis en mediese praktyke.¹⁹⁹ Hy is in 1972 gedoop in die VG Kerk.


Cornelis se ouers was Gert Pienaar en Sara Witbooi.

Gert Pienaar is omstreeks 1911 gebore, in die Douglas distrik, by Mazelsfontein. Hy het toe na Skeyfontein getrek, en daarna het hy by Postmasburg en Beeshoek myne gewerk. Daarna is hy na die plaas Karreeput, naby Griekwastad, waar hy met beeste en skape geboer het. Dis waar Cornelis gebore is.

Gert Pienaar se broers en susters (Cornelis se ooms en tantes) was Piet Pienaar en Sophie (getroud in die Baaiers familie, en gebore 1936).



Gert en Sarah Pienaar se grafsteen,
Kuilsvalle begraafplaas



¹⁹⁹ <https://www.researchgate.net/profile/Abel-Pienaar>. Sien ook <https://news.nwu.ac.za/nwu-academic-talks-about-reinforcing-indigenous-healing-mainstream-health-science-practice>



Daar is twee pragtige grafskrifte op hierdie grafte:



“Ons is vandag dankbaar vir ons pa. Hy was 'n opvoeder en voorsieder, 'n voorbeeld en 'n bron van liefde. Pa is ook sy kinders se held. Hy sal altyd 'n invloed op ons lewens hê.
Spreuke 17 vers 6.



“Ons bring hulde aan ons moeder. Die stempel van haar liefde is onuítwisbaar op ons lewens afgedruk.
Spreuke 6 vers 20.

Aan sy pa se kant, was Cornelis Pienaar se grootouers Piet Pienaar, gebore omrent 1880 by Mazelsfontein, en Annie Rooibaadjie (of Baadjies of Baaiers)²⁰⁰, gebore in 1872. Piet Pienaar se ouers was Dirk Pienaar, miskien om en by 1850 gebore, en Sophie Vytjie Kok. Piet se pa was Paul Pienaar, maar niks meer is van hom bekend nie. En so kyk ons terug in die geslagte wat vooruitgegaan het ...

Corneels Pienaar,
Silvia Edwards en
Annelize Baaiers, by die graf van hulle
voorouer Pienaar,
gebore 1898,
Kuilsrivier begraafplaas



²⁰⁰ Dit blyk dat Baaiers, Baiers, Baadjie, Baatjies en Rooibaatjies word partymaal gebruik as alternatiewe name vir vertakkinge van dieselfde familie.



Nou moet ons kyk na Cornelis se ma se familie. Soos voorheen vermeld, sy was Sara Witbooi van Kimberley. Sy het haar man, Gert, ontmoet by Dieprivier plaas. Hulle is in Kimberley getroud, by die Anglikaanse kerk.

Hulle huweliksertifikaat verwys na 'n troue op 25 September 1949, in 'n Anglikaanse kerk in Beaconsfield, Kimberley. Gert (38 jaar oud) het is Mazelfontein, naby Douglas, gebore en het op Kareeput naby Griekwastad gewoon. Maar die bruid, Sarah (ouderdom 24 jaar), se naam was nie Witbooi nie. Dit was Seleke, en sy was gebore met die van Mogorosi. Sy het in Beaconsfield gewoon ten tyde van die huwelik.

DUPLICATE ORIGINAL MARRIAGE REGISTER.										
No. 38 Baptized Coloured Native Wife		Marriage solemnized at St Paul's Mission Church, District of Kimberley, Beaconsfield Location, Cape								
Date of Marriage	Mr. Name of Person married	Age	Occupation	Present Status	Occupation	Relatives or Title of Marriage Licensee	Name or Surname of Wife	Age	Occupation	Relatives or Title of Marriage Licensee
1949 Sept., 25 th	Gert Pienaar (born Mogorosi)	38 24	Mazelfontein Coloured Location Beaconsfield, Natives South Africa	Bachelor Widow	Farm Labourer Domestic Servant	Kareeput Mazelfontein	Own of Parent Daughter Sarah Seleke	Own of Parent Daughter Sarah Seleke	Affectionate wife Sarah Seleke	Daughter of Sarah Seleke
This Marriage was solemnized by us on the 25 th day of September 1949 in the presence of the undersigned witness:— Daniel Monks Daniel Adams AFDRUK GEMAAR Card received for filing										
This Marriage was contracted by us Gert Pienaar Sarah Seleke Church of the Province of S. Africa Registration or Authorisation Office Date checked Initialled F.T.O.										

Huweliksertifikaat, Gert en Sarah Pienaar, 1949²⁰¹

Verskeie familielede van die Pienars is begrawe in die begraafplaas in Kuilsville. Hulle is 'n vooraanstaande familie in Danielskuil se gemeenskap.



²⁰¹ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZH1-GM12> : Mon Mar 11 01:26:17 UTC 2024), Entry for Gert Pienaar and Sarah Seleke, 20 Sep 1949.



DIE BAADJIES (OF BAAIERS) FAMILIE: "RUS IN VREDE, GRIEKWA-PRINSES"

Ons het gesels met Sylvia Edwards. Haar voorouers is ingetroud met die Pienaar familie. Net soos die Pienaar familie het die Baadjies familie ook van die plaas Mazel'sfontein naby Douglas gekom. (Sien die kaart op bladsy 90).

Sylvia se ouma, Sophie Baaiers, en haar oupa, Lukas Baaiers, is getroud in Kuilsville. Haar ouma se graf het 'n grafsteen, maar haar oupa s'n het nog nie.

Die eerste keer dat die Baaitjie familienaam in die geskiedenis verskyn is in 1813. 'n Lodewyk Baadjies was gebore in Swellendam, en in 1841 het hy met Filida Esau getrou. Sy is gebore in 1821.²⁰²

Sophie Baaiers is in 1926 gebore, en het 'n groot familie geskep.



Op die 17 de Januarie 1926 is Sophie Baaiers se lewensboek geopen te Masel'sfontein. Sy was die jongste dogter van wyle Piet en Anna Pienaar. Sy tree in die huwelik op 10 Oktober 1959 met wyle Lukas Baaiers, waaruit 5 kinders gebore is (drie seuns en twee dogters). In hierdie lewensboek van 86 jarige ouerdom word al haar vreugde, lief en leed opgeteken. Ons dank die Hemelse Vader vir Sophie Baaiers se leeftyd. Sy laat vier kinders (twee seuns en twee dogters). Haar eggenoot en een seun het haar vooruitgegaan in die hiernamaals. Mamma-Baaiers laat 19 kleinkinders, 35 agterkleinkinders, 5 agter-agter kleinkinders en 'n breë familie- en vriendekring agter.


RUS IN VREDE GRIEKWA PRINSES

Sophie Baaiers (1926-2012). Hierdie is haar begraafnijsbrief. Sy was 'n nooi Pienaar.

Sophie se man was Lucas Baaiers (of Baier), gebore 1932.

²⁰²

JA Heese en GISA, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters*, Stellenbosch 2002, Vol. 2.



Links: Lucas en Sophie Baiers
(Baaiers) se huweliksertifikaat,
1959

Onder: Lucas Baier se begrafnisbrief

Teraardbestelling van wyle
LUCAS BAIER

Ophore : 01/12/1932
Overlede : 05/05/2007
Begravelse : 13/05/2007

Ons het op 'n uitstappie gegaan saam met Silvia Edwards en Cornelis Pienaar. Deur die Baaiers familie is Silvia en Cornelis familie van mekaar.

Hulle onthou die skooltjie by die "Conkerk" – in die werf van die ou Londense Sendingkerk in Elbowstraat. Die skooltjie is afgebreek, maar die vloere kan nog uitgeken word.



Dis 'n hartseer oomblik wanneer die herinneringe weer terugkom, en die stemme van die outyd weer gehoor kan word.






DIE LOTTERINGS

Aletta Lottering is op die plaas Bretby gebore, in 1943.

As 'n plaaswerker het haar pa, Dawid Lottering, op verskeie please gebly. Hy het ook in die Postmasburg asbesmyne gewerk. Haar ma het ook gehelp om die asbes te verwerk.

Dawid is gebore op 20 Januarie 1914.



Onder:

Aletta Louw (nooiensvan Lottering,regs), met haar dogter, Rosina Louw



Dawid Lottering se graf in die Kuilsville begraafplaas





Aletta se oupa (David se pa) was Barend Lottering. Hy was omtrent 1885 gebore, en het by Boplaas gebly, net noord van Danielskuil. Hy is ook daar oorlede. Sy ma, Aletta Miller, het 'n Skotse agtergrond gehad.

Aletta se groot-oupa se naam is nie bekend nie. Haar groot-ouma, Barend se moeder, was 'n Ludick.

Aletta se moeder was Mita Jantjies, gebore op 27 Junie 1918. Sy is oorlede op 27 Augustus 2011, en is in Kuilsville begrawe. Haar graf het 'n grafsteen.

Mita Lottering se graf, met Rosina en haar vader, Japie Louw



Aletta se oupa (Mieta Jantjies se vader) was Piet Jantjies. Haar ouma is jonk oorlede, en hulle het haar nooit geken nie. Die familie onthou vir Piet as 'n baie gawe en vrygewige persoon. Piet het gekom van Skeyfontein, suid-wes van Danielskuil.

Aletta se broer Barend, en sy vrou Gaoretelelwé, is altwee in die Kuilsville begraafplaas begrawe.

Hier staan Japie en Rosina Louw by die grafte



Aletta Lottering (getroude van Louw) het nege broers en susters gehad: Barend (gebore 1938, oorlede 2013), Piet, Sara, Jan, Kerneels, Daniel, Katriena, Frikkie, en Abraham.



DIE LOUW FAMILIE: PSALM 8 EN DIE STUKKIES BREEKGEOED

Aletta Lottering is getroud met Japie Louw, en hulle bly in Kuilsville. Rosina Louw is een van hulle kinders, en sy het ook met ons gesels. Sy is gebore in 1964. Rosina se broers en susters is Mieta (gebore 1960), Veronica (1963), Benjamin (1967), Jacobus (1969), en Denzil (1983).



*Benjamin Louw, gebore 1967,
was vir 'n tyd lank in die Suid-Afrikaanse Weermag*

Aletta se man is Japie Louw. Hy was gebore in Mazelsfontein, waar die Pienaaars en Baaiers families ook vandaan kom. (Sien die kaart op bladsy 90).²⁰³ Eendag moet iemand Mazelsfontein se geskiedenis opskryf!)

Japie is gebore op 15 Julie 1939. Sy ouma is daar begrawe. Japie se pa, Hendrik, het daar vir diamante gemyn. Terselfdertyd het Cornelis Pienaar se oupa in die winkel op die plaas gewerk.

Op die plaas het 'n Engelsman, 'n Mr Soper, gebly. Soper het toe vertrek na Rhodesië toe, en die gemeenskap het gedisintegreer. So Hendrik het toe na die plaas Peiserton, tussen Griekwastad en Lime Acres getrek, waar hy familie gehad het. Japie was toe 'n jong man. Sy pa het afgesterf in Kimberley in 1956.

Die Louws het nie lank by Peiserton gebly nie, want hulle was weggestuur sodat 'n myn daar gestig kon word. Toe gaan bly hulle by die plaas Inglewood naby Papkuil. Hierdie plaas het behoort aan die Vertue familie.



Rosina onthou dat die Louw familie, sowel as die Barendse, het by Inglewood en die plaas Huistenbosch naby Papkuil gewoon het.

*Rosina Louw het later die plase naby Papkuil besoek waar hulle gebly het.
Sy het ou stukkies breekgoed daar opgetel.*

²⁰³

Die geskiedenis van Mazelsfontein behoort behoorlik opgeskryf te word!



Japie het in 1985 na Danielskuil getrek. Hy het as 'n opsigter by die skool in Danielskuil gewerk.



Hendrik and Martha Louw se graf, in Kuilsville. Hulle was Japie Louw se ouers.

Die graf het 'n aanhaling van Psalm 8:

Wat is die mens dan
dat *U* aan hom dink,
die mensekind dat *U* na hom omsien?
U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse
wese gemaak
En hom met aansien en eer gekroon.

Dit is 'n wonderbaarlike Bybelvers, wat dui op die familie se hoë agting vir Hendrik en Martha.

Japie Louw se oupa, Jantjies, het gewoon op Kaffersput, suid van Griekwastad. Die plaas was eers in die familie se besit, maar 'n witman, Koos du Plooy, het later die plaas op sy naam geregistreer gekry.

Japie se moeder was Martha Visser van Schmidtsdrift. Sy is in Kuilsville begrawe. Rosina Louw onthou nog waar haar huis in Schmidtsdrift was.

Japie Louw se broer, Johannes, begrawe in in die Kuilsville begraafplaas





DIE HERINNERINGE VAN OUMA RACHEL KOK

Rachel Kok is gebore in 1935. Haar ma was Louisa. Sy het nooit haar pa geken nie – hy's dood in 'n ongeluk toe Rachel baie jong was. Sy het grootgeword by haar oupa Niklaas Kok en haar ouma Anna Julies. Niklaas, 'n wadrywer toe hy en Anna in 1894 trou, het 'n baie bewoë lewe gelei.

Rachel vertel: "My oupa het op die plase gebly. Op drie plase was hy 'n voorman gewees. Al drie plase het hy opgepas." Tot hulle verkoop is. "Toe moes my oupa nou wegtrek. Toe gaan my oupa-hulle Suidwes toe." Maar nie vir lank nie, want in 1904 het "kaptein Witbooi se oorlog" uitgebreek. 'n Oorlog tussen die Duitse koloniale magte en die Hereros en Namas.²⁰⁴ Toe het Niklaas Kok gevlug, terug Suid-Afrika toe, na Danielskuil, waar sy broer gebly het. "En so het die familie bymekaar gekom".

Dit beteken Rachel Kok se familie bly al van 1904 of 1905 af op Danielskuil. Rachel se moeder was Louisa Kok, gebore in 1901. Sy is in 1985 oorlede in Danielskuil. Haar oupa, Niklaas Kok, is in 1945 oorlede in Danielskuil. En haar ouma was Anna Maria Julies, oorlede in 1951.

MARRIAGE REGISTER.							
No.	When Married.	Name.	Condition.	Occupation or Calling.	Age	Residence.	Consett.—By whom given, or by Judge's Order.
139	30 th Apr 1894	Klaas Kok Anna Julies	Bachelor Sister	Wagondrier Spinner	29 22	Wimblkin Avoca	Notice of marriage
<i>Klaas + Klaas Anna + Julies mark</i>				Witnesses to the Marriage. <i>John Zonne S. Campbell</i>			
I, the Undersigned, do hereby certify that the above Marriage was contracted by the Parties thereto on the <i>30th April</i> , 1894, in my presence, and in the presence of the Persons who have signed their Names as Witnesses, under and by virtue of the Marriage Act, 1860. Dated at <i>Douglas</i> , this <i>30th</i> day of <i>Apr</i> 1894.							
<i>Resident Magistrate.</i>							

Huweliksertifikaat Klaas Kok en Anna Julies, Douglas, 30 April 1894.²⁰⁵

²⁰⁴ Die oorlog het begin in 1904, tussen die Duitse koloniale magte en die Herero's. Later in hierdie jaar het die Namas onder leiding van kaptein Hendrik Witbooi in opstand gekom. Witbooi sneuwel op 29 Oktober 1905. Omtrent 10 000 Namas is dood in die oorlog en tussen 50 000 – 65 000 Hereros.

²⁰⁵ South Africa, Cape Province, Western Cape Archives Records, 1792-1992, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3QS7-L9S9-HBV1?i=7&cc=1935348&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AQ23Q-F2ND>, besoek 2022-03-10



Niklaas en Anna, Rachel se ouma en oupa, het op Groenwater gaan bly. Dit was 'n baie mooi plek, sê Rachel. Sy beskryf dit as haar familie se "ankerplek". Hulle was daar van omstreeks 1940 tot 1958.

Maar toe het Derksen gekom. Derksen was 'n skelm ou van die Oos-Vrystaat, wat "die goete van die mense gevat het" maar nooit daarvoor betaal het nie. "Ons grootmanne was mos nie so geleerd nie en op alles het hulle ja gesê." Toe Derksen met die noorderson vertrek, moes die mense van Groenwater van voor af weer begin met lammertjies boer.

Niklaas Kok, toe alreeds in sy tagtigs, het Danielskuil toe gekom. Daar het hy in 1945 afgesterwe. Hy lê begrawe in 'n ongemerkte graf, nes sy vrou en sy dogter Louisa, Rachel Kok se ma. Louisa was blybaar die eerste persoon om uit die Kuilsville VG Kerk begrawe te word.

Rachel het grootgeword op ou Marantheng. "Ons het daar gebly. Ons was die eerste mense wat daar gebly het. Ja. Daar't ons gebly. En ons was almal deurmekaar gewees saam met die ander mense daar. Ons was groot vriende ... saam alles gedoen." Die kinders het "wegkruipertjie-goed" gespeel by die Kuil. En skool toe gegaan by meester Jenneke.²⁰⁶

Later het 'n meneer Jacobs skoolhoof geword: "Meneer Jacobs, wat ook altyd al die dae by my ouma gekom het. My ouma kon ook Griekwa taal praat. Toe praat my ouma met hom en dan skryf hy op". Want die skoolhoof het baie belang gestel in die ou Griekwa taal - nes die magistraat van Postmasburg, wat van Rachel se oupa dié taal wou leer praat. Hulle het vriende geword, sê Rachel; die magistraat het vir oupa biltong gegee vir sy verjaarsdae.

Rachel Kok,
Griekwavrou



²⁰⁶

Dit was Nicholas Jenneke, wat later 'n skoolhoof geword het op Upington.



Die Griekwa taal wat Rachel se oupa en ouma gepraat het, was, terloops, nie die ou-ou Xiri nie.²⁰⁷ Margaretha Pienaar, die eggenote van kaptein Adam Kok III (1811-1875) was een van die laaste mense wat "Kaapse Khoe" vlot kon praat.²⁰⁸ Ouma Anna en oupa Niklaas het Griekwa-Afrikaans gepraat, 'n dialek van Afrikaans wat plek-plek nog ou Khoek-Khoen elemente met hom saamdra .²⁰⁹

Rachel Kok het in 1958 as 'n jong vrou Johannesburg toe gegaan, waar sy as 'n huisbediende gewerk het. Sy het 27 jare daar gebly. "Ek het jare in Johannesburg gebly, sê sy, "en ek het nooit geverdwaal nie. In daai jare van ons is dit bitterlik lekker... In die middae, so Sondagmiddag, is daar lekker dans daar. Dan gaan ons plate speel en plate luister." Sy het teruggekom Danielskuil toe vir haar ma se begrafnis, in 1985.

"Ek is 'n Griekwa", sê Rachel. "Kyk, toe ek die ID kry – toe het my oupa vir my geregistreer as Griekwa. En ek is trots op my nasie. Want hulle was 'n stáam gewees, baie sterk stam." Maar nou is die mense wat nog die ou tradisies ken afgesterwe. En dis 'n groot jammerte.

"Almal wil nie meer Griekwa wees nie. Is seker maar net ek?"

Ouma Rachel het 'n ma, 'n suster en 'n seun (Leslie) wat begrawe lê op Danielskuil. Al drie in ongemerkte grafte. Sy onthou dat daar – "baie lang jare terug" – 'n koshuis gebou is vir wit kinders wat hier skoolgegaan het. Die bruinmense was baie ongelukkig daaroor, want daar was ou grafte op dié plek, die grafte van hul voorouers.



Rachel Kok in haar huus in Kuilsrivier

²⁰⁷ Ouma Anna het gerook en as Rachel ouma se pyf moes soek, sê sy "Staan maak hom da." Dit is nie !Xiri nie maar Griekwa-Afrikaans. In hierdie dialek eindig 'n meervoud altyd op -e ("goeterse", "klipperse"). Werkwoorde kry dikwels hulp van ander werkwoorde, soos in ouma Anna se "staan maak hom da".

²⁰⁸ K Schoeman, *The Griqua Captaincy of Philippolis, 1826-1861* (Pretoria 2002), bls. 112.

²⁰⁹ Sien: Anon, "Oor Griekwa-Afrikaans", Verslag van 'n lesing van Hans du Plessis, <https://groups.google.com/g/soc.culture.south-africa.afrikaans/c/u9W1pu6Thrg?pli=1>, besoek 8 April 2022



Rachel het drie kinders: Leslie, Noreen en Gert. Rachel en Gert het nog skoolgegaan in die ou "Konkerk" (Congregational Church) gebou in Elbow Straat, toe Mnr Jacobs die onderwyser en skoolhoof was. In daardie tye was Ds van der Merwe aan die hoof van die Sendingkerk.

Rachel se familie het al hulle kosbaarhede verloor toe hulle huis afgebrand het, in omstreeks 1960.

Nou bly net herinneringe oor.



SENATOR DAVID HERMANUS VAN ZYL – POLITIKUS EN SKRYWER

Hierdie veelsydige en talentvolle politikus was vir lank 'n verteenwoordiger van Danielskuil op nasionale regeringsvlak.

Dit blyk dat DH van Zyl ("Dawie") vanaf Boshof²¹⁰in die Vrystaat na Danielskuil gekom het, om te kom diamante soek. Sy trousertifikaat duï aan dat hy en Elizabeth Florentina Bothma by Sydney-op-Vaal getrou het, in 1918, en hy het gewerk as delwer.

²¹⁰ Dis moontlik dat sy pa of oupa ook David Hermanus van Zyl was – die "Burger DH van Zyl" wat in die Boshof Kommando geveg het tydens die Anglo-Boereoorlog. Hy was gevange geneem by Bospoort op 25 September 1901.<https://www.angloboerwar.com/forum/surname-v/23627-van-zyl-d-h-burger>.



DUPLICAAT ORIGINEEL REGISTER.							(M. L.)	(E. M.)
Huwelik bevestigd te Sydney op Vaal, in die Parochie van Kimberley in het Distrik van Barkly West 1918							18.	
Wanneer Geregistreer.	NASIE en TOCHTERNAAM.	Onder Laatste Verstandig-	Hus.	Stad.	Rang of Broop.	Woonplaats tijds het Huwelik.	Na. Huwelik- geldende of niet Licentie.	Toestemming, door wien gege- ven, of op circa van de Beftintes.
10/12/18	David Hermanus van Zyl 24	J.	Jonkman Delse	Sydney op Vaal	Na			
1918	Elizabeth Florentina Bothma 20	G.	Jongedochter	do	Geboden	do	door de ouders	to.
Getrouwen in een privaathuis te Sydney op Vaal voornamelijk na geboden door mij,								
Dit Huwelik is voltrekken tussen ons.							P. G. de Jaal	
In de tegenwoordigheid van ons,							P. G. de Jaal	1944
Nagezien met het Origineel Register en korrekt bevonden, door mij:								
(1) Tot die datum ontkom die te registrir de onderstaan te bevestiging, nu van ons Wetlike Noote "rooster" daarby.								
(2) Dat ons daarvan bevestiging van die betreklike Suid-Afrikaanse Provinsiale Regeering te ontvang is.								
(3) Vir die ooreenkomstige gedraai "Met Licentie", wat binne gevind is.								
(4) Die Proefdag dat hierboven bevestig, moet op beide geslaag, gemaak word.								

Dawie en Bess van Zyl se huwelik-sertifikaat²¹¹

Dawie Van Zyl het 'n lang pad gestap met die Nasionale Party. Hy het die eerste NP-tak in Griekwaland-Wes gestig by Longlands in 1914; hy was toe maar 21 jaar oud. In 1919 het hy NP-organiseerde geword. Vanaf 1924 het hy die NP-tak in Danielskuil reggeruk, en teen 1925 was hy voorstander van die plaaslike tak, sowel as die distrikbestuur van die party.²¹² In 1930 is hy verkies as die Lid van die Provinciale Raad vir Kuruman. Hy was duidelik 'n invloedryke persoon. Tydens die depressie, in 1932, het hy die grootste vergadering ooit oor die ekonomiese situasie toegespreek. Van Zyl het 'n senator geword in 1939.

Dawie het in Danielskuil aangekom in 1924, as bestuurder van WEB de Villiers se bedryf, 'n asbes gradestasie agter die ou Commercial Hotel. Teen 1927 het Dawie en sy broer, HP van Zyl, 'n asbesmyntjie gehad op die dorpsmeent van Danielskuil. Kort daarna, in 1927-1928, het Van Zyl as voorstander van die Dorpsraad gedien; en weereens in 1930 tot 1934.²¹³

In Danielskuil het hy baie bydraes gelewer. Hy het gedien in die boerevereniging, en saam met Dr Margaret Gray en Mn Polly Lichtenstein (bestuurder van Gers se winkel), het Van Zyl gehelp om 'n biblioteek te stig in 1925.²¹⁴ Die biblioteek gaan natuurlik nog voort, al is dit in 'n ander gebou.

Hy was ook medestigter van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging²¹⁵ en die Helpmekaar-beweging. Hy was die voorstander van die Trusteraad van die Suid-Afrikaanse Museum, sowel as van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging.²¹⁶

²¹¹ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", database, FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZH5-3QQ4>), David Hermanus Van Zyl, 1918.

²¹² PHR Snyman, Danielskuil, bl. 105.

²¹³ PHR Snyman, Danielskuil, bl. 70-1; 147.

²¹⁴ PHR Snyman, Danielskuil, bl. 121.

²¹⁵ *The South African Archaeological Bulletin*, Vol. 1, No. 2 (Mar., 1946), pp. 52-56 (5 pages)

²¹⁶ PHR Snyman, Danielskuil, bl 143.



Dawie van Zyl (links); op die foto regs bo staan Van Zyl, met onderbaadjie en snor, langs Generaal Hertzog in Danielskuil, in 1928.

Dawie van Zyl het verskeie boeke en artikels gepubliseer. Hy was gefassineer deur plaaslike taalgebruiken, en het baie keer woorde en rympies aangehaal. Byvoorbeeld, hy het 'n "daggarympie" opgeteken in sy boek *Swerwerspore*:

Hiert seg hulle voël fisant
Skree moor den brand!
Katryntjie Groenvenster, jou deedlike ding
Niklas Alkaster jou duisbaster van Makeb!
Foutmaker van Albanië, Queenstown
Kettingbreker van Griekwastad.²¹⁷

Die boek *Swerwerspore* is 'n stel geskiedkundige stories, baiekeer met himself as die verteller. Hy is self soms op 'n grappige wyse geskets om die stories in te kleur.

Dawie van Zyl spot met homself (in sy slaapktere) in die storie "Peste en Moleste in Vergaderings"²¹⁸



²¹⁷ DH van Zyl, *Swerwerspore*, Nasionale Pers, Kaapstad, 1943, bl. 31. Sien ook Abraham de Vries, Die orale tradisie in die werk van twee Afrikaanse outeurs, *Nederlandse Letterkunde. Jaargang 5*. Koninklijke Van Gorcum, Assen 2000, https://www.dbln.org/tekst/_ned021200001_01/_ned021200001_01_0024.php

²¹⁸ DA van Zyl, *Swerwerspore*, bl. 82.



Dawie van Zyl het ook gepoog om die Griekwa-geschiedenis en volkskunde op te skryf. Sy boek 'n Griekwa-“letsigeit (lets oor die Griekwas) is gepubliseer in 1947. In hierdie boek wys hy weer op interessante Griekwa-taalgebruiken, kultuur, gewoontes, en geschiedenis. Hy verduidelik waarom die Griekwa baiekeer die woord "goed" aanlas by sekere woorde. Byvoorbeeld, 'n Griekwa sal iemand groet met die woorde, "Dag, meens, en wie ees mensgoed daan?". Die word "goed" dui respek en agting aan, en kom miskien van die Khoi tale.

Van Zyl se werk vol waardering en deernis vir die Griekwakultuur.

Die inhoudsopgawe van 'n Griekwa-“letsigheid”

	INHOUD	Bladsy
I. Voorwoord	· · · · ·	1
Inleiding	· · · · ·	4
II. Die Griekwas: Hul Herkoms	· · · · ·	1
III. Opkoms en Verval: Geschiedenis van Griekwastad	· · · · ·	17
IV. Hul Raseienskappe en Taal	· · · · ·	35
V. Griekwa-Galgehumor	· · · · ·	52
VI. Eienaardige Geregte, Geneesmiddels, Bygeloofies en Gebruiken van die Griekwas	· · · · ·	66
VII. Aangaande „Oense Gareegtheid en Oudgeite”	· · · · ·	84
VIII. Was die Griekwas die Eerste Landboubesproeiers?	· · · · ·	108
X. Griekwa-Grondbesit -- Geschiedenis van Albanië	· · · · ·	119
IX. Herinneringe van 'n Ou Griekwa	· · · · ·	129
X. Die Wysheid van Arrie	· · · · ·	135
	· · · · ·	142



Dawie en sy geliefde vrou, Bess, is begrawe in die Maitland-begraafplaas.²¹⁹

²¹⁹

https://www.graves-at-eggsa.org/main.php?g2_templId=851913; "South Africa, Cape Province, Cemetery Records, 1886-2010", database, FamilySearch (<https://familysearch.org/ark:/61903/1:1:QLL3-Q8S1> : 5 November 2019), David Hermanus Van Zyl, 1978.



STERFKENNIS

KRAGTENS ARTIKEL 7 VAN DIE BOEDELWET, 1965

1. Van van oorledene: VAN ZYL

2. Voornaam: DAVID HERMANUS

3. Identiteitsnummer: 930510 5001 00 6 4. Ras: BLANKE

5. Nasionaliteit: SUID-AFRIKAANS 6. Beroep: OUD-POLITIEKUS

7. Gewone verblyfplek(ke) gedurende die 12 maande wat die dood voorafgegaan het:
ZYLMER, ORCHARDWEG, MILNERTON

8. Geboorte datum: 10/5/1893 9. Geboorteplek:

10. Datum van dood: 15/2/1981 11. Plek van dood: KAAPSTAD

12. Het oorledene naglaat—(dui aan met kruisje waar toepaslik)

<u>Roerende goed</u>	<input checked="" type="checkbox"/>	<u>Onroerende goed</u>	<input checked="" type="checkbox"/>	<u>'n Testament</u>	<input checked="" type="checkbox"/>	<u>'n Boedel wat R5000 te boewe gaan</u>	<input checked="" type="checkbox"/>
----------------------	-------------------------------------	------------------------	-------------------------------------	---------------------	-------------------------------------	--	-------------------------------------

13. Huwelikstaat ten tyde van dood: GETROUDE

14. Indien getroud, plek waar getroud: KAAPSTAD

15. Volle name van langlewende eggenoot(note) en sy/haar beroep: JOHANNA VAN ZYL

16. Vermeld of huwelik in of buite gemeenskap van goed was: BUTTE GEMEENSKAP

17. (a) Naam (naams) van vooroorlede eggenoot(note) en van geskeide eggenoot(note) (dui aan teenoor naam van elkeen of vooroorlede of geskei):
ELIZABETH FLORENTINA VAN ZYL - VOOROORLEDE

(b) Datum van dood van vooroorlede eggenoot(note):
18. Volle name van kinders van elke huwelik (vermeld of meerderjarig of minderjarig vooroorlede en, in laaggenoemde geval, of hulle nakomelinge nagelaat het en, indien wel, die volle name van sodanige nakomelinge):

FREDERIK VAN ZYL - VOOROORLEDE

19. Name van ouers van oorledene (vermeld of ouers in lewe of oorlede is):

Vader: Alhei oorlede

Moeder: _____

Gedateer te KAAPSTAD, op die 27 dag van FEBRUARIE 1981

Dawie van Zyl
*Hoedanigheid: Weduwe *FamilySearch*

Dawie van Zyl is oorlede in 1981. Hierdie is die doodsertifikaat²²⁰



²²⁰ "South Africa, Western Cape, Deceased Estate Files, 1951-1958", database, *FamilySearch* (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6DQH-GRBY> : 7 January 2022), David Hermanus Van Zyl, 1981.



DIE GERS FAMILIE, LEIERSFIGURE VAN PAPKUIL

Papkuil is een van die oudste plase in Griekwaland-Wes. Die naam "papkuil" verwys na die spesifieke riete wat daar groei. Papkuil (*Typha capensis*) is 'n plant wat tot 2 m hoog word. Die plant het lang blare en daar groei are aan die stingels se punte. Geel en bruin blomme kom voor. Die plant kom voor in waterweë, riviermondingstrande en soutmoerasse. Die blare word tradisioneel gebruik om matte en mandjies te weef, en om dakke mee te dek.²²¹

Papkuil waterplante (bulrushes)



Die plaas Papkuil lê op die belangrike pad tussen Hopetown, Douglas, Danielskuil en Kuruman.

Veral teen die laat 1890s is die paaie in die distrik verbeter, insluitende die Papkuil-pad.²²² Vir baie jare was Papkuil op die direkte pad tussen Danielskuil, Schmidtsdrift en Kimberley. Vandag bestaan daardie pad nie meer nie, omdat die R31 hoofweg gebou is.

In die ou dae was daar baie meer mense wat op die plase gebly het. In 1897, byvoorbeeld, was daar genoeg mans in die Papkuil area om die "Papkuil Rifles" te stig tydens die Langberg Rebellion. Daar was 'n hotel en winkel op Papkuil, sowel as 'n poskantoor. In 1895 is 'n weeklikse posdiens ingestel tussen Campbell, Papkuil en Danielskuil. In 1897 is 'n telegraafkantoor op Papkuil gestig



Papkuil posseëls,
1891 en 1900²²³



Teen 1927 het die Suid-Afrikaanse Spoorweë 'n busdiens bedryf tussen Danielskuil, Silver Streams, Papkuil, Schmidtsdrift en Kimberley.²²⁴

Links: 'n Tipiese ou bus van die Suid-Afrikaanse spoorweë²²⁵


²²¹ <https://www.randomharvest.co.za> en <https://af.wikipedia.org/wiki/Papkuil>

²²² PHR Snyman, Danielskuil, bl. 49-50.

²²³ <https://www.postmarks.co.za/PH%20CGH%20Paauwpan%20to%20Pearston.htm>

²²⁴ Snyman bl 71

²²⁵ Foto: <https://atom.drisa.co.za/>



Die Britse "Imperial Map" van Danielskuil se distrik, 1900. Die pad tussen Danielskuil en Papkuil word aangedui in rooi. Hierdie kaarte was gebruik deur die Britse magte tydens die Anglo-Boereoorlog



Die Joodse Gers familie het van Sondershausen in Thuringia, Duitsland na Suid-Afrika gekom.

Adolf Gers was die eerste Gers pionier in Suid-Afrika, en het saam met sy vrou, Johanna Mosenthal, na Graaff-Reinet gekom. Sy was die suster van die pionier Joseph Mosenthal. Dit het 'n baie lang verbintenis tussen die Gers en Mosenthal families beteken. Die Mosenthals het later 'n groot rol gespeel in die diamantbedryf in die Hopetown distrik.²²⁶

Adolph en Johanna se seun was Julius. Hy het ook 'n verbintenis gehad met die Lilienfeld familie, want Julius se drie susters het met drie Lilienfeld broers getrou. Die Lilienfelds het ook 'n sterk rol gespeel in Graaff-Reinet, en later in die diamantvelde van Hopetown.

In 1858 het Mosenthal 'n winkel begin in Hopetown, en twee jaar later het die Lilienfelds dit oorgeneem.

Julius se vrou, Fredericka, was van Wanfried in Hessen, Duitsland. Die Gers voorouers, Julius en Fredericka Gers, was getroud in Hopetown in 1871. Sy was gebore in 1840, en is oorlede in 1925 in Kimberley. Sy is begrawe op die oop vlaktes van Papkuil.

Marriage Register.							
No.	When married.	Name.	Condition.	Occupation or Calling.	Age.	Residence.	Consent, by whom given, or by Judge's Order.
b	1871 April 3	Julius Gers Barbara	Farmer		30	Hopetown	Granted by Fredericka Blumenthal
		Fredrika Blumenthal	Spouse		30	Hopetown	Granted by Fredericka Blumenthal
Witnesses to the Marriage.							
		Henry Wrentham					Julius Gers Fredericka Blumenthal
		Paul Salomon					
		Albertine Gers					
I, the undersigned, do hereby certify that the above Marriage was contracted by the Parties thereto on the 3rd day of April 1871, in my presence, and in the presence of the Persons who have signed their Names as Witnesses, under and by virtue of the Marriage Act, 1860.							
Dated at Hopetown, this 3 rd day of April, 1871; by John Smith Resident Magistrate.							

Julius Gers en Fredericka Blumenthal se huweliksertifikaat,
Hopetown 1871²²⁷

²²⁶ E Nathan, Return of Jewish Births in the Cape of Good Hope: Graaff-Reinet, https://kehila.links.jewishgen.org/graff_reinet/Graaff%20Reinet%20birth%20register.pdf

²²⁷ "South Africa, Cape Province, Western Cape Archives Records, 1792-1992", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:Q23Q-VMGG> : Sat Mar 09 07:53:00 UTC 2024), Entry for Julius Gers and Fredrika Blumenthal, 3 April 1871.



109/258 Filed on the 11 June 1897 (74) (75)
Death Notice. 1477

PURSUANT TO THE PROVISIONS CONTAINED IN SECTION 8, ORDINANCE NO. 106.

1. Name of the Deceased Julius Gers

2. Native place of the Deceased Sondershausen, Germany

3. Name of the Parents of the Deceased { Father Adolph Gers
Mother Johanna Gers (born Neorenthal)

4. Age of the Deceased 56 years months

5. Condition in life (occupation) Retired Farmer & Shop Keeper

6. Married or Unmarried, & Widower or Widow Married

7. Name of surviving Spouse Friedericke Gers (born Blumenthal)

8. Name or name and approximate date of birth of previous Spouse or Spouses

1. The day of the deceased: on 7th March 1897-
at what place or where the person died Cottbus, Germany

2. Name of Children of Deceased, and whether major or minor
{ Adolph Gers
Bertha Gers
Minaud Gers

3. Whether Deceased has left any Property, and of what kind
The Deceased has left a Will.
Signed at Cottbus - Germany the 18th day of May 1897
Surviving Spouse
State in what respects.

Doodsertifikaat:
 Julius Gers, gebore in Duitsland, oorlede 1897, op die ouderdom van 56. Hy was getroud met Friedericke Gers, gebore Blumenthal.²²⁸

Julius en Friedricka het vier kinders gehad, insluitende Adolph Gers.

Adolph (of Adolph) is gebore by Mazelsfontein, 'n plaas net wes van Douglas. Hy was 54 jaar oud met sy afsterwe in 1931, en dus is hy gebore om en by 1878. In lewe was hy 'n winkelier en plaasboer, en hy het ses kinders gehad.

²²⁸ "South Africa, Cape Province, Probate Records of the Master of the High Court, 1834-1989," database with images, FamilySearch (<https://familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-CSQ8-FSLQ-N?cc=2517051&wc=WV44-S8T%3A1598092308> : 27 April 2020), 007844969 > image 2148 of 2176; Pietermaritzburg Archives (Formerly Natal State Archives), South Africa.




Die Gers familie bly al vir vier geslagte op Papkuil. Die familie het vir dekades verskeie handelswinkels gehad, met hotelle op Papkuil en Danielskuil. Adolph Gers het 'n winkel en hotel op Papkuil besit, en in Danielskuil self het hy het die besigheid van Beadle en Barker oorgeneem nadat Barker in 1916 oorlede is.²²⁹ Adolph kan dus gesien word as die pionier wat die Gersfamilie in Griekwaland-Wes gevestig het.

Adolph eerste vrou was Jeanette Lichtenstein. Sy het afsterwe in 1908, op die vroeë ouerdom van 32, en is op Papkuil begrawe. Adolph het later met haar suster, Sophie getrou. Die Lichtenstein familie het van Duitsland gekom.

Sophie Gers het vyf kinders gehad, en die oudste, Ernst, het gaan woon en boer op Papkuil.

*Die graf van Jeanette Gers, gebore Lichtenstein.
Sy is begrawe in Papkuil se begraafplaas.*



Adolph se tweede vrou, Sophie, is oorlede in 1947, op die ouerdom van 70 jaar. Dit beteken dat sy om en by 1877 gebore is – net soos Adolph.

In 1925 was Polly Lichtenstein die bestuurder van Gers se winkel op Danielskuil. Sy het ook gedien op die nuutgestigte biblioteekkomitee, wat die Gers familie se betrokkenheid by Danielskuil aantoon.²³⁰ Polly moes 'n familielid van Sophie gewees het.

Die Gers winkel in Danielskuil was geleë waar die OK Bazaars nou is, in Barkerstraat. Baiekeer het die Gers gesin teëspoed gekry in hulle handelsake, omdat die plaaslike Afrikaanse gemeenskap hulle nie ondersteun het nie. Adolph Gers was in kompetisie met DH van Zyl van die Commercial hotel. By een geleentheid was Gers se tender vir kruideniersware aan die koshuiskommissie die laagste van die plaaslike handelaars, maar die skool het besluit om die goedere eerder in Kimberley aan te koop.²³¹ Dit was natuurlik nog die nadraai van die Anglo-Boereoorlog, wat verhoudings tussen Engelse en Afrikaanse mense geweldig versuur het.

Die Gers familie het nie kant gekies nie. Hulle was altyd volledig tweetalig, in Afrikaans en Engels, en was bereid om almal te help.

By sy afsterwe het Adolph se bates 'n groot verskeidenheid ondernemings ingesluit – twee hotelle, twee winkels, vier plase, sowel as grootskaal boerdery met Friesbeeste, Clydesdale perde, Dorset-skape, en karakoelskape. Gers het ook een van die weinige nywerhede naby Danielskuil gehad, die Papkuil Soutwerke. Sy seun Ernest het die ondernemings op die dorp oorgeneem.

²²⁹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 64.

²³⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 121.

²³¹ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl, 72-6.



DEATH NOTICE.

Pursuant to the Provisions contained in "The Administration of Estates Act, 1913."

1. Name of deceased.....	<i>Adolph Gers</i>		
2. Birthplace and Nationality of the deceased.....	<i>Hawgsfontein, Dist. Herbert</i>		
Father.....		<i>Henry Gers</i>	<i>British</i>
3. Names and Addresses of the Parents of the deceased.....	<i>Mother..... Sophie Gers</i>		
4. Age of the deceased.....	<i>54</i>	years.....	<i>6</i> months.
5. Occupation in life of the deceased, or, if a woman, of her husband.....	<i>Papkuil Farmer</i>		
6. Ordinary place of residence of the deceased, or, if a woman, of her husband.....	<i>Dist. Hay</i>		
7. Married or unmarried, widower or widow.....	<i>Married</i>		
(a) Name of surviving spouse (if any).....			
(b) Name or names and approximate date of death of predeceased spouse or spouses.....			
(c) Place of last marriage.....			
8. The day of the decease : on.....	<i>26th March 1931</i>		
9. Where the person died.....	House.....	<i>Papkuil</i>	
Town or Place.....		<i>Dist. Hay</i>	
District.....			
10. Names of children of deceased, and whether minors or not.....	<i>Henry Gers, Julius Gers, Major Sophie Gers, minor first marriage</i>		
<i>Children of second marriage,</i>			
<i>#1 Ernst Herman Gers, Major</i>			
<i>Alfred Gers, Major</i>			
<i>Elizaveta Gers, minor</i>			
<i>Hermann Gers, minor</i>			
<i>Jeanette Gers, minor</i>			

Swear the deceased born of _____, and give the date of birth. Since there be witness to us, we, the children, and other to do, then give the names of the testators and witness.

Adolph Gers se doodsertifikaat, 1931²³²

Een van Adolph en Sophie se kinders was Ernst Herman Gers, die volgende boer en entrepreneur op Papkuil. Ernest Gers is gebore in 1908, en is 1974 oorlede. Sy vrou was Maria Elizabeth Hoffman, gebore 1927 en oorlede in 1958. Hulle is getroud in 1956, in Delpoortshoop.

²³² "South Africa, Cape Province, Kimberley, Probate Records of the Supreme Court, 1871-1937," database with images, FamilySearch (<https://familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C91Q-895L-Q?cc=2521616&wc=Q64T-VRJ%3A1590123758> : 31 May 2019), 007736398 > image 1309 of 1542; National Archives of South Africa, Cape Town Archives Repository, Cape Town.



G.P.-S.154401-1955-6-40.000, S. DUPLIKAAT-OORSPRONKLIKE HUWELIKSREGISTER. B.M.D. 3 (a).

VOORSKRIFTE VIR DIE INVUL VAN HIERDIE VORM VERSKYN OP DIE KEERSY HIERVAN.

No. 5 / 1956

A. ADRES GEWAAR

1. Volle name van getroudes—	Man— <u>Gers</u>	Vrouw— <u>Hoffman</u>
	Voornaam <u>Ernst Herman</u>	
	Van <u>Hoffman</u>	
	Voornaam <u>Maria Elizabeth</u>	
2. Datum van huwelijk	<u>Twaalf September 1956</u>	
3. Huwelik bevestig te	<u>Welkomspoort</u>	Distrik <u>Barkly-Wes</u> Provinie <u>Kaap.</u>
4. Persoonnummers: Man	<u>1028 14733</u>	Vrouw <u>1028 15069</u>
5. Ras: Man	<u>Blank</u>	Vrouw <u>Blank</u>
6. Ouderdom en datum van geboorte—	Man <u>48 jaar (5 Februarie 1908)</u>	Vrouw <u>29 jaar (6 Augustus 1924)</u>
7. Op of sonder huweliksvoorwaardes	<u>Op huweliksvoorwaardes.</u>	
8. Persoonlike staat: Man	<u>Wewenaar</u>	Vrouw <u>Jongedagter</u>
9. Beroep: Man	<u>Winkelier</u>	Vrouw <u>Boekhoudster</u>
10. Geboorteplek, provinsie, land—	<u>Man Kimberley in Kaap-Provincie</u>	
11. Adres ten tyde van huwelijk—	Man <u>Posbus 16,</u>	Vrouw <u>Boshof in die Oranje-Vrystaat.</u>
	<u>Danielskuil</u>	
12. Na geboorte of met spesiale huwelikslisensie	<u>Met spesiale Huwelikslisensie, No. 241372</u>	
13. Met wie se toestemming:	Man	Vrouw
14. OPMERKINGS	<u>Voorgeskrewe dokumente ingediën.</u>	

B.

Hierdie huwelik is deur my bevestig op hede die 12 de
dag van September 1956

L. P. du Preez
Huwelikskerstiger.
Nederduits Gereformeerde Kerk
Kerkgenootskap of Magistratskantoor.

E. H. Gers M. E. Hoffman
In teenwoordigheid van onderstaande getuies

1. H. Hoffman H. Hoffman
2. H. Hoffman W. F. Swart

C.

Ernst Gers en Maria Hoffman se huweliksertifikaat, 1956²³³

Later het die Gers familie uitgebrei na die asbesbedryf, toe hulle Ouplaas gekoop het in 1934, en dit tot 1950 suksesvol bedryf het.²³⁴ Hulle het ook 'n motorhawe oopgemaak in die 1950s.

Ernst se seun, Julius, is gebore in 1959. Julius Gers was betrokke by DG Bouers in die 1980s, wat baie betrokke was by die myne en voorsiening van bruin mense se behuising. Die jong Julius Gers was op die ouerdom van 24 een van die jongste burgemeesters ooit in Suid-Afrika, en het 'n vooraanstaande gemeenskapsleier geword.

²³³ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", database, FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:D9TM-J52M> : 22 September 2022), Ernst Herman Gers, 1956.

²³⁴ Snyman bl 74-85.



Adolf Gers se grafsteen op die plaas Papkuil. Hy is oorlede in 1930. Sy kleinseun, Julius, se weerkaatsing kan gesien word op die foto. Dis heel simbolies, want Adolf se nalatenskap floreer steeds.

Die burgemeesterspaar, Julius en Madelene Gers²³⁵



Oor die jare het die plaas Papkuil uit die Gerse se hande gegaan. Julius Gers het dit teruggekoop in 2012. Die plaas is nou Papkuil Safaris²³⁶, 'n juweel in die Ghaap.



²³⁵ Die Ghaap, Vrydag 11 Julie, 1986. Africana Biblioteek, Kimberley.

²³⁶ <http://gerssafaris.com/>



DIE VRIENDELIKE GOEIEMAN-FAMILIE

Mens voel sommer die vriendelikheid aan as jy by die Goeiman-perseel instap. Die hele gesin, van oud tot jonk, neem deel aan ons gesprek. Almal stel belang in die geskiedenis van hulle familie. Daar word vrolik geskerts, en inligting uitgeruil.



Die Goeiman familie (partykeer gespel as Goejeman of Goezman) is een van die oudste Griekwa families, en het hulle oorsprong in die naam Gonnema gehad. Gonnema was 'n Khoi kaptein in die 1600s in die Kaap, en het teestand gebied aan die Kompanjie in Kaapstad.²³⁷ Die van Geyman verskyn gereeld in die Griekwastad Doopregister van die Londense Sending, tussen die jare 1813 en 1822.²³⁸

Abraham Goeiman is gebore in 1955. Hy was een van sewe kinders: Stefaans (gebore 1938), Jakob, Klein Siena, Sara, Abraham (1955), Katriena en Sam. Die oudstes was gebore by Douglas, terwyl Katriena en Sam gebore is op die plaas Huis-ten-Bos.

Abraham se broer, Jakob, se graf in Kuilsville



Abraham was 'n plaaswerker en lorrie-drywer; sy broer Sam het by Ulco gewerk.

²³⁷ R Elphick, *The Shaping of South African society, 1652-1840*, Maskew Miller Longman, 1989.

²³⁸ K Schoeman, *Die Griekwastadse Doopboek 1807-1824: 'n alfabetiese naamregister* (Kaapstad 1997).



Abraham se pa, Sam Goeieman, is by Papkuil gebore, in 1908. Hy het by die munisipaliteit in Douglas gewerk. Hy het ook plaaswerk gedoen. Uiteindelik het hy teruggetrek Douglas toe. In 1974, op 'n rype ouerdom, is hy gedoop in die VG Kerk.

Sam se pa (Abraham se oupa) was Stefaans Goeieman, getroud met Sara Louw.



Abraham Goeieman se broer, Stefaans, gebore 1938, oorlede in 2010.

“Ek sien geen verskrikking in die dood nie.
Ek het geen vrees as ek na die toekoms kyk nie want ek weet in wie ek glo”.

Abraham se ma was Siena, gebore 1910. Haar ouers (Abraham se oupa en ouma) was Paul Esel en Lena Draaier.



Daar 'n doodsertifikaat van 1937, van Paul Esel. Hy is oorlede op die ouerdom van 70 jaar, by Breipaal (of Brypaal), net buite Douglas. Hierdie Paul Esel sou dan gebore wees in 1867. As hy Siena se pa was, dan sou hy 33 gewees het toe Siena gebore is. Dit klink heel realisties. Die sertifikaat word hieronder verskaf.



J.G.P.-S.4065-1937-150,000. S.

B.M.D. 2.

**FORM OF INFORMATION OF A DEATH.
AANGIFTE VAN 'N STERFGEVAL.**

(Act No. 17 of 1923.—Wet No. 17 van 1923.)

WARNING.—The penalties for false statements wilfully made are the same as those for perjury.

WAARSKUWING.—Die straf vir valse verklarings opsetlik gemaak, is dieselfde as in die geval van meineed.

DECEASED.—OORLEDENE.

1. Christian names and surname.	<i>Paul Esel</i>	
Voornaam en familienaam		
2. (a) Name of parent or guardian (if deceased was under the age of ten).		
(a) Naam van ouer of voog (indien oorledene onder die ouderdom van tien jaar was)		
(b) Place of residence of mother*		
(b) Woonplek van moeder*		
3. Sex <u>male</u>	4. Age <u>70 years</u>	5. Race <u>Coloured</u>
Geslag	Ouderdom	Ras
6. Birthplace <u>Cape Town</u>	7. Whether single, married, divorced, widower, or widow <u>married</u>	
Geboorteplek	Of ongetroud, getroud, geskeie, wewenaar of weduwee	
8. Occupation <u>Panzer</u>		
Beroep		
X 9. Pensioner or dependent of pensioner <u>Old Pensioner. Old Age</u>		
Gepensioneerde of afhanklik van gepensioneerde		
10. Date of death <u>10th October 1937</u>		
Datum van oorlye		
11. Place of death <u>Brynpaal Herbest</u>		
Plek waar oorlede		
12. Usual place of residence <u>Brynpaal Herbest</u>		
Gewone woonplek		
13. Intended place of burial <u>Brynpaal Herbest</u>		
Voorgenome begraafplek		
14. Causes of death <u>Pulmonary Tuberculosis</u>		
(In the case of the death of a mother when giving birth to her first child, this fact should be stated by inserting the words "First Child.")		
Oorsake van dood		
(In die geval van die dood van 'n moeder by die geboorte van haar eerste kind, moet hierdie geboortetekst aangesul word deur die woorde "		
"Eerste Kind" in te vul.)		
<u>(2) Septic wound.</u>		
15. Duration of disease or of last illness <u>several years</u>		
Duur van kwaal of laaste siekte		
16. Name of medical practitioner <u>Dr. A. Lange</u>		
Naam van geneeskundige praktyis		
INFORMANT.—BERIGGEWER.		
17. Original signature (or mark) <u>Lena Esel x mark</u>		
Eie handtekening (of merk)		
18. Qualification <u>wife present at death</u>		
Bevoegdheid		
19. Residence <u>Brynpaal Herbest</u>		
Woonplek		

Sterfsertifikaat van Paul Esel, 1937; Hy was getroud met Lena.

Hulle was heel moontlik Abraham Goeiemans se grootouers.²³⁹²³⁹

"South Africa, Cape Province, Civil Records, 1840-1972", FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:7BS7-5MN2> : Sat Mar 09 07:42:22 UTC 2024), Entry for Paul Esel, 10 October 1937.



Abraham Goeieman het met Lena Phale getrou.

Interessant genoeg het Stefaans Goeieman, Abraham se ouer broer), met Marie Phale getrou – Lena se suster. Hulle bly in Douglas.

Hierdie gesinne is 'n belangrike nalatenskap van die gemeenskap by Douglas, Breipaal en Mazelsfontein.



ANDRIES VRIES EN FLORENCE MOUERS – OP DIE GRIEKWA LYN

Andries Vries en sy vrou Florence Mouers van Lime Acres is trots op hul Griekwa identiteit. Hy is gebore in 1949, sy in 1952. Hulle het vier dogters, en al vier het matriek geskryf op Danielskuil.

Andries se van gaan terug tot die jaar 1552, toe *Vries* vir die eerste keer genoem word in 'n amptelike dokument in Rotterdam (Nederland).²⁴⁰

Dit is moeiliker om die herkoms van Florence se nooiensvan te bepaal. Dit word ook as Mauers, Mouer, Mouwer of Mowers geskryf. Die eerste *Mouwer* in die Suid-Afrikaanse argiewe is 'n Franciscus Fredericus Mouwer, wat in 1821 as lidmaat van die NG gemeente in Kaapstad aangeneem is.²⁴¹ Dit beteken natuurlik glad nie dat Franciscus Fredericus Mouwer se nasate oor die jare Mouerse geword het nie – maar dis 'n prikkelende moontlikheid.

²⁴⁰ Meertens Instituut, Nederlandse Familienamenbank, https://www.cbgfamilienamen.nl/nfb/detail_naam.php?gba_naam=Vries&nfd_naam=Vries&info=documentatie&operator=eq&taal=, besoek 13 Junie 2022.

²⁴¹ South Africa, Dutch Reformed Church (Cape Town Archives), 1660-1970, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:S3HT-6XY3-7T6?i=106&cc=1478678&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AVRLQ-6FK>, besoek 13 Junie 2022.



Daar is Hereros, Damaras, Griekwas en Europeërs onder Andries en Florence se voorouers. Florence se pa en ma het nog Griekwa taal gepraat, en sy en haar man ken net 'n paarwoordjies. Andries vertel: "Toe ons nou begin verstand kry moes ons Xhosa leer en Afrikaans. [Maar] ek ken nog van Griekwa vroue wat die taal sterk praat."

Andries en Florence weet van die ou hokmeisie-tradisie van die Griekwas: Dan vat die grootmense vir haar rivier toe. As die wenkbroue dik is en jy't 'n sekere moesie, dan kan jy nou nie daar gaan nie, dan moet jy nog ver gaan.

Jy word gesmeer met die modder, en die lappietjie met die boegoe, en as die manne nou kom dan word die boegoe nou net so vir die manne se neuse gesmeer. 'n Bok word geslag en as die fees klaar is dan is die meisie maar reg.

**Florence Mouers – haar ma was
'n hokmeisie in Namakwaland**



Florence se pa en een van haar kleinkinders lê begrawe op Danielskuil. Haar pa se graf het geen grafsteen op nie. Die begraafplaas lyk regtig sleg, sê sy. Dis vir haar hartseer om te sien, want daar is 'n klomp vullishope waar haar kleinkind se graf is. "Ek dink dis seker twee rye grafe wat toegegooi is met die vullisse daar."

Andries het aangesluit by die Griekwa Volksorganisasie (GVO) van Johannes Waterboer. Johannes Jakobus ("Hansie") stam af van kaptein Andries Waterboer (1789-1852). Andries dien nou in die GVO se Stamraad en Waterboer het hom "die septer opgelê". Dit beteken Andries is nou ampelik 'n Griekwa hoofman, al het hy nog nie 'n wyk of 'n streek nie. Maar dit gaan kom, sê hy, as hulle meer bekendstelling kry en as daar sertifikate uitgereik word aan hom en ander hoofmanne. Andries sê daar is 'n hele paar mense wat aan die GVO behoort in plekke soos Olifantshoek, Lime Acres, Postmasburg en Danielskuil.

Florence het twee Namibiese grootouers. Jacobus Saal was 'n Damara; en ten spyte van haar Koranna van, was Flora Links 'n Herero vrou. Die ander ouma was 'n Namakwalandse Griekwa vrou, en dis waarmee sy self identifiseer. Sy sê sy voel bevoorreg om 'n Griekwa genoem te word en trots dat "die stam nog op hulle se eie kan wees en hulle se voortbestaan kan voortsit."



Andries, wat meer “Europese vanne” (Vries, Swanepoel, Louw) in sy stamboom het as Florence, sê dis vir hom “ongemaklik” om ’n antwoord te gee op die vraag met wie hy kan identifiseer:

Baie ongemaklike vraag ... ek gaan sê al is my pa, my oupa, miskien van 'n witman se kant af, maar ek voel sterk, hier by die Griekwa kante, ek sal nou kies op die Griekwa lyn te gaan.

Die beeldskone Florence Mouers, op die ouderdom van 15 jaar.




HARRY OLIPHANT – 'N LEWE IN KONSTRUKSIE

Harry spel sy van as “Oliphant”. Maar party van sy familie het al die spelling verander, na “Olifant”. Dis nogal interessant dat Harry in Thakalatlou woon, wat huis beteken “die olifant in die riete”.

Harry het tot 1966 in Rustenburg gewoon. Hy was 'n bouer.

Maar hy was oorspronklik van hierdie distrik. Hy is in 1956 op die plaas Witput gebore; dis omtrent agt kilometer vanaf Silverstreams. Op die plaas Grootvlei was 'n skool vir swart kinders. Die plaas was besit deur die Austin familie. Harry se oupa het gehelp om daardie skool te bou. Grootvlei is natuurlik deel van 'n groot vleiland, wat oorstrom as daar baie reën gevall het.



Witputs, Grootvlei en Silver Streams is baie na aan mekaar – suid van Danielskuil en oos van Lime Acres.

In 1966 het Harry Oliphant teruggekom in Danielskuil.

Harry se vader was Jeffrey Motsoto, 'n speurder en polisieman wat by Papkuil gestasioneer was. Hy het van Lesotho af gekom. Sy ma was Mietjie Ketsamang Olifant (met 'n "f"), gebore op 24 Desember 1936. Sy was twintig jaar oud to Harry in 1956 gebore is.

Harry was een van vier kinders. Kayzer Olifant was ook in Witput gebore, en het in 2020 gesterf. Een sussie is jonk oorlede. Die laaste sussie, Lettie Olifant, was in 1966 gebore, en is in 2012 oorlede.

Al die kinders was in die Methodiste Kerk gedoop. Maar onlangs het Het Harry aangesluit by die Baptiste Kerk, saam met leiers soos Cornelis Pienaar.

Vir 'n paar jaar, vanaf omstrent 1963, het die familie in Khosis gewoon. Dit was destyds 'n "native reserve", waar Lohatlha Gevegskool nou is. Harry was omstrent ses jaar oud. Hulle het in die Matsanyankae Village gebly. Vir 'n paar jaar het hy die Demoteng Bantu School bygewoon.

In 1966 was die Tswana mense van Khosis verskuif – party na Kuruman en ander na Danielskuil. Harry onthou hoe hulle hulle besittings in 'n donkiekar vervoer het. Hulle het die dakke agtergelaat, en Oom Neels het dit later na sy plaas toe geneem.

Mietjie se broer was Neels Letsako, wat 'n belangrike oom in Harry se lewe geword het. Oom Neels was gebore op 9 April 1931, en is oorlede op 19 September 2020. Hy is in Danielskuil begrawe. Hy het met Sanah Olifant getrou. Neels is in Danielskuil gebore. Sanah is in 1937 gebore, en in 2021 oorlede.

Neels Olifant,
die oom wat altyd daar was vir Harry





Sanah Olifant se begrafnisbrief

Mietjie en Neels se pa (Harry se oupa) was Segokomo Jan Olifant. Hulle ma (Harry se ouma) was Malesane Marie Oliphant. Malesane se ma het die nooiensvan Morake gehad; sy het by Skeyfontein gewoon.

Mietjie het sewe broers en susters gehad. Sy was die jongste. Die oudste was Selomang, wat in 1921 vertrek het om by die goudmyne te gaan werk. Hy het nooit teruggekom na Danielskuil toe nie.

Die tweede was Jan Olifant (met 'n "f"), wat in die Papkuil area aangebly het. Hy het gewerk op boorgate, en het ook geweet hoe om ondergrondse water op te spoor. Hy het vir Mr Vertue by Papkuil gewerk. Hy is in Danielskuil oorlede.

Harry se derde oom was Willem Kibogile Olifant. Hy het altyd per fiets die familie in Khosis gaan besoek. Hy is oorlede in Griekwastad.

Die vierde was Freddie Maroping Olifant. Hy het op die asbes-myne gaan werk, en is by Magojaneng, naby Kuruman, oorlede. Toe hy gesterf het, het 'n plaaslike blanke dame sy geld veilig bewaar tot die familie dit kon kry.

Mietjie se volgende sussie was Lettie Kedibone Olifant. Sy is in 2019 in Danielskuil oorlede.

Mietjie se jongste sussie was Katrina Manketso, begrawe by Kagung naby Kuruman. En dan Oom Neels. En dan was daar Mietjie, begrawe in Danielskuil.



Harry is getroud met Bessie Kgakgamatso Jacobs. Bessie is gebore op 8 Junie 1966, en is oorlede op 1 Augustus 2010.

KGAKGAMATSO BESSIE OLIPHANT



“Kgakgamatso” beteken “wonderwerk”.

Hierdie is die begraafnisbrief by haar begraafnis.

OBITUARY

Kgakgamatso Bessie Oliphant ke morwadia Keakantsa Sanua le John Oggies Jacobs. O tsetswe ka di 08-06-1966 kwa Danielskuil. Ke ngwana wa borataro mo baneng ba le roboungwe, basimane ba le hararo (3) le basetsana ba le barataro (6). O simolotse sekolo mo Danielskuil, a ya Postmasburg kwa sekolong se scigolo-Ratang thuto le St Boniface kwa Kimberley.

O simolotse go dira kwa Hartswater mo difemeng ele deck, a tla go dira mo gae kwa Spar, mune a selektsa kwa Unity events kwa Finsch.

O tsene mo nyalong ee boitshepo le Harry Oliphant. O dogela molekane, bana ba le hararo (3) - basimane ba le habedi (2) le mosetsana a le esi (1), boggaitsadie ba le hararo (3), bonnogolwe hale hararo (3) le bomotshane ba le habedi (2).

LALA NGO - XOLO - MXGINA

Harry het matriek geskryf in Kimberley. Hy het toe op 'n asbesmyn gewerk, as 'n klerk in die woonkwartiere. Daar moes hy workers registreer. Vir twee jaar het hy by Beeshoek, naby Postmasburg, gewerk.

Toekom werk Harry by Idwala Myn. Hy het ertsmonsters getoets. Hy was ook 'n klerk by die weegstasie, in die Versendingdepartement.

Daarna het hy by Kimberley gaan werk as 'n messelaar, en daarvandaan het hy verder gevorder in die konstruksiesektor. Hy het vir vyf jaar in Rustenburg gewerk by 'n kontrakteur, en in 1982 het hy teruggekeer na Danielskuil. Toe het hy by PPC Cement in Danielskuil vir 17 jaar gewerk, as 'n toesighouer by die uitvalwerke. Hy het ook 'n lokomotief bestuur by die myn. Daarna het hy kontrakwerk gedoen in Postmasburg, veral op herstelwerk. En toe agetreee, in 2019, na 'n bedrywige lewe. Bessie en Harry het twee kinders: Gladys Keitumetse Oliphant en Kosi Oliphant.



ROSINA LOUW EN DIE “WATERMEID” VAN BOPLAAS

Daar is kameeldoringbome by die fontein, en bossies wat rooi bessies dra. In vroer dae moet daar 'n draadheining gewees het, maar nou is daar net klein stukkies ogiesdraad oor. Die winterwind laat die takke van die bome ritsel. Die hemel is wit, die water is stil en donker.

Op die soom van die Kalahari lê 'n hele paar fonteine wat deur onderaardse riviere met mekaar verbind is. Dit is 'n ongesiene, betoerde wereld. Want daar, in die dieptes waar die riviere loop, bly die Waterslang. En die Watermeid.

Die Watermeid besit die krag om iemand met haar onsigbare wil die fontein in te trek.²⁴² Somtyds neem sy die vorm van pragtige blomme aan om slagoffers te lok, ander kere lyk sy soos 'n mooi vrou – met 'n onderlyf soos die van 'n vis. As sy mense tot aan die rand van die fontein gelok het, spring die Groot Slang uit om hulle in die water in te trek en te verslind.²⁴³

Lang jare terug het vier meisies van Danielskuil se Sondagskool piekniek gehou by die fontein van Boplaas. Hulle was drie sussies. Die vierde een was Miem-met-die-pikswart-hare - die mooiste meisie van Danielskuil. Dit is die meisies se storie:

“Ons was mos kinders, ons speel, en toe ons terugkom kry ons hier op die draad ... hang die sakdoekies, daai mooi klein sakdoekies wat die meisiekinders altyd gedra het, en 'n paar biltonge.”

Hulle het groot geskrik, want hulle't geweet dis die Waterslang wat die sakdoekies en biltong daar gelos het, om hulle water toe te lok. Die meisies het gou-gou dorp toe gegaan om die storie van die Waterslang en sy biltonge te vertel.

“Maar die grootmense het nie rērig vir hulle gesteur aan sulke goed wat ons praat. Hulle wou ons mos nie altyd glo nie.”

Rosina Louw is die enigste een op Danielskuil wat nog die storie van die Watermeid kan vertel.

Sy was een die vier kinders wat saam met Miem by die fontein was, waar hulle die Watermeid gesien het.

Sy kuier nog soms by die fontein.



²⁴² Soos beskryf in: GR von Wielich, *Boesman-Stories, Deel I, Mitologie en Legendas* (Kaapstad/Bloemfontein/Pietermaritzburg 1919), bls. 137, <https://www.gutenberg.org/files/62330/62330-h/62330-h.htm#ch19>, besoek 5 Junie 2022.

²⁴³ AJ Coetzee, *Die Afrikaanse Volksgeloof* (Amsterdam 1938), p. 64, 68, 75.



Die watermeid se towerfontein in
Boplaas

Eendag kom die meisies weer. Dit was teen die einde van die jaar en baie warm. Die son was hoog in die lug en sy strale het tussen die bome deur gevval. En op 'n klip in die fontein, sien die Sondagskoolmeisies, daar sit die Watermeid:

"Oeeee, was dit pragtig. Soos jy vir haar sien, sy sit op die klip in die water.
Sy't sulke blonde hare en blou oë gehad. Sy's onder soos 'n vis, soos 'n blou vis. Maar mooi! Sy's rērig pragtig."

Miem het nie bly staan en kyk vir die Watermeid nie. Sy het weggehardloop. Want sy't geweet sy is die aantrekkingskrag vir hierdie verskynings. Sy het geweet die Waterslang van Boplaas soek vir haar.

En Miems, met die mooi swart hare, bly nou in Welkom, ver, ver van die betoerde fontein op Boplaas.





JANSEN – DIE MAN WAT VANNE VIR MENSE GEGEE HET

Omega Jansen se geboortehuis is nou okerrooi geverf. Die werf is afgekamp met lemmetjiesdraad. Daar is drie vensters aan die straatkant. 'n Taamlike groot stoep. Deesdae bly daar twee jong mense in die huis, wat dit gekoop het.



Omega Jansen se geboortehuís,
Leonardstraat, Danielskuil

Omega ken nie vir hierdie mense nie. Omega Kleinbooi-Jansen was in 1955 gebore is in hierdie huis. Sy was 'n laatlammetjie, die jongste dogter van Mina Malouly en Gerardus Lambert Jansen. Haar pa was 'n onderwyser. Mense het hom sommer net Teacher genoem. En dis hoekom hy in hierdie "pragtige huis" gebly het: as iemand in die ou dae 'n hoë pos beklee, sê Omega, het jy so 'n tipe huis gekry.

Gert Jansen is gebore in 1907 en hy het gesterwe in 1972, toe Omega in standerd agt was. Dit was kanker, sê sy. 'n Harde dood na 'n harde lewe van koudkry in al die klein hokkies en plekkies sonder lavatories waar hy skoolgehou het.



Gerardus Lambert Jansen,
1907-1972




In 1806 het die stamvader van die Jansen-familie na Klaarwater (nou Griekwastad) toe gekom.²⁴⁴ Hy was Lambert Jansz, 'n Nederlander wat in die klein dorpie Rijperkerk as 'n skoenmaker gewerk het tot hy hom in Julie 1801 aansluit by die Nederlandse Sendelinggenootskap (NSG).²⁴⁵ Twee jaar later, op 13 Oktober 1803, vertrek hy saam met sy kollega-sendeling Willem Koster na die Kaap, waar hulle op 1 Januarie 1804 aankom. "Dankt God met ons, voorspoedige en baie gerieflike reis wat hulle gehad het. Dit was selfs nie nodig gewees om stinkende ("rot") water te drink nie; die kaptein het vir hulle net "uitgerot Water" gegee, wat "zo helder was als Bron-Water".²⁴⁶

Koster en Jansz het vir meer as 'n jaar in die Kaap gebly. Eers aan die einde van Maart 1805 was hulle aan die Kurumanrivier, by die Briquas (Tlhaping) van hoofman Molehabangwe.²⁴⁷ Daar het hulle kennis gemaak met Jan Matthys Kok, 'n Suid-Afrikaner wat nie net 'n sendeling was nie, maar ook 'n boer, 'n jagter en 'n ivoorhandelaar.²⁴⁸ Kok kon die taal seTswana praat en het 'n goeie verstandhouding gehad met Molehabangwe.

Die twee Nederlanders het egter swaar gekry: hulle kos het skaars geraak en hulle was nie bekwaam of nie lus om te jag of te boer nie. 'n Ander probleem was die taal: hulle kon nie met die Briquas kommunikeer nie. Verder was daar "oorlog onder de verschydene stammen", en boonop het hulle geglo die Tlhaping wou hulle vermoor.²⁴⁹

Dithakong,
omstreeks 1825,
geskets deur
Andrew
Geddes Bain²⁵⁰



²⁴⁴ Die dorp het toe nog 'n ander naam gehad: Klaarwater, die vertaling van die Khoi woord *!Gattikamma*.

²⁴⁵ Die Nederlandsch Zendeling-Genootschap. Dis onwaarskynlik dat Jansz gebore is in Rijperkerk, sy doopsertifikaat kon nie opgespoor word nie. Moontlik het Jansz in Rijperkerk gebly om teologiese onderrig te kry van ds. J.E. Mebius, wat een van die oprigers was van die Genootschap, en ook dominee was in hierdie dorp. Sien: D Nauta (red), *Biografisch lexicon voor de geschiedenis van het Nederlands protestantisme*, deel 1, pp -169.

²⁴⁶ *Berichten en brieven voorgelezen op de maandelijsche bedestonden van het Nederlandsch Zendeling-Genootschap*, 1804, No. 8, 01-08-1804, p 128, <https://www.delpher.nl/nl/tijdschriften/view?identifier=MMZEND01:002628008:00016&coll=dts>.

²⁴⁷ SPE Boshoff en GS Nienaber, *Afrikaanse Etimologieë* (Pretoria 1967), p 185. Die Khoi het die Tlhaping (Tswana) die *Briekwa* genoem, wat "Bokmanne" beteken, omdat hulle met mak bokke geboer het.

²⁴⁸ JM Chirenje, Church, State, and Education in Bechuanaland in the Nineteenth Century. *The International Journal of African Historical Studies* 9, no. 3 (1976): bl 401–418, p 402, <https://doi.org/10.2307/216845>.

²⁴⁹ Aangehaal in K Schoeman, *Vroeë sending ...*, bl. 115. Die "verskillende stamme" het verwys na die Tlhaping en die Rolong-Mariba (RM Legassick, M, *The politics of a South African Frontier: The Griqua, the Sotho-Tswana and the Missionaries* (Basel, 2011), bl. 125-126).

²⁵⁰ <https://hipsza.org.za/publication/journals-of-andrew-geddes-bain-trader-explorer-soldier-road-engineer-and-geologist>



Skaars vyf weke ná Koster en Jansz onder Molehabangwe se mense begin arbei het, draai hulle terug, Kaap toe.

Na heelwat omswerwinge het Koster in Swellendam gaan bly en daar begin werk as 'n mediese dokter.²⁵¹ Lambert Jansz het in 1806 aangesluit by William Anderson en Cornelis Kramer, twee sendelinge van die Londense Sendinggenootskap wat op Klaarwater (nou genoem Griekwastad) gebly het.

Die sendingstasie, waar byna 800 mense gebly het onder kapteins Barend Barends en Adam Kok II, het alreeds 'n kerk en 'n skool gehad. Tagtig mense kon al lees, en William Anderson het begin om die mense "in den akkerbou te onderwijzen".²⁵² Kramer en Anderson vir Jansz gevra het om op Klaarwater te kom werk, het hy hierdie aanbod met graagte aangeneem, want die sending het alreeds bestaan, en die oorgrote meerderheid van die mense in Klaarwater Afrikaans gepraat het en die sendelinge se Nederlands kon verstaan.²⁵³

Lambert Jansz, 3 Desember 1811
Geskets deur die Engelse reisiger William John Burchell.²⁵⁴




Van 1806 tot 1815 het Jansz onder die volgelinge van die kapteins Kok en Barends gewerk. Hy het skoolgehou – en begin daarmee 'n familietradisie. In die jare 1807–1811 was Jansz dikwels die enigste sendeling op Klaarwater omdat Kramer en Anderson in die Kaap was en hulle kon nie terugkeer vanweë 'n masel- en 'n pokke-epidemie nie.

²⁵¹ In 1819 was Koster een van die rykste manne in die distrik. Die bande tussen Koster en die NSG is in 1810 verbreek. Karel Schoeman, *Vroeë sending ...*, bl. 120-121.

²⁵² Berichten en Brieven, 1810 No. 4, bls. 27, <https://www.delpher.nl/nl/tijdschriften/view?identifier=MMZEND01:002633003:00005>.

²⁵³ WJ Burchell, *Travels in the Interior of Southern Africa* Volume I (London 1822), bls. 357. Ook H du Plessis, J Grant, Afrikaans on the Frontier: Two Early Afrikaans Dialects, *Critical Arts, South-North Cultural and Media Studies* 33(4-5), 2019, pp 20-32, <https://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/02560046.2019.1702072>, Du Plessis en Grant noem hierdie vroeë dialek "Khoe-grensafrikaans".

²⁵⁴ S Buchanan, *Burchell's Travels. The Life, Art and Journeys of William John Burchell, 1781-1863* (2016).



Klaarwater (Griekwastad) 1811, geskilder deur William Burchell²⁵⁵

Jansz het getrou met Maria Jacobs, 'n Griekwavrou, en in Januarie 1814 word hul eerste en enigste kind gebore: Lambert Jacobus Petrus Jansz.²⁵⁶ Hoewel hulle van sedertdien verander het na Jansen, kom die naam Lambert in elke geslag terug, tot vandag toe. Maria Jansz is op 10 Februarie 1814 oorlede, minder as 'n maand na die geboorte van haar seun. Haar man, Lambert "de Missionaris" Jansz, het afgesterwe op 15 Januarie 1815.²⁵⁷

Baiekeer, in die volgende generasies, is die Jansen-naam op verskillende maniere gespel, maar die hoë kaliber van die mense is altyd ooglopend:

- ❖ Lambert Jansz was 'n lojalis in die Anglo-Boereoorlog en het na die oorlog "verdoemende getuienis" teen Kaapse rebelle gelewer
- ❖ Lambert Jansen het homself beywer vir die stigting van 'n sendingskool in Danielskuil in 1907
- ❖ Lambert Janse was een van die 29 mense in Danielskuil wat in 1917 'n petitie geteken het om finansiële kompensasie te kry vir bruin- en swartmense mense toe hulle geskuif is van die ou- na 'n nuwe lokasie (Marantheng)²⁵⁸
- ❖ Marie Janse, 'n agterkleinkind van Lambert Jacobus Petrus Jansz, trou in 1911 met Niklaas Waterboer II, waardeur 'n brug geskep word tussen twee groot Griekwa families.²⁵⁹
- ❖ Gerardus Lambert Jansen het jarelank skoolgehou en talle jong kinders van sub A tot Standerd 4 leer lees en skryf.

²⁵⁵ Vir meer oor Burchell, sien <https://www.theheritageportal.co.za/article/following-burchells-tracks>

²⁵⁶ Karel Schoeman, *Die Griekwastadse Doopboek 1807-1824: 'n alfabetiese naamregister* (Kaapstad 1997), bl. 30. PS Anderson, *Weapons of Peace. The story of William and Johanna Anderson* (2016) bl. 143-145 noem Esther Pienaar as Jansz se eggenote.

²⁵⁷ Sibree, *Register of Missionaries ...* bl. 7. K Schoeman, *Die Griekwastadse Doopboek 30*: in die doopboek word Lambert Jansz 'die Missionaris' genoem.

²⁵⁸ PHR Snyman, *Danielskuil*, bls. 53, 62, 89.

²⁵⁹ PJ van der Merwe, Griqua wants to be king, *Die Huisgenoot*, 13 May 1949. Artikel opgeneem in PJ van der Merwe, *Reports from the Dorsland and other Pioneering Regions*, Stellenbosch 2020, bls. 253-255.



Lambert Jacobs <u>Jansz</u> Gebore Nederland omstreeks 1776 Oorlede Griekwastad 1815	Huwelik	Maria Hendrina (Mietjie) Gebore omstreeks 1794 Oorlede Griekwastad 1814
Lambert Jacobus Petrus <u>Jansz</u> Gebore Griekwastad 1814, oorlede Kimberley 1876. Vrederegter van Griekwastad	1ste huwelik	Francina Carolina Bergover (oorlede)
	2de huwelik	Sara Nero (oorlede)
	3de huwelik	Mietjie Koopman (oorlede)
	4de huwelik	Elizabeth Nero, oorlede 23 Julie 1881
Kinders van LJP Jansz:		
Francina Carolina		Dogter van Francina Bergover Getroud met Dirk Griqua
Mietjie		Dogter van Francina Bergover Getroud met Klaas van der Westhuizen
Gertruida		Dogter van Francina Bergover, (ook) getroud met Dirk Griqua
Lambert		Seun van Francina Bergover, Eienaar van Jacobsfontein ²⁶⁰
Jacobus Johannes		Seun van Francina Bergover, Gebore 5 Aug 1844, oorlede 25 April 1899. Eienaar van die plaas Vogelstruisdam. Drie dogters en drie seuns.
David		Seun van Francina Bergover. Een dogter.
Samuel		Seun van Mietjie Koopman. Nog minderjaring in 1876

Die stamboom van die Jansen familie

Die naam Bergover is interessant, want dit was een van die Griekwa-families wat in Danielskuil agtergebleef het, toe Barend Barends getrek het Boetsap toe, in 1826. David Bergover se vrou, Sina, het in diens van die Londense Sending getree. In 1831 het sy 'n skool begin wat naderhand 40 leerlinge gehad het, en hulle het goed gevorder met skrif, wiskunde en lees. Sy het so 'n indruk gemaak op reisigers dat die sendeling James Backhouse haar in 1839 vergelyk het met Deborah in die Bybel. Sina se skool het in 1855 toegemaak toe sy oorlede is. ²⁶¹

Hier loop die spoor dood. Omega Jansen se vader (Gerardus Lambert Jansen, geb. 1907) was moontlik 'n seun of (meer waarskynlik) 'n kleinseun van Lambert of Samuel.

Lambert Jansz junior het 'n belangrike man geword. Hy het gedien in die Kapteinsraad van Nicolaas Waterboer, en was 'n vrederegter en 'n boer. Toe hy in 1876 afsterwe, het hy drie plase agtergelaat (Jakobsfontein, Patrijsfontein en Zeekoebaart), sowel as twee huise (volgens sy sterfsertifikaat hieronder).

²⁶⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, p. 28


²⁶¹ Andrew Smith, *Journal of his expedition to the interior*, AA Balkema, Kaapstad, 1975, bl 160.



**Zeekoebaart/Zeekoebaard,²⁶²
Langs die Oranjerivier, tussen
Groblershoop en Prieska.**

Die naam verwys heel moontlik na seekoeie, wat moontlik daar gewei het.

Omega Kleinbooi-Jansen het vyf broers en twee susters gehad. Die susters was altwee onderwyseresse. Hulle is nou oorlede, nes vier van die broers. Die enigste broer wat nog lewe bly in Johannesburg. Hy kom dikwels vir haar kuier.



Dit is moeilik vir Omega om oor die verlede te praat. Haar pa, Gert "Teacher" Jansen, wat "vir ons almal geleerdheid gegee het", het niks gehad nie – net twee hemde. "As die een hemp geskeur is, het hy hom gewerk, omgedraai. Hy was 'n netjiese, netjiese man."

Boonop het Jansen hom bekommer oor die mense wat van die plase af gekom het, Danielskuil toe. Baie van daardie mense het nie geweet hoe oud is hulle en hulle kinders nie, en "vele van hulle het nie eers ordentlike vanne gehad nie". Omega raak bewoë as sy sê: "Hy het vir hulle vanne gegee!"

Teacher Jansen het kanker gekry en is in die Paasnaweek van 1972 oorlede in die Karl Bremer Hospitaal in Belville. Ná Gert Jansen se dood het sy weduwee Mina Malouly en die drie kinders wat nog nie "getroud en uitgeleerd" was nie, van dorp tot dorp geswerf omdat hulle nie in die onderwysershuis kon bly nie. Van Danielskuil tot Prieska, na Warrenton en weer terug Danielskuil toe. "My moeder het baie swaar gekry", sê Omega, wat eintlik glad nie wil praat oor die verlede nie. "Want as ek net daaraan dink, dit pynig, dit pynig my as ek dorp toe loop want ek moet verby die huis." Die huis met die okerrooi mure; die huis van Gerardus Lambert Jansen.

"Ek is die baba wat daar die laaste gebore is," sê Omega. Maar haar voorsate gaan ver terug; hieronder is die doodsertifikaat van haar voorouer, Lambertus Jansz.²⁶³

²⁶² Zeekoebaart is later gekoop deur die Volharding Copper Syndicate. PA van Zyl, *History of Asbestos Mining in South Africa*, <https://asbestostrust.co.za/wp-content/uploads/bsk-pdf-manager/A HISTORY OF ASBESTOS MINING IN SOUTH AFRICA 9-01-2017-new 23.pdf>, bl. 6.

²⁶³ South Africa, Cape Province, Kimberley, Probate Records of the Supreme Court, 1871-1937, afbeelding 948, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C9BY-7XP4?i=947&cc=2521616&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AQ2HT-F5VG>.



KENNISGEVING VAN STERFGEVAL.

Overeenkomstig de voorziening vervat in de 9de Afdeeling der Ordonnantie 104.

1.—Naam van den Overledene. *Lambertus Jacobus Petrus Janus*

2.—Geboorteplaats van denzelven. *Figuastad*

3.—Namen der Ouders. *Lambert Janus
Mietje Jacobs*

4.—Ouderdom van den Overledene. *62*

5.—Stand in de Maatschappij. *Resident Vrederechter te Figuastad*

6.—Gehuwd of Ongehuwd, Weduwnaar of Weduwe. *Gehuwd - 1^{ste} met Francina Carolina Bergouer - zij stierf en heeft nagelaten! Francina Carolina gehuwd met Dirk Figuas - zij is gestorven en heeft nagelaten twee zonen - Dirk en Lambert unvrouwig. 2^{de} huwige gehuwd met Klasse vander Westhuizen - zij is gestorven en heeft nagelaten twee kinderen - Francina unvrouwig en Lucas unvrouwig - 3^{de} Lambert - 4^{de} David die stierf en heeft nagelaten Francina Carolina. onvrouwig. 5^{de} Jacobus unvrouwig. 6^{de} Sertiusa gehuwd met Dirk Figuas - heeft nagelaten twee kinderen - Piet en Francina - overleden. 7^{de} gehuwd met een vrouw - zij stierf zonder kinderen nagelaten te hebben. Ten derde met Mietje Koosman - zij stierft nagelatende een kind. Samuel unvrouwig - Ten 4^{de} met Elizabetha Nero die hem overleeft*

9.—Namen der Kinderen van den Overledene, en of dezelve moeder of minderjarig zijn.

7.—Datum van het overledene. *23. February 1876*

8.—Aan welk huis, of waar overleden. *Te Kimberley*

9.—Namen der kinderen enig - *-6 overstaande -*

10.—Of de overledene eenig en welk eigendom nagelaten heeft. *Vaaste eigendom naamslijk - Jacobsfontein. Stripsfontein gekoebaart en twee huizen te Figuastad met huis waarde ontrek drie duizend pondes.*
Byaldien de overledene ongehuwd, of buiten gemeenschap van Goederen gehuwd is, — of geen testament heeft nagelaten, moet deze kennisgeving geschieden binnen zes dagen na het overlijden.

Indien anders, moet zulks geschieden binnen zes weken.

Deze moet worden opgevuld en getekend door den naasten Bloedverwant of Betrekking van den Overledene, die alsdan op de sterfplaats, of derzelver nabijheid zyn moge, — of, in afwezigheid van zoodanige Bloedverwant of Betrekking, door de persoon onder wiens oppertoeziigt het huis waarin, of de plaats waarop, het sterfgeval moge plaats vinden, zyn zal, en moet gezonden worden naar den Meester in de Kaapstad, of naar den Resident Magistraat van het District; indien de afstand groter is dan zes uren, moet dezelve aan's Wyks Veldecornet worden bezorgd.

Kimberley Februarij 10. 1876
Dann Thist



Gert is die enigste een van die Jansen familie wat hier in Danielskuil begrawe is, in 'n ongemerkte graf.²⁶⁴

Teacher Jansen se graf sal ongemerk bly. Omega wil nie die "bitter van die ou dae" herbelewe nie. Haar broer, wat in Johannesburg bly, voel dieselfde. Hy sê hulle moet die verlede nou los.

Daar is 'n Jansenstraat in Danielskuil. Dit is tussen die Haai- en die De Kokerstraat – twee ander belangrike families in die geskiedenis van die dorp. Dit is onbekend na watter Jansen hierdie straat vernoem is - dalk na Gerardus Lambert, die onderwyser wat vanne gegee het vir mense wat van die plase af Danielskuil toe gekom het.



FAMILIE VAN DIE KAPTEIN? DIE SPORE VAN BARENDBARENS

Barends is 'n ou Suid-Afrikaanse van, wat meer as drie eeu gelede deur 'n Nederlander of 'n Duitser na die Kaap gebring is. Dit word ook geskryf as Barents, Barend, Berends en Bêrends. Die stamouers is moontlik Albert Barents en Margarita Hoefnagel, wat in 1673 vryburgers was in die klein Nederlandse kolonie aan die Kaap.²⁶⁵ Hulle het op 27 Februarie 1678 hul seuntjie, Barent Barents laat doop.²⁶⁶

²⁶⁴ Foto: Emily Ingle.

²⁶⁵ Generale Rolle van alle de Vrijlieden, hare Vrouwen, Kinderen, Knechts, Slaeven, Slaevinnen.Opgeskryf deur Corney Keller from Het Nationaal Archief, Den Haag, VOC inventory 4009, folios 257-259, film nr. 1811, https://www.eggsa.org/sarecords/images/pdf_files/roll-vrijlieden-1673-trans-corney-keller.pdf.

²⁶⁶ South Africa, Cape Province, Cape Town, Nederduitse Gereformeerde Kerk, Christen Kinderen 1665-1695 (G1/1/1), <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3QS7-89ML-49TT-1?i=15&cat=2866837>, afbeelding 16 van 63.



Maar daar's ander moontlike stamouers van die Suid-Afrikaanse Barends familie. Soos Jan Barentz en sy eggenote Catharina Blaupert,²⁶⁷ en Harmen Barentz en sy vrou Sibilla Pretorius.²⁶⁸ Vandag is daar steeds huisende Barendse en Berendse in Nederland, nes in Suid-Afrika.²⁶⁹

In 1760 het 'n sekere Klaas Barends met die Kaapse olifantjagter Jacobus Coetze oor die Oranjerivier getrek.²⁷⁰ Dit is nie bekend hoe oud Barends was in 1760 nie, maar vermoedelik is hy in die 1740's of eerder gebore. Hendrik Jakob Wikar, 'n Europeër wat in 1779 vir 'n geruime tyd langs die Oranjerivier rondgeswerf het, het ook Klaas Barends as 'n reisgesel en gids gehad. Wikar noem Barends in sy joernaal "myn reiscameraat".²⁷¹

Klaas was die seun van 'n kolonis en 'n Khoi-Khoi vrouw. Hy is glo getroud met 'n dogter van Adam Kok, wat een van die rykste veeboere was in die noorde van die destydse Kaapkolonie.

Klaas Barends en Adam Kok kan gereken word as die grondvesters van die Griekwas.²⁷² Die Griekwastadse Doopboek (1807-1824) wys uit dat die Kokke en die Barendse die belangrikste – want mees talryke – families van hul tyd was.²⁷³

In 1807 is Barend Barends, die seun van Klaas, saam met sy neef Adam Kok II deur die goewerneur van die Kaap erken as kapteins van Klaarwater (na 1813 was die naam Griekwstad). Barends was 'n welgestelde man: 'n boer, 'n olifantjagter en 'n ivoorhandelaar.



Griekwa man, moontlik Barend Barends 1834.²⁷⁴

In 1820 het hy in Danielskuil gaan bly, en van 1827 af op Boetsap – wat naby sy jagvelde in die Pilanesberg was. Ook was daar beter weiding vir sy vee as in Danielskuil.

²⁶⁷ Cape Town, Marriages Indexes, Book G1/1/1, 1665-1742, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-CSV8-8GBH?i=8&cat=968412>.

²⁶⁸ Harmen en Sibilla het hul seuntjie, Claas, op 28 Julie 1709 laat doop. South Africa, Dutch Reformed Church, Cape Town Archives, 1660-1970, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:S3HY-DZN4-448?i=75&cc=1478678&cat=993508>.

²⁶⁹ CBG – centrum voor familiegeschiedenis, familienamenbank, https://www.cbgfamilienamen.nl/nfb/detail_naam.php?nfd_naam=Berends&info=aantal%20en%20verspreiding&operator=eq&taal. In die Suid-Afrikaanse argiewe is daar meer as 4 600 dokumente oor mense met die naam van Barends, <https://www.familysearch.org/search/record/results?count=100&offset=4600&q.anyPlace=South%20Africa&q.surname=Barends>.

²⁷⁰ M Bredenkamp, "Maritz Familie van Suidwes", <http://suidwesmaritz.synthasite.com/aankoms-vandie-eerste-blankes.php>.

²⁷¹ HJ Wikar, The Journal of Hendrik Jacob Wikar (1779), Van Riebeeck Society, Cape Town 1935, p. 96.

²⁷² Die naam is 'n verbastering van Garigurika – "klein stammetjie by die see".

²⁷³ K Schoeman, *Die Griekwastadse Doopboek, 1807-1824: 'n Alfabetiese naamregister*. Kaapstad 1997, bl. 11.

²⁷⁴ Collectie Stichting Zuid-Afrikahuis Nederland.



Barends het 'n seun gehad, Piet, maar wat van hom geword het weet niemand nie.

Op Boetsap het Barends se neef en naamgenoot op 5 Augustus 1829 afgesterwe. Ook die kaptein se broer, Nikolaas, is daar oorlede. Dit het beteken dat Barend Barends nie 'n opvolger gehad het nie.²⁷⁵

Boetsap, oos van Danielskuil



Na sy dood in 1839 het sy skoonseun, Pieter Davids, die kapteinskap oorgeneem. Hy was die tweede leier van die Barends-Griekwas. Hy was ook die laaste, want Pieter Davids se seuns – Barend Barends se kleinseuns – het nie belang gestel in die kapteinskap nie.²⁷⁶ Dié nasate van Barends het opgegaan in die Taaibosch-Korannas.²⁷⁷

Pieter Davids het nie lank die kaptein van die Barends-Griekwas gebly nie. Hy en sy mense het tot 1847 op Lishuane in die Vrystaat gebly. Daar was planne om na die Buffelsriviervallei (naby King William's Town) te trek, maar onderhandelings hieroor het platgeval. Daarna het elkeen van Pieter Davids se Griekwas sy eie pad geloop, weg van Lishuane.

En so het die Barends stam heeltemal te gronde gegaan.²⁷⁸

Adam Kok III, 'n agterneef van Barend Barends, het ook nie 'n seun gehad wat hom kon opvolg nie. Hy's oorlede in 1875 en eers baie jare later, in 1894, opgevolg deur Andries le Fleur, wat

²⁷⁵ S Kloppers, *Historiese Boetsap – Plek van ontmoeting*, s.p., 2010, bl. 14.

²⁷⁶ Davids was getroud met Elsie Barends; sien K. Schoeman, *Griekwastadse Doopboek*, bl. 17. Davids was 60 jare oud toe hy kaptein geword het. Hy en Elsie het twee seuns gehad: Berent en Johannes, albei gedoopt in Klaarwater.

²⁷⁷ P Erasmus, The 'Lost' South African tribe – Rebirth of the Koranna in the Free State, *New Contree* 50 (November 2005), bl. 77-91, p. 89. <http://dspace.nwu.ac.za/handle/10394/5315>

²⁷⁸ G McCall Theal, *History of the emigrant Boers in South Africa*, Londen 1888, bl. 227, <https://archive.org/details/historyofemigran00theauoft/page/224/mode/2up?q=Davids>.



getroud was met 'n niggie van Adam Kok III.²⁷⁹ En so het ook die Kok-dinastie die negentiende eeu nie oorleef nie.²⁸⁰

Byna tweehonderd jaar na kaptein Barends die dorp in 1827 verlaat het, bly daar steeds Barendse op Danielskuil, wat heel moontlik verlangse familie van hom kan wees. Anna Barends, gebore Kok, het saam met haar man in 1980 van Koegas af Danielskuil toe getrek. Sy is gebore op die 21^e Februarie 1941 en het grootgeword op 'n plaas naby "Lelikstad se berg" – omrent sewentig kilometer suidoos van Groblershoop. Haar pa was die voorman op die plaas.

Lelikstad se berg, wes van Danielskuil

As 'n jong vrou het Anna by 'n garingmyn gewerk, waar sy asbesklippe met die hand moes uitsorteer. Dit was nie ongewoon dat vroue hierdie tipe werk gedoen het in daardie tyd nie. Hester McCarthy, wat ook op Danielskuil bly en gebore is in 1931, het dieselfde gedoen:

"Ek het gewerk! Dis myne waar ek gewerk het."

My kleinsdae af moet ek myne gaan werk!"



Op 19 September 1965 trou Anna Kok met Kerneels Barends, 'n mynwerker-operator. Barends is gebore in Middel Koegas en het grootgeword op 'n plaas met die merkwaardige naam Mahala, 'n Sesotho woord wat "verniet" of "niks" beteken. Hy en Anna het op Koegas gaan bly, tot die asbesmyn daar in 1979 toegemaak is en die dorpie gevou het.

²⁷⁹ R Ross, *Adam Kok's Griquas. A study in the development of stratification in South Africa*, Londen 1976, bl. 139, <https://scholarlypublications.universiteitleiden.nl/access/item%3A3140231/view>. Volgens Ross was die niggie, Rachel, 'n agterkleinkind van Adam 'Aap' Kok, wat 'n broer of halfbroer van Adam Kok II was.

²⁸⁰ Hoewel daar nog twee groepe is wat kleim hulle leiers stam af van Adam Kok I: die Huis van Adam Kok V en die Huis van Cornelius Kok II (albei op Campbell)



Ou myngebou, Koegas – wat 'n spookdorpie geword toe die myn gesluit het.²⁸¹

Kerneels en Anna Barends het Danielskuil toe getrek. Dié dorp het, net soos Koegas, ook 'n garingmyn gehad – op Warrendale – maar Kerneels en Anna Barends het nooit weer met asbes gewerk nie. Warrendale se myn is gesluit en selfs die naam bestaan nie meer nie; dit is "afgehaal van die landkaart af".²⁸² Daar is mense in Danielskuil wat sê daar is ongemerkte grafte by die ou Warrendale myn, dalk van arbeiders (mans én vroue) wat te lank en te veel met asbes gewerk het.



Warrendale myn, tussen Danielskuil en Lime Acres

Kerneels Barends is op 7 Desember 1996 oorlede; hy lê begrawe in Danielskuil. Sy weduwee Anna bly in 'n sinkplaathuis in Marantheng. Die straat het nie 'n naam nie, die huis is nommer 3656. Anna is 81 jaar en nie meer baie gesond nie. Sy het nooit 'n pensioentjie van die myn gekry nie. Martie Malgas, haar oudste dogter: "Daar was geen uitbetaling nie, nie enigiets van die aard nie." Sy bly stil vir 'n oomblik en sê dan: "Maar ja, dis soos dit maar gaan in Suid-Afrika."

²⁸¹ JJP van der Merwe, Noord-Kaapse spookdorpe: Foto's, *Litnet Menings*, 18 Mei 2017, <https://www.litnet.co.za/noord-kaapse-spookdorppe-fotos/>.

²⁸² Onderhoud met mnr Julian Jenneke, 22 Julie 2021.



Vier van Anna en Kerneels se nege kinders het afgesterwe. Twee van hulle is dood aan kanker, die ander twee aan tuberkulose. Anna Barends-Kok, die vrou met die twee kapteinsvanne, het swaargekry in die lewe.

Dit is moeilik om te bepaal of Anna afstam van die groot Griekwa leiers Adam Kok I en Klaas Barends. Kok het sewe kinders gehad, sy oudste seun Cornelius vyf, en sy kleinseun Adam II ten minste ses.²⁸³ In die *Griekwastadse Doopboek* is daar tussen 1807 en 1824 al honderde inskrywings van mense met die van Kok. Dit sou net 'n raaiskoot wees om te probeer vas te stel of een van hierdie honderde mense 'n voorouer was van Anna Barends-Kok.²⁸⁴

Die Barends-clan was kleiner as die Kok familie, en sover bekend het Klaas Barends geen kleinseuns gehad wat sy van kon voortsit nie.



Olga Barends met haar ma, Anna

Maar Klaas het 'n broer gehad, Piet, wat in 1807 oorlede is op Klaarwater (Griekwastad), wat moontlik wél kleinseuns gehad het. Dit is moontlik dat Klaas Barends se broer Piet die vader van Barend Barends was. Piet is oorlede op 16 Mei 1807 op die sendingspos Klaarwater. Die sendelinge Anderson en Kramer het hom "one of our captains" genoem.²⁸⁵

In 1888 is 'n Klaas Barends oorlede in Pondoland, naby Kokstad, waar sy sterfkennis opgeteken was.²⁸⁶ Hierdie Klaas Barends was 54 jaar oud, dus gebore om en by 1834, in Griekwaland-Wes. Hy was getroud met Sina, gebore Bergover.²⁸⁷

Interessant genoeg was sy pa ook 'n Klaas Barends.

Ons weet dat Sina (of Siena) Bergover in die vroeg 1830s baie dinamies was as 'n skoolonderwyseres in Danielskuil (sien bladsy 133).

²⁸³ R Ross, *Adam Kok's Griquas. A study in the development of stratification in South Africa*, Londen 1976, bl. 139, <https://scholarlypublications.universiteitleiden.nl/access/item%3A3140231/view>.

²⁸⁴ K Schoeman, *Griekwastadse Doopboek*, bl. 36-43.

²⁸⁵ Sien Transactions of the Missionary Society in the years 1803, 1804, 1805, & 1806, Vol. III, London 1807, bl. 215-216

²⁸⁶ "South Africa, Orange Free State, Probate Records from the Master of the Supreme Court, 1832-1989", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:7K7J-D2N2> : Sun Mar 10 10:54:06 UTC 2024), Entry for Klaas Barends, 1888.

²⁸⁷ Dit blyk dat Klaas Barends in Philippolis gewoon het, voordat hy getrek het Kokstad toe – moontlik in 1861, as deel van die Griekwa "Groot Trek" vanaf Philippolis na Kokstad. Sekere



Die naam Bergover is interessant, want dit was een van die Griekwa-families wat in Danielskuil agtergebly het, toe Barend Barends getrek het Boetsap toe, in 1826. Vanaf 1831 het Klaas Barends se vrou, Sina Bergover, 'n skool bedryf in Danielskuil, en het 'n sterk indruk gemaak op besoekers in die nedersetting.

Was hierdie onderwyseres Sina Bergover die ma van Klaas Barends, wat in 1888 naby Kokstad oorlede is? Dis moontlik dat Klaas Barends voor 1861 na Philippolis verhuis het, vanaf Griekwastad na Philippolis, want daar is 'n verwysing na sy eiendom wat in Philippolis agtergebly het.²⁸⁸

Dis dus heel moontlik dat ander nasate van Sina Bergover in Danielskuil agtergebly het, en dat hulle dan die voorsate van Kerneels Barends kan wees.



DIE FORMIDABELE JENNEKE BROERS

“Die grootmense het altyd so 'n mooi verhaal vertel van 'n vrou in Kuruman op wie hy verlief was. En die vrou was verlief op hom. Maar omdat hulle nooit moeite gedoen het om by mekaar uit te kom nie het hulle nooit geweet dat die een lief is vir die vir die ander een nie. En die ou tannie het gesterf sonder om te trou en hy het gesterf sonder om te trou.”

Dalk was William James (Willy) Jenneke maar net te besig om 'n vrou te kry. Hy was vir lang jare die posmeester, die skoolhoof en die (nie-amptelike) burgemeester van Khosis, omtrent 30 km wes van Danielskuil. “Hy was basies àlles op Khosis,” sê sy kleinneef Julian Jenneke.

Toe die mense in 1978 gehoor het hulle moet trek omdat die Suid-Afrikaanse Weermag hul gronde nodig het vir die stigting van die Lohatla Battle School, was hy die man wat namens almal gebaklei teen hierdie besluit.²⁸⁹ Uiteindelik het die meeste van die mense in 1992 getrek na 'n nuwe dorpie, genoem Jenn-Haven - die veilige hawe van meester William Jenneke en die suksesvolle einde van dertig jaar se teëstand teen 'n gedwonge verskuiwing.

Willy Jenneke was een van vyf broers.²⁹⁰ Hulle was die seuns van Nicolaas (Nick) Jenneke en Sarah Klein, wat geboer het op Carnarvon.²⁹¹

²⁸⁸ Klaas Barends se boedel: "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZHR-N7LY> : Fri Mar 08 07:29:18 UTC 2024), Entry for Klaas Barends and Sara Paulus, 30 Sep 1925.

²⁸⁹ L Blom, Khosis is an artist's paradise, *The Diamond Fields' Advertiser*, 10/6/1978. Daar was toe 165 gesinne op Khosis.

²⁹⁰ Die ander was Nicholas Martin (Nick), Jochim (Joachin, "Joggie"), Martin Christian (Martiens) en John. Die oudste broer was ook 'n onderwyser en is in 1931 getroud met Rosina Haai, 'n suster van Eerw Bart Haai.

²⁹¹ South Africa, Cape Province, Probate of the Master of the High Court, 1834-1989, (hierna: SA, High Court ...), <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C9BT-Y989-B?i=57&cc=2517051&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AQGPP-SFFF>.



Rely. Kaapstad. UNIE VAN ZUID-AFRIKA. STERFKENNIS VOLGENS DE VOORSCHRIFTEN VERVAT IN DE BOEDELWET, 1910. 1. Naam van de overledene. <i>Nicolaas Jenneke</i> 2. Geboorteplaats en nationaliteit van overledene. <i>Beaufort West</i> Vader <i>Abraham Jenneke</i> 3. Naam en adres van de ouders van de overledene Moeder <i>Margaretha Jenneke (born Oliver)</i> 4. Ouderdom van overledene. <i>42</i> jaren maanden. 5. Berop van de overledene, of, een vrouw zijnde, van haar echtgenoot. <i>Bauer</i> 6. Geboorteplaats van de overledene, of, een vrouw zijnde, van haar echtgenoot. <i>Karnarvon</i> 7. Gehuwd of ongehuwd, weduwnaar of weduwe. <i>Gehuwd</i> (a) Naam van overledene se echtgenoot, en of in gemeenskap van gesloum gehuwd of niet. <i>Sarah Jenneke (born Klein)</i> (b) Naam of nummer, en so. ja. mogelijk, die dag van overlijden van voorversterken echtgenoot of vaders. <i>14 October 1918</i> (c) Plaats van laatste bewoning. <i>Karnarvon</i> 8. Sterfbed op... <i>14 October 1918</i> jaar — Huis <i>van vader</i> 9. Sterfplaats. <i>Karnarvon</i> Dorp of plaats. <i>Karnarvon</i> Distrik. <i>Karnarvon</i> 10. Naam van kinderen van over- ledene, en of zij minderjarig of minderjarig zijn. <i>1. Nicolaas Jenneke geboren 1905 2. Joachim Jenneke do 1916 3. Martina Jenneke do 1909 4. Jan Jenneke do 1913 5. Willems Jenneke do 1918</i> 11. Heeft de overledene losse Goederen nagelaten? <i>Neen</i> 12. Heeft de overledene vaste goederen nagelaten? <i>Ja</i> 13. Is de boedel meer schatting meer dan £300 waard? <i>Neen</i> 14. Heeft de overledene een testament nagelaten? <i>Ja</i> Gedagtekind te <i>Karnarvon</i> de <i>21ste</i> dag van <i>Maart</i> 1919 (Handtekening) <i>Nagelatene Tochters</i> <small>(Vormdig in teekende handtekening en af te drukken of bij de stempel te leggen)</small>
--

Nicolaas Jenneke, oorlede 14 Oktober 1918 van die Spaanse Griep.
 Sy vrou Sarah Klein het die inligting verskaf op die doodsertifikaat.
 Hulle seuns was almal minderjarig.²⁹²



Hulle was ook die kleinseuns van Abraham Jenneke en Margaretha Olivier.²⁹³ Abraham, gebore in die Paarl in 1849, het afgesterwe in Carnarvon in 1945.

Wanneer en waarom Nicolaas en Sarah se seuns van Carnarvon af Danielskuil toe gekom het, is onbekend. Maar hulle het glo baie gehou van hul nuwe tuiste, “met sy onuitputtelike waterfonteine wat 'n lafenis aanbied; met sy treurende wilgerbome wat lokkend skadu verleen; met sy luisterryke vrugteboorde as versiering; met sy malende windpompe wat hier hoogty vier ...”²⁹⁴

Die naam “Jenneke” is deur die jare op verskillende maniere gespel: Stamvader Abraham (1849-1945) was 'n Jeneke. Sy seun Nicolaas (1876-1918) was Jenecke, en eers by sy seuns het dit final Jenneke geword.

Die herkoms van die van is onduidelik. Jenneker was reeds 'n bekende van onder die afstammelinge van slawe, inheemses en koloniste in die 1800's in plekke soos Humansdorp en Port Elizabeth²⁹⁵, en in die 1700's was daar verskeie Jennekes en Jenekes uit Duitsland wat as soldate van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie Kaap toe gekom het.²⁹⁶ Daar's egter nie spore in die argiewe wat daarop wys dat een van hulle daar gaan bly het nie.²⁹⁷

Julian Jason Jenneke, agter-agter-kleinseun van Abraham Jenneke en Margaretha Olivier, is gebore op 18 Julie 1979 en het grootgeword en skoolgegaan in Danielskuil. Hy is die enigste seun van Leslie Jenneke en Truida de Koker. Hulle was albei onderwysers, nes Julian se suster en baie van sy ooms en tannies. Maar hy het net ses maande klasgegee voor hy begin werk het as 'n menslike hulpbronbestuurder by Absa in Bloemfontein. Hy het teruggekom Danielskuil toe om na sy ma te kyk, wie se gesondheid nie baie goed is nie. Julian se pa, Leslie, het gewerk op 'n skool in Olifantshoek, voor hy by die politiek betrokke geraak het as 'n lid van die Arbeidersparty.²⁹⁸ Later het hy 'n parlementslid geword.

Julian ken baie stories - oor sy familie, oor die dorp en oor die dorp se mense. Hy praat van sy oom Willy Jenneke, die enigste van die vyf broers wat nooit getroud het nie. Oom Willy het 'n klompie grootmaakkinders gehad op Khosis. Julian sê hy het alles vir hulle gegee, net nie sy van nie.

²⁹³ SA High Court ..., <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-CSQX-39HC-T?i=232&cc=2517051&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AQPWD-6492SA>; High Court ..., <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-C913-CLJ4?i=134&cc=2517051&personaUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3AQGKL-8K4X>.

²⁹⁴ WJ Jenneke, “Dankbetuiging adres aan Eerwaarde Bartholomeus J. Haai namens Londense Sendinggenootskap”. Handskrif, Danielskuil 22 Oktober 1961, in besit van Juliana Haai.

²⁹⁵ Inligting gekry van mnr Aubrey Springveldt, e-pos 28 Februarie 2022.

²⁹⁶ <https://www.nationaalarchief.nl/onderzoeken/index/nt00444/c680ef0e-c864-11e6-9d8b-00505693001d?searchTerm=Jeneke>

²⁹⁷ Nationaal Archief, *VOC opvarenden, Periode 1699-1794*. Daar was ook 1 Jeneker, 1 Janicke en 1 Jannike, https://www.nationaalarchief.nl/onderzoeken/index/nt00444?activeTab=nt&searchTerm=Jeneke&sortering=prs_voornamen&volgorde=asc en <https://www.nationaalarchief.nl/onderzoeken/index/nt00444?activeTab=nt&searchTerm=Jenneke>.

²⁹⁸ Die Arbeidersparty van Suid-Afrika (AP) is gestig in 1969 as 'n politieke party vir sogenaamde “Kleurlinge”. Na die ontbanning van die ANC het baie aanhangers van die AP óf by die ANC óf by die Nasionale Party van F.W. de Klerk aangesluit. In 1994 het eerw. Allan Hendrickse die party ontbind. Aanhangers van die AP het van September 1990 af by die ANC of by die Nasionale Party aangesluit.



Julian se oupa Martin (Martiens) Jenneke het op een van die landbouerwe in Danielskuil gebly. Twee van sy broers het ook so 'n erf gehad. Dwarsdeur die apartheidstydperk het daar bruin- én witmense gebly, elkeen op 'n erf van vyf morg.

Martiens Jenneke was nie 'n onderwyser nie, maar 'n timmerman toe hy in 1939 trou met Martha Roux. Sy moes eintlik 'n nooi Bloemberg gewees het: haar pa, was Abraham Bloemberg gebore. Maar in die tyd van die Langeberg-rebellie (1896-1897) het hy met 'n boervrou en haar kinders Khosis toe gevlug en hulle daar skuilgehou.²⁹⁹ Toe hulle later terugkom in Danielskuil, is Abraham toegelaat om die (wit) familie se van aan te neem. En so het Abraham Bloemberg, Julian se oupagrootjie, toe Abraham Roux geword.



Abram Bloemberg, later Roux,
in die 1930s afgeneem..³⁰⁰

DUPLICATE ORIGINAL MARRIAGE REGISTER.										B.M.D. 3a.
No. 469. 18/12/39	Race Husband Coloured		Marriage Solemnized at Danielskuil District Barkly West Province Cape							
	Wife Coloured									
Date of Marriage	Full Name of Person Married	Age	Country of Birth	Present Status	Occupation	Residence at time of Marriage	Basis of Special Marriage License	Conveyance Where	Witness or without Authority of Consul	Remarks
Dec 18 1939	Martin Christian Jenneke	30	C. Province	Bushels Carpenter Danielskuil				Bensus Parents	widow-	
	Martha Philda Roux	27	C. Province	Spinster Household duties Danielskuil						
This Marriage was solemnized by me on this 18 th . day of December 1939 in the presence of the undersigned witnesses:- 1. W. J. Jenneke 2. Philda Johanna Haai Bart. J. Haai L. O. Society Magistrate This Marriage was contracted by us Mr. C. Jenneke Mr. P. Roux AFRUX D. H. M. A.										

Huweliksertifikaat Martin Christian Jenneke en Martha Philda Roux, 19 Des 1939.
Eerw Bart Haai het die huwelik voltrek. Willy Jenneke en Philda Haai was getuies³⁰¹

²⁹⁹ Die Tswana naam vir Khosis is "Gatlhose".

³⁰⁰ Foto en inligting oor die Burness-moorde: PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 30.

³⁰¹ South Africa, Civil Marriage Records 1840-1973,

<https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-CS27-X92D-5?cc=2821281>.




Danielskuil is nou baie groter as in die ou dae, toe Julian nog 'n kind was. Julian onthou: "Daar was 'n sokkerveld en dan het jy die begraafplaas gekry. Daar was niks huise gewees nie. Absoluut niks huise nie." Later het baie mense van die plase in die Witsand af gekom, onthou hy: mense soos die Neelse, die Witboois en die De Kokers. Die eerste gesin wat op Sloya gaan bly het was "Oom Mannetjies Oss-hulle; daar was nie 'n ander gesin nie."

Een van Julian se ooms het op Warrendale gebly, 'n myndorpie, daar waar Petra en PPC nou is. "Dis afgehaal van die landkaart af", sê hy, "maar op die GPS wys dit nog Warrendale. My oom-hulle't daar gebly en hulle is in 1970 uitgesit van daai grond af. Hulle't uitsettingsbevele gekry". Daar is nog ongemerkte grafte op Warrendale van mense wat in die asbesmyne gewerk het, en dalk ook van die vrouens wat daar gewerk het en die asbesklippe kaalhand moes uitsorteer. (Daar is 'n kaart wat Warrendale aandui, op bladsy 140).

Danielskuil het oor die jare baie mense getrek wat voorheen by die asbesmyne (Koegas, Elandsfontein, Blackridge) gewerk het. Die myne het na 1985 almal toegemaak, toe Engeland die invoer van (blou) asbes om gesondheidsredes verbied het.³⁰²

Julian se oupa, Martiens Jenneke, het van 1961 af ook by die myn gewerk. By die Danielskuil Cape Blue Asbestos Mine. In 1971 het hy 'n sertifikaat gekry as "Erkenning van Langdurige Diens". Hy was toe 62 jare oud.



³⁰² L Waldman, *The Politics of Asbestos. Understandings of Risk, Disease and Protest* (2011), bl. 51



Die vyf Jenneke broers wat van Carnarvon af Danielskuil toe getrek het is nou almal oorlede. Maar in hul tyd het hulle diep spore getrap in die daaglikse lewe, veral in die onderwys. Daar is 'n Jennekestraat in Upington, waar Nicholas skoolhoof was. Jenn-Haven is genoem na William, wat so baie beteken het vir die mense op Khosis/Gathlose. En dan is daar nog 'n Jennekestraat in Danielskuil, al is dit nie bekend na watter Jenneke dit genoem is nie.

Wanneer en waarom die Jenneke broers op Danielskuil kom bly het, weet ons nie. Hul vader Nicolaas is oorlede op 14 Oktober 1918 in sy pa se huis op Carnarvon. Hy was een van die 140 000 slagoffers van die Spaanse Griep in Suid-Afrika – omrent twee persent van die totale bevolking. Sy weduwee, Sarah Klein, het op 8 Mei 1923 hertrou met die “ganger” (ploegbaas) Johannes Ben. Sy het toe steeds op Carnarvon gebly. (Nicolaas se sterfkennis word hieronder aangegee³⁰³).

Het die Jenneke broers dalk familie gehad in Danielskuil? Of het die oudste van hulle, Nicholas, hier 'n werk gekry en het hy sy jonger broers saamgebring? Ons weet nie.

Julian Jason Jenneke sal op Danielskuil bly so lank as wat sy ma hom nodig het. Maar dan gaan hy uit. Want daar's nie werk vir hom in Danielskuil nie. As hy gaan, verloor die dorp een van die laaste nasate van die vyf Jenneke broers van Carnarvon.³⁰⁴

Abraham <u>Jeneke</u> Gebore 1949, oorlede Carnarvon, 2 April 1945	Getroud met	Margaretha Johanna Olivier, gebore Carnarvon 1949, oorlede Carnarvon, 30 September 1915
Nicolaas <u>Jenecke</u> Gebore April 1876, Beaufort-Wes, Oorlede 14 Oktober 1918, Carnarvon	Getroud met	Sara Cornelia Klein, Gebore Carnarvon 1883, hertrou 8 Mei met Johannes Ben
Martinus Christiaan <u>Jenneke</u> , gebore Carnarvon 1909	Getroud met	Martha Roux, Danielskuil, 1912
Lieslie Joseph <u>Jenneke</u>	Getroud met	Truida Elizabeth de Koker
Julian Jason <u>Jenneke</u> , gebore 18 Julie 1979 in Kimberley		

Stamboom van die Jennekес



³⁰³ "South Africa, Cape Province, Probate Records of the Master of the High Court, 1834-1989", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:QGPP-SFFF> : Sun Mar 10 09:14:06 UTC 2024), Entry for Nicolaas Jenecke, 1919.

³⁰⁴ Natuurlik dra nie almal van hulle nog die Jenneke van nie. Julian se neef, Deon Ferris, bly steeds op Danielskuil waar hy werk as 'n onderwyser. Ferris is ook 'n kleinseun van Martin Christian (Martiens) Jenneke.



DIE HARTSEER TREK VAN ELLA KORTEN

Ella Korten is sestig jare oud, die weduwee van Kgosibuile Aaron Korten. Sy is gebore en het grootgeword op Danielskuil. Sy was een van die twaalf kinders van Piet Maree en Chrissie Olyn. "Maar nou is ons net drie sisters oor". Haar ouers was Tswana, maar hulle het nie rērig die taal met hul kinders gepraat nie: "Hulle het meer Afrikaans gepraat", sê Ella. "Maar ons is eintlik Tswana. Ons kultuur is eintlik Tswana."

DUPLIKAAAT- ORIGINELE HUWELIKSREGISTER.											B.M.D. 3a.	
No. 155-1945.												
Naam Klewing												
Naam Klewing												
(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)	(8)	(9)	(10)	(11)	(12)	
Datum van huwelijk.	Volle naam van getrouwe.	Ouderdom.	Geborensak, provinsie, plek.	Persoonlike staat.	Beroep.	Woonplek van tyd van huwelijk.	Na geborene of moeders opeenvolgende huwelik.	Het wie se toestemming.	Op of ander koninklike voorwaarde.	Opmerking.		
21 September 1945	Petrus Maree 28	Kromme Kaap Provinsie	getrouwe	38 aktiewe diens c 568097	militêre kamp Durbanweg Batemanfonteinburg	na geborene	Ons	Sante	Document deur my vrouwe ingehandig			
	Chrissie Olyn 27	Kromme Kaap Provinsie	getrouwe		Nieuwpoort		Ons					
Hierdie huwelijk is deur my vrouwe op bediend.												
die 21ste dag van September 1945. W.J. Badenhorst President Ned. Griekw. Kerkgemeente.												
Hierdie huwelijk is tussen ons voltrek.												
P. MAREE Chrissie C. Olyn												
BEGRAAF												
BEGRAAF												

Huweliks certificaat van Petrus Maree en Chrissie Olyn.³⁰⁵

Maree is 'n van wat deur 'n Italiaanse kolonis in die vroeë 1700's Kaap toe gebring is.³⁰⁶ Maar dis lankal nie meer net 'n wit familienaam nie, deesdae is daar ook duisende swart en bruin Marees in Suid-Afrika.

Olyn klink soos 'n regte inheemse van - 'n Noord-Kaapse van, hoewel daar ook 'n klein klompie van hulle oorkant die grens in Botswana bly.³⁰⁷ Daar is Olyns wat Griekwa is, maar ook wat Tswana, Khoe-Khoen of San is.³⁰⁸

³⁰⁵ South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1975, <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-CS2Q-SS8M-2?cc=2821281&personalUrl=%2Fark%3A%2F61903%2F1%3A1%3A6ZH1-XHG5>.

³⁰⁶ Robinson (Compiler), First Fifty Years – a project collating Cape of Good Hope records, [First Fifty Years - a project collating Cape of Good Hope records - Ignace Maré \(e-family.co.za\)](http://firstfiftyyears.com/).

³⁰⁷ <https://forebears.io/surnames/olyn>, besoek 13 Junie 2022.

³⁰⁸ South Africa, Civil Death Registration, 1955-1966, , besoek 13 Junie 2022.

<https://www.familysearch.org/search/record/results?count=100&q.givenName=jan&q.surname=olyn>.

Die laaste man wat nog N|uu kon praat – 'n ou San taal – was 'n Andries Olyn († 2013),

<https://digitalcollections.lib.uct.ac.za/collection/islandora-27213>.



Ella Korten is in 1961 gebore in Ou Marantheng, die woonbuurt waar bruin- en swartmense gebly het. Sy was sewentien en het nog by haar ma gebly toe die mense moes trek van Ou Marantheng af. In 1978 moes hulle skuif - die swartmense na Thlaka-le-Tlou en die bruinmense na Kuilsrivier. Ella se familie moes in 1978 Thlakalatlou toe trek, omdat die munisipaliteit gesê het die ou woonbuurt was gebou op dolemiet. En dis gevaelik, want jy kry sinkgate in dolemiet.

Die tyd toe [die munisipaliteit] ons daar onttrek het vandaar af, toe het hulle gesê daai plek is vol dolemiet. Ja, het hulle nou gesê, is dolemiet, so ons kan nie meer verder daar bly nie. Toe het hulle ons nou laat oortrek hiernatoe en toe het hulle daai jaar gesê die plek is nie veilig nie. Dit was in 1978.

Ella het net tot Standerd 3 skoolgegaan. Toe haar pa afsterwe, het sy kombuiswerk gedoen in Lime Acres, en later by 'n asbesmyne. Toe die myn in 1984 toemaak, het sy met Aaron Korten getrou: "Daarvanaf word ek 'n huisvrou."

In Marantheng het die mense groot- en kleinvee gehad – daar was beeste, perde, donkies, bokke en hoenders. Maar hulle kon hul diere nie saambring Thlakalatlou toe nie. Ella Korten: "Ons moes maar vir hulle slag, of verkoop aan die plaasmense", want "die jaarte was baie kleiner as op die ou plek". Net soos die huise. In Marantheng was daar steen-, hout- en mishuisies gewees, en sinkplaathuise. Mense het kamers aangebou as dit nodig was. In Thlakalatlou het die munisipaliteit steenhuisse gebou, maar hulle het net vier kamers gehad. En nie ses of sewe, soos in ou Marantheng nie.

Dit was 'n moeilike tyd, onthou sy:

Om regtig waar te sê: daai ou tyd was dit vir ons hard en hartseer. Jy word sommer nou kom sê, hoor hierso, jy moet nou trek. Maar hulle het nie 'n week vooruit gesê nie. Ek meen, 'n mens moet darem vooruit gese wôre, jy moet nou jou goetjies inpak want oor vyf dae moet julle oortrek.

Maar ons is net gesê, hoor hierso, jy moet nou pak, môre moet jy ry. Ons moes ons waens uit mekaar uit kap want dit kon nie oorgekom het nie. Van ons se hoenders en goed moes ons doodmaak en maar vir hulle slag. Die huise van ons was, toe ons nou klaar was, was onse huise omgegooi. Hulle het gesê daar's dolemiet. Dis hoe hulle ons gesê het, dis hoekom hulle ons so vinnig daar uitgehaal het.

Hulle was gewoond aan ses- of sewe-kamer huise, en nou moes hulle in vier-kamer huisies intrek. "As jy nie die huis vir 'n maand betaal nie, word jy uitgesit". Ella onthou die eerste keer wat dit gebeur het, toe hulle omtrent drie jaar in die nuwe huis gebly het en daar nie inkomste was om die huur te betaal nie.

"Toe moes ons die huis uit. Jou goed word gevat tot buite die deur, jy moet daar bly. Ons het buite geslaap. Die bure langsaan het vir ons jammer gekry. Ons moes ons opdeel: julle drie kan kom by ons huis, julle twee kan kom by ons huis slaap. So was dit gewees. Die munisipaliteit het nie omgegee nie: reën dit of winter dit."



Aaron Korten is oorlede in September 2008. Ella het agtergebly met vyf kinders, vier dogters en een seun. Almal bly nog by hul ma in Nkwe straat, Thlaka-le-Tlou.

Ella weet nie baie van die familiegeskiedenis nie. Haar pa en haar ma is in Kuruman gebore en is in 1945 op Niekerkshoop getroud. Haar ma het toe "huiswerk" gedoen, haar pa was 'n soldaat "op aktiewe diens", wat in die militêre kamp op Pietermaritzburg gebly het.

Maar dis wat die argiewe sê. Die familiestorie loop anders. Ella sê haar pa en haar ma is albei in Danielskuil gebore – en nie in Kuruman nie. Haar oupa-hulle het een dag, toe haar ouma swanger was, by familie hier op Danielskuil kom kuier. Die babatjie is toe in Ou Marantheng gebore en het die naam Petrus (noemnaam Piet) gekry. Die Marees het teruggegaan Niekerkshoop toe, maar later het Piet op Danielskuil vir hom 'n werk kom soek. "My pa wou nie by Niekerkshoop bly nie", sê Ella. "Hy wou *hier* bly, waar hy gebore is."³⁰⁹

Soos baie ander mense het Ella Korten swaar gekry onder wat sy "die ou apartheid" noem. En haar lewe het nie rôrig beter geword ná die apartheidstydperk nie. Haar ouderdomspensioen is maar net R 1 100 en geen van haar vyf kinders het 'n werk. Daar is nie 'n biblioteek in Thlaka-le-Tlou nie, en ook nie 'n kliniek nie. "Dis maar nou onlangs wat die taxi's hier ry."

Van haar broers en susters lê hier op Danielskuil begrawe, in grafte wat nommers gehad het. Maar die nommers is nou gesteel.

In 2018, vertel Ella, "was ek ingebreek". Sy en haar kinders het gelê en slaap en die inbrekers het haar TV gesteel, 'n skootrekenaar en die vleis uit die yskas. Sy het die polisie gebel, maar hulle het eers drie uur later gekom. "My goeters wat hulle gevat het is nou nog weg ... In die ou dae sou ek my goed gekry het voor die son gesak het."

Politici belowe baie, sê Ella, maar veranderings is daar maar min.



³⁰⁹ Piet Maree se pa was Ben Maree, wat 'n plaaswerker op Rooilaagte (naby Niekerkshoop) was. Sien: South Africa, Cape Province, Civil Records, 1840-1972, <https://www.familysearch.org/search/record/results?count=100&q.anyPlace=South%20Africa&q.givenName=Ben&q.givenName.exact=on&q.surname=Maree>.



WILLIE STEYN, STEEDS HARTSEER OOR DIE FAMILIE-PLAAS

Willie Steyn se dogter, Theresa Venter, bedryf die mooi Serendipity Gastehuis in Danielskuil, namens haar familie.

Willie treur nog oor hulle familieplaas naby Lohatlha.

Hierdie storie behels Oupa Jakob Steyn, sy seun Daniel, en sy kleinseun Willie, met wie ons gesels het.



Willie Steyn by die Serendipity Gastehuis in Danielskuil

Oupa Jakob Steyn het op die plaas Brakpan gebly, in die Kuruman distrik. Dit was naby die groot perseel wat later Suid-Afrikaanse Weermag se Lohatlha Gevegskool geword het. Vir die doeleinste van die Gevegskool was menigte plase uitgekoop tydens die 1980s. Ouma Anna Pretorius was begrawe op Brakpan. Hulle het behoort aan die Gereformeerde Kerk in Postmasburg.

So wie was die Steyns van die plaas Brakpan?




Oupa Japie Steyn

Oupa Jakob ("Japie") Steyn is gebore in 1878, naby Reddersburg. Hy is getroud met Anna Sophia, gebore Pretorius, in 1896, in die Reddersburg Gereformeerde Kerk.



Hulle het die het op die plaas Aasvogelfontein geboer. Anna is in 1880 gebore.³¹⁰

Anna se ouers was Hendrik Stephanus Pretorius, gebore 1858, en Christina Joschimina Hendrina van der Walt, gebore 1856 en oorlede in 1902. Hulle het ook in die Gereformeerde Kerk in Reddersburg getrou, in 1877.³¹¹



Japie Steyn se pa was Nicolaas Johannes Steyn, gebore 1846. Hy het met Willemina Jacoba Maria du Plooy getrou. Hy is in 1901 in Edenburg oorlede, en is ook daar begrawe. Nicolaas se pa was Izak Nicolaas Steyn en sy ma was Louisa Erasmus, maar niks meer is bekend nie.

Die graf van Nicholaas J Steyn, in Edenburg. Gebore 1846, oorlede 1901³¹²



Jakob het sewe kinders gehad, waaronder Daniel Johannes Steyn. Daniel is getroud met Anna Maria Strauss van Jagersfontein in die Vrystaat (Jagersfontein). Hulle het in Bloemfontein gebly.

Regs: Daniel en Anna Steyn, Willie Steyn se ouers

³¹⁰ [Https://www.myheritage.com/research/record-40000-279793393/jacobus-steyn-in-geni-world-family-tree](https://www.myheritage.com/research/record-40000-279793393/jacobus-steyn-in-geni-world-family-tree). Dis nie duidelik of die plaas verwys na "Vogelfontein", net noord van Reddersburg nie.

³¹¹ [Https://www.pretoriusfamilie.info/pret1/l2389.html](https://www.pretoriusfamilie.info/pret1/l2389.html)

³¹² [Https://graves-at-eggsa.org/main.php?g2_itemId=4321377&g2_page=2](https://graves-at-eggsa.org/main.php?g2_itemId=4321377&g2_page=2)




Tydens die Anglo-Boereoorlog was Willie se oom, Hendrik, 'n klein seuntjie in die Norvalspont konsentrasiekamp.³¹³

Links:
Anna Steyn

Oupa Japie het die plaas Brakpan, noord-wes van Danielskuil, gekoop in 1913, en dit ontwikkel. Hy het 'n huis daar gebou. Die plaas was vir amper sewentig jaar in die Steyns se besit, tot die plaas uitgekoop was vir die Lohathha Gevegskool uitgekoop is in die 1980s. Die naam "Brakpan" kom van die twee panne in die omgewing.

Die grootste deel van die Gatlhose Swart Reservaat was gebruik vir die Gevegskool. Die Tswana wat daar gebly het was verskuif na 'n area noord van Kuruman. Baie plase is van die blanke boere opgekoop.



Die plaas Brakpan,
net langs die Gatlhose
Reservaat, waar die
Gevegskool later gestig is

Vir Willie Steyn is dit hartseer hoe die plaas gebruik was vir die weermag se artillerie-oefeninge. Die huis is platgeskiet, en al die infrastruktuur – windpompe, drade en damme – is verwoes.

Maar die herinneringe, en die verlange, bestaan nog.

³¹³ Dit is heel moontlik hierdie persoon, van die plaas Kokskraal: https://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd/Person/41615/Master_Hendrik_Steyn/



Die Lohatlha Gevegskool het baie lewens beïnvloed – plaasboere en die Kgosis gemeenskap, wat vir jare die verskuiving teengestaan het. Hierdie geskiedenis, sowel as die militêre aspekte, word beskryf in 'n boek deur Dr Kriek van der Merwe.



DIE GROOT VLOED VAN 1974

Water was altyd belangrik vir Danielskuil se oorlewing. Vir dekades was die instandhouding van die watervore amper die belangrikste funksie van die Dorpsraad.³¹⁴

Die hoogste reenvalsyger wat ooit aangeteken is was in 1974-6. In vroeg Augustus 1975 het die pan op die meent vol water geword – nie van riviere nie, maar van ondergrondse water wat opgestoot het in die dolomietgrond. Die watervlak het sowat vier meter gestyg teen 'n stadige pas van sowat drie sentimenter per dag. En daar was geen swaar reen vir ses maande nie! Dit was as gevolg van die swaar reens in die vorige jaar, wat weer fonteine laat vloeи het. Die veld was lank met water bedek. Die Kuil het ook vol water geword.

Die Departement van Natuurbewaring het nou begin praat van 'n water-ekosisteem, wat strek oor 'n afstand van 22 kilometer vanaf Danielskuil tot net suid van Silver Streams. Daar was menigte panne, vleie en mере. Silver Streams se pan was sowat 10 km lank, en op sy breedste punt sowat 5 km, en op plekke tot 7 meter diep.³¹⁵ Die pan het laas water in gehad in 1880!

³¹⁴ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl 93.

³¹⁵ Departement Natuurbewaring, Omgewing RSA, Februarie 1978. Verslag deur Ruan Kruger. Africana Biblioteek, Kimberley.



Feestelike bootjies op die
Silverstreams Pan,
Augustus 1978³¹⁶



'n Groot gedeelte van die veld in die
Danielskuil-district het 'n vleiland
geword.³¹⁷

Toe het al die water verdwyn. Waar daar voorheen net droë bossies in die pan gegroeи het, het die pan nou hoe grasperde gehad waar eende en ander watervoëls nes gemaak het.³¹⁸ Nege huise op die watererwe rondom die pan is oorstrom.³¹⁹ Vir die volgende dekade het Danielskuil 'n meer op die dorpsgrond gehad.



Bennie Vermeulen vaar in sy kano
op die plek waar sy sitkamer eers
was

³¹⁶ DFA, 30 Augustus 1978.

³¹⁷ Departement Natuurbewaring, *Omgewing RSA*, 1978.

³¹⁸ *South African Digest*, 21 November 1975. Africana Biblioteek, Kimberley

³¹⁹ DFA, "Danielskuil homes under floodwater: Evacuated", 2 Augustus 1974. Verslag deur Alf Hayter. Africana Biblioteek, Kimberley.



Bennie Vermeulen het die inwoners geleei om met die Dorpsraad te praat oor hulp. Die Dorpsraad het sy bes probeer om die pan droog te pomp, maar die watervlakte het steeds gestyg. Die pomp was uiteindelik na hoër grond verskuif. Toe is daar 'n grondwal gebou en water agter die wal uitgepomp na 'n nabyleeë pan, maar nijs het gehelp nie.

Die plaasdiere het baie swaargekry as gevolg van al die muggies en muskiete, en duisende skape het aan bloutong gevrek.³²⁰

Regs: Die meer van Danielskuil³²¹



JAMES TETEME: TUSSEN DIE OUPAS GROOTGEWORD

Die swart woonbuurt was "onder die berg" toe James Teteme se familie Danielskuil toe getrek het, in 1949. Bo-op die berg het Britse militêre tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) 'n fort gebou. Van daardie tyd af het dit bekend gestaan as *Fortkoppie*. Later is die naam Danielskuil met wit verf op klippe teen die koppie geskryf.

James Teteme se oupa – ook 'n James Teteme – het op Papkuil gebly voor hy Danielskuil toe gekom het. Die ander oupa, sy ma se pa, het van Kuruman af gekom.

James was die oudste van twaalf kinders en moes die skool los in standerd ses om te gaan werk. By die winkel op die dorp waar ook sy pa gewerk het.

³²⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 84.

³²¹ *Die Vaderland*, 19 September 1975. Africana Museum, Kimberley.



Danielskuil het baie verander oor die laaste dekades heen, en James Teteme het baie gesien en gehoor in sy lewe. Soos dat die polisiestasie op die begraafplaas van bruinmense gebou is.³²² Hy praat van hoe daar in die ou dae net veld was - daar waar nou Thlaka-le-Tlou is. Hy onthou dat swart kinders skoolgegaan het by die "Wessel kerk en die London kerk".³²³ En bruin kinders by skole van die NG Kerk. Engels het hy nie geleer by die skool nie. Deesdae is daar baie mense wat net Engels praat, sê hy: "Dan weet ek nie waarvan hulle praat nie."

Teteme onthou hoe die Kuil gelyk het toe hy 'n seuntjie was, in die vyftiger jare.

James Teteme is ietwat van 'n tradisionalis. 'n *Outydse* mens, soos wat hy dit self noem. "Ons vloek nie grootmense nie. Ons steel nie, ons steek nie mes nie." Hy is maar van kleinsaf bietjie slim, sê hy. Nie van skoolgeleerdheid nie, maar omdat hy as 'n kind mooi geluister het na wat sy grootouers gesê het. James het "tussen die twee oupase grootgeword" en baie van hulle geleer. Die belangrikste wat hy by hulle geleer het? "Jy moet maniere hê." En jy moet nooit vir ander mense sê hoe om te lewe nie. Selfs nie as dit jou eie kinders is nie.

Jy moet jou kinders leer hoe om te dink, nie wat om te dink nie.

James Teteme reken hy is baie ryk – hy kort mos niks nie. Hy hoop net die Here gaan hom vat "solank ek nog iets vir myself kan doen". Hy weet van baie Grootmense wat swaar kry, wat sieklik is, wat weggesteek word in klein kamertjies en nooit die son sien nie "want die kinderse is skaam vir die ouma of die oupa". Hy wil nie so lewe nie. Hy wil nie hê ander mense sê vir hom wat hy moet doen en nie doen nie. James Teteme wil nie "onderkant 'n ander" wees nie: "Al het jy niks. Mens moet sy eie lewe lewe."



DIE VERMEULENS

Die Vermeulens het naby Van Zylsrus geboer en in 1947 Danielskuil toe getrek, toe Theuns drie jare oud was. Sy ouers was Piet Vermeulen en Hester Botha. Sy ma was 'n moeilike mens gewees, sê hy: "Die sagste deel aan haar lyf was haar tandé."

Vermeulen is 'n Hollandse van. Daar is vandag nog meer as 20 000 van hulle in Nederland. Die stamvader van die Suid-Afrikaanse familie is moontlik Jan Willemse Vermeulen van Utrecht (Nederland), wat in 1694 in Kaapstad trou met Catharina Opklip, 'n *vryswartin*.³²⁴

³²² Ander mense het verwys na die (wit) skool koshuis wat op die bruinmense se begraafplaas gebou is.

³²³ Die Wesleyaanse Sendinggenootskap en die Londense Sendinggenootskap.

³²⁴ First Fifty Years Project, <http://www.e-family.co.za/ffy/g7/p7786.htm>, en <http://www.e-family.co.za/ffy/g7/p7787.htm>. Catharina Opklip word ook Catharina van Bengale en Catharina van de Caap genoem in die argiewe.



Maar dit kan ook wees dat Dirck Cornelisz Vermeulen die stamvader van die Afrikaanse familie is. Dirck was 'n kok in diens van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie en het van Augustus 1704 tot April 1709 in die Kaap gebly. Hoewel hy getroud was met Antjen Pieters, het hy in die Kaap glo twee kinders gekry met Jannetje Hansen. Toe Dirck in 1709 teruggegaan het Nederland toe, het Jannetje en die twee kinders in die Kaap agtergebley.³²⁵

Theuns Vermeulen, wat van 1953 af op Danielskuil skoolgegaan het, onthou dit was die (wit) hoërskool se taak om elke drie jare die fort te pak: as daar 'n klip afgeval het, moes die skoolkinders hom weer gaan regmaak. En elke derde jaar moes hulle die Danielskuil naam opnuut gaan witkalk. Party van die klippe is steeds daar. Maar die naam van die dorp het alreeds in die tagtiger jare onleesbaar geword. En dit is nooit meer reggemaak nie.

Vermeulen onthou:

"Daai jare was die Kuil baie goed toegekamp en ons het baie kere daar met toue afgegaan. Want jy't gebars om uit te kom, hoor, want hy was uitgeholt, en jy het nie 'n baie groot ingang bo gehad nie. Hy was diep, hoor! As jy onder gekom het was hy donker. Dit het amper gelyk of jy onder in 'n put is."

Deesdae lyk die Kuil nie meer so mooi nie. En is hy nie meer so diep nie, want die munisipaliteit het in die negentiger jare vullis in hom gedump.

Vermeulen het vir meer as dertig jare by die myne gewerk. Nou boer hy op die plaas *Engeland*, 1 900 hektaar groot, omtrent 35 kilometer buite Danielskuil. Maar boerdery is nie meer baie betalend nie: "Megaboere maak maar 'n bestaan, maar ons gewone boere, ons risiko's is te groot". *Engeland* is 'n skaapplaas, maar die diefstalsyfer is so hoog dat mens eintlik nie skaap kan aanhou nie: "Jy moet maar bees aanhou", sê hy - al word beeste deesdae ook gesteel.

In sy jong jare, onthou Vermeulen, was Danielskuil maar "redelik deurmekaar". Hy praat van Bart Haai, die predikant wat agter die destydse Commercial Hotel gebly het en in 'n geel 58 Chevy bakkie gery het. Hy onthou die Sullimans se winkel in die hoofstraat, en Dawid de Koker, wat "seker veertig jaar" in die ou bottelstoor gewerk het.



**“Engeland” – die plaas van
Theuns Vermeulen**

³²⁵ First Fifty Years Project, <http://www.e-family.co.za/ffy/g9/p9092.htm>. J Vermeulen en C Keller, *South Africa's Stamouers, Surnames V to Z, Vermeulen Dirk Cornelis*, <https://www.stamouers.com/stamouers/surnames-v-z/578-vermeulen-dirk-cornelisz>.



Danielskuil, sê Vermeulen, was in die ou dae 'n plekkie waar almal vir almal geken het en (nog) nie 'n baie streng apartheidsdorp nie. Dit was 'n besigheidsdorpie, tot die myne in Lime Acres oopgemaak het. Dit was in die laat vyftiger jare. Van daai tyd af het die meeste besighede vertrek van Danielskuil af Lime Acres toe.

Theuns Vermeulen, op die plaas Engeland

Theuns Vermeulen is 'n storieverteller. Oom Sarel het 'n muil gehad wat hy gebruik as hy die lusern sny.

Dis half een in die nag en ons loop huistoe. Danielskuil het nog nie elektrisiteit nie, so dis pikdonker. Toe ons onder Sophie Grobler se venster verbystap, toe snork hier 'n ding vir ons Ons hardloop die swaaihek se haak reguit! Ons het nie eers aan hom gevat nie. Ons het nooit geslaap daai nag nie.

Die volgende dag eers het die seuns uitgevind dit was oom Sarel se muil wat so gesnork het.

Hy vertel van Braam Botha, 'n ou wat sy houtbeen gebreek het in 'n motorongeluk. En van Sophie Grobler, wat selfmoord gepleeg het met 'n plastiek sak oor haar kop. Die kamer waarin sy dit gedoen het, het 'n venster gehad wat uitkyk oor die straat en oor die lusernveld van oom Sarel Venter.

Danielskuil is nie meer dieselfde dorp as wat dit was in Theuns Vermeulen se jong jare. Die naam bestaan nog, maar die dorp maak nou deel uit van die Kgateleopele munisipaliteit. Die nuwe naam pla hom glad nie.






BARENDE EN JOHANNES VERMEULEN – 'N KYKIE IN DIE VERRE VERLEDE

Die Vermeulens van Danielskuil is 'n familie wat baie bewus is van hulle familiegeskiedenis. Hulle het al 'n indrukwekkende professionele stamboom opgestel, wat twaalf generasies teruggaan in die verlede in.

Die jongste Barend Vermeulen is Bennie Vermeulen, gebore 1991. (Hy is getroud met Magda Coetzee). Sy pa is Johannes Vermeulen, gebore in 1966. (Sy vrou is Anna Johann van Staden, wat die inligting verskaf het. Sy oupa is Barend (Bennie), gebore in 1935, en is oorlede in 2010.³²⁶ Barend se ouers was Johannes Vermeulen en Gertruida Maria Wilhelmina Uys.



Bennie Vermeulen, onlangs oorlede;
Foto van sy begrafnisbrief



Johannes se huweliksertikaat met Gertruida Uys, 1935, in Postmasburg. Hy was 'n veeboer op die plaas Bowden.³²⁷


³²⁶ "South Africa, Dutch Reformed Church Registers (Cape Town Archives), 1660-1970 ", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6CJX-H62M> : Sun Mar 10 13:46:36 UTC 2024), Entry for Barend Daniel Vermeulen and Gertruida Maria Wilhelmina Uys, 8 Dec 1935.

³²⁷ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", database, FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZC9-KHPF> : 19 September 2022), Johannes Vermeulen, 1935.



Barend se pa was Johannes Vermeulen, gebore in 1910, en oorlede in 1977. Hy is begrawe in die Danielskuil begraafplaas. Sy pa was Barend Daniel Vermeulen, gebore in 1882 in Danielskuil, en is oorlede in 1952. (Hy was getroud met Petronella de Klerk, gebore 1882).

Barend se pa was Johannes Vermeulen, gebore in 1845 in Richmond. Johannes het het getrou met Petronella de Klerk in 1878 in Philipstown. Hier is Johannes se doopinskrywing by die NG Kerk in Richmond.³²⁸



Dit was hulle oudste dogter, Martha Cornelia Maria Vermeulen, wat doodgeskiet is deur Britse magte in Danielskuil op 16 Junie 1900.

(Daar is meer oor Martha se hartseer verhaal op bladsy 189).



Martha se graf op die pan van Danielskuil³²⁹

³²⁸ "South Africa, Dutch Reformed Church Registers (Cape Town Archives), 1660-1970 ", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:VRLW-GX8> : Sun Mar 10 13:56:26 UTC 2024), Entry for Johannes Jacobus Vermeulen and Barend Daniel Vermeulen.

³²⁹ Foto: Emily ingle.



Volgens Johannes se doopinskrywing (1845) was sy pa was ook Barend Daniel Vermeulen, getroud met Hester Catharina Brits. Hierdie Barend was gebore in 1811 in Graaff-Reinet, en oorlede in 1875 naby Hopetown.

Den 8 July 1811 Geroopt	Bladzij 25
L Kind Barend Daniel	L
Geb den 23 Februarie 1811	
veldcornet Hendt Liebenburg	
Petrus Cornelis vermeulen	oud
Hendrina Johanna Marais	Gelin
Getrouwen Barend Daniel Petrus huizen	
Hendrina Johanna de Bruin	
Gielcom Christoffel vermeulen	verder
Johanna wolfraat	

Klein Barend Daniel
Vermeulen se doopdag,
1811, in die NG
Kerkargiewe in Graaff-
Reinet, Karoo³³⁰

En so gaan ons verder in die geskiedenis in. Barend se pa was Petrus Cornelis Vermeulen, gebore 1773 in Graaff-Reinet, en oorlede in 1837 naby Colesberg. En Petrus se pa was Jan Gabriel Vermeulen, gebore omstreeks 1746 en oorlede voor 1815. En Jan Vermeulen se pa was Cornelis Vermeulen, gebore omstreeks 1708 in Kaapstad. En uiteindelik sien ons Cornelis se pa was Dirk Cornelisz Vermeulen, gebore omstreeks 1863 in Enkhuizen, Nederland, en oorlede in 1712 in Batavia, in Asie. Dirk was in diens van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie as 'n kok.³³¹

Dirk se pa was Cornelis Vermeulen, gebore omstreeks 1650 in Nederland. Dis darem ver terug in die verlede!



³³⁰ "South Africa, Dutch Reformed Church Registers (Cape Town Archives), 1660-1970 ", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6VR5-TXQ5> : Fri Mar 08 18:05:07 UTC 2024), Entry for Barend Daniel Vermeulen and Hendrina Johanna Marais, 8 Jul 1811.

³³¹ <https://www.vermeulenbond.org/webfiles/vermeulenbond-geslagsregister-dirk.html>



SUSAN SMOOK EN DIE MOCKE VOOROUERS

Susan Smook bly in 'n pragtige Edwardiaanse huis in Danielskuil.

Die Smook familie is al lank in Danielskuil. G Smook het in 1952 'n handelslisensie bekom, en het daarna 'n handelslisensie bekom.³³²

Susan se ouers was Hendrik Johannes Gustavus Smook, gebore omstreeks 1900, en Hester Cecilia Mocke. Hulle het op 10 Augustus 1926 in Danielskuil getrou. Hy was 26 jaar oud, en sy was twintig.³³³

Hulle eerste seun was Frederik Johannes Smook, gebore 1927 en gedoop in Danielskuil.³³⁴ Hulle tweede seun was Johan Godfried Smook, gedoop in 1932 in Danielskuil.³³⁵ Dan was daar Cornelia Elizabeth, gebore 1936, en Gustav, gebore 1946. Susanna Sophia Smook was die jongste, gebore 1948. Sy is gebore in Postmasburg.

Hester Cornelia Smook is in 1905 gebore, en het op die plaas Vaalpan in die distrik Barkly-Wes grootgeword. Vaalpan is so 20 km wes van Griekwastad. Sy is in 1998 oorlede, in Danielskuil.

Oupa Godfried Mocke het die dorphuis in Danielskuil in 1932 gebou, met roustene van modder.

Die styl is 'n 'n "Victorian-Edwardian villa", met pragtige "bay windows".³³⁶



³³² PHR Strydom, *Danielskuil*, bl. 76.

³³³ "South Africa, Dutch Reformed Church Registers (Cape Town Archives), 1660-1970 ", database with images, *FamilySearch* (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6CP4-T8MM> : 10 August 2022), Hendrik Johannes Gustavus Smook, 1926

³³⁴ "South Africa, Dutch Reformed Church Registers (Cape Town Archives), 1660-1970 ", database with images, *FamilySearch* (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:66N8-TP79> : 23 January 2022), Frederik Johannes Smook, 1927.

³³⁵ "South Africa, Dutch Reformed Church Registers (Cape Town Archives), 1660-1970 ", database with images, *FamilySearch* (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6CTC-D4BQ> : 2 January 2021), Johan Godfried Smook, 1932.

³³⁶ Ubique Heritage Consultants, *Danielskuil*, bl. 48.



"VORM A

STERFKENNIS

(Kragtens artikel 7 van die Boedelwet, 1958)

1. Van van oorledene	SMOOK	4. Ras	BLANK
2. Voornam	HESTER CECILIA	5. Nasionaliteit	SUID-AFRIKANER
3. Identiteitsnummer	051203.0020.08.9	6. Beroep	PENSIOENARIS
7. Gewone verblyfplek(k) gedurende die 12 maande wat die dood voortgegaan het	HUTTONSTRAAT, DANIEËLSKUIL B405		
8. Geboortedatum	3. Desember 1905	9. Geboorteplek	DANIEËLSKUIL
10. Datum van dood	30. Julie 1998	11. Plek van dood	DANIEËLSKUIL
12. Het die oorledene 'n testament nagelaat?	JA		
13. Huwelikstaat ten tyde van dood	WEDUWE		
14. Indien getroud, plek waar getroud			
15. Volle name van langslewende eggenoot/eggenote en sy/haar beroep	N. V. T.		
16. Vermeld of huwelik in of buite gemeenskap van goed was			
17. (a) Naam(name) van vooroorlede en geskeide eggenoot/eggenote (dui aan teenoor naam van elkeen of vooroorlede of geskeide)	HENDRIK JOHANNES GUSTAV SMOOK		
(b) Datum van dood van vooroorlede eggenoot/eggenote	1978		
18. Kantoor/kantoor van meester(s) waar vooroorlede(s) se boedel(s) geregistreer is en nommer(s) van boedel(s), indien beskikbaar	KAAPSTAD		
19. Volle name van kinders van oorledene (vermeld of meerderjarig of minderjarig, vooroorlede en, in laasgenoemde geval, of hulle skomelinge nagelaat het en, indien wel, die volle name van sodane skomelinge)	SUSANNA SOPHIA SMOOK - meerderjarig GUSTAV SMOOK - meerderjarig LEA VAN DER MERWE - meerderjarig		
20. Name van ouers van oorledene (vermeld of ouers in lewe of ooelede is)			
Vader	JOHAN GOTFRIED MOCKE		
Moeder			
21. Naam en adres van persoon wat sterfkennis onderteken	GUSTAV SMOOK PLOT 157, ARNOLDISTAD, KROONDAL 0350		
*22. (a) Was ondertekenaar by oorledene se dood aanwesig?	NEE		
(b) Indien antwoord op vorige vraag nee is, het ondertekenaar die oorledene na sy dood uitgeken?	JA		
Gedateer te	RUSTENBURG	, op hede die	21ste
	AUGUSTUS		dag van
¶ Hoedanigheid			
Seun van oorledene			
 Handtekening			

Susan se ma, Hester Cecilia, se Sterfkennis³³⁷

³³⁷ "South Africa, Western Cape, Deceased Estate Files, 1951-1958", database, FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:66D2-SS3W> : 7 February 2022), Hester Cecilia Smook, 1998.



Susan se pa was Gustav Johannes Smook, gebore in 1896. Hy was die oudtste van vier kinders en het in Hopetown grootgeword.

Gustav se pa was Johannes Frederick Smook. Hy is in Hopetown oorlede maar was afkomstig van Boshof. Gustav se ma was Susanna Sophia, wat van Duitsland gekom het, en steeds kon Duits praat – so 'n kort vroutie, onthou Susan.

*Jan Frederick Smook
se sterfkennis; hy is op
die ouerdom van 32
oorlede, in Hopetown,
in 1909.*

Hy was 'n boer.

*Hy het Susanna en
vier jong kinders
agtergelaat.³³⁸*

T.T.A.C. O.D. No. 104	189/754	Filed on 1 December 1909
		4018
Death Notice,		
PURSUANT TO THE PROVISIONS CONTAINED IN SECTION 3, ORDINANCE NO. 104.		
1. Name of the Deceased <u>Jan Frederick Smook</u>		
2. Birthplace of the Deceased <u>In Boshof ORC</u>		
3. Names of the Parents of the Deceased { Father <u>Hendrik Smook</u> Mother <u>Maria Jacobs</u>		
4. Age of the Deceased <u>32</u> years months		
5. Condition in life (occupation) <u>Farmer</u>		
6. Married or Unmarried, } <u>Married</u> { Widower or Widow		
(a) Name of Surviving Spouse <u>Susanna Sophia Smook</u>		
(b) Name or names and approximate date of death of previous Spouse or Spouses		
7. The day of the deceased : on <u>the 6th November 1909</u>		
8. In what house or where the person died <u>on the farm Klapfontein D^r Hopetown</u>		
9. Names of Children of Deceased, and whether minors or not. (Stating separately those born of different marriages)		
<u>1. Hendrik Johannes Gustavus</u> <u>2. Julian Johannes</u> <u>3. Susanna Sophia</u> <u>4. Frederick Johannes</u> <u>(all minors)</u>		
10. Whether Deceased has left any Property, and of what kind.		
The Deceased has left a Will. Dated at <u>Hopetown</u> this <u>26th Nov 1909</u>		
<u>SS Smook</u> State in what capacity <u>Surviving Spouse</u>		

³³⁸ "South Africa, Cape Province, Probate Records of the Master of the High Court, 1834-1989", database with images, FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:QG4D-9YYY> : 27 June 2022), Susanna Sophia Smook.



Hester Cornelia se ouers (Susan se ouma en oupa, op moederskant) was Johan Godfried Mocke, gebore 1880, en Cornelia Elizabeth Mocke. Hulle het op die plaas Vaalpan gebly. Johan is oorlede in 1965, en Cornelia in 1953.

Hester se pa (Susan se oupa) was Johan Godfriedt (Frikkie) Mocke, gebore 1880, op die plaas Uitkyk, in die destydse distrik Albanie. Hy het met skape en beeste geboer op die plaas Vaalpan. Hy was 'n rebel tydens die Anglo-Boereoorlog. Hy is oorlede in 1965.³³⁹ Hy het met Cornelia Elizabeth ("Nelie"), gebore Smit, getrou in 1904, op die ouderdom van 23.

Johan het gesterf in 1965, op die ouerdom van age 85, op Vaalpan. Cornelia is oorlede in omtrek 1953 aan suikersiekte.

Regs: Johan Godfriedt
Mocke se sterfkennis. Hy het
op Vaalpan gebly, en is op
Danielskuil oorlede.



Bo: Oupa Mocke het 'n
babastoeltjie uit Kareehout
gekerf. Dis nog in Susan se
besit.

G.P.-S-4220007-1963-64-120,000. S.

B.M.D. 2.

FORM OF INFORMATION OF A DEATH.
VORM VAN AANGIFTE VAN 'N STERFGEVAL.

(Act No. 81 of 1963—Wet No. 81 van 1963)

WARNING.—The penalties for false statements wilfully made are the same as those for perjury.

WAARSCHUWING.—Die strafe vir opwillige vals verklaringe is dieselfde as die strafe vir perjury.

Instructions as to the filling in of this form appear on the reverse side hereto.
 Instruksié vir die invulling van hierdie vorm verskyn op die versoerlike kant.

S.R.—This form must be used for all cases with the exception of Burns.

Let Wat.—Hierdie vorm moet vir alle voorvalle uitgevoer word, met uiteraard uit uitsluiting van brand.

DECEASED—DOORLEDEEN:

1. Identity Number Persoon番号:	010 974 947 W		
2. Surname Van:	MOEKKE		
3. First Name Voornaam:	JOHAN GODFRIED		
4. Date of Death Datum van sterfta:	December 1965	5. Sex Geslach:	MANLY
5. Place of Death Plaas van sterfta:	DANIELSKRUIK		Postmanskroon
6. Race Ras:	RKAPAN	7. Age and Date of Birth Ouderdom en geboortedatum:	82 Jaar 20 Oktober 1900
8. Religion Geloof:	WESENNAAR		
9. Occupation Beroep:	PENSIONAARIS		
10. Residence Woonplek:	OUERDROPS EN OUD STRYDERS		
11. Status (if any) Voorstaat (in daar is):	COKKING ATHENOS PERIODIS		
12. Cause of Death Oorsake van sterfta:	CEREBRAL THROMBOSIS, CEREBRALATHEROSCLEROSIS (In the case of the death of a mother when giving birth of her last child, this should be stated by inserting the words "First Child", moeder, eerste kind, in the vol.)		
13. Duration of Disease or of Last Illness Dur van lewens of laaste leuse:	Regt drie		
14. Name of Medical Practitioner Naam van geneeskundige:	DR. C.H. HASTON		
15. Place of Birth of Decedent Geboorteplek van gesneke:	KIMBERLEY		
16. Residential Address of Decedent Woonadres van gesneke:	DANALPAN P.K. BURGESS FOUNTAIN		
17. Inter-funeral Place of Burial Vergaderplek begraplike:	DANALPAN, P.K. BURGESS FOUNTAIN		
18. Name of Parent or Guardian (if deceased was under the age of ten years). Naam van ouer van veng (indien gesneke onder die matersien van tien jaar was):	NOT		

**(B) Place of Residence of Mother
Woonplek van moeder:**

INFORMANT—AANGEWER:

19. Original Signature for Mark Eigehandtekening (of mark):	M. J. Goss	
20. Committee Raadslidheid:	LNU BESIGHEID P.U.B.O.B.	
21. Residential Address Woonadres:	PO BOX 39, DANIELSKRUIK	

For the use of Assistant District Registrar or Justice of the Peace or Police Officer,
 Slegs vir die gebruik van die Assistent-Distrikregistrator of Vlaegeer of Politieoffisier.

Date of Receipt... 14 December 1965 From ... Danielskuil.
 Datum van ontvangst... 14 Desember 1965 Van ... Danielskuil.

(Signature)
 (Handtekening) Assistant District Registrar, Justice of the Peace or
 Police Officer
 Assistent-Distrikregistrator, Vlaegeer of
 Politieoffisier.

For the use of the District Magistrate.
 Slegs vir die gebruik van die Distrikmagistraat.

Date of Report... 14 Dec 1965
 Datum van rapport... 14 Dec 1965

(Signature)
 (Handtekening) District Registrar,
 Distrikregistrator.

For use in Court only.
 Net vir gebruik in Hofskuil.

1. Form checked
Vorm gecheck

2. Handwritten C.R.C. 3. Coal checked
Handgetekenis C.R.C. Kool gecheck

4. Seal affixed
Seal aangevou

5. To be given in the case of an infant mortality case who died before it was born.

* Most important word in the question "What was the cause of death?" is the first word after "what".

339 Verdere inligting oor die Mocke familie is beskikbaar op
https://www.myheritage.com/names/johan_mocke



Johan het getrou met Cornelia ("Nelie") Elizabeth Smit, in 1904, toe hy 24 jaar oud was. Sy was 18 jaar oud. Dit was by Plooysburg, wes van Kimberley. Hy was van die plaas Uitkyk, en sy was van Paardeberg-Wes.

DUPLICAAT ORIGINEEL REGISTER.								
1904, dat: Huwelijk bevestigd te (1) Plooysburg in de Parochie van de Fort Paauw in het District van Grootfontein								1904, dat:
No.	Naam en Getrouwe,	Naam en Trouwende,	Datum,	Naam,	Ring of Bewer.	Woonplaats (ofderen tot huwelijk).	Na. Huwelijksgetrouwden of met Licentie,	Toestemming, dat wien bevestigd op grond van des bedoel.
538.	1st Noorster 1904	Johan Godfried Mocke / 21s Jacobus Smit 1904 Cornelia Elizabeth Louw / 18 Jacobus Smit		Baas	Middelt		Ja	
Gedrukt in (1) Red. Reg. Kerk te (1) Plooysburg en voorz. van huwelijksgetrouwden door mij.								
Dit Huwelijk is { voltookken int- schem ons, J. G. Smit E. G. Smit					In de tegenwoordigheid van ons, J. G. Smit M. Mocke	Bediend door J. G. Smit		
Nagedrukt met het Origineel Register en correct bevonden, door mij.								
(1) Naam van Storp. (2) Naam en omtrek van die Kerk of Kapel. (3) Voeg hier in "Na Huwelijksgetrouwden" of "Met Licentie" aan het geval toe.								
10646								



Bo: Johan Mocke en Cornelia Smit se huweliksertifikaat³⁴⁰

Links: Cornelia Elizabeth (Ouma Mocke, gebore Smit) en haar pa, Oupagrootjie Johannes Smit.³⁴¹

Van hier af raak die geskiedenis van die Mockes ietwat debatteerbaar, maar dit lyk of die volgende gegewens waar kan wees.

³⁴⁰ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", database, FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZH5-9M8Y> : 20 September 2022), Cornelia Elizabeth Smit in entry for Johan Godfried Mocke, 1904.

³⁴¹ Foto: Susan Smook.



Johan Mocke se pa (dus Susan se oupa-grootjie) was Johan Godfriedt ("Frikkie") Mocke, gebore 1834. Johan het met Johanna Dorothea van der Linde getrou. Sy is in 1856 gebore.

Johan het in 1915 gesterf, in die Barkly Wes Distrik, op die rype ouerdom van 81.

Johan se pa (dus Susan se oupagrootjie se pa) was Johan Godfried [Frikkie] Mocke and Margaretha Dorothea Cruywagen. Johan was gebore in 1806, in Kaapstad, en Margaretha was gebore in 1807, in Leyden, Holland. Haar nooiensvan was Cruywagen.

Johan Mocke se vader was Johan (of Johann) Gottfried Mocke, gebore in 1769, in Dommitzsch, in Sachsen, Duitsland. Hy is oorlede in 1808 in Suid-Afrika.³⁴² Hy kan dus gesien word as die stamvader van die Mocke familie in Suid-Afrika.



DIE GOUE OUES

Die oues van dae dra die herinneringe van die gemeenskap.

Hulle onthou goed wat lank gelede gebeur het, in hulle families, kerke en skole. Baie van die ouer garde het op plase grootgeword of gewerk.

Elke keer as 'n ouer persoon afsterwe, gaan 'n hele ensiklopedie vol kennis verlore. Kom ons bewaar hulle kosbare kennis oor hulle families!

Dis belangrik dat jong mense gesels met hulle ouers, oumas en oupas, en hierdie stories neerskryf. Maak fotos bymekaar, of geboortesertifikate, of enige ander brokkies inligting. Neem fotos van hierdie items, en bewaar dit op 'n veilige plek.

Ouma Julia Abrahams en haar kleindogter, Roxanne

Ouma Julia is nou 81 jaar oud. Sy was getroud met Jan Abrahams. Hy is oorlede in 2005. Julia het eers in Marantheng gewoon. Haar ma se naam was Sannie Kotze, nooiensvan Koornaar. Jan se ouers was plaaswerkers. Julia en Jan het nege kinders gehad.

Een van Ouma Julia se kinders was Gladys, en Roxanne is haar dogter. Haar broer is Aubrey.

³⁴²

<https://www.geni.com/people/Johan-n-Gottfried-Mocke-SV-PROG/6000000019321741267>



Sally de Koker

Sally Matthews was getroud met Gert de Koker. Hy het gewerk by die Commercial Hotel in Danielskuil, en is oorlede in 1994.

Sally se ma was Annie Bontshi, en haar oupa was Sam Bontshi. Die Bontshi gesin verskyn ook in die doopregisters van die NGKA in Danielskuil.

Sally was gebore in 1928.



Rachel Diedericks

Rachel Diedericks is gebore op 2 Junie 1938. Sy woon in 13 Cypres Straat, Kuilsrivier. Rachel het getrou met Dirk van Wyk, gebore 23 April 1943. Sy ouers was Saul van Wyk en Dolly van Wyk.

Haar ouers was Dirk en Eva Diedericks. Hy was 25, en 'n arbeider, en sy was 28 en 'n huisvrou, toe hulle getrou het in 1942. Hulle het in Skeyfontein gewoon.

DUPLIKAAT- ORIGINELE HUWELIKSREGISTER											
No. 1/1942											
Bra: { Man: Kleinboek Vrou: Kleinboek }		Huwelik bewerig te Steytlerville, Distrik: May, Provinsie: KwaZulu-Natal									
(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)	(8)	(9)	(10)	(11)	
Datum van huwelik.	Vrou se naam van geskrewe.	Oudere date.	Geborensaam, provinsie, plk.	Persoonlike staat.	Europ.	Wenigste tot tyd van huwelik.	Na gebore van eerste vroulike kind.	Met wie se huwelik.	Op of voor huwelikse voorwaarde.	Opmerkings.	
22 Nov. 1942	Dirk Diedericks	22 Nov. 1942	Kay tot Nylund, Engelse	getrouw	Robben	Steytlerville R.K. Pakhuis		ouers		16/5	
	Eva Kok	28	Kunnen KwaZulu, Durban Engelse	getrouw	Robben	Steytlerville Ex-Pieterveld	R	ouers			
Hierdie huwelik is deur my bewerig op dat-											
da 22 Nov. dag van November 1942											
in teenwoordigheid van ondergetekende getuies.											
1. D. J. Smith - 2. G. Jacobs -											
Handtekening van predikant, Pastor Gert de Koker, Kirkwood.											
Handtekening van registeraar, G. Jacobs.											

Hierdie is moontlik die huweliksertifikaat van Dirk en Eva Diedericks
(nooiensvan Kok)³⁴³

³⁴³ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", database, FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZH1-7YJM> : 21 September 2022), Dirk Diedericks, 1942.



Jakoba Mabel Jagers

Tannkie Jakoba woon in Kokstraat 1017.

Die Jagers familie is ook een van die oudste Griekwa-families. Daar is menigte Jagers-mense in die Griekwastad Doopregisters, tussen 1813 en 1822.³⁴⁴


Jakoba is gebore in 1949, en is getroud met Alfred Kock, gebore 1950. Hulle is getroud in 1980.

Jakoba het drie kinders, sewe kleinkinders, en twee agter-kleinkinders.

Jakoba se susters was Margaret, gebore in 1946, en Elizabeth (Duifie) gebore 1951. Hulle broer, Niklaas, was gebore in 1955.³⁴⁵



Jakoba Kock, gebore Jagers



Jacoba Kock se man, Alfred Kock, begrawe in Kuilsville, 2018.

Jakoba en Margaret se pa was Adam Jagers. Adam se pa (Jacoba se oupa) was Niklaas Jagers, begrawe in Danielskuil.

Hulle ma was Marie Mosinki, wat toe met Adam Jagers getroud is. Marie was gebore by Khosis, 'n bruin en swart reservaat naby Postmasburg. Hulle was toe geskuif na Danielskuil omdat die Gevegskool by Lohatla gestig is.

³⁴⁴ Karel Schoeman, *Die Griekwastadse Doopboek, 1807-1824*, ongepubliseerde dokument.

³⁴⁵ URCSA doopregister, Danielskuil.



Marie se suster (Jacoba en Margaret se tante) was Anna, en haar broer (die oom) was Adam.

Jakoba se ma, Marie Jagers, se begrafnisbrief, in 2002



Robert Loff

Robert is gebore in 1954. Hy het so veertig jaar gelede na Kuilsville gekom. Voor dit het hy in Marantheng gebly.

In 1962 het hy laerskool toe gegaan in Danielskuil, tot 1971, in die skool van Meneer van Loon. Dit was daar agter die kliniek, die ou Congregational Church skooltjie.

Robert se vrou is Belinda Haai.

Robert het gewerk as 'n skrynwerker, vir kontrakteurs.

Robert se ouers was Hendrik en Maria (Mariaan?) Loff. Hendrik is begrawe in Jankempdorp, en sy ma hier in Danielskuil. Hulle het op die plaas Driehoek gebly, in die Vryburg area.



R.M.D. 196
(Ox. Lakomotie 200-
OM. Reverso 200)

A435018

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. VERKORTE GEBORTESERTIFIKAAT. <i>Uitgereik kragtens Wet No. 81 van 1963.</i>	REPUBLIC OF SOUTH AFRICA. ABRIDGED BIRTH CERTIFICATE. <i>Issued in terms of Act No. 81 of 1963.</i>
Geertseer 'n ware uittreksel uit die geboorte- register van:—	
Van: <u>Loff</u> Surname: <u>Rothert</u> Voorname: <u>Marië</u> First Name: <u>Siekuwa</u>	Certified a true extract from the birth register of:—
Geboortedatum: Date of Birth: <u>Se- en twintig Januarie 1918</u>	Gedag: <u>Matrik</u> Sex: <u>Postmaatsburg</u>
Distrik van geboorte: District of Birth: <u>Griekwa</u>	Registraat: Entry Number: <u>27/54</u>
LANDDROS <hr/> 18 -1-1960 <hr/> MAGISTRATE <small>REGISTRAR, ASSISTANT REGISTRAR, DISTRICT REGISTRAR</small>	
<small>Registratur, Assistant-registratur, Distrikzregistrator. Registratur, Assistant Registrar, District Registrar.</small>	
25c	
<small>Moet uitgereik word slegs ten opsigte van persone wat voor 1/1/1960 gebore is. To be issued only in respect of persons born before 1/1/1960</small>	

Robert Loff se
geboortesertifikaat, wat sy ras as
"Griekwa" aandui.


Maria Loff se identiteitsboek,
met haar geboortedatum
aangewys as 1918



Maria Loff (gebore 1918) se nooiensvan was Malouly. Dis moontlik dat die Malouly naam oorspronklik 'n Tswana naam was ("Molaule"), maar mens kry ook die naam "Malouly" in lerland.

Hulle was plaaswerkers. Dis nou baie jaar gelede.




The Methodist Church of South Africa.			
CERTIFICATE OF BAPTISM.			
NAME OF BAPTIST	CHURCHES NAME SON OR DAUGHTER	PARENTS' NAMES	ADDRESS
Wilhelmina Maria 50-	Riet- and Metta	Molaoly Kamden	1945
I certify that the above is a true copy of an entry in the Register of Baptisms of The Methodist Church at Bonitas M. E. Circuit. Dated 10/3/46			
 <small>Methodist Mission</small>			

Wilhelmina Maria Malouly se geboortesertifikaat, 1945. Hulle het by Kamden gewoon.

Begrafnisbrief

Op die 03 Julie 1918 is die lewensboek van Maria Loff (gebore Malouly) deur die almagtige God geopen. Op die 10 Julie 2009 was die slotparaagraaf van haar lewensboek geskryf. Alhoewel ons diep bedroef is en haar nooit sal vergeet nie, gun ons haar die rus en vrede. In ons harte is 'n magdom van soete herinneringe wat altyd met ons sal saamleef.
 Sy verhuis na haar Hemelse woning in die geseende ouerdom van 91jaar en 7dae.
 Sy laat 'n seun en dogter, 'n skoonseun en 'n skoondogter en 2 kleinkinders, familie en vriende na.



Robert se vrou, Belinda Haai, se ouers was Esau en Rachel Haai. Rachel was 'n nooi Langeveld. Hulle is in Griekwastad getroud, in 1936. Hy het gewerk by 'n algemene handelaar.

Rachel Haai se graf



G.P.-5-1200-11.9/34-30,000. L.

DUPLICATE ORIGINAL MARRIAGE REGISTER.

No. 6/36 B.M.D. 2a.
 Race: Blacks Marriage Subscribed at Griekwastad District Rox Province Cape
Mixed Mixed

Date of Marriage	Father Name of Person Married	Age	Country of Birth	Personal Status	Occupation	Residence at time of Marriage	Engagement Certificate No.	Conducted by Minister of Religion	Name of Minister and Date of Service	Remarks
5 th August 1936	Esau Jacobus Haai	25	Cape Province	Bachelor	Storeboy (General Dealer)	Danielshout District Barkly West	Official License No 39733 23	-	without Entomphial Contract	-
	Rachel Aletta Langeveldt	23	Cape Province	Sister Domestic Duties		Griekwastad	5/8/36	-		

This Marriage was solemnized by me on this the
5th day of August 1936

in the presence of the undersigned Witnesses:

1. W. R. Raix
 2. T. S. Brown (T. Brown)

Minister: J. J. Haai
 Deponent: P. Boetinyana
 Registrar: R. A. Langeveldt

Esau Jacobus Haai en Rachel Aletta Langeveldt se huweliksertikaat,
 Griekwastad 1936³⁴⁶

Die Boom familie

Verskeie mense met die hierdie van verskyn in die NG Kerk in Afrika se doopregister.

Hendrik Boom en Joyce Setlogelo het vyf kinders gehad: Hendrik (gebore 1965), Dawid (1968), Andrew (1972), Stokkie (1979) en Marie (1973).

Dan was daar Maria Boom, gebore 1946, en gedoop in 1975. Haar ouers was Paul Boom en Martha Mayine.

Jan Boom, 1955-2017, in Kuilsville begraafplaas



Joseph Boetinyana Boom is gebore in 1945, en Tshekisho Jan Boom in 1963. Hulle pa was Piet Boom, maar dit lyk of hulle verskillende ma's gehad het – Elize Moronyane en Martha Modibeng.

³⁴⁶ "South Africa, Civil Marriage Records, 1840-1973", , FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:6ZC9-BGGG> : Fri Mar 08 19:32:02 UTC 2024), Entry for Esau Jacobus Haai and Rachel Aletta Langeveldt, 5 Aug 1936.



Elias Boom is Jacomien Boom se neef.

In die URCSA (VGK) doopregister word John Boom genoem: Gebore 1952 en gedoop in 1971.

En ons weet dat Anna Boom ook gebore is in 1955.

Hoe is hierdie mense aan mekaar verwant? Dit moet ons nog ondersoek en opskryf.

Hester McCarthy

Hester is gebore in 1931, in die distrik Blikfontein. Sy was 'n nooi Olivier, en was getroud met Joseph McCarthy. Hy het verongeluk.

Hester se pa was John Olivier, en haar ma was Anna van Wyk. Hulle het in Kgosis gebly.

Hester het ses kinders en sewentien kleinkinders.

Hester het al baie gewerk in haar lewe. Sy het van kleins af gaan werk, en daarom het sy nie skool toe gegaan nie. Sy het ook op die myne gewerk.

Hester het eers op Ou Marantheng gebly. Hulle moes toe trek na Kuilsville toe. Haar ma, Anna van Wyk, is hier begrawe in Kuilsville, saam met verskeie van haar broers. Maar hulle grafte het nie grafstene nie. So dis moeilik om te weet waar hulle begrawe is.

John Mora

John Mora was een van twaalf kinders. Sy ouers was Dirk en Martha Mora.

John was getroud met Maria, en hulle het 11 kinders. Maria was bore in 1949.

John Mora



John se eerste werk was op Beeshoek myn, naby Postmasburg. Hy het skool toe gegaan, maar het vroeg gaan werk. Hy het ook by Union Lime gaan werk, en daarna gewoon in Kathu. Daarna het hulle na Danielskuil toe getrek.

Maria se pa was Harry Kolberg. Hy het transport gery met groot lorries. Hy is oorlede in Postmasburg.



SKRYF JOU EIE FAMILIE-GESKIEDENIS!

Enigiemand kan hulle eie familie se geskiedenis opskryf. Mens moet net met almal gaan gesels, en brokkies inligting, fotos en ander familie-dokumente bymekaarmaak.

Daar is drie hoofpunte: (A) Wie is in jou eie gesin, (B), Wie is jou neefs en niggies, en (C) wie is jou voorouers? Skep 'n Familie-stamboom in 'n notaboek!

Daar is ook fantastiese webwerwe wat vir jou kan help om familiegeskiedenis op te skryf.

Familysearch (www.familysearch.org) is 'n massiewe databasis wat saamgestel word deur die Church of Jesus Christ of Latterday Saints, oftewel die Mormonse kerk van Utah, VSA. Hierdie kerk glo dat families weer bymekaar kan wees in die nadoodse lewe. Daarom is dit belangrik om verhoudings met alle familielede te versterk – die wat nog lewe en die wat heengegaan het.³⁴⁷ Nou fotografeer hulle familiedokumente oor die hele wêreld, sodat ander mense ook hulle familie kan gaan verken. Dit is 'n groot guns wat hulle vir ons doen. Hulle werk ook saam met regeringsdepartemente en kerke. Daar is nou al meer as 3 biljoen rekords versamel!

Hierdie inligting op Familysearch is gratis en maklik om af te laai.³⁴⁸

Daar is baie ander webwerwe wat jou kan help!³⁴⁹

Daarna kan jy die stamboom bou op 'n internet platform!

1. Family Tree by FamilySearch (free)
2. Ancestry Family Tree (free)
3. Wikitree (free)
4. Family Tree Builder from MyHeritage (free)

Mens kan ook die Legacy sagteware aflaai, by <https://legacyfamilytree.com/>. Die sagteware is gratis, en word gestoor op jou rekenaar (nie op die internet nie).

Begin solank die inligting bymekaarmaak:

A. Watter lede is daar in jou gesin?

1. Ekself; My pa/ma, broers en sussies, my man/vrou; my kinders
2. Waar bly hulle?
3. Wat is hulle ouerdomme? Is hulle getroud en het hulle kinders?

B. My neefs en niggies

³⁴⁷ <https://newsroom.churchofjesuschrist.org/topic/genealogy>

³⁴⁸ WENK vir FamilySearch: Die eintlike uitdaging is om die SOEK-fasiliteit effektief te gebruik. Vir mense in die Danielskuil streek, is dit nuttig om "Griqualand West" te gebruik om die PLEK te beskryf. Baiekeer is "Danielskuil" nie duidelik aangedui nie, maar Griekwaland-Wes, en die magistraatsdistrikte van Herbert en Hay werk partymaal beter.

³⁴⁹ Soos hierdie: <https://www.parents.com/fun/activities/indoor/how-to-make-a-family-tree-with-kids/>




Hierdie is mense wat min of meer dieselfde ouderdom is as jy, maar hulle bly nie in dieselfde huis nie. Hulle ouers is verwant aan jou ouers.

Skryf maar enige interessante detail af, bv X is 'n dokter, Y is oorlede, of Z is 'n politikus ... Altyd interessant!

C. Jou voorouers

1. Wie is hulle (oumas, oupas, ouma- en oupagrootjies, en hulle voorouers), en wanneer en waar is hulle gebore?
2. Is party mense oorlede? Wanneer? Waar is hulle begrawe?
3. Waar het hulle gebly?
4. Wanneer het hulle Danielskuil toe gekom?
5. Watter soort werk het hulle gedoen? Plaaswerk? Konstruksie, ens?
6. Onthou jy enige stories oor hulle? Was hulle vriendelik, behulpsaam, snaaks?
7. Het jy enige erfgoed van hulle (bv laslappiewerk) – NEEM FOTOS
8. Watter tale het hulle gespeak?
9. As die voorouers in die begraafplaas begrawe is, is daar 'n grafsteen? Neem 'n foto.
10. As daar nie 'n grafsteen is nie, weet iemand waar die graf is? Wie sal weet?
11. En ENIGE ANDER INLIGTING wat jy wil byvoeg ... dis jou stamboom!



Hierdie sal 'n wonderlike projek wees vir jou hele klas! Begin sommer 'n Stamboom-Klub by jou skool ...

Familie-navorsing (genealogie) is nou 'n belangrike navorsingsveld, veral met genetiese navorsing (DNA).³⁵⁰



³⁵⁰ Loer bietjie hier: <https://cosmosmagazine.com/science/biology/the-largest-human-family-tree-ever-created/>



DEEL DRIE

Danielskuil en die Oorlogsjare 1899-1902



Boere te velde



DIE KRISIS-JARE, 1899–1902

Die Anglo-Boereoorlog bly fassinerend – nie net uit 'n militêre oogpunt nie, maar ook omdat menseverhoudings geweldig verander het.

Die oorlog was nooit bedoel om vir drie jaar aan te gaan nie. Die Boere-republieke het gehoop dat oorlog nooit sou plaasvind nie; en die Britse Ryk het gedink dit sal maar 'n paar maande duur.

Maar die oorlog het langer aangehou as wat enigiemand kon droom. Na die eerste jaar het groot veldslae plek gemaak vir 'n uitmergelende guerrilla-oorlog.

Baie mense in die ou Kaapkolonie was ingetrek in die oorlog, aan beide kante. Dit het gemeenskappe uitmekaar geskeur. Aan een kant was die Afrikaans-sprekende blankes (baie van hulle was plaasboere) wat meestal die Boere-sak ondersteun het; aan die ander kant was Engelssprekendes (gewoonlik dorpsmense), so wel as bruin en swart mense, wat lojaal gebly het aan die Kaapse regering.

Al die Griekwalandse dorpe het interne verwydering en konflik ervaar. Waar mense voorheen saamgewerk het, het mense nou kant gekies. Baie boere het aangesluit by die rebellemagte. Vir hulle was dit 'n saak van lewe en dood. Tydens hierdie lang jare het hulle 'n opwindende en traumatiese veldtog beleef.

Hulle storie – sowel as die mense wat lojaal aan die Britse kroon gebly het – moet vertel word.

Ook in Danielskuil.

DIE AANLOOP TOT DIE REBELLIE

Die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902) het uitgebreek omdat verhoudings tussen die twee Boererepublieke (Transvaal en Vrystaat), aan die een kant, en die Britse regering, aan die ander kant, al vir jare versleg het. Die Jameson-inval in Transvaal in 1897 het baie Afrikaners bedreig laat voel deur die Britse Ryk.

Baie Vrystaters het oor die jare na Griekwaland-Wes getrek, so die plaaslike mense het 'n sterk aanvoeling gehad met die Vrystaatse strewe om sy onafhanklikheid te behou. In Griekwaland-Wes het gevoelens hoog geloop as gevolg van die erge probleem van die rinderpes in die 1890s, veral die grootskaalse skiet van beeste en min kompensasie vir veeverliese. Vir jare was daar ook al spanning en griewe tussen die Afrikaanse boere en die Engelse winkeleienaars wat die plaaslike ekonomie (en mense se skuld) in Danielskuil beheer het.

G'n wonder dat die Transvaal en Vrystaatse Republieke se stryd om afhanklikheid soveel steun gekry het by die Afrikaners van Griekwaland-Wes nie.

Die oorlog het begin in Oktober 1899. In dieselfde maand het die Vrystaters, met die ondersteuning van die Transvalers, die Kaapkolonie en Natal ingeval. Deel van hierdie strategie was 'n inval in Griekwaland-Wes.



Op 11 November 1899 het 'n Vrystaatse commando onder Kommandant JJ Jordaan en regter JBM Hertzog Griekwaland-Wes binnegeval³⁵¹, om manskappe te werf en die Boere te organiseer. Hulle eerste stop was Barkly-Wes; op 13 November het hulle Douglas bereik; op 17 November was hulle in Griekwastad. In elke dorp het hulle die Vrystaatse vlag gehys. Op 18 November was hulle in Postmasburg, en toe op 25 November het hulle die vlag in Danielskuil gehys.

Die hooggeleerde jong prokureur en regskundige,
Generaal JBM Hertzog, wat 'n bekwame generaal
geword het



Die Vrystaters is met ope arms in hierdie streek ontvang. In elke dorp het baie inwoners geesdriftig by die Vrystaatse commando aangesluit.³⁵² Sommer gou het die Vrystaatse kommando vir Griekwaland-Wes tot Vrystaatse grondgebied geproklameer, en JJ Morgendaal aangestel is aangestel as Republikeinse landdros op Danielskuil. 'n Kommando is in Barkly-Wes gestig met Bart van Aswegen as rebellekommandant.³⁵³

William Beadle en William Barker het probeer om die Britse owerheid in te lig van plaaslike gebeure, en hulle het Esau Jansz se seun Lambert na Koopmansfontein gestuur om telegramme te stuur. Maar die Boere het dit uitgevind en vir Jansz gevang; daarna was hy gedwing om vir die Boere rapport te ry. Baie "lokasiebewoners" is opgekommandeer as agtterrairs vir die Boere.

Kommandant Bart van Aswegen

Van Aswegen was van die plase Kleinrietfontein en Grootfontein, naby Barkly-Wes. Hy het die Griekwaland-Wes rebelle gelei toe hulle Dronfield in Kimberley verdedig het na die ontsetting van die stad. Selfs die Britte het hom beskryf as 'n "stout-hearted rebel", toe hy Generaal French se aanval op Kimberley probeer stuit het. Die rebelle het vir meer as twaalf uur vasgestaan teen twee Engelse brigades en 36 kanonne. Hy het gesneuwel op 5 Mei 1900 by Rooidam, noord van Bloemfontein, waar hy met Generaal de la Rey probeer het om die Britse opmars na Transvaal te keer.

³⁵¹ Pieter G Cloete, *Die Anglo-Boere-oorlog: 'n Chronologie*, bl. 64, 167.

³⁵² Cloete, *Die Anglo-Boere-oorlog*, bl. 65.

³⁵³ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 51; Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 167; Shearing en Shearing, *The Rebel Record*, vol. 3, bl. 765.



Intussen het die Boere vir Kimberley beleer, en groot veldslae het langs die Hopetown-Kimberley spoorlyn plaasgevind (insluitende Modderrivier, naby die huidige dorpie Ritche). Kort daarna, op 11 Desember 1899, het die Boere die slag van Magersfontein gewen – een van die Britse leer se ergste nederlae ooit.

Onder hierdie omstandighede het die Afrikaners van Griekwaland-Wes se entoesiasme vir die oorlog hoog geloop en dit het gelyk asof die Boere die oorlog sal wen. Sir Alfred Milner het aan 'n vriend opgemerk, "The state of the Colony is awful. It simply reeks of treason".³⁵⁴ Die Boerekommando's het verder die Kolonie ingevaar - teen einde Desember was hulle al by Upington.

DANIELSKUILERS EN DIE GEVEGTE IN GRIEKWALAND-WES

Die Boereleiers in Danielskuil was WL Ochse, ZP Booysen³⁵⁵, HH Steyn³⁵⁶, HJJ Gerber³⁵⁷ en die spesiale vrederegter, PC Massyn.³⁵⁸ Hulle was almal leiersfigure in die Afrikaner Bond, 'n organisasie in Kaapland wat Afrikaans-sprekendes se belang beskerm het. Veral Massyn se invloed het bygedra tot die grootskaalse rebellie wat gevolg het.

Pieter Christiaan Massyn

Massyn was 56 jaar oud toe die oorlog uitgebreek het. Hy het aangesluit by die rebelle, en was gelys as 'n "absconded rebel" in 1900. Toe hy terugkom na Danielskuil, was hy gearresteer, en in die Barkly-Wes tronk aangehou. Hy was gelys as 'n Klas 1 rebel, d.w.s 'n leiersfiguur in die rebellemagte.

Op 11 September 1901 was hy verhoor in Kimberley, en skuldig gevind aan hoogverraad. Hy het vyf jaar tronkstraf ontvang, en permanent van sy stemreg ontsê. Hy was eers in die Kimberley tronk aangehou, en toe op 24 September 1901 oorgeplaas na Tokai Gevangenis. Hy het 'n gedeeltelike amnestie gekry op 23 Maart 1903 en is vrygelaat en was toegelaat om op Danielskuil te bly.

Gerber was toe aangestel as veldkornet, en HH Steyn as assistant-veldkornet.



'n Tipiese groepie Boere-vegters

³⁵⁴ Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 77.

³⁵⁵ Shearing, *The Rebel Record*, vol. 1, bl. 48.

³⁵⁶ T en D Shearing, *The Rebel Record: South African War, 1899-1902*, vol.3, bl. 717.

³⁵⁷ Shearing, *The Rebel Record*, vol. 1, bl. 270.

³⁵⁸ Shearing, *The Rebel Record*, Vol. 2, bl. 494.



Hendrik Johannes Jacobus Gerber

Gerber was 46 jaar oud toe hy by die rebelle aangesluit het. Hy was 'n boer in die distrik.

In 1900 was hy gelys as 'n "absconded rebel", en in Julie 1901 was hy geklassifiseer as 'n Klas 1 rebel (wat 'n offisiersrol gespeel het). Op 11 September 1901 is hy verhoor in Kimberley, onder die *Indemnity and Special Tribunals Act of 1900*. Hy was skuldig bevind aan hoogverraad, gevonnis tot 18 maande tronkstraf, en permanent gediskwalifiseer om te stem in verkiesings. Hy was in die Kimberley Gevangenis aangehou, en is toe oorgeplaas na Tokai Gevangenis op 24 September 1901. Op 23 November 1902 is hy vrygelaat.

HH Steyn

Steyn was van die plaas Highlands naby Danielskuil. In 1900 was hy deur die Britte gelys as 'n "absconded rebel". Hy was later as 'n Klas 1 rebel (offisiersklas) gevonnis.

Daar was maar min blankes in Danielskuil wat lojaal gebly het aan die Kaapse regering. Tipies was dit die Engelssprekendes: William Beadle, HB Williams (vrederegter), William Barker, GW Barbey (die posmeester), Frits Ayton, Robert Emslie en veldkorнет Roux van Mount Carmel was magteloos om iets te doen.³⁵⁹ Ander lojaliste was die handelaars Donovan, Abbott, en Beadle. Feitlik al die bruin en swart leiers, soos Isaac en Samuel Haai, Samuel July, Lambert en Esau Jansz, en Arie Schalkwyk, was ook lojaal teenoor die Koloniale Regering.

Massyn het volgens Vrystaatse krygswet al die Boere vir diens opgekommandeer. Hy het ook alle perde, veevoer, ammunisie en kos in die winkels versamel.

Pieter Zacharias BooySEN

BooySEN was 'n Boer in die Danielskuil distrik, en aktief as 'n rebel. Op 15 Oktober 1902 was hy verhoor onder die *Indemnity and Special Tribunals Act of 1900*. Hy was geklassifiseer as 'n Klas 2 rebel, en het stemreg verloor tot 15 Oktober 1907.

In vroeg 1900 was die Danielskuil rebelle se eerste taak was om die Transvaalse kommando onder Generaal PJ Liebenberg by te staan. Op 24 Januarie vertrek Genl PJ Liebenberg van die Transvaal en Kommandant BJ Schutte van die Vrystaat, vanaf Magersfontein (net suid van Kimberley), om Prieska te beset en rebelle te werf. Hulle kommando het bestaan uit 130 manskappe, twee kanonne, n masjiengeweer en 26 ossewaens vol gewere en ammunisie. Die Koloniale garnisoen in Prieska het die dorp ontruim toe gerugte oor hierdie naderende mag hulle bereik.³⁶⁰

³⁵⁹ PHR Snyman, *Danielskuil* bl. 52.

³⁶⁰ Pieter Cloete, *Die Anglo-boereoorlog*, bl. 96.



Intussen het Assistant-Hoofkommandant LP Steenkamp op 29 Januarie 1900 ook Magersfontein verlaat en in die rigting van Douglas vertrek, met 32 manskappe. Die hele Griekwaland-Wes was nou in rep en roer.

Die Britte het hierdie aanslag probeer stuit, omdat die pad oop was vir die Boere na suid-Kaapland. Kolonel RG Broadwood vertrek op 1 Februarie vanaf Oranjerivierstasie (by Hopetown) om Generaal Liebenberg agterna te sit.

Die situasie was uiters gespanne. Op 15 Februarie het die formidable Generaal John French dit reggekry om Kimberley te ontset.

*"Boers waiting
for the enemy"*



VAN NES
PHOTO
6

Die grootste terugslag wat die Boeremagte gely het was by Paardeberg, naby Petrusburg in die Vrystaat. Op 27 Februarie 1900 gee Generaal Cronje oor. In menigte opsigte het dit die Boere se mag gebreek, want na Paardeberg het die Britte 'n oop pad gehad Bloemfontein toe, en daarna na Johannesburg en Pretoria. Die Republikeinse magte moes terugval na die Transvaal.

Teen vroeg Maart 1900 het Lord Roberts besef hoe dringend dit was om die rebellie in die Noord-Kaap te onderdruk. Die rebelle het nie net die belangrike spoorlyn na die noorde bedreig nie, maar dit kon ook verder in die Kolonie versprei. Hy stuur toe Kol Adye na Houwater, waar hy geweet het dat Liebenberg se kamp was. Hy het ook Kol Parsons gestuur na Carnarvon en Kenhardt, en Kol Settle het opgeruk langs die Orange-rivier, wes van Hopetown, om Liebenberg af te sny.




Ten spyte van die Boere se nederlaag by Paardeberg, was Generaal Liebenberg bedrywig in die Noord-Kaap. Sy taak was om hierdie kolonnes te stuit. Van Danielskuil het 21 manne, onder Gerber en Steyn, deelgeneem.


Generaal Petrus Liebenberg, 'n Transvaler³⁶¹



Teen 5 Maart het Liebenberg suid van Prieska beweeg na Omdraaisvlei, met 2000 man en twee kanonne. Sy mag het ook Houwater beset, die plaas van die Kaapse politikus, Dr T Smartt. 'n Dag later het die Kaapse owerhede krygswet verklaar in die distrikte van Prieska en Britstown.



Links: Houwater, suid van Prieska



regs: Kol John Adye³⁶²

³⁶¹ Foto: Jacques Malan, *Die Boere-offisiere*, bl. 41.

³⁶² National Portrait Gallery, United Kingdom, <https://www.npg.org.uk/collections/search/portrait/mw193778/Sir-John-Adye>



Op 6 Maart het Liebenberg se magte 'n intense geveg op Houwater deurgemaak. Kolonel John Adye was op pad om Prieska te verower, met 'n mag van amper 700 man (Warwickshires en Yeomanry), met ses kanonne. Hulle kry inligting oor die rebellemag op Houwater, en val aan. Die 200 Republikeine en rebelle onder Liebenberg was onvoorbereid, en hulle kanonne was ver van die rantjies geleë. 'n Lopende geveg het plaasgevind, totdat Liebenberg vir Adye omsingel het.

Adye het geslaag om te ontkom, en hy val na Britstown terug. Adye se mag het 21 manne verloor. Van Liebenberg se mag het drie gesneuwel en nog drie is gewond.³⁶³

Die slag van Houwater het Roberts nog meer bekommerd gemaak. Hy stuur toe vir Lord Kitchener om self die operasie in die Noord-Kaap te bestuur, met versterkings vanaf Kaapstad. Maar Liebenberg was in staat om weg te kom deur terug te val na Prieska, en terug oor die Oranjerivier. Toe Kitchener met sy ruiters Prieska binnekomaan op 18 Maart, het hy gevind dat Liebenberg pas vertrek het. Kitchener se perde was te gedaan om hulle agterna te sit.³⁶⁴

Hiervandaan het Liebenberg weer terugbeweeg na die Transvaal, om te help om die Republiek te verdedig. Hierdie moeilike veldtog het beteken dat die rebellie grootliks stoom verloor het. Kol Settle het toe opdrag gekry om die klein groepies rebelle aan te keer. Die rebelle was ook ontnugter oor die Republikeine wat teruggeval het om die Transvaal te help beskerm. Dit was ook die einde van die groot rebellie in Griekwaland-Wes. Verskeie rebelle het teruggegaan na hulle plase toe, terwyl ander gearresteer was.³⁶⁵

Toe die rebelle terugkeer Danielskuil toe, het FJ de Klerk³⁶⁶ as veldkornet by Gerber oorgeneem. Hy en sowat 30 Danielskuilers het in Februarie 1900 in Kimberley geveg teen die aanval van General French. Onder commandant Bart van Aswegen was hulle betrokke by intense gevegte by die Waterwerke en Dronfield.

Nadat Kimberley ontset is deur die Britte het 'n aantal Danielskuilers weer huis toe gekeer.

Maar daar was steeds sporadiese rebelle-aksies. Op 4 Mei 1900 stel Lord Roberts vir Generaal Sir Charles Warren aan as militere goewerneur van Griekwaland-Wes. Warren het hierdie streek uiters goed geken, omdat hy al by verskeie aksies betrokke was in die verlede, veral in die 1897 Tswana rebellie. Hy stig toe die "Warren's Column", bestaande uit Britse, Kakandese en Kaapse Kolonialers. In die begin was dit sowat 600 man sterk, maar het later gegroei tot omtrent 2 000 man en vier kanonne.³⁶⁷

³⁶³ Pieter Cloete, *Anglo-Boereoorlog*, bl 119; LS Amery, *The Times History of the War*, vol 4, hoofstuk 1, bl. 4.

³⁶⁴ LS Amery, *Times History*, bl. 4.

³⁶⁵ LS Amery, *Times History*, bl. 6.

³⁶⁶ Francois Johannes De Klerk, boer van die distrik Danielskuil. Hy was gelys as 'n "absconded rebel" in 1900. In 1901 was hy gelys as 'n Klas 2 rebel. Hy het voor die krygshof verskyn in Kimberley op 10 September 1901, was skuldig bevind van hoogverraad, en het vir vyf jaar sy stemreg verloor. (Shearing, *The Rebel Record*, Vol. 1, bl. 160).

³⁶⁷ Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 143.



Op 24 Mei vertrek Sir Warren vanaf Douglas, en verken die roete na Campbell. 'n Sterk rebellemag onder Generaal PJ de Villiers skuil op die Ghaapse Berg, tussen Schmidtsdrift en Campbell, en hou hom dop.³⁶⁸ Generaal Warren se hoofmag halt op Fabersput, 12 km suid van Campbell, en wag op die aankoms van hulle voorraadkonvooi.

Generaal PJ ("Ou Hartjie") de Villiers het nou sterk na vore gekom.

Generaal "Ou Hartjie" de Villiers

In Oktober 1899 het "Ou Hartjie" aangesluit by die kommando van Kommandant J Hy was gebore in 1853 in die distrik Hopetown. In 1868 het sy ouers na Douglas verhuis, en daarna na die Transvaal. Maar hy het agtergebly en op die jong ouderdom van 16 jaar het hy veldkornet van die wyk Kalkfontein in Hopetown geword.

Hy het himself so onderskei dat Generaal de la Rey hom na generaal bevorder het. Gedurende 1900 was hy hoofsaaklik in Griekwaland-Wes. Ten spite van sy bynaam was hy 'n medoënlose vegter.



Generaal "Ou Hartjie" de Villiers,
formidabele leier in Griekwaland-Wes³⁶⁹

Op 30 Mei 1900 vind die Geveg van Fabersput plaas. De Villiers en byna 600 Griekwastadse rebelle onder Kommandant CJH Vorster en Veldkornet PJ Venter val Warren se slapende kamp by Fabersput aan. 'n Kortafstand-geveg ontaard toe die Boere die Britte se tente bestook.

Die Britte herstel gou van hul aanvanklike skok. Toe die Kanadese kanonne losbrand en op die rebelle se perde konsentreer, begin die aanval wankel. Venter se Postmasburgers veg dapper totat hulle voor 'n bajonetstormloop moet swig.

Daar was 23 sterftes aan die Britte se kant, waaronder Kol WA Spence van Paget's Horse en EOVR. Aan rebellekant het sewe gesneuwel. De Villiers val terug en vertrek met 'n klomp gebuite perde. Twee Britte ontvang die DSO (Distinguished Service Order) en vier DCM's (Distinguished Conduct Medals) word na die geveg toegeken.³⁷⁰

³⁶⁸ Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 152.

³⁶⁹ Jacques Malan, *Die Boere-Offisiere 1899-1902*, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria, 1990, bl. 28; Hilary Anne (Taffy) Shearing, *The Cape Rebels of the South African War, 1899-1902*, PhD Thesis, Stellenbosch University, 2004, p.46, <https://core.ac.uk/download/pdf/37319274.pdf>

³⁷⁰ Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 155.



Britse grafte by Fabersput, insluitende dié van Kolonel Spence



Boere-grafte by Fabersput

Intussen het 'n geveg by Kheis (Groblershoop) plasgevind. Die rebel Veldkornet Chaim Judelewitz, 'n buitelandse vrywilliger, het omrent 300 man (meestal Preiska-rebelle) onder sy bevel gehad.



Chaim Judelewitz, die "Boerejood" vegter

Judelewitz was in 1876 in Rusland gebore, in 'n prominente Joodse familie. Daarvandaan het hy vir twee jaar in Amerika vertoef, en in 1987 het hy in die Transvala aangekom. Spoedig was hy 'n suksesvolle boer en besigheidsman in Wolmaransstad. Hy kon vlot Engels en Afrikaans praat. Hy was 'n knap perderuiter en skut.

Met die uitbreek van die oorlog het Judelewitz by Generaal PA Cronje se kommando aangesluit, en het deelgeneem aan die Modderrivier en Magersfontein veldslae. Hy was 'n baie dapper en overskrokke vegter, en het partymaal uiterste risikos geneem. Kort voorlank was hy bevorder tot veldkornet.

Teen die einde van Februarie 1900 was hy saam met Generaal Cronje vasgekeer by Paardeberg, naby Petrusburg. Maar die vier-en-twintigjarige Judelewitz het deur die Britse linies ontsnap, en gevlug na Griekwaland-Wes.

Na sy ontsnapping by Paardeberg, het Judelewitz in Prieska aangekom – waar die rebellie alreeds in volle swang was.³⁷¹

Die Prieska opstand het tot vroeg April geduur, en vir 'n paar weke soos 'n veldbrand in die noord-weste distrikte van Kaapland versprei.

Judelewitz was aktief in die rebellie, en was bevorder tot die rang van kommandant. Hy was die leier van 'n klein, vasberade groepie van omstreng 300 rebelle.

Hierdie waaghalsige "Judelewitz Party" het hulself by Kheis (naby Groblershoop) gevestig, die naburige plase gestroop, en Britse kampe aangeval om wapens en ammunisie te bekom. Daar was selfs vroue en kinders in hulle kamp. Hulle aggressiewe optredes het die Britse regering bedreig, want die rebellie kon weer opvlam. Op 22 Mei is Kol Adye vanaf Kimberley gestuur om Judelewitz te onderdruk. In sy kolonne was eenhede van die Gloucestershire Mounted Infantry en Nesbitt's Horse, en vier kanonne. Op sy weswaartse tog het eenhede van die Lancashire Imperial Yeomanry en die Warwickshire Imperial Yeomanry by hom aangesluit.

Op 28 Mei het hulle Judelewitz se laer oorrompel, en die rebelle het noordwaarts gevlug. Na 'n intense skermutseling het die Lancashire Yeomanry hulle omsingel, en verskeie van die manskappe – insluitende Judelewitz – het daar gesneuwel. Judelewitz is in Prieska se begraafplaas begrawe – heel moontlik in 'n massagraf.

Aan Britse kant het Majoor Ewing en agt Britte gesneuwel.³⁷²

Twee dae later het Warren se kolonne genoeg herstel om rebellewagposte by Tweefontein en Knoffelfontein te verjaag, en hulle bereik Campbell. Veldkornet GHJ van der Walt (Postmasburg?) oorhandig die sleutels van Postmasburgse regeringskantore aan Veldkornet JD Aucamp, wat lojaal aan die Britte gebly het. Warren al die dorpe beset, insluitende Danielskuil op 8 Junie 1900. Die meeste rebelle het oorgegee en hulle is van verraad aangekla.

³⁷¹ David Y Saks, "Three 'Boerejode' and the South African War," *Military History Journal*, Vol 10 No 2 - December 1995, <http://samilitaryhistory.org/vol102ds.html>.

³⁷² Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 153.



Omtrent 90 rebelle het die wapen neergelê. Nog 41 plaaslike boere stel 'n petisie op waarin hulle beweer dat hulle onder dwang by die Vrystaat-magte aangesluit het, en nou weer die beskerming van die Britse regering aanvra. Die meeste word egter gearresteer en moes later op hoogverraadklagtes teregstaan.³⁷³

Op 15 Junie 1900 bereik Sir Charles Warren se kolonne Danielskuil. Die Boere was nog meer verbitter toe 'n Boeremeisie, Martha Vermeulen, op 16 Junie 1900 deur Britse soldate doodgeskiet het. Die soldate het vermoed dat gewapende rebelle in die woning van die Vermeulens skuil. Hulle het op die huis gevuur. Die moeder en seun het veilig uitgevlug maar Martha is noodlottig getref.³⁷⁴



Martha Vermeulen se graf op Danielskuil se pan
*"Martha Cornelia Maria Vermeulen
Geboren 24 Augustus 1879;
Gestorwen 16 Juny 1900"*

Drie dae later was Warren se voorhoede naby Kuruman.³⁷⁵ Kol. S Hughes ('n Kanadese parlementslid) en 17 van Warren se verkenners oorreed 'n deel van Genl PJ de Villiers se rebelle om hulle wapens neer te lê op Koning en Blikfontein, naby Kuruman. De Villiers, Vorster en omtrent vyftig rebelle ontsnap, maar 258 manne beland in Britse hande.

Warren was ontstoke, omdat Hughes blykbaar versuum het om die aankoms van die Britse hoofmag af te wag, en daarom het hy nie al die rebelle aangekeer nie.³⁷⁶

Vanaf Julie 1900 het Warren Britse sy troepe in al die dorpe in Griekwaland-Wes gestasioneer, en Britse patrollies het ook deur die streek beweeg.

³⁷³ Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 159.

³⁷⁴ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 53.

³⁷⁵ Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 160.

³⁷⁶ Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 166.



Die garnisoen op Danielskuil het meestal bestaan uit die Kaapse koloniale regiment, die Duke of Edinburgh's Own Volunteers (DEOVR) onder Kaptein Cullum, asook die Kaapse Polisie onder Sersant Jennings. Die militêre owerheid het die dorp bestuur, en ook die poswese teruggebring.

Plaaslike Engelse lojaliste soos Beadle, Barker en Williams, asook "lokasiebewoners" soos Isaac en Samuel Haai, Samuel July, Lambert en Esau Jansz en Arie Schalkwyk het getuienis gelewer teen die rebelle. Baie Boere is swaar beboet, en 'n paar het tronkstraf gekry. Dit het plaaslike verhoudings nog verder versuur.

Op Danielskuil het die lewe amper na normaal teruggekeer onder Kaptein George Cullum van die Duke of Edinburgh's Own Volunteer Rifles (DEOVR), asook die Kaapse Polisie onder Sersant Jennings.



Generaal Charles Warren

Vir meer as ses maande was daar geen vyandelikhede rondom Danielskuil nie, tot die garnisoen op 5 Januarie 1901 deur 'n Boeremag van 400 man onder Kommandant Kirsten van Marico aangeval is.³⁷⁷ Die situasie was rustig tot 5 Januarie 1901, toe 'n Boeremag van 400 man onder Kommandant Kirsten vir Danielskuil aangeval het. Maar hulle het hulself vasgeloop teen die loopgrawe, en is verdryf na 'n hewige geveg.

Cullum het 'n verdere reeks forte gebou. Een daarvan was die "Stone Maxim Tower", geleë naby die huidige d'Olive Rose Hotel in Rhodes-straat. Die toering was 7,5 meter hoog, met skietgate vir gewere en die meksim geweer.³⁷⁸

³⁷⁷ Kommandant F Kirsten was van Marico, met redelike oorlogservaring teen swart stamme in die Transvaal. In November 1900 was hy in Calvinia, en het gehelp om Kol Caldwell by Sutherland te verslaan. Daarna het hy by Generals Malan en Maritz aangesluit en die Kaaplandse veldtogte meegemaak. (Jacques Malan, *Die Boere-Offisiere 1899-1902*).

³⁷⁸ Vanaf 1908 was die hotel in die besit van Charles Edelstein (PHR Snyman, bl 59).



Dis moontlik dat hierdie eienaardige hoop grond in Rhodes-straat die oorblyfsels kan wees van die Stone Maxim Tower. Nog een van Danielskuil se geheime?

Vir hierdie werk het Cullum die Distinguished Service Order (DSO) ontvang. Die belangrikste verdediging was die blokhuis bo op Poedingkop.



Die ou Britse fort wat sedert 1901 oor Danielskuil se vlaktes waak



Dis moontlik dat Danielskuil se Fort oorspronklik só gelyk het³⁷⁹

³⁷⁹

W Wilson, *With the Flag to Pretoria, A History of the Boer War of 1899-1900*. Volume 2.



Kaptein Cullum het ook nuwe verdedigingsorganisasies geskep. 'n Town Guard vir lojale blankes was gestig. Die Britte het tot 130 troepe in Danielskuil gestasioneer om die rebelle te bekamp. Maar geen direkte aanval op die dorp het gebeur na Januarie 1901 nie.

Daar was ook 'n nuwe Native Scouts en Native Police, gebruik vir verkenning en rapportry. Hierdie struktuur het die Boere geweldig ontstel, omdat hulle geglo het in die konsep van 'n "white man's war".

Lede van die Danielskuil Town Guard

HL Abbott	WG Ayton	GW Barbey
W Barker	W Beadle	Piet Boospen
J Brophy	E Collins	J Collins
W Collins	GC Cullum	R Emslie
Wm Emslie	J Fraser Jnr	J Fraser Snr
E Grandy	R Hood	Hermanns Roux
JJ Roux	FW Spencer	A Stenekamp
J Stenekamp	CH Vertue	SE Vertue
S Vertue snr	SA Virtue	HB Williams

Tussen Danielskuil en die plaas Weiveld is twee bruin lede van die Native Scouts, Willem Kolberg en Rob Raats, deur die Boere gevang en doodgeskiet.³⁸⁰

De Villiers se kommando het aktief gebly in Griekwaland-Wes, en het baie ergernis vir die Britte veroorsaak. Dit was deel van die sogenaamde "tweede rebellie" van Junie 1901. Tydens hierdie periode was die rebelle – nou die geharde bittereinders van die stryd – onafhanklik van Transvaalse of Vrystaatse kommandos, alhoewel hulle in skakeling met Generals soos De la Rey en Smuts gebly het.

Elke drie maande het die Britse konvoe wat voorrade na die garnisoene vervoer het, die geværlike roete van Kimberley of Barkly-Wes onderneem. Dit was 'n aanloklike teiken vir General de Villiers se manne.

'n Britse konvoi vertrek vanaf Danielskuil, 1901. 381



Let op die klein, primitiewe klipgeboutjies in die agtergrond

³⁸⁰ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 54.

³⁸¹ Foto: PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 55.



Op 1 Junie 1901 het hulle vyf Britse verkenners naby Jankempdorp gevang. Hulle oorrompel ook 'n fort, maar een burger het gesneuwel.³⁸² Op 1 Augustus was De Villiers se commando betrokke by 'n skermutseling by Hondefontein (naby Ulco).

Van Julie 1901 het die rebelle weer begin weerstand bied teen die Britse regering. Hulle het gekonsentreer op aanvalle op voorraadkonvoie. Op verskeie plase het driftige skermutselings plaasgevind.

Op 2 Augustus veg De Villiers se manne by Swartputs, oos van Danielskuil.



Ten minste een van die Britse soldate, Onder-korporaal R Francis van die Kimberley Regiment het gesneuwel by Swartputs. Drie ander Britse soldate is gewond. Vier Boere is gevange geneem. De Villiers het ongedeerd ontsnap.³⁸³

'n Paar dae later, op 9 Augustus 1901, buit De Villiers en sy manne die poskar tussen Postmasburg en Griekwastad, en steek dit aan die brand. Op hierdie tydstip het hy as skakel gedien met Generaal De la Rey in die Wes-Transvaal. De Villiers was bedrywig. Op 10 Augustus het hy weer Postmasburg beset. Commandant Conroy het toe by De Villiers aangesluit. Hy was 'n aggressiewe persoon wat verskeie lojaliste met 'n sambok toegetakel het.

'n Paar dae later, op 12 Augustus 1901, het De Villiers, Conroy en Veldkornet Koot Kruger Griekwastad aangeval, maar die klein garnisoen van skaars 100 man het hulle afgeweert, met tien ongevalle. De Villiers het teruggeval, en kon die volgende dag 'n groot trop skape buit op Taaibosput, noordwes van Griekwastad.

'n Paar dae later, op 12 Augustus 1901, het De Villiers, Conroy en Veldkornet Koot Kruger Griekwastad aangeval, maar die klein garnisoen van skaars 100 man het hulle afgeweert, met tien ongevalle. De Villiers het teruggeval, en kon die volgende dag 'n groot trop skape buit op Taaibosput, noordwes van Griekwastad.

³⁸² Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 265.

³⁸³ Pieter Cloete, *Die Anglo-boereoorlog*, bl. 285-296.



Brītse offisiere op pad tussen Douglas en Campbell

De Villiers was in 1901 vir 'n paar maande in die Wes-Transvaal saam met Generaal De la Rey. In Julie 1901 het hy weer Kaapland binnegeval.³⁸⁴

Op 24 Augustus het De Villiers en Conroy 'n konvooi onder Kapt Humbey aangeval by Rooikoppies, tussen Griekwastad en Campbell. Nege Britte het gesneuwel. Teleurstellend vir die Boere het Conroy blykbaar skielik besluit om die geveg te staak vanwee die naderende Sondag.

Rooikoppies, suid van Daniëlskuil



³⁸⁴ De Villiers was in Kaapland bedrywig tot kort voor die vredesonderhandelinge, toe hy teruggekeer het Vrystaat toe. Daarom het dit nooit aan die lig gekom dat hy 'n Kaapse rebel was nie. Na die oorlog het hy in Douglas en toe in Jacobsdal gewoon. Hy is in die distrik Petrusburg oorlede, in 1944, op 'n rype ouderdom. (J Malan, *Die Boere-offisiere, 1899-1902*, bl. 28).



Die verspeelde geleentheid het groot ongelukkigheid veroorsaak, en 'n aantal rebelle het besluit om Conroy te verlaat en weer by Kommandant Jan Louw naby Kakamas aan te sluit. Conroy het die afgelope vier maande geen noemenswaardige sukses behaal nie, en het voortaan in die Prieska-Britstown area rondgeswerf met 'n klein groupie van omtrent 35 man.

In September 1901 het Generaal de Villiers 'n Britse eenheid by Bontheuwel angeval, en die Britte het vyf ongevalle gely. Die Boere het omtrent 150 perde gebuit, en val terug na hulle skuilplekke in die Langberg.

Bontheuwel, wes van Campbell



'n Paar dae later, op 16 September, val De Villiers 'n Leinster (Royal Canadian) Regiment aan by Kalkfontein, sowat 4km suid-oos van Griekwastad. Ses Kanadese sneuwel, omtrent 14 word gewond, en 'n Britse offisier word gevang.

'n Maand later, op 29 Oktober, val Veldkornet Oldewage Griekwastad aan; hy verower twee forte, bevry 'n aantal prisoniers, en buit vee, kos en klere.³⁸⁵

In Desember 1901 was daar 'n Boere-aanval op die plaas Beadlespost, waar onder-korporaal F Croft van die DEOVR³⁸⁶ gesneuwel het. 'n Kleurlingtouleier, Andries van Rood, was deur die rebelle gevang en doodgeskiet. Sulke optrede het die bitterheid en spanning tussen die bevolkingsgroepe vererger.³⁸⁷

Daar was ook 'n skermutseling by Grootvlei, suid van Danielskuil, in April 1902.

³⁸⁵ Pieter Cloete, *Die Anglo-Boereoorlog*, bl. 308.

³⁸⁶ Duke of Edinburgh's Own Volunteer Rifles.

³⁸⁷ PHR Snyman, *Danielskuil*, bl. 54.



'n Eenheid van die SA Constabulary onder Kaptein SM Tucker naby Danielskuil

Die rebelle se aanvalle op konvoeie was so gereeld dat hulle feitlik volle beheer gehad het oor die landelike gebiede van Griekwaland-Wes. Die rebelle kon waarskynlik die dorpe ingeneem het, maar dan moes hulle die inwoners beskerm en van kos voorsien.

Die Boere het lojaliste se plase beroof en selfs afgebrand. Baie van die plaasboere het die rebelle gehelp met voorrade om hulle weerwraak te vermy. Maar die Britte het sulke boere aangekeer as sogenaamde "undesirables", en in 'n kamp op Danielskuil aangehou. Tussen Julie en Desember 1901 is hierdie "ongewenstes" na Barkly-Wes oorgeplaas.³⁸⁸

Na die oorlog het die rebelle op klagtes van hoogverraad tereggestaan. Dié wat range gehad het, was genoem "Klas I" rebelle, en hulle het tronkstraf gekry. Die gewone manskappe was "Klas II" rebelle, en het hulle stemreg verloor, gewoonlik vir 'n tydperk van vyf jaar. Onder hulle was 150 manne van Danielskuil en 'n honderd van Blikfontein.

Baie van hierdie manne het verbitterd gebly, en het vir dekades daarna die Nasionale Party ondersteun. Dit het naderhand uitgeloop op die Apartheidsbeleid, na 1948. Die sade van verdeeldheid is geplant aan die einde van die 1800s; die impak van die geskiedenis kan nog jare later gevoel word.



³⁸⁸

PHR Snyman, *Danielskuil*, 1988, bl. 54.




Slot

Daar is 'n paar belangrike tasbare erfenisstukke in Danielskuil, soos ou geboue en watervore.

Die enigste tasbare herinnering aan kaptein Barend Barends en sy tyd is die Kuil, die natuurlike krater in die kalksteenformasie op wat Daniel Pienaar se plaas was. Die Kuil is deesdae oorgroei deur bossies en afgekamp met doring- en lemmetjiesdraad. Dit moet toeganklik en skoongemaak word, want die Kuil is van groot kultuurhistoriese betekenis vir die Griekwas – al die Griekwas – van die ou Griekwaland-Wes. In die 1980's het dit gelyk of dit tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar sou word, maar dit het toe – helaas – nooit gebeur nie.³⁸⁹

Baie van die ou geboue moet gerestoureer word! Veral die London Missionary Society se sendinggebou, die ou polisiestasie, en die magistraatskantoor. Die blokhuis wat dateer uit die Anglo-Boereoorlog is ook 'n belangrike deel van die erfenis van Danielskuil. Alle klipgeboue het baie geskiedkundige waarde.

Heidi Fivaz en Jan Engelbrecht van Ubique Heritage Consultants het in 2021 'n volledige studie gedoen van Danielskuil se fisiese erfenis.³⁹⁰



Hierdie is 'n toonbeeld van hoe dorpe hulle erfenis kan ontleed en opskryf. 'n Ander erfeniskundige, Craig McClenaghan, het 'n ontwerp gedoen van 'n moontlike gedenktuin by die Kuil (sien hieronder).³⁹¹

³⁸⁹ PHR Snyman, "Danielskuil – die tronk-mite", bls. 24.

³⁹⁰ <https://karofoundation.co.za/danielskuil-project/>

³⁹¹ Private verslag aan Karoo Development Foundation, 2021.



Hierdie ontwerpe bied baie potensiaal aan 'n toekomstige erfenis-ontwikkeling by die Kuil van Danielskuil

Die ander kultuurskat van Danielskuil is die *ontasbare* herinneringe van mense. Die stories wat hulle kan vertel oor die geskiedenis van die dorp. En die stories van die grootmense, wat nog die ou-ou mites en tradisies van die Griekwas ken, en van die dorpenaars en plaasboere.

In hierdie boek word die stories vertel van mense wat lang jare op Danielskuil gebly het. Party van hulle is hier gebore, ander het van die plase af dorp toe gekom. Ons sien stukkies en brokkies geskiedenis van die laaste vyftig jaar deur die oë van hierdie mense, aangevul met inligting oor hul families wat gevind kan word in die argiewe.

Ons hoop om in die toekoms met nog families van Danielskuil te gesels oor hulle voorouers.

Danielskuil is ook op die nuutgestigte Vergete Grootpad-roete, wat strek vanaf Tulbagh in die Boland na Kuruman in die noorde. Dis die roete waar die ou ontdekkers, handelaars, trekboere, Khoi, San, Tswana, Griekwa en Xhosa mekaar ontmoet het. Hulle het oneindig baie van mekaar geleer, en nuwe verhoudings gebou.

Danielskuil se kleurvolle geskiedenis is inderdaad 'n waardevolle bate vir hierdie erfenis roete.